

HANDELINGE
VAN DIE
SESDE VERGADERING

VAN DIE
Sinode
van die Ned. Geref. Kerk
NOORD-TRANSVAAL

IN
PRETORIA

OP
24 MEI 1972

EN VOLGENDE DAE

MET VOORBEHOUD VAN ALLE

REGTE

HANDELINGE
VAN DIE
SESDE VERGADERING

VAN DIE
Sinode
van die Ned. Geref. Kerk
NOORD-TRANSVAAL

IN
PRETORIA

OF
24 MEI 1972

EN VOLGENDE DAE

MET VOORBEHOUD VAN ALLE
REGTE

NEEM ASSEBLIEF KENNIS dat die bladsy numerering van hierdie handelinge ter wille van vergemakliking by bladsy 1001 begin. Dit volg op bladsy 917 van die Agenda.

— Scriba Synodi.

INHOUDSOPGAWE

	Pagina
C. LAAT INGEKOME STUKKE	
C.2 Laat-laai stukke	1001
C.3 Laat ingekome stuk	1002
D. VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES	
D.1 Eerste Verslag, Tydelike Jeugkommissie	1004, 1197
D.2 Verslag Tydelike Kommissie, Diens van Barmhartigheid	1005, 1195
D.3 Eerste Verslag, Tydelike Kommissie, Ampsbediening en Evangelisasie	1006, 1290
D.4 Eerste Verslag, Tydelike Revisie- en Regskommissie	1008, 1245
D.5 Eerste Verslag, Tydelike Kommissie, Algemene en Aktuele Sake	1011, 1283
D.6 Eerste Verslag, Tydelike Begrotingskommissie	1015, 1272
D.7 Eerste Verslag, Tydelike Kommissie vir Pers en Publisiteit	1019, 1282
D.8 Eerste Verslag, Tydelike Kommissie vir Openbare Sedelikheid	1020, 1259
D.9 Tweede Verslag, Tydelike Jeugkommissie	1033, 1287
D.10 Verslag, Tydelike Kommissie vir Evangeliebediening	1045, 1285
D.11 Eerste Verslag, Tydelike Kommissie vir Sending	1048, 1292
D.12 Tweede Verslag, Tydelike Kommissie vir Diens van Barmhartigheid	1054, 1293
D.13 Tweede Verslag, Tydelike Kommissie, Ampsbediening en Evangelisasie	1058, 1294
D.14 Tweede Verslag, Tydelike Begrotingskommissie	1064, 1272
D.15 Tweede Verslag, Tydelike Kommissie vir Algemene en Aktuele Sake	1076, 1262
D.16 Derde Verslag, Tydelike Jeugkommissie	1079, 1295
D.17 Derde Verslag, Tydelike Kommissie vir Algemene en Aktuele Sake	1081, 1295

D.18	Tweede Verslag, Tydelike Revisie- en Regresskommissie	1085, 1299
D.19	Tweede Verslag, Tydelike Kommissie vir Sending	1094, 1261, 1291
D.20	Verslag van die Kommissie vir Kommissies	1117, 1296
E.	NOTULE	1128—1304
F.	BYLAES	
F.1	In Memoriam	1305—1309
1.1	Ds. J.H. Louw	1305
1.2	Ds. A.J. Olivier	1305
1.3	Ds. C.B. Brink	1306
1.4	Ds. M.S. Joubert	1307
1.5	Ds. G.W.S. Hofmeyr	1307
1.6	Ds. J.D. Cilliers	1308
1.7	Ds. F.D.J. Brand	1309
F.2	Openingsrede oor „Kerk en Koninkryk” — dr. F.E.O’B. Geldenhuys	1310
F.3	Rede prof. Jannie Pieterse oor „Die Gees van ons Tyd”	1317
F.4	Herderlike Brief	1331
F.5	Broederlike Onderhoud — Rede, ds. R.B. Murray	1338
F.6	Groslys: Afgevaardigdes na Alg. Sinode	1350
F.7	Die Antwoord van die Kerk, Rede, ds. Kobus Venter	1352
G.	ALFABETIESE SAKEREGISTER	1357

C.2 LAAT-LAAT STUKKE

(Derde verslag van Scriba Synodi)

1. **Skrywe dr. S.J. Eloff-Skriba Suid-Transvaal** —
 - 1.1 i.s. **Gelyke verteenwording van sinodes in Raad van Kuratore** — Verwys na die Aktuaris om met die Regsadviseur van die Sinode te bespreek.
 - 1.2 i.s. **Besluit van Suid-Transvaal om Teologiese Studiefonds nie op puntebasis te plaas nie** — verwys na Tydelike Kommissie vir Fondse.
 - 1.3 i.s. **Besluit van Suid-Transvaal re Geïntegreerde teologiese kursus** — verwys na Tydelike Kommissie vir Erediens.
2. **Skrywe, Skriba Ring van Rustenburg** i.s. Kondonering van aanname van beroep van ds. G.B.J. Conradie — verwys na Tydelike Regskommissie.
 - 3.1 **Skrywe van Skriba van Pretoria-Noord** i.s. Beskrywingspunt oor Studiefondse — verwys na Tydelike Kommissie vir Fondse,

en

 - 3.2 i.s. **Kworum vir Kerkraadsvergaderinge** — verwys na Tydelike Regskommissie.
4. **Skrywe Saakgelastigde van Pietersburg** i.s. verkleining van personeel van Sinode — verwys na Tydelike Regskommissie.
5. **Skrywe I.B. Kasselman** i.s. Omskepping van N.G. Kerkboekhandel in Nutsmaatskappy — verwys na Tydelike Regskommissie.
6. **Aansoek om Herstel van Status** van E. Botha — verwys na Tydelike Regskommissie.
7. **Skrywe, Skriba-Kassier Harmonie** i.s. Lening vir Studentepastorie. Verwys na Tydelike Kommissie vir Fondse.
8. **Wysiging van Kerkorde deur die Sinode** — Verwys na Tydelike Regskommissie.
9. **Nuwe verwickelinge i.v.m. Stoffberg Teologiese Skole met Finansiële- en ander implikasies** — Verwys na Tydelike Kommissie vir Sending en Tydelike Kommissie vir Fondse.
10. **I.s. Pensioen aan prop. H.J. Grobler** — Kerkraad Zebediela — Verwys na Tydelike Kommissie vir Fondse.

C.3 LAAT INGEKOME STUK

Addendum-verslag van die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening Evangelisasie i.v.m. Buitelandse Bearbeiding

1. VERDUIDELIKING VIR LAAT INDIENING VAN HIERDIE STUK

1.1 Ds. O.S.H. Raubenheimer, mede-leraar van Voortrekkerhoogte, kon vanweë sy werksprogram in Europa en die Verenigde Koninkryk sowel as die lang afstand nie vroeër as 23 Mei 1972 'n vergadering in verband met sy werk bywoon nie. Daarom word verlof van die H.E. Sinode gevra om hierdie laatstuk in ontvangs te neem.

1.2 Indien hierdie verslag nie nou in ontvangs geneem word nie beteken dit dat sekere kerkregtelike aspekte wat hierdie werk raak vir vier jaar moet oorstaan en dat die werk daar groot skade sal ly.

2. Hierdie verslag moet gelees word i.v.m. die Verslag van die S.K.A.E. p.510 tot 512 en Verslag van die Kommissie vir regte p.848—850 in die agenda.

3. SAMESPREKING TUSSEN LEDE VAN DIE KERKRAAD VAN VOORTREKKERHOOGTE, LEDE VAN DIE SINODE SE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE ADVIES, LEDE VAN DIE A.K.A.E., DIE KAPELAAN-GENERAAL EN DS. O.S.H. RAUBENHEIMER

3.1 Hierdie samespreking kon eers gehou word op Dinsdag 23 Mei, d.w.s. slegs die dag voor die Sinode van Noord-Transvaal in sitting gegaan het.

3.2 Na 'n lang en deeglike bespreking is dit nodig gevind om die S.K.A.E. te vra om 'n **laatstuk** by die Sinode in te dien met die versoek dat die volgende **voorstelle** die ernstige aandag van die H.E. Sinode sal geniet:

3.3 AANBEVELINGS:

3.3.1 Omdat, kragtens besluit van die Algemene Sinode, die lidmate van die N.G. Kerk wat verspreid in Europa woon, as **deel** van die gemeente van Voortrekkerhoogte bearbei moet word, **besluit die H.E. Sinode** dat die grense van die gemeente dienooreenkomstig uitgebrei en beskrywe word.

3.3.2 **Hoewel** baie buitengewone omstandighede vir hierdie lidmate geld, **nogtans** sal **eerstens** die breë beginsels van die Skrif en die algemene Gereformeerde Kerkreg as basis van die bearbeiding geld, en **tweedens** moet so naby as moontlik aan die Kerkorde en die Bepalings van die Sinode van Noord-Transvaal gehou word.

Uitgaande van hierdie **beginselstandpunt besluit die H.E. Sinode** dat o.a. **die werk as volg gereël mag word:**

3.3.2.1 Alle pogings moet aangewend word om attestate, bewyse van lidmaatskap of reisattestate in orde te kry—soos reeds gedoen word—maar indien praktiese omstandighede dit vereis, sal 'n verklaring van die betrokke lidmaat **voorlopig** aanvaar word.

3.3.2.2 Die leraar van Voortrekkerhoogte, met opdrag die bearbeiding van lidmate in Europa, kry magtiging om, in opdrag van die Kerkraad, op bepaalde punte waar lidmate in genoegsame getalle saamgetrek is, die lidmate byeen te roep om soveel kerkraadslede as benodig word deur die aanwesige lidmate te laat kies.

Van so 'n byeenkoms, met die oog op die kiesing van kerkraadslede, moet vooraf vir 'n billike tydperk kennis gegee word.

3.3.2.3 Sulke verkose kerkraadslede kan dadelik bevestig word.

3.3.2.4 Hierdie kerkraadslede sal, wanneer dit moontlik is, deelneem aan kerkraadsvergaderings van Voortrekkerhoogte, maar die feit van hul verkiesing en bevestiging sal nie die kworum van die Kerkraad beïnvloed nie.

3.3.2.5 Die Kerkraad van Voortrekkerhoogte sal egter die reg hê om bepaalde take aan hierdie Kerkraadslede ter plase toe te vertrou.

4. DANKBETUIGING

Die H.E. Sinode word hartlik bedank vir die ontvangs en behandeling van hierdie laat opgestelde stuk.

ONDERTEKEN DEUR **LEDE VAN DIE DAGBESTUUR**
NAMENS S.K.A.E.

DS. J.A. DU RAND (Voorsitter)
DR. P.W. MARAIS
DS. L.F. VAN NIEKERK
DS. J.A. DU RANDT
DS. A.S. BURDEN

DS. R.B. MURRAY
DS. J. GREYVENSTEYN
DS. C.J. JACKSON

D.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

Br. Voorsitter en broers,

U kommissie lewer soos volg verslag:

1.0 Konstituering

Die volgende broers is verkies tot:

1.1 Voorsitter: ds. J.L. Grobler (Sabie).

1.2 Skriba: ds. J.C. Carstens (Villieria).

2.0 Beskrywingspunte (Afdeling III: JEUG, pp.7—8)

2.1 Pos: Predikant in Sinodale Diens vir Arbeid aan Dooplidmate

2.1.1 Die permanente Jeugkommissie het deeglik hieraan aandag gegee in hulle verslag. Vergelyk pp. 406—409 in Agenda.

2.1.2 U kommissie beveel aan dat

2.1.2.1 kennis geneem word van die beskrywingspunt

2.1.2.2 die Sinode verwys word na die aanbevelings in die verslae van Begroting (punt 2.20.4, pp.336—337) en Jeug (p. 409, punt 1.3)

2.2 Vervroeging van Bybelkenniseksamen

U kommissie beveel aan dat

2.2.1 die beskrywingspunt nie aanbeveel word nie;

2.2.2 die Bybelkenniseksamen op die eerste Donderdag van Maart afgeneem moet word.

U kommissie vertrou dat hulle hiermee hulle opdragte deeglik uitgevoer het.

J.L. GROBLER

J.C. CARSTENS

Voorsitter, Tydelike Jeugkommissie Skriba, Tydelike Jeugkommissie

D.2 VERSLAG VAN DIE TYDE- LIKE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Broeder Voorsitter en Broeders,

U Kommissie kan as volg verslag doen oor die beskrywingspunte Afdeling V wat na hom verwys is:

1. TWEDE GEVANGENESLERAARSPOS

Die Ring van Eloffsdal het kennis geneem van die omvang en aard van die bearbeiding van gevangenes in die sentrale, lokale en Zonderwatergevangnisse en het tot die oortuiging gekom dat die arbeidsveld te groot en veeleisend geword het vir die intensiewe bearbeiding deur een leraar en versoek derhalwe die sinodes van Noord- en Suid-Transvaal om op hul eersvolgende vergadering 'n tweede Gevangenesleraarspos te Zonderwater goed te keur en daarvoor te begroot.

1.1 Aanbeveling

Die Sinode besluit dat 'n tweede Gevangenesleraar aangestel word aangesien die Sinode van Suid-Transvaal dit reeds goedgekeur het en die Sinode van Noord-Transvaal die beginsel in 1968 goedgekeur het.

2. VOLTYDSE WERKKRAG VIR IMMIGRANTE

Hierdie beskrywingspunt is verwys na Ampsbediening en Evangelisasie.

3. REHABILITASIEPLAAS VIR ALKOHOLISTE

Die Ring beveel sterk by die Hoogerwaarde Sinode aan dat die betrokke Sinode in oorleg met die ander Sinodes, deur middel van die verteenwoordigers van die verskillende S.K.D.B.'s asook onder leiding van die bestaande studiekomitee van die algemene Sinode se A.K.D.B., ernstig aandag en ondersteuning sal skenk aan die idee van 'n rehabilitasieplaas iewers in ons land, waar nie-rehabiliteerbare alkoholiste gehuisves kan word op minimumsekuriteitsbasis op grondslag van nasorgbehandeling. Die idee is dat die projek later selfonderhoudend sal wees. Ring van Pretoria-Noord.

3.1 Aanbeveling

Hierdie saak word, soos gevra, deurgestuur na die A.K.D.B. vir studie en aanbeveling by die Algemene Sinode.

Namens die Kommissie,

J.M.B. de Wet (Voorsitter)

1005 J.P.H. Gertenbach (Skriba)

D.3 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE

A. SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS (Sien Afdeling IV' — Bladsy 8 van die Agenda)

Die volgende word aanbeveel:

1. In sake Staat van Godsdien (Bepalinge 58)

Die Sinode **besluit** dat die voorstel van die Dagbestuur van die S.K.A.E. goedgekeur word.

„Bepaling 58

DIE STAAT VAN GODSDIENS

1. METODE VAN VERSLAGGEWING

Dit moet saaklik, konkreet en feitelik wees. Die Staat van die Godsdien sal alle ter sake gegewens bevat soos bv. statistieke met vergelykende syfers van die vorige jaar, terwyl veral na die **geestelike gepeil word** ten einde die geestelike toestand in die gemeente te weerspieël.

2. OPDRAG EN VORM VAN VERSLAGGEWING

Dit geskied volgens die verskillende afdelings van die Kerk se werksaamhede.

(a) Ampsbediening en Evangelisasie

- (i) Bywoning van Eredienste.
- (ii) Bywoning van Gemeentebidure, Pinksterbidure en ander Gebedsbyeenkomste.
- (iii) Onderhouding van Sakramente.
- (iv) Getuienis van Gelowiges (amp van gelowige) deur woord en voorbeeld.
- (v) Persoonlike toewyding.

(b) Openbare Sedelikheid

- (i) Huislike en Huwelikslewe.
- (ii) Tuggevalle onder aandag van Kerkraad gekom.

(iii) Persoonlike en openbare euwels waarmee u te kampe gehad het.

(c) **Jeugarbeid**

(i) Alle Kategetiese onderrig (Sondagskoolwese).

(ii) Alle Jeugwerksaamhede: (Junior en Senior KJV., ens.)

(d) **Diens van Barmhartigheid**

(i) Arbeid van Diakonie t.o.v. hulpverlening.

(ii) Inrigtingsorg, ens.

(iii) Ander liefdadigheidswerk.

(e) **Sending**

(i) Sendingwerk binne gemeentegrense.

(ii) Sendingwerk en -belangstelling elders.

(f) **Finansies**

Offervaardigheid van lidmate.

(i) Binne gemeenteverband.

(ii) Buite gemeenteverband.

(iii) Praktiese arbeid t.o.v. Fondse-insameling.

3. **VERSLAG VIR SINODE**

In die jaar wat die gewone vergadering van die Sinode voorafgaan, sal 'n lid van die Ring benoem word om 'n kort samevatting volgens bepaling 58(2) van die inhoud van die verskillende verslae oor die Staat van die Godsdiens in die gemeentes op te stel en aan die Scriba Synodi deur te stuur sodat dit hom bereik ten laaste 'n maand voor die aanvang van die Sinode. Die Ringskommissie sal toesien dat hierdie opdrag deeglik en betyds uitgevoer word."

2. **Besoeke deur Predikante**

Punt 2 word soos volg verander:

(a) Bly dieselfde.

(a) Bly dieselfde.

(b) By hoeveel hiervan is deur die leraar huisbesoek gedoen?

(c) Hoeveel siekebesoeke is afgelê?

(d) Hoeveel ander besoeke is afgelê?

**3. Behoud van pos: Predikant in Sinodale diens met opdrag
Ampbediening en Evangelisasie**

Beskrywingspunt word aanbeveel.

4. Intensiewe Evangelisasieveldtog

4.1 Is reeds in Evangelisasie-verslag opgeneem.

4.2 Word na Begroting verwys.

**B. SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS (AFDELING V)
(Bladsy 9 van die Agenda)**

2. Voltydse werkkrag vir Immigrante: Ring van Pretoria

Die Kommissie beveel aan dat die beginsel goedgekeur word, en verwys dit na Begroting.

Geteken namens Kommissie:

J.A. du Rand (VOORSITTER)

R.B. Murray (SCRIBA)

D.4 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REVISIE- EN REGS- KOMMISSIE

H.E. Heer en Broeders,

Die Kommissie wens soos volg te rapporteer oor sake wat verwys is:

**1. AFGEVAARDIGDES NA ALGEMENE SINODE — Agenda
bl. 915—916**

1. Aanbeveel.

2. Kennis geneem.

3.1 Aanbeveel.

3.2 Aanbeveel.

4.1 Aanbeveel, met die volgende wysigings: „sodra” word vervang met „wanneer”, „verval hy as afgevaardigde” word vervang met „verval sy afvaardiging.”

4.2 Aanbeveel, met die volgende wysigings: „sodra” word vervang met „wanneer”, „te sterwe kom” word geskrap; „bedank as afgevaardigde” word „as afgevaardigde bedank”, „verval hy as afgevaardigde” word vervang met „verval sy afvaardiging”

4.3 Aanbeveel.

4.4 Aanbeveel.

2. **PROSEDURE BY VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE**
— **Agenda, bl. 916 (Bep. 31(b) verwys)**

Nie aanbeveel nie.

3. **SKRYWE VAN SCRIBA SYNODI, SUID-TRANSVAAL I.S. VERTEENWOORDIGING IN RAAD VAN KURATORE** —
Agenda bl. 917

Kerkorde, Art. 5.3 en Bep. 1(a) (N.-Tvl.) verwys.

3.1 Die versoek van Suid- en Wes-Transvaal om elk 4 verteenwoordigers te benoem op die Raad van Kuratore, kan deur die Sinode nie goedgekeur word nie a.g.v. Bep. 1(a) (N.-Tvl.)

Aanbeveling: Die Sinode keur die versoek van Suid- en Wes-Transvaal om elk 4 verteenwoordigers op die Raad van Kuratore te benoem, nie goed nie.

3.2 Ooreenkomstig Bep. 1(a) (N.-Tvl.) behou Suid-Transvaal 4 lede op die Kuratorium. Wes-Transvaal het die reg om desverkiekend en op eie koste **een** lid te benoem. Bep. 1(a) moet dan gewysig word om te lees: „nie meer as **veertien** lede nie” i.p.v. „nie meer as dertien lede nie.”

Aanbeveling: Die Sinode keur die wysiging van Bep. 1(a) goed om te lees: „veertien” i.p.v. „dertien”

3.3 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om Art. 5.3 en 5.4 sodanig te hersien dat die beginsel vervat in hierdie artikels, nl. dat die Raad van Kuratore saamgestel word volgens bepalinge van die Sinode binne wie se territoriale ressort die betrokke inrigting geleë is, tot verwesenliking kan kom. Art. 5 word dan dienooreenkomstig gewysig.

Aanbeveling: Die Sinode keur die versoek van die Algemene Sinode i.s. Art. 5.3 en 5.4 goed.

4. **AFD. X: REVISIE EN REGTE** — **Agenda bl. 10, punt 4**

„Kerkverband” word vervang met „sinodale ressort”.

Aanbeveling: Die Sinode keur hierdie verandering nie goed nie.

5. INVUL VAN LIDMATEREGISTER — Agenda bl. 19

Nie aanbeveel nie.

6. KONDONERING VAN BEROEP, DS. H.B. VAN ZYL NA ANDREW MURRAY-GEMEENTE, PRETORIA — Agenda bl. 18—19

Die Regskommissie bevind:

1. Die optrede van die betrokke broeders kan nie goedgekeur word nie en betreur dit.

Aanbeveling: Die Sinode betreur die optrede van die betrokke broeders.

2. In die lig van omstandighede kondoneer die Sinode punte 3.1 en 3.2 (Agenda, bl. 19).

Aanbeveling: Die Sinode wettig die beroep van ds. H.B. van Zyl, asook alle kerkregtelike handeling wat ds. Van Zyl as leraar van Andrew Murray gemeente en as voorsitter van die Kerkraad verrig het.

3. Punt 3.3 (Agenda, bl. 19) nie aanbeveel nie. Bep. 7(b)(i)(N.-Tvl.) verwys.

7. AANPASSING VAN SENDINGREGLEMENT DEUR SINODE

Reeds afgehandel. Agenda bl. 725, pt. 2 en bl. 838, pt. 51 verwys.

8. OMSKEPPING VAN DIE N.G. KERKBOEKHANDEL IN 'N NUTSMAATSKAPPY

Word aanbeveel.

9. AFGEVAARDIGDES NA SINODESITTINGS AANBEVELING

1. Die Sinode keur die voorstel dat net een predikant en een ouderling per gemeente sinodesittings sal bywoon, nie goed nie.

2. Die Sinode versoek die Breë Moderatuur om 'n kommissie aan te stel om ondersoek te doen na die verkleining van die personeel van sinodes, alternatiewelik die verdeling van sinodes, sowel as die verkleining van die personeel van die Algemene Sinode. Hierdie kommissie moet rapport doen aan die eerste Algemene Sinode.

3. Die Sinode besluit om 'n kommissie aan te stel met die opdrag om ondersoek te doen na die moontlikheid van verkleining van die personeel sowel as alle implikasies daaraan verbonde.

4. Die Sinode besluit om, as 'n tussentydse reëling, die volgende woorde in Bep. 61(a) te suspendeer met die oog op die volgende sinode: „en wat die afgevaardigde ouderlinge betref, in ooreenstemming met die reg verleen in art. 33(b) van die Kerkorde” (Art. 33.1 en 33.2 maak hiervoor voorsiening.)

10. KWORUM VAN DIE KERKRAAD — KERKRAAD PRETORIA-NOORD

Nie aanbeveel nie.

(Agenda, bl. 841, X.11 verwys.)

11. KONDONASIE: BEROEP: DS. G.B.J. CONRADIE, VROEër VAN ZEERUST — RING VAN RUSTENBURG

Aanbeveling: Die Sinode besluit:

1. Die handeling in verband met die wederregtelike aanname van hierdie beroep deur die broeder kan nie goedgekeur word nie en wys predikante andermaal daarop dat hulle absoluut gebonde is aan die besluite van die Sinodes.

2. Die Sinode kondoneer die optrede van die Kerkraad.

PROF. A.B. DU PREEZ (Voorsitter)

DS. J. GREYVENSTEYN (Skriba)

DS. G.J. DAVIDTSZ (Aktuaris)

D.5 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AL- GEMENE EN AKTUELE SAKE.

Broeder Voorsitter en Broeders,

Nadat u kommissie op Donderdag, 25 Mei 1972, gekonstitueer het, is die verwysde opdragte in behandeling geneem en word soos volg verslag gedoen:-

1. BESKRYWINGSPUNTE

1.1 Algemene Sake (Agenda bl. 1, Afd. I.)

1.1.1 Koördinering van Ringsverslae (1.1), en Hersiening van Verslagvorms (I.11).

Aanbeveling:

1.1.1.1 Die Sinode spreek hom in beginsel uit ten gunste van **een Ringsverslagvorm** met die Staat van Godsdien as uitgangspunt.

1.1.1.2 Hy dra dit op aan die sekretarisse van die onderskeie Sinodale Kommissies om in oorleg met hulle betrokke kommissies so 'n **konsepvorm op te stel** en so spoedig moontlik aan die Sinodale Kommissie voor te lê vir wysiging, indien nodig, en finale goedkeuring en ingebruikstelling in alle Ringe.

1.1.1.3 Hy benoem die skriba van die Sinode om **as sameroeper** op te tree ten einde die betrokke sekretarisse byeen te roep en die saak prakties te bespoedig.

1.1.1.4 Hy doen 'n beroep op die sekretarisse om 'n gekoördineerde konsepvorm op te stel wat hom **deur eenvoud en doeltreffendheid sal onderskei**.

1.1.2 **Naamsverandering gemeente van Erasmus (I.10)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur.

1.1.3 **Berigte i/s beroepe slegs na Inligtingsburo (I.12)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur.

1.1.4 **Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk (I.13)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur.

1.1.5 **Registrasie van Lidmate (I.14)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur.

1.1.6 **Leraars in diens van Sinode (I.15)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur met 'n byvoeging daarby:-

Die Sinode besluit dat wanneer 'n leraar soveel werk ten behoeve van die Kerk in breër verband moet doen dat dit inbreek maak op sy gemeentewerk, die Sinode uitgawes moet subsidieer wat die Kerkraad moet aangaan om die pastorale werk van die leraar te help doen. Dit sal slegs geskied in buitengewone gevalle op aansoek van die plaaslike Kerkraad, en met goedkeuring van die Sinodale Kommissie, en uit fondse waarvoor voorsiening gemaak is of kan word.

1.1.7 **Verandering in beroepstelsel (I.16)**

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

1.1.8 **Haleluja Liedere** (I.17)

Oorgedra aan Kommissie vir Evangeliebediening.

1.1.9 **Verkieping van Kerkraadslede deur die opsteek van hande** (I.18)

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur met die volgende byvoeging: mits die Kerkraad ten opsigte van elke geval eenparig daartoe sou besluit.

1.1.10 **Spelling van Zwartruggens** (I.19)

Aanbeveling: Die beskrywingspunt word goedgekeur.

1.2 **Aktuele Vraagstukke** (Agenda bl. 19, Afd. XI)

1.2.1 **Versteuring van Godsdienstige samestelling onder Bevolking** (XI.2)

1.2.1.1 Aanbeveling: Die Sinode doen 'n beroep op Kerkrade en Lidmate van die Kerk om besondere aandag aan immigrante (ook van ander taalgroepe) te gee om aan hulle 'n geestelike tuiste te bied.

1.2.1.2 Die Sinode besluit om die Breë Moderatuur te versoek om hierdie saak op die hoogste vlak met die Owerheid op te neem en die versekering te verkry dat hierdie tendens effektief aan bande gelê sal word.

1.2.2 **Ondersoek na Rotariërs, Round Table, ens.** (XI.3)

Aanbeveling: Die Sinode besluit om nie op hierdie stadium 'n ondersoek te laat instel nie.

1.2.3 **1973 — Jaar van Gebed** (XI.4)

Aanbeveling:

1.2.3.1 Die beskrywingspunt word goedgekeur met 'n wysiging om dan so te lees: Die Sinode het kennis geneem van die buitekerklikheid en kerkvervreemding as gevolg van die inwerking van die bose magte op ons Kerk en Volk. Bewus daarvan dat pornografiese lektuur, dwelmverslawing en ander magte 'n verdoemende invloed op ons lidmate en veral op ons jeug het en dat dit nog steeds aangroei, **versoek die Sinode Kerkrade om hulle gemeentes te inspireer om te bid**—veral in die jaar 1973—vir 'n magtige geestelike herlewering en 'n totale geestelike vernuwning op alle lewens-terreine.

1.2.3.2 Die besluit word **na die Permanente Kommissie vir Aampsbediening** en Evangelisasie verwys vir uitvoering.

1.2.4 **Wêreldbiddag vir Vroue** (XI.5)

Aanbeveling: Die Sinode besluit dat die Wêreldbiddag vir Vroue wel nog in ons gemeentes gehou sal word, mits daar reg geskied aan ons Kerk se eiendommlike gebruike—veral wat betref die liturgiese inkleding daarvan—en dat susters van ander Kerke uitgenooi kan word om met ons daarin te deel.

1.2.5 **Studieverlof: Predikante in Sinodale Diens** (XI.6)

Aanbeveling: Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie. Die betrokke Sinodale Kommissies kan studieverlof aan hulle predikante op meriete toestaan met goedkeuring van die Sinodale Kommissie.

1.2.6 **Doeltreffende Gemeentelike Bearbeiding** (XI.7)

Aanbeveling: Geen aanbeveling word gemaak nie omdat die aangeleentheid ter tafel kom by die verslag van die Ondersoekkommissie na die Poste van Predikante in Sinodale Diens, Agenda bl. 350, 8.3.

1.2.7 **Kerkbanke en Kerksale vir Nie-blankes** (XI.8)

Die kommissie beveel eers aan t.o.v. XI.8.1:

1.2.7.1 **Kerkbanke:** Die Kommissie verwys na 'n besluit in die verband in die Handeling van die Sinode, Noord-Transvaal 1963, bl. 312.

1.2.7.2 Voorts word aanbeveel t.o.v. XI.8.2 en XI.10:

Kerksale: Die beskikbaarstelling van kerksale vir nie-blankes is 'n aangeleentheid wat by die plaaslike Kerkraad berus. Andermaal doen die Sinode 'n beroep op sy lidmate om hulle nie-blanke werknemers op Sondae in die geleentheid te stel om gereeld eredienste te kan bywoon.

1.2.8 **Ussalep** (XI.9). Hierby het die Kommissie ook in behandeling geneem die **Versoekskrif van ouderling R.F. Odendaal**, 1.5 van Laat Stukke, bl. 917.

Aanbeveling: Albei aangeleenthede word verwys na die permanente Kommissie vir Aktuele Sake met die oog daarop om aan die Kerk leiding te gee indien dit nodig mag bevind word.

R.J. RAATH (Voorsitter)
J.S. VAN DYK (Skriba)

D.6 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE BEGROTINGSKOM- MISSIE.

Broeder Voorsitter en Broeders,

Graag wens ons die volgende lys van punte van gemeentes aan u voor te lê vir kennisname:

Rustenburg	57,5
Zeerust	32,5
Zwartruggens	21,0
Koster	33,5
Malopo	27,0
Groot Marico	7,5
Rustenburg-Wes	26,0
Nietverdiend	5,0
Derby	22,0
Rustenburg-Suid	46,0
Rustenburg-Bergsig	12,5
Rustenburg-Voorspoed	21,0
Lydenburg	19,0
Machadodorp	16,5
Graskop	11,5
Sabie	12,5
Waterval-Boven	13,5
Ohrigstad	4,5
Burgersfort	10,0
Lydenburg-Suid	11,0
Pietersburg	45,5
Louis Trichardt	22,5
Messina	24,5
Dendron	15,0
Pietersburg-Noord	29,0
Soutpansberg	31,0
Blouberg	7,0
Renosterpoort	20,5
Pietersburg-Oos	34,0
Lugmagbasis-Pietersburg	2,0

Pretoria	59,0
Bronberg	75,5
Arcadia	50,5
Burgerspark	59,5
Harmonie	83,0
Meintjeskop	34,0
Wakkerstroom	23,0
Piet Retief	23,5
Amersfoort	22,5
Amsterdam	13,5
Volksrust	22,5
Paardekop	14,0
Goedegun	2,0
Pongola	36,0
Volksrus-Suid	21,0
Middelburg	40,0
Rossenekal	5,0
Belfast	22,5
Dullstroom	3,0
Groblersdal	33,0
Marble Hall	40,0
Middelburg-Suid	34,5
Eerstelig	2,5
Rietkuil	9,5
Ermelo	43,5
Carolina	26,0
Morgenzon	15,5
Hendrina	20,5
Chrissiesmeer	9,5
Breyten	11,0
Ermelo-Oos	25,5
Eloffsdal	37,5
Riviera	55,5
Villieria	57,0
Wonderboom-Suid	52,5
Capitalpark-Oos	36,5
Pierneef	35,5
Rietfontein-Noord	57,5
Villieria-Oos	44,0
Rietfontein-Suid	46,5
Pierneefrant	26,0

Krokodilrivier	43,5
Dalunie	18,5
Vorentoe	15,5
Northam	16,5
Thabazimbi	25,0
Marikana	24,0
Sanddrif	9,5
Dwaalboom	7,5
Brits	29,0
Koedoeskop	14,0
Sonop	13,0
Daspoort	28,5
Capitalpark	29,5
Eloffsdal-Wes	34,0
Booyens	26,0
Wonderboompoort	24,5
Magaliesfort	17,0
Wesmoot	22,5
Pretoria-Tuine	28,0
Tuinrand	26,5
Pretoria-Oos	64,0
Silverton	44,5
Hartbeesspruit	28,5
Suidoos-Pretoria	90,5
Meyerspark	75,5
Universiteitsoord	54,0
Lynnwood	77,5
Queenswood	62,0
Andrew Murray	1,0
Portugese Gemeente	3,0
Skuilkrans	18,0
Waterberg	28,5
Warmbad	21,0
Waterberg-Noord	16,0
Albertyn	19,5
Springbokvlakte	7,5
Nylstroom-Oos	14,0
Warmbad-Wes	21,5
Pretoria-Noord	46,5
Onderstepoort	31,5
Derdepoort	32,5

Waverley	56,5
Petronella	33,0
Hartbeeshoek	34,5
Kameeldrif	41,0
Môregloed	20,5
Wonderboom	77,0
Waverley-Oos	54,5
Noordoos-Pretoria	24,5
Lyttelton	65,0
Olifantsfontein	24,0
Groenkloof	32,0
Waterkloof	48,5
Lyttelton-Oos	31,5
Lyttelton-Noord	50,5
Esselenpark	8,0
Kloofsig	38,0
Sesmyspruit	20,0
Monumentpark	38,5
Halfweghuis	13,0
Eldoraigne	23,5
Barberton	30,0
Nelspruit	35,0
Witrivier	38,0
Malelane	19,5
Alkmaar	17,5
Kampersrus	5,5
Komatipoort	7,5
Nelspruit-Suid	31,0
Piet Potgietersrus	28,5
Koedoesrand	10,0
Potgietersrus-Oos	37,0
Roedtan	7,5
Marken	1,0
Zebediela	3,5
Naboomspruit	18,0
Pretoria-Wes	25,0
Quagga-poort	51,0
Wespoort	5,0
Voortrekkerhoogte	3,0
Skanskop	24,5
Ebenhaezer	27,5

Valhalla	53,5
Tek	1,5
Pretoria Polisie-Kollege	3,0
Voortrekkerhoogte-Oos	3,0
Voortrekkerhoogte-Wes	1,5
Erasmia	18,0
Valhalla-Suid	21,0
Lugmag-Gimnasium	1,5
Soekmekaar	3,0
Laeveld	8,5
Tzaneen	42,5
Gravelotte	9,0
Letsitele	8,0
Phalaborwa	45,5
Erasmus	45,5
Witbank	60,5
Premiermyn	14,0
Merlindale	23,0
Ogies	17,0
Witbank-Suid	28,0
Blinkpan	13,5
Klipfontein	27,5
Rayton	6,5
G.S. VAN HEERDEN (Voorsitter)	
P.S. STRüMPFER (Skriba)	

D.7 EERSTE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR PERS EN PUBLISITEIT

1.1 SENTRALE INLIGTINGSBURO

Die tydelike kommissie het aandag gegee aan aanbeveling 9.30 (p.404) van die Kommissie van Ondersoek na Predikante in Sinodale Diens en Aanverwante Poste. Die tydelike kommissie onderskryf die oogmerk van die aanbeveling, maar moet daarop wys dat die voorgestelde prosedure op 'n foutiewe interpretasie van die feite berus. Hoewel die Sinode van Noord-Transvaal hom reeds ten gunste van 'n sentrale inligtingsburo uitgespreek het, het die Algemene Sinode nog nie so 'n besluit geneem nie.

Die tydelike kommissie meen ook dat die opdrag om namens die hele kerk te spreek, te wyd gestel is. Daar word gevolglik aanbeveel dat die aanbeveling soos volg gewysig word:

1.2 AANBEVELING

Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die bestaande inligtingsdienste so spoedig moontlik in een sentrale inligtingsburo te verenig.

E.A. VAN NIEKERK (Sameroeper)

W.L. MAREE (Skriba)

D.8 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR OPENBARE SEDELIKHEID

Broeder Voorsitter en Broeders,

Onder leiding van die sameroeper, ds. G.J. Snyman, is tot voorsitter verkies die sameroeper self en tot skriba ds. E.M. van Graan.

Die kommissie rapporteer soos volg:

1. **DIE ROOKGEWOONTE** (Beskrywingspunte 1 en 2, Afd. XII Openbare Sedelikheid, bl. 21, Agenda van die Sinode van Noord-Transvaal van 1972).

1.1 Aanbevelings

1.1.1 Die Sinode neem kennis van die uitsprake van talle gesaghebbende wetenskaplikes dat die rookgewoonte vir die menslike liggaam skadelik is. (Sien Bylaag I: Tabakrook as Gesondheidsvyand nr. 1, opgestel deur oudl. D.J. Crafford.)

1.1.2 In die lig van bogenoemde uitspraak beveel die Sinode aan dat lidmate hulle vrywillig sal onthou van die rookgewoonte vir eie beveiliging.

1.1.3 Die Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Kerklike Tydskrifte om die vervanging van tabakadvertensies deur ander advertensies gunstig te oorweeg, o.a. ook omdat dit sommige lidmate aanstoot gee.

1.1.4 Die Sinode dra dit voorts aan sy Kommissie vir Aktuele Sake op om 'n deurtastende studie te maak van die rookgewoonte.

2. **SONDAGKOERANTE** (Beskrywingspunt 3). Die volgende word aanbeveel:

2.1 **Aanbevelings:**

2.1.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor daardie koerante en tydskrifte wat 'n Christelike en positiewe standpunt in hulle beriggewing handhaaf. Hierdie besluit word deurgestuur na die Kerknuus en na die Regering deur die Permanente Kommissie vir Openbare Sedelikheid.

2.1.2 Met die oog op nadelige beriggewing oor leraars e.a. kerklike ampsdraers en ander kerklike sake wat die koninkryk skade aandoen, versoek die Sinode die Pers om eers ná raadpleging en toestemming van die besondere, ampte of gemeentelike of ander kerklike liggame berigte aangaande kerklike aangeleenthede te publiseer, en wel in die regte lig.

2.1.3 Die Sinode vermaan die gemeentes om besondere pogings aan te wend om die koop en lees van koerante op Sondae deur lidmate te ontmoedig en dra dit aan ringe op om van kerkrade verslag oor hulle vordering te vra. Dit spreek vanself dat die Sinode die lees van opbouende Christelike stof hartlik by die gemeentes aanbeveel (vgl. Acta Alg. Sin. 1970 bl. 859).

2.1.4 Die Sinode beveel by die Regering aan die afskaffing van die Persverwysingsraad en dat die Pers geplaas word onder jurisdiksie van die Publikasieraad.

3. **LEESSTOF OP SKOLE** (Beskrywingspunt 4, bl. 22).

3.1 **Aanbevelings:**

3.1.1 Die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk spreek sy waardering uit teenoor die Direkteur van Onderwys van Transvaal vir wat hy doen om ons jeug van die invloed van verderflike lektuur t.o.v. die voorgeskrewe boek te vrywaar. Ons aanvaar dat dieselfde kontrole oor biblioteekboeke uitgeoefen word, maar voel beswaard oor die morele gehalte van sommige biblioteekboeke wat skole uit eie fondse aankoop en waaroor die direkteur na ons beskeie mening ook 'n behoorlike kontrole behoort uit te oefen.

3.1.2 Die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk bring graag die voorafgaande beskrywingspunt per-

minent onder die aandag van die ander Sinodes en vradringend dat hulle dergelike vertoë sal rig.

4. **KLEREDRAG IN EREDIENSTE** (Beskrywingspunt 5, bl. 22).

4.1 **Aanbevelings:**

4.1.1 Die Sinode staan behoorlike (I Tim. 2:9), kuise (Tit. 2:5), tradisionele (Sef. 1:8) drag voor vir beide geslagte vir gebruik in die kerkgebou.

5. **VOLKSVREEMDE KLEREDRAG** (Beskrywingspunt 6, bl. 22).

5.1 **Aanbevelings:**

5.1.1 Die Sinode neem kennis van die stuk van ds. G.J. Snyman van Monumentpark: Kleredrag — Skriftuurlike Gegewens Toegepas op vandag (Bylaag II).

5.1.2 Die Sinode verkies behoorlike (I Tim. 2:9), kuise (Deut. 22:5) drag, ook buite die kerkgebou.

5.1.3 Die Sinode aanvaar die dra van behoorlike, kuise geleentheidsdrag.

5.1.4 Die Sinode vermaan alle lidmate om suggestiewe en onwelvoeglike kleredrag te vermy, bedoelende dié wat die liggaam nie behoorlik bedek nie.

6. **PREDIKANT IN SINODALE DIENS** (Agenda, bl. 393, pt. 7.10.2).

6.1 **Aanbevelings:**

6.1.1 Die Sinode oordeel dat die selfstandigheid van die plaaslike kerkraad nie die bevoegdheid van die Sinode of kerkverband uitsluit om slef leraars en ander persone te beroep of aan te stel vir die doeltreffender behartiging van die werk van die kerk nie en dit behoort orals te geskied waar die werkzaamheid sodanig is dat die plaaslike kerkraad dit nie behoorlik alleen kan doen nie.

6.1.2 Die Sinode herbevestig die roeping van die kerk om maatskaplike sondes te bestry en die openbare sedelikheid te bevorder soos geleer in die Heilige Skrif (Eseg. 3:17—21; 33:1—20; Matt. 5:13—16) neergelê in die Kerkorde (Art. 35 Bep. 65 en 74 en uitgebou in die beleid van die N.G. Kerk t.o.v. die bestryding van maatskaplike euwels (Alg. Sinode 1966 bl. 177, 518).

6.1.3 Die Sinode beveel aan dat die pos van Predikant in Sinodale Diens wat tans alleen in die Transvaalse kerke bestaan, 'n pos word van die Algemene Sinode.

6.1.4 Vanweë die omvang van maatskaplike euwels wat steeds toeneem, wat onmiddellike optrede verg en nie in elke provinsie op dieselfde wyse en tyd voorkom nie, versoek die Sinode die Algemene Sinode om sy Kommissie vir Openbare Sedelikheid so uit te brei, dat elke Sinode deur ten minste 'n primarius- en sekunduslid verteenwoordig word. Die betrokke lede moet ook lede van die Sinodale Kommissies vir Openbare Sedelikheid wees.

7.1 Bylae

7.1.1 Bylaag I.

7.1.2 Bylaag II.

Hiermee vertrou ons dat ons aan ons opdrag voldoen het.

G.J. SNYMAN (Voorsitter)

E.M. VAN GRAAN (Skriba)

BYLAE I

A. TABAKROOK AS GESONDHEIDSVYAND NO. 1

Om bogenoemde stelling te bewys, word die volgende stukke aangeheg:—

- (1) Artikel deur dr. Dunbar Smith in die tydskrif „Gesondheid”;
- (2) Uittreksel in traktaatjie-vorm uit dr. McMillen se boek „Geen een van hierdie siektes nie” deur Timo Kriel;
- (3) Verklaring deur dr. Harrington van Kankernavorsings-eenheid van Kankervereniging van S.A.

Hier volg (1) dr. Dunbar Smith se artikel:—

„Tabak is vandag die wêreld se grootste gesondheidsvyand.

„Sigaretrook is die grootste enkele, vermybare oorsaak van die dood in Brittanje,” verklaar sir George Godber, hoofmediese gesondheidsbeampte van die Britse departement van gesondheid.

Dit geld ook vir die Verenigde State, volgens Luther K. Terry, voormalige geneesheer-generaal. „Sigaretrook is 'n vername faktor in kroonslagaarsiekte.” — The American Heart Association.

„Sigaretrook is die vernaamste bekende oorsaak van kankersterfgevalle.” — The American Cancer Society.

Dit is waarskynlik net so waar in Suid-Afrika en Rhodesië, aangesien die bevolkings van hierdie twee lande onder die strafste rokers ter wêreld tel.

„Suid-Afrikaners het die meeste noodlottige hartaanvalle in die ouderdomsgroep 25—45”, volgens professor C.L. Wicht, professor in Geneeskunde, Universiteit van Stellenbosch.

Hoewel hartaandoenings vandag die vernaamste oorsaak van die dood onder die Westerlinge is, kom kanker tweede. ’n Vername faktor in albei, is die sigaret.

Gemiddeld verminder elke sigaret wat gerook word die lewensverwachting met 14,3 minute, volgens dr. Linus Pauling, wat die Nobelprys tweekeer verower het. As 35 sigarette dus per dag gerook word, sal dit die lewe met 8 uur per rookdag verminder, of meer as 120 dae van die jaar!

Dit word beweer dat die beëindiging van die tabakgewoonte meer sal bydra tot groter gesondheid en ’n langer lewe as alles wat die mediese wetenskap die afgelope vyftig jaar bereik het.

Rook verkort nie net die lewe nie, maar maak die lewe onaangename. Ongeneeslike siektes neig om langduriger en noodlydender te wees. Emfiseem is nog ’n algemene siekte wat deur tabak aangebring word. Miljoene ly aan hierdie langdurige, pynlike siekte. Byna alle gevalle van emfiseem hou verband met sigaretrook.

Ons sal alles in ons vermoë doen om die publiek in te lig oor die aard van hierdie verwoestende vorm van dwelmverslaafdheid, en om rokers te help om van die gewoonte ontslae te raak.” — Aldus dr. Dunbar Smith.

Hierdie wetenskaplike uitsprake lewer onteenseglike bewys dat sigaretrook die menslike liggaam skend. Die Bybelse skriftuurgronde in I Kor. 3:16 en 17 is vanselfsprekend van toepassing. Lees ook Jes. 55:2 en neem in ag die ontsettende omvang van die „afweeg van geld vir wat geen brood is nie.”

B. SIGARETADVERTENSIES IN KERKLIKE TYDSKRIFTE

In die lig van hierdie feite kan ons Kerk nie toelaat dat nog voortgegaan word met sigaretadvertensies in die Voorligter en ander Kerklike tydskrifte nie. Alle groot lande laat hoegenaamd geen sigaretadvertensies toe nie. Hulle bekamp hierdie verwoestende

gewoonte, terwyl ons Kerkblad 'n struikelblok is vir ons medemens deur sulke advertensies te plaas.

Ons preek: „Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid en al die ander dinge sal vir julle bygevoeg word,” maar ons doen net die teenoorgestelde met die plasing van sigaretadvertensies vir geldelike gewin!

Opgestel deur ouderling D.J. Crafford,
Riviera-Gemeente, Pretoria.

DIE ROOKGEWOONTE EN GESONDHEID

Sigaretrook is 'n mengsel van gasse en baie klein druppeltjies teer waarin ongeveer eenduisend bestanddele reeds geïdentifiseer is. Die verskil in samestelling word bepaal deur die tipe tabakplant, die bewerking daarvan en die wyse waarop dit gerook word. Die „systroom”-rook, is meer gekonsentreerd as die „hoofstroom”-rook. Sekere bestanddele hiervan word gefiltreer namate die rook deur die tabak beweeg, terwyl die rook in die sigaret ook deur lug wat deur die papier omhulsel gesuig word, verdun word. Die rook wat sodoende in die onverbrande tabak agterbly, is gedeeltelik hergedistilleerd wanneer die brandpunt dit weer 'n keer bereik, gevolglik raak die rook in elke teug meer en meer gekonsentreerd. Die sigaretpapier lewer 'n onbenullige bydrae tot die rook self, maar die poreusheid daarvan kan die verdunning van die rook beïnvloed, so ook die verbrandingstempo en helaas ook die samestelling daarvan. Die rook in die „hoofstroom” van die meeste sigarette bevat 'n geringe hoeveelheid suur en is daarom nie so irriterend soos pyprook nie, wat meer suur of alkalië mag bevat, of soos sigaarrook wat alkalies is. Sigaretrook sal baie eerder ingeadem word, omdat dit minder irriterend is.

Sommige van die bestanddele in sigaretrook is hoofsaaklik in die mond en asemhalingskanale aktief waar dit vaskleef. Andere word deur die mond en die lugsakkies in die longe in die bloed opgeneem wat dan 'n uitwerking op weefsel deur die hele liggaam sal hê. Die bestanddele in rook wat van mediese belang is, kan in vier hoofgroepe verdeel word:—

(a) **Erkende Kankerverwekkende Bestanddele.** Hiervan is daar twee soorte: Karsinogene of kankerverwekkers, wat selfs by proefdiere kanker veroorsaak, en mede-karsinogene of bestanddele wat bevorderlik is vir kanker. Dit veroorsaak nie self kanker nie, maar bevorder die groei van kankerverwekkers.

(b) **Irriterende Bestanddele.** Hierdie bestanddele mag die afskeiding van slym in die brongiale buise stimuleer wat die werking

van die cilia belemmer. (Cilia = fyn haaragtige strukture wat op die slymvliessele in die brongiale buise voorkom. Deur 'n gekoördinerende slag beweeg dit 'n dun laag slym uitwaarts na die keel. Sodoende word ingesamde stof en bakterieë voortdurend uit die gesonde longe verwyder.) Sommige van hierdie irriterende bestanddele is ook mede-karsinogene.

(c) **Nikotien.** Dit het verskeie farmakologiese uitwerkings op weefsel van die hele liggaam, veral op die senuweestelsel.

(d) **Koolmonoksied en ander Gasse.** Koolmonoksied beïnvloed die vermoë van die bloed om suurstof te dra en die gebruik van suurstof deur die weefsel. Daar is ook ander gasse wat chemies aktief is, byvoorbeeld stikstofoksied en waterstofsiamied, waarvan die uitwerking in lae konsentrete wat in tabakrook voorkom, nog onseker is.

Baie kennis is reeds ingesamel oor die uitwerking van hierdie bestanddele wanneer hulle alleen of gekombineerd aktief is. Met betrekking tot die uitwerking van rook op die gesondheid, het talle navorsings in verskillende lande bo alle twyfel bewys dat die sterftesyfer as gevolg van longkanker baie hoër by strawwe sigaretrokers is en dat matige rokers in 'n tussen-groep val.

Verder het verskeie ander faktore, wat almal verband hou met die voorkoms van menslike siekte en strawwe sigaretrook, ook te voorskyn gekom. Die risiko om te sterf is ongeveer 70% hoër vir mans wat sigarette rook as vir mans wat nie rook nie. Merkwaardig ook is die gevare vir vrouens wat rook, hoër as vir nie-rokers. Die risiko om aan longkanker te sterf, is tien keer hoër by sigaretrokers as by nie-rokers. Dit is ook bewys dat die voorkoms van verskeie ander tipes kankers toeneem met strawwe rook. Die sterfterisiko as gevolg van kroniese brongitis en emfiseem is tussen 3 en 20 keer hoër, afhangende van die ouderdom en die hoeveelheid sigarette gerook. Die sterfterisiko aan kroonslagaarsiektes — die belangrikste doders van sowel rokers as nie-rokers — is 70% hoër vir rokers as vir nie-rokers. Hoe groter die getal sigarette wat daaglik gerook word, hoe hoër is die sterftesyfer. Die lewensverwagting van jongmans word met ongeveer agt jaar verkort deur strawwe sigaretrook — dit wil sê die wat 40 en meer sigarette per dag rook. Die risiko verhoog ook vir diegene wat op 'n jeugdige ouderdom begin rook, asook vir die rokers wat die rook intrek.

Die sterftesyfer onder sigaar- en pyprokers is aansienlik laer as onder sigaretrokers.

Onlangs is ondersoek ingestel na die verhouding tussen ekonomiese groei en verminderde tabakgebruik. Die voortdurende

toename van verskeie siektes en sterftes, veral ten gevolge van longkanker, is onteenseglik die gevolg van sigareetrook. Dit is wetenskaplik bewys.

Met betrekking tot die gewoonte self, kan met veiligheid gesê word dat geen ander gewoonte so gevaarlik en so dodelik vir die mense is nie. Die onlangse beskrywing van die gewoonte deur die Hoof Mediese Beampte van die Britse Ministerie van Gesondheid is nie ver verkeerd nie. Hy bestempel die gewoonte as: „'n Self-opgelegde besering” (a self-inflicted injury).

Geskryf deur dr. J.S. Jarrington Ph.D.,
Hoof: Kankernavorsingseenheid van die
Kankervereniging van S.A.

Uit die Engels vertaal deur mnr. J.H. v.d. Merwe, Taksekretaris van die Nasionale Kankervereniging van S.A., Pretoria.

BYLAE II

I. KLEREDRAG — SKRIFTUURLIKE GEGEWENS TOEGEPAS OP DIE HEDE

1.1.1 **Kleredrag in die lig van die Heilige Skrif — Gen. 3 v. 7:** „Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.”

3 v. 21: „En die Here het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle het dit aangetrek.”

1.1.2 **Vanwaar kom Kleredrag?**

Ons lees in Gen. 1:31: „Toe sien God alles wat Hy gemaak het en — dit was baie goed.”

En dit wat God gesien het, was die ganse skepping en 'n sondelose eerste mensepaar Adam en Eva, wat naak in die tuin van Eden rondloop, ja Hom nakend tegemoet kom as Hy op die aandwindjie die tuin nader.

1.1.3 Die eerste mensepaar is naak geskape sonder enige rede tot skaamte vir homself of vir mekaar want, daar was toe nog geen sonde in die mens nie.

Naak te wees, het dus voor die sondeval geen plek gehad vir skaamte nie — maar, na die sondeval was dit alles anders.

Die naakgeskape en nakend rondlopende mens in Eden wat God verheerlik en die diere en plante paslike name gee, kon dus weens innerlike en uiterlike heiligheid ongekleeed wees.

Naaktheid word pas dan 'n skande wanneer die mens sondaar word, homself verberg, terughou van God, tussen en agter die bome in die tuin van Eden êrens in die streke van Tigris en Eufraat.

1.1.4 Die eerste kennis wat die mensepaar opdoen na die sondeval vind ons in die woorde „toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle nakend is.” Gen. 3 v. 7. Ons teks sê en hulle het vyeblare aanmekeer gewerk en vir hulle skorte (heupklere) gemaak; blykbaar was die bolywe kaal.

1.1.5 Een van Gods genadegevolge van die sondeval was die skaamtegevoel beliggaam in die woorde van bg. teks. Soos 'n skone, geurvolle blom van genade uit die stinkende moeras van die sondeval, het die skaamtegevoel gebloei.

Slegs in 'n beperkte sin kon Adam en Eva die onderskeid ken tussen goed en kwaad. Die duiwelslang het sy groot lieg gelieg vir die mens.

1.1.6 Die eiegemaakte vyeblaarskorte, kortstondig, broos, breekbaar, skeurbaar, menslik, nie alles ten volle en duursaam beskuttende skorte nie, het God met Sy wonderhand vervang met rokke van vel gemaak, weer vir altwee, nie net vir een nie, nie vir een 'n broek en vir die ander 'n rok nie, maar vir altwee rokke van vel en dit na die sondeval. Dit was rokke van vel, sterk, duursaam, beter skaamte-beskuttend. Gods plan vir die kleredrag van die mens na die sondeval was beter, duursamer, meer skaamtebedekkend en beskermend as die wat die mens vir homself van vyeblare gemaak het — Gen. 3 v. 21. Die beste verklaarders stem saam dat die „rok in Gen. 3 v. 20” waarskynlik ook die bolyf bedek het. In Job 30:18 word dieselfde woord gebruik. In Gen. 37:3 het die rok „lang moue”, maar gewoonlik het die rok oor die skouer gereik.

1.1.7 God is die beste mode-ontwerper, beter as die in sondegevalle mode-ontwerpers Adam en Eva.

1.1.8 F.W. Grosheide stel dit treffend dat in die huidige bedoeïne waarskynlik die beste oorblyfsel te vinde is van die kleredrag, uit die Bybeltydperk. Dit was 'n lang onderkleed en 'n bokleed uit 'n langwerpige vierkantige stuk materiaal, met gate vir kop en arms, reikende voor en agter tot naby die enkels. Petrus het tydens die visvangs waarskynlik net 'n lendeskort aangehad, 'n kleed gedraai om die heupe en tussen die bene deur.

1.1.9 Die bo-kleed of boonste rok, dikwels 'n mantel genoem, en die onderkleed was bo aan die heupe vas met 'n gordel van leer, soms van linne, om die onderkleed en bokleed op te bind. Ons lees niks van kruisbande in die Bybel nie.

1.1.10 In die losbollende kleed bokant die gordel en heupe is allerlei kleiner voorwerpe gedra, bv. wilde vrugte, heilige vleis, kosbaarheid en selfs paasdeeg. Die ruimer groter bokleed was 'n beskutting teen die koue snags, daarom staan in Ex. 22:26 dat die bokleed nie **ná sonder as pand** gehou mag word nie. Hoe goed is God — tot in sy wetgewing oor kleredrag dink Hy aan die nagkoue van die menslike skepsel en Hy voorsien vaderlik, beskermend, beskuttend daarvoor in sy wetgewing.

By harde werk is die bokleed dan afgelê sodat die mens vryer kon beweeg, hardloop of werk.

1.1.11 Die onderskeid tussen mans- en vroueklere het dus in Bybelse tye meer in die tekstuur van die bokleed en onderkleed bestaan as in uiterlike vormverskille.

So het vorste na hulle belangrikheid 'n beter, deftiger, fyner soort langrokstof gedra.

1.1.12 By feesgeleenthede is kosbare klere gedra, Gen. 27:19, (Matt. 22:11, Luk. 15:22, purper, skarlaken, ens., en die vroue het by hulle klere van fyner stof en bonte kleure, die ornamente gedra as vroulik-onderskeidende tekens nl. sierade van goud en silwer. Die vroue het 'n hoofdoek gedra, so om die hoof gedrapeer dat die plooië afgehang het tot op die enkels en wat soms selfs gebruik is as 'n gesigsluier of as 'n sak.

1.1.13 By rougeleenthede is die klere geskeur en in plaas daarvan dan 'n roukleed van ruwe growwe materiaal gedra, I Kon. 21 v. 15, van dieselfde materiaal as die koringsakke waarin die seuns van Jakob uit Egipte koring vervoer het na die koringhongering Kanaan.

2.1 KLEREDRAG IN DIE LIG VAN DIE VERBOD VAN DEUTR. 22 v. 5.

2.1.1 Daar was in Bybelse tye veel meer ooreenstemming en ooreenkoms tussen mans- en vroueklere as in ons moderne tyd. In ons tyd waarin juis die antichristelike magte van die Liberalisme ewe-eens sover moontlik alle grense wil uitwis tussen geslagte, tussen volk en volk, tussen goed en kwaad, moet ons waak teen die euwel van sedebederwende nivellering.

2.1.2 Die verbod in Deutronomium 22 dat 'n man nie vroueklere mag dra nie en dat 'n vrou nie mansklere mag dra nie, kan so verstaan word dat dit selfs ook vrouegereedskap en mansgereedskap, wapens, ens. insluit.

2.1.3 Wat leer hierdie **belangrike gebod** van God wat 'n modevoorskrif vir die mens gee in die vorm van 'n **gebod**, dat die onderskeid

die verskil moet bly tussen man en vrou, dat die man en vrou aan eie innerlike en uiterlike aard getrou moet bly? Ja, dat selfs in die natuur nie op 'n onverantwoordelike wyse mag geëksperimenteer word deur goddelooslik in die natuurlewe in te gryp nie.

2.1.4 In hierdie gebod vind ons die fondamentsteen van Godgewilde, Godbeplande differensiasie en die verbod dat ongelyksoortige dinge nie saamgevoeg, saamgeklew mag word nie, en ook 'n bewys van Godgewilde eiesoortige ontwikkeling.

2.1.5 Sandale is deur vroue sowel as mans gebruik. Mens kan jou nie beroep op die Bybel vir die dra van kouse of sokkies nie.

2.1.6 Die kleredrag van die mens was steeds 'n simbool van die nouste verbintenis met die persoon self, daarom het vroue ook dikwels aan hulle soldatemans in oorlogstye 'n stukkie van hulle klere saamgegee as teken van die nouste verbintenis aan mekaar, 'n heilige huwelikspand. Jer. 12.

2.1.7 **Kinderkleertjies.** Van kinderkleertjies lees ons bv. dat Jesus as kindjie in doeke toegedraai is, volgens die gebruik in Israel vir alle pasgebore babatjies. Daar was nie destyds spesiale kinderkleertjies, rokkies of broekies en kousies nie. In I Samuel 2 vers 18, vers 19 lees ons dat Hanna, nadat sy so erg bespotting moes verduur van Penina, geween het en nie wou eet nie en die kindjie Samuel op nagenoeg drie jaar ouderdom na die tempel gebring het — I g. het 'n skouer-kleed gedra — 'n mantel van sy ma gekry.

2.1.8 U word daaraan herinner dat ook die bruiwofskleed van die Ewige Lam wat eenmaal van die ewigheid om u en my skouers sal hang, rein en blink van fyn linne sal wees — „salig is die wat genooi is na die bruiwofsmal van die lam.” Openb. 18:8. „die kleed wat in bloed gedoopt is,” Openb. 19:13, is 'n teken van die triomferende Christus — triomferend oor elkeen van sy vyande wie se oorwonne bloed teen sy kleed gespat het.

3.1 HEDENDAAGSE KLEREDRAG GETOETS AAN DIE NORME EN EISE VAN DIE HEILIGE SKRIF

3.1.1 Ons Kerk erken daar is 'n korrekte drag vir elke geleentheid, vir sport, vir swem, atletiek, teater, parade, pikniek, staptoer, slaapvertrek en les bes vir die Kerk. Op gesag van die Heilige Skrif staaf ons die ou boeregewoonte dat slegs kerklere, kisklere, beste kleredrag vir mans en vroue en kinders goed genoeg is vir die Kind van God in die huis van God op die dag van God. Romeine 6 vers 11—13.

3.1.2 Weer eens geld die Bybelse wagwoord, „'n man mag nie vroueklere dra nie en 'n vrou mag nie mansklere dra nie. Die gelyk-

skakeling van mans- en vroueklere is vir ons skriftuurlik onaanvaarbaar. Dit is 'n gruwel in die oë van God wanneer die kleredrag sg. omruilbaar is. Die Godgewilde onderskeid moet steeds bly.

3.1.3 Kleredrag bepaal nie altyd die innerlike van die draer nie, maar die Kind van God bekleed met die bruilofskleed, die in bloedgedoopte oorwinningkleding van Christus, **se innerlike mense moet, en behoort** ook sy uiterlike kleredrag te bepaal, gedagtig daaraan dat sy liggaam die tempel is van die Heilige Gees. Ons kan nie maar aantrek soos ons wil of soos die modebase voorskryf nie; ons moet steeds self wik en weeg en oorweeg watter kleredrag betaamlik is.

3.1.4 Dit is bepaald veilig vir die Kind van God om nooit eerste in die modetou te staan nie, maar eers konserwatief behoudend op te tree en na biddend oorweging te besluit wat om te volg. Die vrou moet besluit of dit waarlik vroulik is, skaamtebeskuttend, vroulik geheimsinnig, gereserveerd. Die man moet besluit wat om te dra. Sal hierdie kleredrag vir hom manlik, geslagsonderskeidend en skaamtebeskuttend wees. Skaamte-ontblotende klere is vir die Kind van God uitgesluit. Kleredrag is 'n weerspieëling van die mens se nering, sy persoonlikheid en sy karakter.

Ook die leraar behoort trots te wees op sy kleredrag.

3.1.5 Kinders van God moet waak teen vertoosug, modesug, maar ook teen slordigheid. „Die hoogmoed loer deur die plooitjies van die klere” word gesê, bv. in die oorbeklemtoonde, oorbestede kleredrag Viktoriaanse tyd.

3.1.6 Die mens mag sy naaktheid nie ten toon stel nie. Sy siele-naaktheid stel hy voor sy Verlosser deur die genadeverbond.

3.1.7 Lees Rom. 6:13.

3.1.8 Ons manne en vroue, ons seuns en dogters moet steeds met die fyn skaal van die gewete elke modegril weeg en toets, gedagtig daaraan dat vele mode-ontwerpers juis die aandag goddeloos wil vestig en toespits op dit wat God bepaal het wat bedek en beskut moet wees. Leer jou kinders om in die teenoorgestelde kleredrag belang te stel, te waardeer.

4.1 BESONDERE GEVALLE IN DIE HUIDIGE MODE

Die lidmate roep om leiding van die kerk i.v.m. modes.

Durf die kerk langer swyg? Durf die kerk langer talm? Het ons nie al te lank geswyg nie terwyl die mense moes rond eksperimenteer met die modes.

Moet daar nie 'n tyd kom dat die Christenvrou en -dogter **beslis**

sal weier om die modegrille van ongelowige en on-christelike „modebase van oorsee”, slaafs na te volg nie? Die modebase vestig juis die aandag op dit wat heimlik bedek behoort te wees, deur allerlei vormstyl- en kleuremanipulasie aan te wend vir die doel.

Met gewisse oortuiging formuleer ons die volgende stelreëls i.v.m. kleredrag:

Kleredrag moet bedekkend en welvoeglik wees.

Kleredrag moet onderskeidend wees vir die twee geslagte (maar die andersheid nie oorbeklemtoon nie).

Kinders moet van kleins af voorligting ontvang oor welvoeglike kleredrag.

Met oortuiging en uitgaande van al bg. Skrifuitsprake, beweer ons beslis dat die volgende modes na ons oortuiging bots met die sedelike norme van die Skrif:—

Die sg. sjoebroekie of hitsbroekie.

Die sg. einabroekies (te klein en te nousluitend).

Die moeders wat die sg. „transparante modegril” voorstaan en intieme dele van

Die modes wat die sg. „transparante modegril” voorstaan en intieme dele van die liggaam ontbloot of gedeeltelik ontbloot.

Die modevoorskrifte t.o.v. nousluitende klere.

Die bikinidrag.

Die loergaatjies in klere.

4.1.2 Die dames-langbroekpak. Die dames-langbroekpak is slenterdrag, maar nooit kerkdrag nie. Dit is nie die tipiese „kisklere vir die Huis van God” nie.

Dames-langbroekpake is korrekte drag vir o.a. die volgende: tuinwerk, koue nagskofwerk, koue dagskofwerk, in gevalle van verskillende siektetoestande, piekniekdrag, ens.

Die dames-langbroekpak is waarlik ’n vroulike kleredrag, fyn en bedekkend, vleiend vir die vrou.

Dit is ’n beskermende en skaamtebeskuttende drag en veel nader aan die Bybelse drag.

Geen reggeaarde man sal hierdie dames-langbroekpak dra nie.

5.1 DIE KOMENDE ORKAAN VAN ONSEDELIKE KLEREDRAG DIE SG. TRANSPARANTE DRAG

5.1.1 Geweldige gevaar skuil in die oorsese naaktheidskultus en transparante (deurskynende) onderklerelose mode. Waak nou reeds

daarteen en verset u nou reeds innerlik as manne en vroue van God daarteen en sorg dat u bekleed is met die bruilofskleed van die Lam! Daarsonder sal alles vir u tevergeefs wees, ten spyte van korrekte kleredrag op aarde.

Ds. Gerrie Snyman,
MONUMENTPARK.

D.9 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

Br. Voorsitter en broers,

U kommissie lewer soos volg verslag :

1.0 OPDRAG

1.1 Kragtens die besluit van die huidige Sinode, geneem op Vrydag 26 Mei 1972 (vgl. notule, p.50) insake die SEKRETARIELE POSTE, moet die tydelike kommissies „aandui watter werksaamhede nie gemeentelik en ringsgewys gedoen kan word nie, en waarom.”

1.2 Hiermee saam ook AANBEVELING 2.2.4.6, Agenda p.425 (vgl. notule, p.57) wat handel oor 'n ADDISIONELE POS IN DIE JEUGKANTOOR.

2.0 UITVOERING VAN DIE OPDRAG

2.1 Aangesien hierdie besluit 'n onuitvoerbare onus gooi op 'n tydelike kommissie wat tog nie sonder meer oor werk van 'n permanente kommissie kan oordeel nie, het die Tydelike Jeugkommissie die opdrag weer aan 'n subkommissie opgedra, wat in wese die dagbestuur van die aftredende Sinodale Jeugkommissie is.

2.2 Bywyse van 'n memorandum deur hulle voorgelê, rapporteer die Tydelike Jeugkommissie dus soos volg:

3.0 MEMORANDUM VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE INSAKE DIE FUNKSIONERING VAN DIE SINODALE JEUGKOMMISSIE EN DIE SINODALE SEKRETARIELE POSTE VIR DIE JEUG

3.1 Inleiding

Ons vind hierdie voorstel in eintlike sin heeltemal onnodig, aangesien die Sinodale Jeugkommissie vir baie jare reeds juis

probeer om op uiters verantwoordelike wyse op te tree en doelbewus poog om nie besluite te neem of enige saak aan te pak waarvan dit nie seker is dat daar sinodale sanksie voor is nie. Dit is die uitdruklike (en herhaaldelik uitgesproke) doel van die S.J.K. om deur hulle werksaamhede en deur die werk van hulle amptenaar, steeds **die jeugwerk van die gemeentes** en **die werk van die gemeentejeug** ten beste te bevorder. Ook die hele opset van die Kerkjeugvereniging is doelbewus stiptelik herlei na gebondenheid en inskakeling by Kerkraad, Ring en Sinode: „In alles vir Christus en Sy Kerk”, „Om die Kerk meer jeugbewus te maak en die jeug meer Kerkbewus te maak.”

Ons is oortuig dat deur die kantoor van die S.J.K. daar alleen werk gedoen word wat nie deur een gemeente gedoen kan word nie en ook nie deur een ring nie.

3.2 Die goeie reg vir die bestaan van Sinodale Kommissies en Sinodale Poste in die lig van die Kerkreg, soos van toepassing op die Jeugkommissie

As **noodsaaklike regstelling** van die indruk wat moontlik deur die verslag van die Ad hoc-kommissie insake Sekretariële Poste (Agenda, p.350—404) geskep is, moet die Sinode kennis neem van die volgende aanhalings:

3.2.1 Oor die Kerk in die algemeen

3.2.1.1 „Een plaatselike kerk is wel een zelfstandige complete kerk, maar is uit kracht van haar geboorte uit Christus niet de kerk, maar slechts een openbaring van Christus' kerk op een enkele plaats.”

(H. Bouwman: Gereformeed Kerkrecht, p.5. Vgl. N.G.B. Art. 27)

3.2.1.2 „Een kerk mag niet op zichzelf blijven staan, daar zij niet de kerke Christi is, maar slechts een openbaring van de kerke Christi op eene enkele plaats.”

(A. Kuyper: Traktaat, p.77)

(L.W. Al drie aanhalings kom uit die boek van dr. F.E.O'B. Geldenhuys: Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode.)

3.2.1.3 „Gemeentes het van die vroegste Christelike tyd af saamgekom in vergaderinge om hulle gemeenskaplike belange te behartig. Die onderlinge verband van die kerke het gegroei saam met die uitbreiding van die Christelike kerk in afsonderlike gemeentes op verskillende plekke. Dit was, en is nog 'n noodsaaklike vereiste vir 'n gesonde kerklike lewe, kerklike organisasie en regering. Tog gee die organisasie in kerk-

verband aanleiding tot probleme. Dit gaan hier veral om die juiste verhouding wat 'n doeltreffende ewewig sal gee tussen die verskillende belange wat in ag geneem moet word. Die ver- naamste belange is die vryheid van elke Christengelowige, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as 'n openbaring van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek en die same- werking en eenheid van die plaaslike kerke onderling. **Die oordrywing van enigeen van die drie belange gee aanleiding tot misstande.**" (Ons beklemtoon self—Tydelike JK) (F.E.O'B. Geldenhuys, a.w., p.142)

3.2.1.4 „**Die Roomse** ken geen kerkverband in die sin waarin ons die woord gebruik nie. By hulle word die hele kerk van bo af op despotiese wyse geregeer....

„**Die Kollegialisme** beskou die hele kerk van 'n bepaalde land as een groot vereniging met plaaslike, klassikale en provinsiale afdelings.

Aan die hoof van die geheel staan 'n verteenwoordigende regering by wie al die gesag berus en wat regeer volgens die wil van die meerderheid van lede. Die outonomie van die plaaslike gemeente word opgelos in die groot geheel.

„**Die Independentente** gaan weer na die ander uiterste. By hulle is die vrees vir die oorheersing deur die geheel so groot dat hulle alle regeermag aan die kerke as geheel onttrek....

„Stel nou hierteenoor die **gereformeerde kerkverband** wat gegroei het uit die behoefte aan 'n kragtige organisasie ,waarbij de vryheid van den Christenmensch, de selfstandig- heid der plaatselijke kerken en de saamhorigheid en het samenwerken der kerken onderling tot openbaring komt.'” (A.w., p.144, 145)

3.2.1.5 „Alhoewel daar op elke afsonderlike kerk of gemeente 'n stellige verpligting rus om tot die kerkverband te behoort, bly die intree in so 'n verband tog nog altyd 'n vrywillige daad. „Het intreden in het kerkverband is vrijwillig in dien zin dat niemand, geen kerk of Staatsmacht, haar kan dwingen in een bepaald kerkverband te treden.... Maar deze vryheid is geen willekeur. Er moeten al zeer gewichtige oor- zaken zijn, die de vryheid wettigen om op zich zelve te blijven staan, zoodat terecht gezegd is ,dat eene op zich zelf staande kerk een abnormaal verschijnsel is'.”

(A.w., p. 145)

3.2.1.6 „Voetius lei die goddelike reg (van die Kerk- verband, Tyd. JK) af uit Hand. 15.....1—34; ,waarmede alle

Christelike teologen het wettelijk gebruik en gezag der synoden plegen te bewijzen. Voeg er bij 2 Cor. 8:1,4,19 met Rom. 15:26, waar de samenstemming, de gemeenschap en de vereeniging der kerken in gemeenschappelijke beraadslagingen, besluiten en opdrachten, t'zij door brieven, t'zij door afgevaardigden, t'zij door een synode of samenkomst, openlijk worden aangetoont."

(A.w., p.146, waar Jansen aangehaal word: Die bevoegdheid der Meerdere vergaderingen, p.6,7)

3.2.2 Oor die werk van kommissies

3.2.2.1

Aangesien die Sinode nie 'n liggaam is wat gedurig in sitting is, soos 'n permanente bestuurskollege nie, word die uitvoering van sy besluite en die algemene behartiging van sy verpligtinge opgedra aan individue (deputate) of groepe van persone (kommissies) wat vir die behartiging van die afsonderlike werksaamhede aangestel word."

(A.w., p.220)

3.2.2.2 „Dr. F. Rutgers skrywe omtrent die deputate soos volg: „Zij worden benoemd om **uit te voeren** wat Kerkeraad of Classe of Synode **reeds besloten** heeft; of om de te nemen beslissing **voor te bereiden**; of om adviseerend, vermanend enz. te werken mits zonder macht tot **handelen** maar zij mogen nooit doen wat des kerkeraad, of de Classe of der Synode zelve is; en dit mag hun dan ook niet worden opgedragen.....”

(A.w., p.221; F. Rutgers, K.A.I., p.54)

3.2.2.3 Op grond van die werk van dr. Geldenhuys waar hy 'n opsomming weergee van die aard en bevoegdhede van deputasies „volgens gereformeerde kanonisasie”, gee ons 'n vrye weergawe daarvan:

1. Aangesien kerkrade, ringe en sinodes nie daaglik bymekaar kan kom nie, en buitendien ook besluite neem wat die vergadering self nie kollektief kan uitvoer nie, het die kerk telkens deputate (kommissies) nodig om in haar belang en in haar naam iets uit te voer.

2. Die kommissies word net benoem vir werksaamhede wat die vergadering as sodanig nie kan doen nie, en dan ook net om wat besluit is uit te voer, met verantwoording aan die opdraggewende kerke, en verder wel met die mag om te adviseer, te vermaan, te waarsku, ens., maar nie met die mag om selfstandig te handel nie.

3. Die bevoegdheid van die deputate word bepaal deur die aard en omvang van hulle opdrag: Hulle het 'n bepaalde opdrag; hulle besit dus self geen mag nie, maar is gebonde aan die opdrag wat aan hulle verleen word en is daarom verantwoording verskuldig aan die vergadering wat hulle benoem het. Daarmee is hulle mandaat beëindig, tensy in besondere gevalle hulle vir 'n langer tyd benoem word.

4. Die duur van die diens van die deputate of kommissies is dan ook gewoonlik vanaf die vergadering wat benoem tot die volgende byeenkoms daarvan.

5. Die bevoegdhede van die kommissies word bepaal deur die bevoegdheid van die deputerende vergadering.

6. Wanneer daarom versoek, kan die deputate ook raad gee of „tussenspraak” wees, veral in gevalle van „beroering”

7. Wanneer die kerke (of ringe) nie wil luister en hulle nie wil voeg na die raad van die deputate (kommissies) van die sinode nie, kan hulle nie eiemagtig optree nie, maar hulle kan wel dringend raadgee of vermaan en indien nodig hulle wend na die sinode met die versoek om 'n buitengewone sinode saam te roep. (In lg. geval, na die Sinodale Kommissie).

(A.w., p.222—225)

3.2.3 Wat ons eie Sinode betref

3.2.3.1 „Die Sinodale Kommissie en ander kommissies van ons Sinodes, het as gevolg van die wydvertakte en ingewikkelde organisasie van ons kerk met sy veelvuldige belangrike werksaamhede 'n onontbeerlike noodsaaklikheid geword. In die praktyk werk die sisteem uitstekend, en, tot in die teenswoordige tyd (dit was 1951 — Tyd. JK) sonder die gevaar van 'n nuwe kerklike hiërgie. Die Sinode vergader eens in die drie of vier jaar, maar intussen gaan die belangrike werk wat die versamelde gemeentes gemeenskaplik onderneem voort onder leiding van die verskillende kommissies. Die kommissies, wat intiem kennis maak met die bepaalde probleme i.v.m. hulle opdragte, het die geleentheid om na rustige en grondige ondersoek en oorweging hulle aanbevelings by wyse van rapporte aan die Sinode voor te lê, wat dan beter in staat is om in die beperkte tyd tot hulle beskikking daaroor te oordeel en nuwe opdragte aan die nuutverkose kommissies te gee.”

(A.w., p.228)

3.2.3.2 Wat ons eie Sinode verder betref, is die permanente opdrag aan die vyf groot kommissies (Diens van

Barmhartigheid, Sending, Jeug, Evangelisasie en Openbare Sedelikheid) soos volg: „Hierdie kommissies sal die belange op die verskillende terreine waarvoor hulle benoem is, help bevorder en daaroor, sowel as oor die toestand waarin hierdie werksaamhede binne die sinodale ressort verkeer, jaarliks aan die Sinodale Kommissie, en by elke gewone vergadering van die Sinode, volledig verslag doen.”

(Bep. 65(f).

3.2.3.3 Dit is duidelik dat die opdrag aan die kommissies dus nie alleen ruim is nie, maar ook omvangryk en durend van aard. Verder, veral omdat die kommissies slegs eenkeer per jaar vergader (voorheen wel tweekeer), kan die scribeaat daarvan en die uitvoering van die sinodale opdragte nie deur predikante wat **voltyds** in gemeentes staan, behartig word nie. Daarom was al hierdie kommissies daartoe gedwing om hulle opdragte d.m.v. 'n permanente pos namens die Sinode te laat behartig—steeds met volle erkenning en goedkeuring van die Sinode self. In al die gevalle is die persone òf deur die Sinode self òf deur die Sinodale Kommissie benoem of beroep, en is daar ook behoorlike voorsiening gemaak vir hulle bestaansreg deur die Sinode in sy eie bepalinge, nl. Bep. 74(b) (Predikant met opdrag Openbare Sedelikheid), Bep. 76(a) (Evangelisasie), Bep. 81(a) (Sending), Bep. 82(a) (Diens van Barmhartigheid), en in die geval van die Sinodale Jeugkommissie is dit reeds by die vorige Sinode in die bepalinge vasgelê:

Bep. 75(e)

(i) Daar sal 'n predikant (of predikante) en/of ampdraer(s) in sinodale diens wees, met opdrag jeugsake, onderskeidelik beroep of benoem in ooreenstemming met Bep. 15.

(ii) Hy (hulle) sal tot taak hê die organisering en aktivering van die afdeling van die jeug aan hom (hulle) toegewys, en die bevordering van die kerk se arbeid aan sy jeug in die algemeen.

(iii) Die skribaats van die S.J.K. sal deur hierdie persoon (of een van hierdie persone, soos deur die S.J.K. bepaal) behartig word.

(L.W. dat dit reeds in 1968 so goedgekeur is.)

Nota i.v.m. punt 3.2.3.3 om te bewys dat die kommissie nie maar willekeurig 'n pos ingestel het nie:

Acta 1954, p.264.

Memorandum skribaatskap S.K.O.O. (destydse naam vir die S.J.K.)

Die werksaamhede vir die Afdeling vir die Jeug het die laaste

paar jaar baie sterk uitgebrei. Dit geld nie alleen klerikale en administratiewe pligte nie, maar raak veral die behoefte om iemand te hê wat koers en rigting kan gee aan talle nuwe ontwikkelings i.v.m. die kerk se jeugwerk asook om doeltreffende koördinasie tussen die verskillende afdelings van die kerk se jeugwerk te bewerkstellig. 'n Memorandum het in die verband voor die Kommissie van ondersoek insake sekretarisposte gedien."

(Sien ook p.130, 268, 445, 446 en 476).

KONKLUSIE — Die Ad Hoc-Kommissie het wel die negatiewe kante i.v.m. die werk van die Sinodale Kommissies en die predikante in Sinodale Diens in hulle verslag deeglik belig, maar het versuim om die Sinode ook 'n beeld te gee van die goeie en sterk positiewe kerkregtelike saak wat daar is vir die funksionering van ons Kerk se kommissiestelsel, as noodsaaklik vir die Kerk in sy verband.

3.3 Kommentaar op die motiverings van die Ad Hoc-Kommissie omtrent die Jeugposte

Op bladsye 391 en 392 word bewerings gemaak wat nie maar daar gelaat kan word nie. Omdat dit die jeugwerk as geheel raak, noem ons die volgende punte:

3.3.1 Die Ad hoc-kommissie skryf: „Met die beplande verandering van „Die Kindervriend”, op grond van die gestandaardiseerde handboeke, sal die werk in hierdie verband ook veel minder word.”

Die saak van „Die Kindervriend” is egter gladnie ter sprake nie, aangesien die betrokke pos waaroor dit gaan nooit enige pligte i.v.m. „Die Kindervriend” gehad het nie, en dit dus geen argument is nie.

Die nuwe handboeke sal ook geensins die werk laat verminder nie, maar die behoefte aan algemene skoling in die gebruik van die handboeke, metodiek, hulpmiddels, voorbereiding, toerusting, ens. bly net so dringend.

3.3.2 „Dit dien daarop gelet te word dat die stuwende krag agter die aanstelling van Sondagskoolsekretarisse deur die jare heen, nie kerklike vergaderinge was nie, maar kommissies, konferensies en kongresse....” So skryf die kommissie.

Dit is vir ons 'n baie onbillike opmerking hierdie aangesien die geskiedenis duidelik wys dat die sinodes tog wel elke keer geken is en dat selfs die menings van gemeentes en ringe

vooraf gevra is (sien verslag van 1961). Buitendien, is dít dan nie die proses wat sovele kerklike besluite loop nie? Die behoefte leef in die harte van die lidmate, 'n kerkraad Dan word dit op 'n kongres uitgespreek en vandaar vind dit weerklank in die kerklike vergaderings waar dit sanksie verkry. Talle voorbeelde hiervan kan genoem word. Hoekom is dit nou in hierdie geval verkeerd?

3.3.3 „..... in so 'n mate dat vir die aanstelling van 'n tweede sekretaris in Januarie 1935 nie eers vooraf goedkeuring verkry is van die sinodes nie.” Weer die kommissie.

Hierdie feite is nie korrek nie. Ds. P.K. Albertyn het nie die benoeming aanvaar voordat al die sinodes dit eers goedgekeur het nie. By die indienstreding van dr. E. Greyling (oor wie dit hier gaan), was die feite ook heelwat anders. Ds. P.K. Albertyn sou in daardie jaar aftree. Die Transvaalse Sinode het reeds van hom afskeid geneem (1934). In sy bestaande pos is intussen 'n nuwe sekretaris in die persoon van dr. Greyling aangestel, sodat hulle 'n rukkie kon saamwerk om hom touwys te maak. Toe die werk maar steeds uitbrei, is Oom P.K. gevra om aan te bly en is so gerapporteer aan die sinodes, en het hy toe eers 'n paar jaar later werklik uitgetree.

In 1940 is ds. A.C. Stegmann benoem as „tweede” sekretaris. Die onderskeie sinodes het 'n reglement vir die Sondagskoolsekretarisse goedgekeur en geld gestem vir die werk.

Na 14 jaar tree Oom Anton af, en op die Sinode van 1954 word besluit om nominasies op te stuur en nog 'n verandering in die reglement word goedgekeur. Ds. J.F. Linde word beroep en hy tree op 29 Augustus 1954 in diens.

(Sien Acta 1934, p.26,27,137; Acta 1937, p.246, 247, 483; Acta 1944, p.46,246,379,380; Acta 1954, p.284,285,456,457,476; Acta 1957, p.235.)

In elk geval is dit o.i. onbillik om 'n saak wat 37 jaar gelede gebeur het, waarby 'n gefedereerde kommissie (nie eens een van ons sinodale kommissies nie) by betrokke was, in hierdie rapport op te haal.

3.3.4 Opmerking 7.9.2 „In die lig van die besluit van die Algemene Sinode insake die verhouding van die kerk as instituut en organisme tot verenigings (Acta 1970, p.789) is ons van mening dat die pos van die predikant in sinodale diens met opdrag Jeug veral as sekretaris van die gebiedsuniebestuur van die KJV. in die gedrang is.....”

Blykbaar word in daardie besluit iets geles wat ons nie begryp nie. Dit is wel moontlik dat die KJV. se naam sal verander op grond van daardie besluit (moontlik sal dit die KERKJEUGAKSIE of KERKJEUG-ORGANISASIE word) maar in wese sal sy struktuur dieselfde bly omdat dit reeds beantwoord aan daardie vereistes. Die 'aktivering van die jeug sal nog steeds op georganiseerde wyse moet geskied.

KONKLUSIE — Hierdie motiverings dra geen krag om enigsins die noodsaaklikheid van hierdie poste te kan weerspreek nie.

3.4 Die Take van hierdie Amptenare

3.4.1 Predikant in sinodale diens met opdrag JONG BELYDENDE LIDMATE

Op bladsye 421—425 van die Agenda word reeds 'n opsomming gegee van die take wat deur so 'n persoon behartig moet word.

Ons onderskei die volgende:

- Skribaats van die S.J.K.
- Skribaats van die KJV. Gebiedsunie.
- Skribaats van sub- en ad hoc-kommissies.
- Uitvoering van besluite van Sinode en S.J.K.
- Besoekes aan Ringe.
- Besoekes aan Ringsuniekonferensies.
- Besoekes aan gemeentes.
- Besoekes aan KJV.-takke.
- Reëling van Gebiedsuniekampe.
- Bywoning van Ringskampe en jeugkampe.
- Reëling van ander kampe, toere, ens. bv. die Skoolverlaterskampe.
- Preekbeurte i.v.m. jeugwerk, jeugnaweke, jeugweke.
- Ontmoeting van Kerkraadsjeugkommissies.
- Opstel van rapporte aan Sinodale Kommissie en Sinode.
- Verwerking van jeugstatistiek.
- Opgawes aan Jaarboek.
- Deputasies na owerheids- en ander instansies.
- Jeugadviseur in gespesialiseerde gevalle.
- Skakel tussen jeug en ampte waar nodig.
- Verkryging van jeugkampterreine.
- Versorging en uitbouing van jeugkampterreine.
- Jeugleierskursusse.
- Organiseer vakansiedienste.
- Jeugkontakburo.
- Losiesverskaffing in stad.

Studie en navorsing.
Straatwerkersaksie.

Die funksionering van die kantoor wat hierdie pligte moet behartig, is getoets deur die Onderwysdepartement se O en M-beamptes (Organisasie en Metode). Hulle was tevrede dat dit op doeltreffende wyse gedoen word, maar dat dit heeltemal te veel is vir een man en een sekretaresse.

3.4.2 **Opdrag DOOPLIDMATE**

Hier kan slegs oorsigtelik opgesom word:

Alles wat nodig is om gemeentes en leraars te help om doeltreffende kategese te beoefen.

Skolings- en voorligtingskursusse vir kategese.

Besieling en raad i.v.m. organisering van kategeseskole.

Organisering en die uitbouing van die Junior KJV.

Aandag aan die Laerskooljeug (waarvoor daar tans nog uiters min gedoen word).

Aandag aan die kleuter.

Raad en voorligting aan ouers i.v.m. godsdienstige opvoeding van hulle kinders.

3.4.3 **Gekoördineerde en Geïntegreerde Jeugaksie**

Die sewe basiese beginsels van ons Kerk se jeugbeleid moet nog geïmplementeer word. Ons is tans besig daarmee. Daar is nog maar min gevorder. Die verskillende afdelings van die jeugwerk is nog nie werklik saamgesnoer nie. Ons bereik nog nie naby die ideaal van kontinuïteit, nl. om die kind van kleuter tot volwassenheid as 'n eenheidsaksie te bearbei, nie. Die laerskoolkind is (afgesien van die Kindersendingkrans en die amptelike kategese) nog die ware afskeepkind.

3.4.4 **Die lerende taak van die Kerk**

Ons oë begin maar pas oopgaan vir die geweldige lerende taak wat die kerk werklik het. Ons begin besef dat daar spesifiek kerklike en opvoedkundige metodieke is wat aangewend moet word. Ons besef dat ons opgeleide leerkragte moet hê en doeltreffende leermiddels. Ons begin nou maar met beter en meer opvoedkundig/sielkundig verantwoorde leesstof. Hierin is leiding en studie nodig.

3.4.5 **Die Senior-kategese**

Die nuwe handboekies is maar die eerste fase van die ver-nuwing in ons kategese. Die tweede fase volg in 1974 met die

voltooiing en verspreiding van die nuwe katekisasie-hand-boeke. (Vyf boeke: vir st. 5,6,7,8 en vir die belydenisklas van die leraar.)

Hierdie boeke sal in die kerk „ingedra” moet word, aangesien dit nou suiwer van die Belydenisskrifte en veral die Heidelbergse Kategismus uitgaan (nie meer die Kort Begrip nie). Die katekisasie is die „hek” van die kerk. ’n Belydeniskerk waak oor sy belydenis. Dit kan nooit „goedkoop” gemaak word nie. Kategese is die „sentrale” werk van die kerk.

Kategete sal moet opgelei word hoe om kategese te hou; leraars sal opnuut metodiek en leerstof en leerstukke geleer moet word; ringe sal moet voorgelig word hoe om toesig te hou oor hierdie werk.

En waar daar lewe is, kan daar nooit stagnasie wees nie. Sal ons dan ooit kan sê: Nou is dit genoegsaam herlei? Nou kan ons maar ophou voorlig en inskerp en inspireer en waarsku en pleit? Wanneer ons een ideaal bereik word, sal ons al dadelik weer die visie kry van die volgende.

3.4.6 Kamp- en Toeraksie

Die jongmense wil dit hê. Hulle vra daarvoor. In die moderne stadslewe is dit die weerligafleiers vir baie euwels en verveeldheid. Dit bied ’n uitsoek-geleentheid om waarlik die jongmens te bereik.

Die voorgestelde tweede pos in die Jeugkantoor sal nie alleen noodsaaklike werkverdeling bring nie, maar ’n daadwerklike behoefte vervul wat nog nooit behoorlike aandag kon kry nie.

3.5 Aanbeveling van Ad Hoc-Kommissie insake Studentebearbeiding (punt 9.26, p.403, en opmerking op p.392)

„Aangesien die studentebearbeiding gemeentesentries gedoen word, is ons van oordeel dat die betrokke subkommissie goeds-kiks kan ontbind.” So sê die kommissie.

Feit is: daar bestaan nie meer so ’n subkommissie nie. Dit word al sedert die Sinode van 1966 saam met al die ander jeuggroepe behartig deur die Subkommissie vir Jong Belydende Lidmate.

Die beginsel wat ons beoefen, is suiwer: aangesien die Sinode hierdie werk subsidieer, moet die kommissie van die Sinode wat opdrag het om daardie afdeling van die werk te behartig **rapport ontvang** van die werk met die oog op deursending aan die Sinode self.

Om dieselfde rede moet Bep. 16 uitgevoer word deur die Kerkraad en die S.J.K.

Die S.J.K. moet ook sorg vir die nodige koördinasie tussen die werk in hierdie verband deur verskillende gemeentes. Dit beteken geensinds inmenging in die werk van die gemeente nie. Dit is wedersydse aanvulling en erkenning. Gewoonlik gaan dieselfde rapport na die Ring sowel as na die Kommissie van die Sinode.

3.6 Aanbeveling insake Verpleegstersbearbeiding

Punt 3.5 hierbo geld net soseer vir Verpleegstersbearbeiding.

KONKLUSIE — Die take wat deur hierdie poste behartig word in belang van die Kerkjeug is nie in stryd met die beleid van herleiding na die plaaslike gemeentes nie, en die omvang daarvan is so groot en verdienstelik dat dit die werkkragte terdeë regverdig.

3.7 OM OP TE SOM

1. Ons onderskryf die bevindings van die Ad Hoc-kommissie in soverre hulle bedoeling is om die jeugwerk gemeentelik uit te bou en gemeentes daartoe op te roep. Dit was trouens nog altyd die beleid van die S.J.K.

2. Dat die erkenning van die kerkverband as sodanig egter noodsaaklik is vir die ware kerkwees van die plaaslike gemeentes, kan ewe-eens nie ontken word nie.

3. Die Sinode, as gedeeltelike uitdrukking van die kerkverband, is die erkende vergadering waarvolgens die kerke in hulle verband funksioneer.

4. Vir die uitvoering van die besluite van die Sinode, die voortgaan van die werk en die beheer waar nodig, is kommissies nodig om gedurende die reses die onderskeie sake te behartig. Hierdie kommissies het begrensde funksionering en magte wat bepaal word deur hulle opdragte en die bepalinge van die Sinode in die verband.

5. Aangesien die lede van die betrokke sinodale kommissies almal voltyds in hulle gemeentes staan (en daar reeds ooreweldigende take het) kan die take en opdragte van die kerk nie na behore behartig word tensy daar 'n persoon is wat voltyds daarvoor afgesonder word nie. Sulke persone is steeds op voordrag van die betrokke kommissies deur die Sinode aangestel (of deur die Sinodale Kommissie).

6. Wat die Sinodale Jeugkommissie betref, is die Tydelike Jeugkommissie tevrede dat die aard van die werk en die omvang

daarvan sowel die bestaande as die aangevraagde poste regverdig.

4.0 AANBEVELINGS

Die Tydelike Jeugkommissie beveel derhalwe aan dat die Sinode besluit:

4.1 Die Sinode is tevrede dat die hele jeugaksie van Noord-Transvaal tot die hoogste kerf in diens staan van die gemeentelike jeugaksies en dat voltydse amptenare tot 'n minimum beperk word.

4.2 Aangesien die kerk nog eintlik aan die begin staan van

* die inwerkingstelling van die gekoördineerde jeugaksie volgens die aanvaarde basiese jeugbeleid,

en

* die toepassing van die vernuwing in die uitvoering van die kategetiese en lerende taak van die kerk,

is meerdere kragte, intensiewer pogings en meer doeltreffende metodes noodsaaklik.

4.3 Die goedkeuring van die pos met opdrag DOOPLIDMATE is geregverdig in die lig van bostaande.

4.4 Die Sinode keur die tweede pos in die Jeugkantoor met hoofopdrag kampe en toere goed.

4.5 Met die oog op die moontlikhede en geleenthede wat aan ons kerk gebied word, is dit dringend noodsaaklik dat weë en middele gevind sal word om dit so spoedig moontlik uit te voer.

U kommissie vertrou dat hulle hiermee hulle opdrag deeglik uitgevoer het.

J.L. GROBLER,
Voorsitter, Tydelike
Jeugkommissie.

J.C. Carstens,
Skriba, Tydelike
Jeugkommissie.

D.10 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR EVANGELIEBEDIENING

Broeder Voorsitter en Broeders,

U kommissie wens soos volg te rapporteer oor die sake wat na hom verwys is:

1. **BESKRYWINGSPUNT: GESANG 59:11** (Agenda, p.9)

Die beskrywingspunt lui:

Die H.E. Sinode gee aandag aan die laaste reël van Gesang 59:11, omdat dit nie duidelik is waarna die „dit” in die laaste reël verwys nie. „U wet te hou uit dankbaarheid” word ter oorweging aan die hand gedoen.

(Kerkraad, Meyerspark.)

Die kommissie wil graag daarop wys:

1. Dat die Diens van Orde by die Algemene Sinode tuishoort, en dus nie nou by hierdie Sinode ter sprake is nie.

2. Dat daar op die oomblik reeds 'n Kommissie vir Die Erediens bestaan, wat in opdrag van die Algemene Sinode besig is om aandag te gee aan sowel die teks as die melodieë van al die Psalms en Gesange.

3. „Dat die Sinode intussen kennis kan neem van die feit dat die Algemene Sinode ook alternatiewe liedere aan die hand gedoen het, wat goedsikks ná die voorlees van die wet gesing kan word, byvoorbeeld Psalm 38:1, Psalm 51:51, Gesang 80:1 en andere.

2. **BESKRYWINGSPUNT: PREDIKANTE IN SEKULêRE BEROEPE** (Agenda, p.9)

Die beskrywingspunt lui:

Die Hoogerwaarde Sinode doen 'n ernstige beroep op alle predikante om, onder andere in die lig van die dreigende tekort aan Evangeliedienaars, nie ligtelik die bediening te verlaat ten gunste van ander werk nie.

(S.K.A.E.)

Die kommissie beveel aan:

Dit het onder die aandag van die Sinode gekom dat 'n groot aantal opgeleide predikante die kansel verlaat om ander betrekkings te aanvaar.

Die Sinode besef:

1. Dat dit deel van 'n wêreldwye verskynsel is;
2. dat die rol van 'n predikant in 'n versekulariseerde wêreld al moeiliker word;
3. dat diegene wat die kansel vir die kateder aan een van die universiteite of kolleges van ons land verruil het, sekerlik daar 'n Christelike invloed kan uitoefen.

Maar aan die ander kant voel die Sinode bekommerd oor die

verlies van soveel bruikbare manne uit ons gemeentes, veral dié wat na sekulêre poste gaan, en doen 'n beroep op alle evangeliedienaars om in die lig van die **Ondertekeningformulier vir Predikante en Proponente** (wat hulle onderteken het) en van **Artikel 11 van die Kerkorde**, nie sonder gewigtige redes tot 'n ander lewenstaak oor te gaan nie.

3. **BESKRYWINGSPUNT: HALLELUJALIEDERE** (Agenda, p.3)

Die beskrywingspunt lui:

Die Sinode dra dit aan kerkrade op om toe te sien dat in ons Sondagskole, naas Psalms en Gesange, ook Hallelujaliedere gereëld gesing sal word om so ons liedereskat te verryk, ons ou Nederduitse Gereformeerde tradisie te handhaaf en ons gemeentes in staat te stel om met besondere geleenthede soos Pinkster, Diensreeks, Kersfees en ander Feestyte met vrug van Hallelujaliedere gebruik te maak.

Die Sinode sal dit verwelkom as naas Psalms en Gesange ook Hallelujaliedere in ons skole gesing word.

(Kerkraad, Bronberg.)

Die kommissie beveel aan:

Die Sinode lê hom neer by die besluit van die Algemene Sinode dat ons kerk net een amptelike sangbundel vir gebruik tydens eredienste en in die Sondagskool aanvaar. Aan hierdie bundel wat uiteindelik uit Psalms, Gesange en uitgesoekte geestelike liederes sal bestaan (wat aan die behoefte van Evangelisasie, Sending, Barmhartigheidsdiens, Jeugwerk, Kinderliedere, ensovoorts, sal voldoen) word op die oomblik deur 'n spesiale kommissie van die Algemene Sinode gewerk.

4. SKRYWE VAN DR. S.J. ELOFF, SKRIBA VAN SUID-TRANSVAALSE SINODE, INSAKE GEÏNTEGREERDE TEOLOGIESE KURSUS

Dr. Eloff skryf:

T.o.v. 'n geïntegreerde teologiese kursus het ons Sinode soos volg besluit:

Die Sinode vereenselwig hom met 'n ondersoek na 'n geïntegreerde teologiese kursus, sodat die jong student reeds in die eerste jaar van sy opleiding met die teologie kennis maak, mits die volgende waarborgs gegee kan word:

(1) dat die opleiding van die leraar nie daardeur verskraal word tot iets minderwaardigs waarin die lewensbeskoulike en vormende geesteswetenskappe te kort skiet in die opleiding nie,

want die geestesaansale op die kerk as instelling neem steeds in felheid toe;

(2) dat hierdie geïntegreerde kursus nie nadelige gevolge inhou vir die universiteite wat reeds vir baie jare onbaatsugtige dienste aan die Kerk met hul bestaande admissiekursusse gelewer het nie.

Die kommissie beveel aan:

1. Hoewel die Sinode bewus is van die feit dat 'n geïntegreerde teologiese kursus deur sekere praktiese besware gedruk word, onder andere die aanpassing van studente wat van ander universiteite afkomstig is, onderskryf die Sinode die groot voordele van hierdie kursus, en dra die Sinode dit op aan die Raad van Kuratore om, in samewerking met Stellenbosch, die kursus indien moontlik te bewerkstellig.

2. Die Sinode onderskryf die besluit wat deur die Suid-Transvaalse Sinode geneem is, dat daar by die instelling van so 'n kursus waarborge gegee moet word m.b.t. die geesteswetenskappe wat nie mag ontbreek in so 'n opleiding nie, en die ander universiteite wat admissiekursusse oor die loop van baie jare gelewer het, wat nie nadelig getref moet word deur so 'n onderneming nie.

H.D.A. DU TOIT (Voorsitter)

J.C. CROTS

J.J. VAN AS

W.J.M. JANSÖN

P.G.J. MEIRING (Skriba)

D.11 EERSTE VERSLAG TYDE- LIKE KOMMISSIE VIR SENDING

1. NUWE VERWIKKELINGE I.V.M. STOFBERG TEOLOGIESE SKOLE

1.1 Onderhandelinge met Universiteite oor opleiding van Bantoeleeraars

Die onderhandelinge wat die Sentrale Stofberg Bestuur met die sentrale Regering en die betrokke Bantoe-universiteite gevoer het, en waarna die Sinodale Sendingkommissie kortliks verwys het (vgl. Agenda van Sinode p.723, punt G.4) het nou 'n nuwe en finale stadium bereik.

Die Sentrale Bestuur het op sy vergadering van Maart 1972 opdrag aan die voorsitter en skriba gegee om die ooreenkomste, wanneer hulle eersdaags gefinaliseer word, namens die Ned. Geref. Kerke te onderteken.

1.2 Kerklike dosente aan Universiteite

In die ooreenkoms word onder meer voorsiening gemaak vir „kerklike dosente” en universiteitsdosente. Wanneer kerklike dosente eventueel aangestel word, sal die Kerk verantwoordelik wees vir die helfte van hulle salaris en toelaes.

1.3 Finansiële verpligtinge

Volgens ooreenkoms is die drie Sinodes van Transvaal gesamentlik verantwoordelik vir die koste van die Stofberg Teologiese Skool te Turfloop.

Die Uitvoerende Komitee van die S.S.K. van Noord-Transvaal het op 23 Mei 1972 'n samespreking gereël en gevoer met die verteenwoordigers van die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal om 'n eenparige voorstel te kry vir voorlegging aan die betrokke drie Sinodes oor hierdie aangeleentheid.

Die voorstelle vir goedkeuring aan die Sinode van Noord-Transvaal, soos hieronder geformuleer, is dat die Sinode tydig vooruit die nodige finansiële voorsiening maak vir die dag wanneer dit benodig word.

1.4 Aanbevelings

1.4.1 Die Sinode besluit om saam met die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal pro rata by te dra vir sy gedeelte van die traktement en toelaes van 'n kerklike dosent aan die Universiteit van die Noorde en begroot daarvoor.

1.4.2 Die Sinode besluit om voorsiening te maak vir sy pro-rata-aandeel aan 'n pensioenfonds vir hierdie betrokke pos.

1.4.3 Die Sinode versoek sy verteenwoordigers op die S.B. Stofberg om by die S.B. Stofberg aan te beveel dat, na die ooreenkomste met die betrokke universiteite aangegaan is, die oorvleueling van vak-onderrig tussen dosente aan die Stofberg Teologiese Skole aan die een kant, en die van die dosente in die fakulteite vir teologiese opleiding aan die onderskeie Bantoe-universiteite aan die ander kant, soveel moontlik vermy word en uiteindelik uitgeskakel sal word.

2. INSKAKELING VAN DIE VOORGESTELDE RING VAN ZEERUST BY DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL (Vgl. asseblief Beskrywingspunte 3 en 4 van die Ring van Rustenburg op p.1 van die Agenda)

2.1 Sendingimplikasies van Ringsverdeling

Die sendingimplikasies van die voorgestelde Ringsverdeling is van so 'n aard dat 'n deputasie van die betrokke voorgestelde Ring saam met die Uitvoerende Komitee van Noord-Transvaal reeds op 23 Mei 'n samespreking gevoer het met die sendingverteenwoordigers van die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal.

2.2 Moontlikheid van verhoogde ondersteuning deur die Sinode van Wes-Transvaal

Aangesien die Sinode van Wes-Transvaal die verre Westelike gedeelte van die Tswanablok as sy besondere sending-arbeidsveld beskou, wat van die huidige Lichtenburg-reservaat sal deurloop na die Marico-reservaat (binne die grense van die voorgestelde Ring van Zeerust), bestaan daar 'n groot waarskynlikheid dat die Wes-Transvaalse Sinode hier graag behulpsaam sal wil wees. In die onderhoude wou hulle hoegenaamd geen onderneming in hierdie verband gee nie, omdat die saak nog sub iudice is en eers finaal deur die Sinode van Noord-Transvaal afgehandel moet word. Hulle het nietemin duidelik laat blyk dat hulle, indien hulle versoek word graag met die sending-ontwikkeling behulpsaam sou wou wees.

2.3 Finansiële hulp deur die Sinode van Noord-Transvaal

Die Sinode van 1968 het nie sy weg oopgesien om met lopende uitgawes behulpsaam te wees nie en ook die huidige Sinode kan nie vir hierdie werk begroot nie. Die gemeentes sou dus, ten spyte van verminderende lidmate weens die aankoop van trustgronde, en die oorweldigende nuwe eise met die uitbreiding van die tuislande, nie op hulp van Noord-Transvaal kan reken nie.

2.4 Finale implikasies by eventuele aansluiting by Wes-Transvaal

Indien die Sinode van Noord-Transvaal die nodige toestemming verleen en die Algemene Sinode van 1974 die grensverdeling tussen die betrokke Sinodes goedkeur, sal dit 'n verlies van Sinodale inkomste beteken vir die Sinode van Noord-Transvaal vir 'n gedeelte van die reses. Daarom is die aangeleentheid ook na die Tydelike Begrotingskommissie verwys en deur hulle in behandeling geneem. Dié kommissie is ook van oordeel dat, terwille van sending-uitbreiding, geen moontlike verlies aan inkomste die oordrag na die Sinode van Wes-Transvaal moet verhinder nie.

2.5 Aanbeveling

Die Sinode besluit om die versoek van die Ring van Rustenburg,

naamlik dat 'n nuwe Ring van Zeerust gestig sal word en by die Sinode van Wes-Transvaal ingeskakel word, goed te keur.

3. AANSOEK OM ADDISIONELE POSTE VIR LERATO (Vgl. Beskrywingspunt 24, p.7)

3.1 Verwysing deur Tydelike Begrotingskommissie

Die aansoek om addisionele poste is na die Tydelike Begrotingskommissie wat t.o.v. die beginsel dit eers na die Tydelike Sendingkommissie verwys het.

3.2 Bevinding en aanbeveling van Tydelike Sendingkommissie

Die Tydelike Sendingkommissie het bevind dat, met die geweldige nuwe groei en ontwikkeling van die hoofstad van die Lebowa-owerheid, daar inderdaad behoefte bestaan vir die skepping van 'n bantoe-leraarspos, maar nie op hierdie stadium vir vier nuwe evangelisteposte nie, en het so by die Tydelike Begrotingskommissie aanbeveel.

3.3 Aanbeveling

Die Sinode keur 'n addisionele bantoe-leraarspos vir Lerato goed, en begroot daarvoor.

4. SENDINGKOR

4.1 Versoek in verband met meer voltydse werksaamhede

Die aanvanklike verlot van die kerkraad van Kameeldrif aan ds. Jansen, om fondse vir die sending in te samel deur Sendingkor, was vir 'n tydperk van drie maande.

Hy voel dat hy egter veel meer tyd as drie maande sal nodig hê en het die saak aan sy kerkraad voorgelê.

Die kerkraad het 'n gemotiveerde stuk opgestel waarin hulle die instemming van kerklike instansies vra dat, indien dit nie met breë kerklike beleid bots nie, hy as leraar van die gemeente afgesonder word tot hierdie taak.

4.2 Die Tydelike Sendingkommissie beaam die standpunt van die Uitvoerende Komitee van die S.S.K., wat die saak voorheen reeds in behandeling geneem het, dat die werk van Sendingkor met alle kragte gepropageer moet word.

4.3 Die Kommissie besluit om die korrespondensie en ander stukke aan die Tydelike Regskommissie te stuur met die versoek dat hulle die Sinode sal adviseer dat die kerkraad wel aan 'n leraar die opdrag mag gee om geld vir die sending deur Sendingkor in te samel.

4.4 Aanbevelings

4.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. Jansen en die Kerkraad van Kameeldrif vir hulle ywer vir die insameling van fondse deur Sendingkor.

4.4.2 Die Sinode besluit dat hy geen beswaar het dat die Kerkraad van Kameeldrif deur onderlinge reëling, een van sy leraars afgesonder het vir die insameling van fondse vir die sending deur Sendingkor nie.

5. EVANGELISASIE, N.G.K.A.

5.1 Uitbreiding

Die werk, wat oor die lengte en breedte van die sinodale gebied geskied, brei steeds uit en nuwe take en opdragte word ontvang. Daar heers 'n mooi gees van samewerking tussen die Evangelisasiekommissie van die N.G.K.A. en die gemeentes van die Moeder- en Dogterkerk.

5.2 Werkers van die Kommissie

Benewens die sekretaris, ds. W.J.J. du Plessis, 2 blanke spanleiers en die tikster, is daar ook 9 bantoemans en 7 bantoevroue in diens. Skoling van die werkers vind ook voortdurend plaas.

5.3 Evangelisasiesentrum

Gedurende 1970 is die sentrum, Seboeng, in gebruik geneem. Die sentrum hou groot moontlikhede in, maar noodsaaklike uitbreiding is nog dringend nodig.

5.4 Evangelisasie-veldtogte

Gedurende die afgelope jaar is 20 veldtogte gehou. Groot seën het op hierdie deel van die werk gerus. Na afloop van 'n veldtog word 'n verslag oor die veldtog aan die betrokke gemeente gestuur sodat opvolgingswerk gedoen kan word. Besoekwerk by bediendes in Pretoria word ook gereeld gedoen, en lewer besondere vrug.

Aandag word ook gegee aan jeugwerk en lektuurverspreiding. In laasgenoemde geval word dikwels 'n groot tekort t.o.v. Christelike lektuur in die verskillende bantoetale ondervind.

5.5 Fondse

Die Kommissie is vir 'n baie groot deel van sy inkomste afhanklik van donasies en skenkings.

5.6 **Evangelisasiesprekkamer vir Bantoes**

5.6.1 **Voorsiening in 'n behoefte**

Met die ingebruikneming van die mooi nuwe Willie Therongebou in Bosmanstraat, naby die stasie, het broodnodige lokale beskikbaar geword.

'n Kantoor van dr. O.C.O. Erasmus van die middestadsending kon met groot dankbaarheid gebruik word op tye waarop hy dit nie self benodig het nie.

Na advertensie in verskeie Bantoeblaaië het daar 'n onverwagte en verblydende reaksie gekom. Behalwe 'n gereelde getal besoekers van ongeveer 10 per maand is daar 'n stroom van briewe, 10 per dag van persone wat geestelike hulp soek. Opmerklik is dit dat in beide gevalle dit byna uitsluitlik mans-persone is wat hulp soek. Baie het alweer gekom of geskryf om dank te betuig.

Die vrees wat oorspronklik bestaan het, dat politieke en dergelyke probleme geopper sou word, was ongegrond. Dit gaan werklik om geestelike probleme. Soms skynbaar oor ander sake, soos bv. een wat groot moeite ondervind met sy werkge-
wer se vragmotor, totdat die persoon se nood gepeil word wat blyk vrees vir towery te wees.

5.6.2 **Geld vir Lokaal en Werkers**

Indien die middestadsending van die lokaal sou afsien, sal daar weer ernstige probleme wees met die huur van 'n lokaal. Dank word uitgespreek teenoor belangstellendes wat reeds sporadies vir die saak bydra.

5.7 **Administrasie van Salaris van Sekretaris vir Evangelisasie**

Die sendingkantoor het, om voor-die-hand-iggende redes, ingewillig om die administrasie en uitbetaling van die traktement van die Evangelisasiesekretaris self te hanteer en uit te betaal, soos ook met die ander sendingleraars geskied.

Dank word hiervoor aan die sendingkantoor betuig.

5.8 **Aanbeveling**

Die Sinode neem met dank kennis van die uitgebreide taak van die Evangelisasiekommissie van die N.G.K.A., en van die vrug op hulle arbeid, en bid hulle die seën van die Here toe.

6. SINODALE VERTEENWOORDIGING OP DIE PLAASLIKE STOFBERG-BESTUUR TURFLOOP

6.1 Huidige verteenwoordiging

Volgens reglement het die Sinodes van Noord-Transvaal en Suid-Transvaal tot op datum elk drie verteenwoordigers gehad en het die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika van Noord- en Suid-Transvaal ook elkeen drie verteenwoordigers gehad.

6.2 Verdeling van Sinode van Suid-Transvaal

Met die verdeling van die Sinodes van Suid-Transvaal in Wes- en Suid-Transvaal, kan hulle nie meer drie verteenwoordigers elk kry nie omdat die totaal van verteenwoordigers uit die Moederkerke en Dogterkerke eweredig konstant moet bly.

6.3 Samespreking met verteenwoordigers van die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal

In 'n gesamentlike vergadering met verteenwoordigers van al drie betrokke sinodes is aanbeveel dat die S.S.K. van Noord-Transvaal die Sinode van Noord-Transvaal vriendelik sal versoek om sy verteenwoordiging van drie tot twee te verminder en dat Wes- en Suid-Transvaal dan ook elk twee verteenwoordigers sal hê.

6.4 Aanbeveling

Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om sy verteenwoordiging op die Plaaslike Bestuur Stofberg te Turfloop van drie tot twee te verminder om sodoende gelyke verteenwoordiging te hê met die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal.

DS. J.A. LOMBARD (Voorsitter)
DR. J.P. THERON

D.12 TWEEDE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

SAKE VERWYS NA KOMMISSIE OOR POSTE

1. **OPDRAG.** — Die Sinode het op 26 Mei 1972 die besluite van die Algemene Sinode aanvaar (kyk pp. 354 paragrawe 1 tot 6 van die Agenda) en toe verder besluit dat die onderskeie kommissies tydens

die Sinode hulleself moet verantwoord tot watter mate hierdie beginsels reeds nagekom word. Hierbenewens was die gedagte dat die Kommissie terselfdertyd geleentheid kry om op die verslag van die Kommissie (kyk p.350 tot 404 van die Agenda) te reageer.

In nakoming van hierdie opdrag moet eerstens gestel word dat dit prakties onmoontlik is om in die kort tyd tot beskikking 'n volledig aanbieding aan die Sinode te maak. Die implikasie van die opdrag is dat elke faset van die kerk se diens van barmhartigheid onder die soeklig gestel en op 'n houdbare wyse verantwoord moet word.

2. **BESLUIE VAN ALGEMENE SINODE (Acta 1970 p.74 en 775)**

2.1 Oor die jare heen het die S.K.D.B. steeds getrag om die gees van paragrawe 1.2.3 en 5 na te kom en die bestaan en voortbestaan van poste van tyd tot tyd te herevalueer. So kon etlike poste aangetoon word wat oor die afgelope twintig jaar afgeskaf is of die diensstaat na gelang van veranderde omstandighede drasties hersien is.

2.2 **Aanbeveling.** — Die Sinode besluit dat aan die S.K.D.B. opdrag gegee word om in die reses steeds hieroor te besin en aan die volgende Sinode verslag te doen.

2.3 Wat paragraaf 4 aanbetref, vereenselwig ons ons met die besluit van die Algemene Sinode.

2.4 Wat paragraaf 6 aangaan, sal ons graag soos reeds deur hierdie Sinode besluit wil optree.

3. **VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA PREDIKANTE IN SINODALE DIENS EN AANVERWANTE POSTE**

3.1 **P.9: 12 oor Kerklike Inrigtings.** — Dit is vir ons duidelik dat die Kommissie re poste nie besin het oor die praktiese implikasies van hierdie aanbeveling nie. In hulle verslag word slegs 'n paar woorde oor hierdie aangeleentheid gesê en meen dat dit 'n besparing kan meebring. Die werklike feite vind u egter in die verslag van die S.K.D.B. pagina 619—629.

U Kommissie wys slegs op die volgende feite:

3.1.1 Die oordrag of herleiding van hierdie Inrigtings sal òf vir die Sinode òf die betrokke Kerkraad òf Ring duisende Rande kos wat registrasie sowel as oordrag van verbande gaan meebring. Daarom is drie jeugsentra van Suid-Transvaal nog by u Utiliteitsmaatskappy omdat lede nie kans gesien het vir

daardie uitgawes nie. Insteede van besparing sal dit in hierdie verband groot ekstra kostes meebring.

3.1.2 Die beleid van die S.K.D.B. is juis om Beheerrade van die betrokke Inrigtings te laat saamstel deur die plaaslike Kerkraad of Kerkrade, met slegs die sekretaris van die S.K.-D.B en Direkteur van Inrigtingsorg daarby om te koördineer, raad te gee maar veral wat die Direkteur aanbetref die belange van die maatskappy te behartig. Dit gaan hier om geboue wat alleen meer as twee miljoen Rand gekos het.

3.1.3 Die salaris van die Direkteur word nie deur die Sinode betaal nie, sien Agenda pag. 627 punt 11.9.1 laaste paragraaf. Sy pos is dus nie 'n ekstra uitgawe vir die Sinode nie, direk of indirek.

3.1.4 **Aanbeveling.** — Die Sinode neem met waardering kennis dat die Beheerrade van kerklike-inrigtings in so 'n ruim mate uit verteenwoordigers van plaaslike kerkrade en ringe saamgestel word.

Die Sinode spreek sy diepe waardering uit vir die onmisbare dienste wat deur die direkteur van inrigtingsorg aan die kerk gelewer word en aanvaar die bestaansreg van die pos.

Bogemelde twee voorstelle vervang aanbeveling 9.12.

3.2 **P.9.13.** — Wat hierdie punt aanbetref wil ons dit stel dat die S.K.D.B. die Kerkrade en Ringe steeds stimuleer om die behoeftes van gemeentes en gemeenskappe te ondersoek en te bepaal hoe die kerkrade en ringe self die behoefte die hoof kan bied. Elke R.K.D.B. beskik dan oor 'n handleiding oor hoe hulle hul verantwoordelikheid selfstandig kan nakom.

3.2.1 **Aanbeveling.** — Die Sinode aanvaar 9.13 met enkele onderstreepte wysiginge soos volg: Die Sinode is bewus van die onbepaalde uitbreidings moontlikhede vir die Diens van Barmhartigheid in die snel ontwikkelende gebiede **en** wil dit beklemtoon dat die kerkrade en ringe hierdie moontlikhede moet ondersoek **en sover moontlik** hanteer.

3.3 **P.9.14.** — Die beginsel wat in aanbeveling 9.14 vervat is, word nie net deur die S.K.D.B. ondersteun, maar is inderdaad die beleid wat steeds gepropageer en daadwerklik uitgevoer word. In nederigheid maar met groot stelligheid kan die S.K.-D.B. vermeld dat Noord-Transvaal feitlik die enigste sinodale gebied is waar die werksverhouding tussen kerkrade en die C.M. Rade skriftuurlik en prinsipiële verantwoord kan word nie net

wat funksionele beleid betref maar ook ten opsigte van die praktyk daarvan.

Daar is egter soms onkunde omtrent ons beleid omdat die reglement vir Diens van Barmhartigheid nie aan almal bekend is nie daarom is dit nodig om dit te alle tye byderhand te hê.

3.3.1 **Aanbeveling.** — Die Sinode aanvaar 9.14 net soos dit daar staan en besluit verder om die reglemente van Barmhartigheidsdienste in die Kerkorde en Bepalings van Noord-Transvaal op te neem.

3.4 **P.9.15.** — Die Sinode het reeds op Vrydag 26 Mei 1972 met die aanvaarding van die 1ste amendement op 9.1 hom hieroor uitgespreek en daarom verval 9.15 wat hierdie pos aanbetref.

3.5 **P.9.16.** — Alhoewel u Kommissie nie saamstem met die beredenering van hierdie saak soos gestel deur die Kommissie re poste nie, aanvaar ons dit met 'n enkele byvoeging. Verder is daar ook die besluite van die Algemene Sinode wat ons hier kan onderskryf.

3.5.1 **Aanbeveling.** — Die Sinode beklemtoon die feit dat die antwoord van die Kerk aan die mens in sy verslaafdheid aan alkohol en dwelmmiddels sowel as sy huweliksprobleme en so meer, steeds verlossing in Christus is. Die verkondiging hiervan **is in die eerste plek** die taak van die plaaslike kerk deur sy ampte.

3.5.2 Die Sinode onderskryf ook die besluit van die Algemene Sinode van 1970 in hierdie verband (sien bls. 831 „punt B. Advies p.500 (III) — Ook Bylae III — As breë riglyne, goedgekeur”. Asook die voorstel wat daarop volg en goedgekeur is.

3.6 **re P.17 en 9.18.** — Die Sinode oordeel dat wat hierdie twee poste aanbetref dit reeds gedek is deur die aanvaarde eerste amendement op pt. 9.1.

3.6.1 Wat die moontlike inskakeling van leraars in Sinodale Diens as medeleraars in bepaalde gemeentes betref raak dit intiem die beleid van die Ned. Geref. Kerk as geheel en daarom is ons oortuig dat die Algemene Sinode in hierdie verband leiding moet gee.

J.M.B. DE WET (voorsitter)
J.P.H. GERTENBACH (skriba)

D.13 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE

OPDRAG: SIEN NOTULE BL. 49 EN 50: POSTE

Nà raadpleging van die Moderatuurslede t.w.v. eenvormigheid dien ons die volgende mosie in:

1. Wat die moontlike **inskakeling van leraars in sinodale diens** as medeleraars in bepaalde gemeentes betref, besluit die Sinode om hierdie aangeleentheid wat die **beleid** in die Ned. Geref. Kerk as geheel intiem raak, na die **Algemene Sinode** vir uitsluitel te verwys.

2. Wat **Punt 9.15** aanbetref verval dit volgens besluit van die Sinode op Vrydag 26 Mei 1972.

Hierdie kommissie wil aan ons opdrag soos volg uitvoering gee:

1. DIE SINODALE BESLUIT

1.1 **Bearbeiding van Jode en Andertaliges (9:19, bl. 402)**

Hierdie werk kan nie net op Rings- of Gemeentelike vlak geskied nie om die volgende redes:

1.1.1 Dit gaan nie slegs om die gemeente Andrew Murray nie maar oor genoemde arbeid as geheel aan ons opgedra.

1.1.2 A.g.v. die leiding wat hierdie Sinodale Kommissie met sy Subkommissie (sedert verlede Sinode) geneem het, het reeds 2 gemeentes tot stand gekom, t.w. Andrew Murray en die Portugese Gemeente.

1.1.3 Albei is reeds op rings-en Sinodale vlak ingeskakel en in ons Verslag word aanbeveel dat die betrokke Subkommissie (bestaande uit S.K.A.E. en S.S.K.) sal verval.

1.1.4 Dog hiermee hou hierdie kommissie se werk nie op nie. Dit moet nog verdere leiding gee t.o.v. die bearbeiding van andertaliges en immigrante oor die hele sinodale gebied.

1.1.5 Die Portugese Gemeente word deur die S.K.A.E. uit die Pinksterdankofferfonds gesubsidieer en Andrew Murray deur die Sinode en gevolglik moet aan die S.K.A.E. gereeld verslag gelewer word.

1.1.6 Hierdie werk kan slegs op Sinodale vlak gedoen word omdat dit die hele Sinodale gebied dek en in hierdie kantoor sy inisiasie en koördinering vind.

1.2 **Evangelisasiesprekkamer (9:20; bl. 402)**

Hierdie werk kan nie net op Rings- of Gemeentelike-vlak geskied nie om die volgende redes:

1.2.1 Die Spreekkamer het **ontstaan** nie om die werk wat kerkrade en Ringe in Pretoria gedoen het op hierdie gebied te vervang nie. Dit is gebore uit die nood en behoefte aan so 'n plek in Pretoria-stad wat deur ons eie kerk behartig moes word.

Daar bestaan sentrale spreek- en gebedskamers van sektes en andergesindes in Pretoria en die Kerk kon nie maar toesien dat sy mense daar gaan aanklop nie.

1.2.2 **Dit voorsien in 'n algemene behoefte:** Daar is diegene wat onopsigtelik soos Nikodemus met iemand baie vertroulik wil gaan praat. Indien gemeentelike spreekkamers in hierdie behoefte kan voorsien dan sal 'n sentrale spreekkamer nie meer nodig wees nie. In die praktyk sal dit egter nooit gebeur nie.

1.2.3 Hier word diens gelewer aan **kerkvervreemdes, buite-kerklikes** en mense uit **ander kerke** en **sektes**. Ook nie slegs binne 'n Ring of Sinodale gebied nie. Mense kom en skryf vanuit alle dele van ons land en selfs van Rhodesië juis omdat dit breër as gemeentelike en ringsvlak opereer.

1.2.4 **Die Spreekkamer lewer daadwerklike hulpdiens:** Dit beoog om alle gevalle terug te kanaliseer na 'n eie gemeente, sover moontlik, en lewer in hierdie sin dus hulpdiens aan gemeentes.

1.2.5 Die werk het in die afgelope 3 jaar by die spreekkamer **so uitgebrei** dat dit bykans onmoontlik geword het vir een persoon om dit te behartig. Dit lewer nog 'n bewys dat die Spreekkamer in 'n onontbeerlike behoefte landswyd voorsien.

1.2.6 Hierdie werk ontnem geen Ring of gemeente die voorreg om 'n eie spreekkamer te onderneem nie, dog beklemtoon veel meer die noodsaaklikheid daarvan vir elke Ring en Gemeente.

1.3 **Hospitaalbearbeiding (9:22; bl. 402)**

Hierdie werk kan nie net op Rings- en Gemeentelike vlak geskied nie om die volgende redes:

1.3.1 Albei hospitaalpredikante is ten volle by gemeentes ingeskakel, dog die werk as geheel kan nie deur een of twee gemeents of ringe doeltreffend behartig word nie.

1.3.2 Die 20 hospitale en verpleeginrigtings lê oor die hele Pretoria versprei en die werk moet as 'n eenheid georganiseer en gedoen word deur 'n hele span hospitaalbearbeiders.

1.3.3 Die werk is tweesoortig van aard en word dus onder leiding van 2 verskillende hospitaalpredikante elkeen met sy eie opdrag gedoen.

1.3.4 Albei hierdie manne se poste word deur die Sinode gedeeltelik gesubsidieer—een gedeeltelik deur sy gemeente waaraan hy verbonde is en die ander een deur sy gemeente waaraan hy verbonde is plus die Pinksterdankofferfonds.

1.3.5 In hierdie belangrike werk is koördinasie absoluut noodsaaklik en hieraan kan gevolglik slegs in ons kantoor deur ons Predikant in Sinodale Diens reg laat geskied.

1.3.6 Die Hospitaalkommissie tree ook op as belangrike skakel tussen die Provinsie en die Kerk en wat slegs op Sinodale vlak ten beste behartig kan word.

1.3.7 Op die Hospitaalkommissie dien juis verteenwoordigers uit die onderskeie Ringe waar die swaartepunte van die werk lê sodat die Ringe hul regmatige aandeel daaraan het.

1.3.8 Aan hierdie S.K.A.E. moet gereeld verslag van die werk gedoen word by wie die beheer en toesig behoort te bly volgens redes hierbo genoem. Ons voorsien groot probleme indien dit nie die geval sou wees nie.

1.4 Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë (ou Spoorweg-bearbeiding) (9:23 en 24; bl. 403)

Hierdie werk kan nie volgens bogenoemde aanbevelings op Rings- en Gemeentelike vlak geskied nie om die volgende redes:

1.4.1 Die **werk het as objek nie** net lidmate van die N.G. Kerk nie, maar die Spoorwegpersoneel as sodanig en waaronder meelewende lidmate van ons kerk en ander kerke tel, maar ook die wat vervreemd van die evangelie is en verstrik geraak het in ongeloof en bygeloof of buitekerklik is. Die werk is in ooreenstemming met Artikel 52 van die Kerkorde.

1.4.2 Gelde wat uit **aftrekorders** verkry word, moet deur die kerk **in ooreenstemming met die instruksies** van die S.A.S. in

die verband aangewend word. Die instruksies bepaal: „Dat dit uitsluitlik gebruik word ter bevordering van die geestelike bearbeiding van die personeel van die Spoorweë.” Die bewoording van aftrekorder (Kode 169) wat geteken word is in ooreenstemming met hierdie instruksie.

1.4.3 Indien die werk net gemeentelik of ringsgewyse gedoen, word sal die Sinode in die **lig van punt 2 moet begroot vir die totale uitgawe** van die gemeente Esselenpark, wat buiten 1 gesin almal uit S.A.S. mense bestaan.

1.4.4 Die pos van die **geestelike werker** kan nie be-eindig word nie aangesien hy (i) geestelike werk onder alle spoorweg-personeel doen; (ii) hy hoofsaaklik verantwoordelik is vir die werf van aftrekorders. Indien sy pos verval, sal die fonds drasties daal en desnoods verdwyn en derhalwe sal die Sinode die volle finansiële verantwoordelikheid vir Esselenpark moet aanvaar.

1.4.5 Die **Christelike Spoorwegunie** bearbei reeds ons mense en as hierdie werk nie op Sinodale vlak gedoen word nie dan sal hulle die alleenreg hê om alle Spoorwegmense te bearbei en ons Kerk sy bevoorregte posisie verloor. Dan lê daardie hele veld braak vir die sektes.

Uit hoofde van bogenoemde redes kan die werk nie op 'n ander basis gedoen word nie.

Wat Spoorwegbearbeiding aanbetref, **beveel u kommissie dus aan** die aanneme van punt 5.6, bl. 531 van die verslag van die S.K.A.E.

1.5 Predikant in Sinodale Diens met opdrag Ampsbediening en Evangelisasie (9:25; bl. 403)

1.5.1 Aangesien die **beginsels** waarvan in punt 9.25 melding gemaak word deur die Sinode verwerp is met die verwerping van 9.1, (Notule Pag. 49) het ons hieromtrent geen nuwe opdrag nie.

1.5.2 Vervolgens moet ons **uitvoering gee aan die ses beginsels van die Algemene Sinode (Sien bl. 354—355)**. Ons kan met groot vrymoedigheid bevestig dat dit in die reses stiptelik gedoen is.

1.5.2.1 Ons het **geen werk na ons aangetrek** wat deur Ringe of Gemeentes **net so goed** gedoen kon word nie. Intendeel was ons Ringe of Gemeentes tot hulpdienste waar hulle ons hulp kom vra het, of waar ons dit nodig gevind het

om Ringe of Gemeentes te inisieer tot noodsaaklike arbeid en waartoe hulle op eie stoom nie instaat sou wees nie.

1.5.2.2 Ons het vir **geen nuwe Sinodale Poste** kom vra nie, maar wel via verskeie **Ringe** hulp aan plaaslike **kerkrade** verleen sodat daar vir addisionele werkkragte voorsiening gemaak kon word—'n totaal van 6 is reeds gerealiseer en een dien voor die Sinode via die Ring van Pretoria.

1.5.2.3 Die oogmerk van al ons arbeid was „**sodat werk op 'n meer doeltreffende wyse gedoen kan word**”. Ten minste 10 gemeentes kan getuig van geseënde en noodsaaklike werk in die reses gedoen en deur die S.K.A.E. gesubsidieer uit die Pinksterdankofferfonds ten bedrae van nagenoeg R50 000. Alles was vir daadwerklike Evangelisasiewerk gewees en daarvoor is streng toesig gehou.

1.5.2.4 Die huidige bekleër van die pos is **nie beroep en bevestig nie**, maar slegs aangestel.

1.5.2.5 Geen nuwe pos is ligtelik ingestel nie.

1.5.2.6 Die aanstelling van die huidige ampsdraer is wel nà deeglike besinning deur die Sinodale Kommissie gedoen.

1.5.3 **Aan die voorskrif van die Kerkorde — Art. 52** is gehoorsame uitvoering gegee sowel as aan die hele Bepaling 76.

1.5.4 **Waar Bep. 76(d)** die besondere diens van die Predikant in Sinodale Diens met Opdrag Ampsbediening en Evangelisasie voorskrywe, is dit netso uitgevoer. Ons is dankbaar teenoor die Here en ons broeders om te kan sê dat dit met groot vrug en seën geskied het omdat dit nie in eie krag en op eie houtjie gedoen is nie, maar in die krag van die Here en met die heelhartige samewerking van broeders wat ons genooi het.

1.5.5 Hierdie kommissie is oortuig van die feit dat Ringe en Kerkrade genoemde **6 beginsels van die Algemene Sinode** nie elkeen op hul eie tot die groots moontlike seën vir ons Kerk kan uitvoer sonder 'n Predikant in Sinodale Diens met sentrale kantoor nie omdat hy verantwoordelik moet wees vir die noodsaaklike koördinasie, organisasie en inisiasie op Sinodale vlak. (K.O. 35: b en d).

1.5.6 In **sy persoon en/of kantoor** word ook die noodsaaklike **kontinuiteit** van die Kerk se werk tot 'n hoë mate verseker.

1.5.7 Ondervinding het geleer dat dit absoluut noodsaaklik is dat hierdie persoon **Scriba** sal wees van die S.K.A.E., sy

Dagbestuur en al sy Subkommissies t.o.v. kontinuïteit en spoedige uitvoering van die noodsaaklike werksaamhede wat onderneem word. Die ondervinding van die verlede het geleer dat baie dinge nooit gedoen is, of soms te laat gedoen word wanneer gemeentelike predikante scribas van sodanige Subkommissies is—**omdat elke predikant sy hande met sy eie gemeentelike verpligtinge reeds oorvol het.** Gevolglik ly die Kerk soms onverhaalbare skade.

1.5.8 Die **hele lewe** van ons tyd is op **spesialisering** ingestel—selfs ons **Kerkkantoor** en dit t.w.v. finansies—des te meer is dit nodig t.w.v. die hartaar van die Kerk se werk nl. Ampsbediening en Evangelisasie.

Indien die Kerk se verskillende Afdelings elkeen onder leiding van 'n predikant in Sinodale Diens dit nie onderneem nie, sal die Kerk as geheel agter die tyd raak en onverhaalbare skade ly.

1.5.9 **Ons predikante se programme** is so oorvol van noodsaaklike gemeentelike verpligtinge, dat hulle nie die tyd het om genoegsame studie te doen van elke aspek van ons kerklike werksaamhede nie. Gevolglik is die Predikante in Sinodale Diens daargestel om dit elkeen eintlik op eie terrein te doen en die Kerk tot soveel moontlike gespesialiseerde hulpdiens te wees.

1.5.10 'n Onafgebroke **stroom van uitnodigings** aan die genoemde predikante om hulpdiens op Sinodale, Rings en/of Gemeentelike vlak te lewer, is die kragtigste bewys dat die Kerk op hierdie wyse in 'n belangrike en noodsaaklike behoefte voorsien. Dit sou 'n kwade dag wees indien dit nie meer gedoen kon word nie en werk ook ongedaan sou bly.

1.5.11 **Voortdurende wisseling** van predikante, ook van een Sinodale gebied na 'n ander, veroorsaak gebrek aan kontinuïteit t.o.v. Sinodale werk en daarom noodsaak dit 'n persoon en kantoor in Sinodale Diens waar hierdie kontinuïteit geborge is. (Die Kommissie vir Poste bevestig dit self.)

1.5.12 **Ringsbesoeke** deur hierdie amptenare t.w.v. die Sinodale eenheid en Kerklike vooruitgang in die baie belangrike werksaamhede is ook 'n noodsaaklikheid.

1.5.13 'n **Ring** kan nie konferensies op Sinodale vlak reël nie en sodanige reëling van konferensies is absoluut noodsaaklik, dog onmoontlik sonder 'n voltydse amptenaar en kantoor met sy fasiliteite.

So kan ons voortgaan, maar ons het genoeg reeds genoem om u te oortuig van die absolute noodsaaklikheid van 'n sentrale kantoor en Predikant in Sinodale Diens met opdrag Ampsbediening en Evangelisasie indien ons Ned. Geref. Kerk ten beste in hierdie haastige en gekompliseerde tye waarin ons lewe wil funksioneer en haar taak as Kerk van Jesus Christus na Sy verwagting en tot Sy eer en verheerliking wil uitvoer.

U Kommissie beveel dus aan die goedkeuring van **Beskrywingspunt No. 3 onder Afd. IV: A & E (bl. 8).**

Geteken namens Tydelike Kommissie:

VOORSITTER: G.J.W. Joubert.

SCRIBA: R.B. Murray.

D.14 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE BEGROTINGSKOMMISSIE

Broeder Voorsitter en Broeders,

Graag wens ons die volgende aan u voor te lê vir oorweging:

A. BESKRYWINGSPUNTE: AFDELING II: (Agenda p.3 vv.)

1,2,3,4,6,7.3: Verbetering Pensioenvoordele

Ons beskou hierdie sake as afgehandel in die verslag van die Kerkkantoorkommissie dog beveel aan:

Aanbeveling — Dit word aan die Kerkkantoorkommissie opgedra om ondersoek te doen na die moontlike koppeling van pensioen aan versekering of alternatiewe skemas ter verbetering van predikantepensioen.

5,9: Weduwees en Mediese Fonds

Aanbeveling — Hierdie beskrywingspunte word verwys na die Kerkkantoorkommissie as trustees van die Mediese Hulpskema om aan die gedagtes hierin vervat uitvoering te verleen wanneer dit geleë is.

7.1, 7.2: Jaarlikse aanpassing van Salarisse

Aanbeveling — Hierdie beskrywingspunte word verwys na die Breë Moderatuur om te dien as leidraad in die oorweging van aanpassings.

7.4 Studielenings van diensdoende leraars

Aanbeveling — Die Sinode besluit om hierdie beskrywingspunt nie goed te keur nie.

8, Erkenning van buitekerklike diens

Die S.K.A.E. vra in 'n begeleidende skrywe dat 'n formule gegee word waarvolgens buitekerklike diens erken kan word, terwyl die Sinode in 1968 net die beginsel goedgekeur het. As formule word nou aanbeveel:

Aanbeveling — Vir ten minste die helfte van arbeidsjare buite die kerklike diens sal erkenning verleen word.

10, 11, 15: Berekening van punte

Hierdie beskrywingspunte is afgehandel in die verslag van die permanente begrotingskommissie.

12: Donasies en Punte

Aanbeveling — Die Sinode besluit om hierdie beskrywingspunt nie goed te keur nie.

13,14: Opset van Vorm 16

Aanbeveling — Hierdie beskrywingspunte word verwys na die Kerkkantoorpersoneel vir aandag by die hersiening van Vorm 16.

16: Sinodale Sendingfondse

Aanbeveling — Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie, in die lig van die feit dat aansoeke om hulp afsonderlik op meriete behandel word.

17 tot 22: Skrywe van Kerkraad van Pretoria-Noord asook Derde Verslag van Scriba Synodi C2 nr. 1.2 (Teologiese Studiefonds)

Aanbeveling — Die Sinode:

1. Neem met groot dank kennis van die mooi positiewe reaksie by, en onderneming deur 'n groot aantal gemeentes om 'n minimum van R250 per jaar vir tien jaar lank vir die Teologiese Opleidingsfonds by te dra;
2. neem met waardering kennis van die ondersteuning aan studente uit leningsfondse van sekere gemeentes;
3. doen 'n dringende beroep op al die kerkrade, veral die wat nog nie 'n bydrae gelewer het nie, om ook hulle bydrae te lewer;
4. dank Die Voorligter vir die groot bydrae wat hy in hierdie opsig gelewer het;

5. besluit om dié fonds nie op die puntebasis te plaas nie;
6. vra lidmate om by die opstel van hul testamente aan die Teologiese Opleidingsfonds te dink;
7. besluit dat terugbetaling van lenings op 'n rand vir rand basis sal wees;
8. neem hierdie besluit op in die herderlike brief. .

23: Afskryf van lenings na sterfte

Aanbeveling Die Sinode keur hierdie beskrywingspunt nie goed nie, in die lig van die feit dat lenings gedek is met gesedeerde polisse. Sou dit goedgekeur word, sal die fonds te veel skade ly.

24: Sendinggemeente Lerato

Na oorlegpleging met die Tydelike Sendingkommissie word aanbeveel:

Aanbeveling — In die lig van die feit dat die aansoek nie langs die korrekte kanale gegaan het nie besluit die Sinode om as 'n heel buitengewone toegewing, in die lig van die besondere omstandighede vir 'n bantoeleraarspos ten bedrae van R1 440 addisioneel te begroot in die Sinodale Sendingfonds.

25: Kasboek met Kolomhoofde

Aanbeveling — Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie aangesien dit 'n te swaar las plaas op die Kerkboekhandel.

B. SAKE VERWYS UIT DIE VERSLAE VAN DIE SCRIBA SYNODI

1. TWEEDE VERSLAG: p.915 C1.

1.6 Hersieningskommissie vir Psalms

Die Breë Moderatuur het goedkeuring verleen aan die afhandeling van die hersiening van die Psalms. Die betrokke kommissie versoek dat die Sinode van Noord-Transvaal, soos die ander Sinodes, R500 eenmalig bydra ter bestryding van die koste.

Aanbeveling — Onder die fonds „Kerkmusiekskoolfonds” word 'n bedrag van R125 per jaar vir die volgende vier jaar begroot ten gunste van die hersiening van die Psalmboek.

2. Derde verslag van die Scriba Synodi C2

7. Skrywe, Skriba-Kassier Harmonie

Die Kerkraad van Harmonie vra dat die rente op 'n lening van R30 000 deur die Kerkkantoorkommissie aan hom toegestaan, deur

die Sinode gedra sal word in die lig van die finansiële las wat studentebearbeiding op die gemeente lê. Die lening is bedoel vir die aankoop van 'n pastorie vir die tweede studenteleraar.

Aanbeveling — Die Sinode besluit om die rente op die lening van die gemeente Harmonie vir die Pastorie van die tweede studenteleraar toe te ken uit die Reserwefonds.

9. Nuwe verwickelinge i.v.m. Stofberg Teologiese Skole met Finansiële- en ander implikasies

Die onderhandelinge soos vermeld in die agenda p.724 is gefinaliseer. Dit hou o.a. in dat „kerklike dosente” aangestel sal word aan die universiteite wat om die helfte deur die Kerk betaal sal moet word.

Daar moet dus addisioneel tot die begroting soos vermeld op p.234 voorsiening gemaak word vir die volgende uitgawes:

Helfte van die Universiteitsuitgawes wat soos volg bereken word:

Salaris	R9 000
Vakansiebonus	260
Medieseskema	150
Pensioen	675
Diverse	15
	R10 100
d.i.	5 050
Kerklike Pensioen	650
TOTAAL	5 700

Hiervan bedra Noord-Transvaal se aandeel 42%.

Aanbeveling — Die Sinode begroot R2 394 addisioneel tot die Teologiese Skool Stofberg-fonds vir die aanstelling van 'n Kerklike dosent.

10: Pensioen aan prop. H.J. Grobler

Die Kerkraad van Zebediela vra dat die Sinode op een of ander wyse voorsiening maak in die tydelike behoeftes van prop. en mev. H.J. Grobler wat reeds hoog bejaard is. Hy het aan die begin van hierdie eeu sy studies op Wellington voltooi, maar nooit 'n beroep ontvang nie. Deur die jare het hy in verskillende gemeentes van die Moeder- en Dogterkerk hulp verleen. U Kommissie het in hierdie verband oorleg gepleeg met die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake wat die beginsel steun.

Aanbeveling — Die Sinode begroot 'n addisionele bedrag van R500 op die fonds vir Diens van Barmhartigheid as vergoeding aan prop. en mev. H.J. Grobler, wat oorbetaal sal word aan die gemeente Zebediela wat gereeld verslag sal doen.

C SAKE VERWYS DEUR ANDER TYDELIKE KOMMISSIES

1. Tydelike Diens van Barmhartigheid het ons berig dat die pos van die Maatskaplike Werkster te Barberton sopas deur die owerheid goedgekeur is vir subsidie ten bedrae van R1 700. Hierbenewens is 'n versoek gerig dat 'n tweede pos vir die Ring van Soekmekaar goedgekeur word met dien verstande dat die begroting vir gesinsorg onveranderd bly.

Aanbeveling — Die Sinode besluit om die tweede pos vir 'n maatskaplike werkster in die ring van Soekmekaar nie goed te keur nie en die begroting vir Gesinsorgdienstefonds met R1 700 te verminder in die lig van die subsidie op die pos te Barberton wat ontvang is.

2. Beskrywingspunt Afdeling V Nr. 2 p.9

Die kommissie vir die Diens van Barmhartigheid het hierdie beskrywingspunt verwys na die Tydelike Evangelisasiekommissie wat die beginsel goedgekeur het en u kommissie versoek het om die fondse te bereken en 'n aanbeveling te maak.

Aanbeveling Die Sinode besluit om nie 'n addisionele werkkrag onder immigrante in die Ring van Pretoria goed te keur nie, in die lig van die feit dat dit meer as R9 500 per jaar sal kos.

3. Beskrywingspunte Afdeling I Nr. 3 en 4

Die kommissie vir Sending het dit onder ons aandag gebring dat die sewe gemeentes van die voorgestelde nuwe ring van Zeerust besmoontlik na die Sinode van Wes-Transvaal sal gaan. In hierdie gemeentes word niks bestee van Sinodale weë nie dog dit sal 'n verlies van nagenoeg R26 000 vir die Sinodale begroting beteken.

Aanbeveling — Die Sinode handhaaf die status quo totdat die nuwe ring van Zeerust na die Sinode van Wes-Transvaal gaan waarna die waarde van 'n punt per implikasie sal styg om voorsiening te maak vir die verlies aan inkomste.

D. SAKE VERWYS VIR AANDAG NA AFHANDELING VAN DIE PERMANENTE VERSLAG

1. Saakgelastigde Sendingkerk

Dit blyk dat die N.G.Kerk in Afrika dit nie kan bybring om die totaal van hierdie pos te dra nie. Daarom begroot die Sinode vir 'n

addisionele R1 000 op hierdie item. Die inkomste vermeld vir hierdie item op p.262 word dus met R1 000 verminder tot R7 545.

Aanbeveling — Die Sinode begroot R1 000 addisioneel om die inkomste op die rekening vir die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Afrika aan te vul.

2. **Addisionele pos Andrew Murray-Gemeente (p.329)**

Die kommissie het kennis geneem van 'n aansoek om 'n tweede pos by hierdie gemeente wat nie voor die permanente kommissie gedien het nie. Inligting in hierdie verband verskyn in die verslag van die Evangelisasiekommissie op p.524 vv.

U kommissie wil graag die aandag van die Sinode daarop vestig dat al hierdie werk, vandag twee selfstandige gemeentes, gegroei het uit „Sendingwerk onder Israel”. In die bearbeiding van die Jode het die immigrante ook op die toneel verskyn. Die werk is die afgelope tyd gedoen deur een persoon met 'n dubbele opdrag onder beheer van 'n dubbelloop kommissie. Die nuwe aansoek sou in die praktyk daarop neerkom dat 'n medeleraar vir Andrew Murray-Gemeente beroep word met werksverdeling tussen die twee leraars.

Aanbeveling — In die lig van die feit dat 'n addisionele pos R9 525 sal kos, die Sinodale begroting reeds swaar gelaai is en die feit dat 'n inkomsteverlies van R26 000 binne afsienbare tyd verwag word, besluit die Sinode om nie vir 'n addisionele pos by die gemeente Andrew Murray te begroot nie.

3. **„Die Kruisbanier”**

Die Sinodale Kommissie het 'n skrywe aan ons deurgestuur met die versoek dat 'n bydrae op een of ander wyse gevind word om hierdie lofwaardige tydskrif te steun.

Aanbeveling Die Sinode beveel by kerkrade aan om 'n vrywillige kollekte vir „Die Kruisbanier” af te sonder en sien graag dat intekenaars gewerf sal word.

4. **Voltooiing van Ringsverslae**

Na aanleiding van die berekening van punte op grond van nie geouditeerde gegewens besluit die Sinode:

Aanbeveling — Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeentes om by die voltooiing van Ringsverslae t.o.v. statistiese gegewens, waaronder lidmaatgetalle, groot omsigtigheid aan die dag te lê sodat 'n **eerlike** beeld verkry kan word. Wykssensusvorms soos deur ouderlinge vir hul wyke tot op 30 Junie bereken, word aanbeveel.

E. SAKE VERWYS DEUR DIE SINODE

1. Subsidïering van Studenteleraarsposte

(Notule p.58 nr. 2.3.2.11.2)

(Agenda p.337 Nr. 2.21)

Die aangeleentheid is na ons terug verwys vir simpatieke oorweging. Ons beveel daarom aan dat die bydrae per student R3 sal wees met weglating van die onthaalkoste wat deur die Sinode begroot is, met dien verstande dat dit deur die kerkrade self aan die studenteleraars betaal sal word.

Vir die volgende uitgawes moet dan voorsiening gemaak word:

Toekennings:

Harmonie	R5 400
Universiteitsoord	8 400
Admin. Heffing	200
TOTAAL	14 000

Dit word gevind uit

Rente Mediesekoshuisfonds	R960
Sinodale Kollekte	13 040
TOTAAL	14 000

Aanbeveling — Vir Bearbeiding van Studerendejeug-fonds word 'n kollekte van R13 040 goedgekeur.

2. Arbeiders onder Gevangenes

(Notule p.70 Nr. 7.3 en p.78 Nr. 1)

(Agenda p.589 Nr. 7.3 en p.233 Nr. 1.2)

In die lig van die feit dat die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal begroot het vir 'n volle pos vir bearbeiding van gevangenes, opgrond van 'n besluit van die Sinode van Noord-Transvaal in 1968, moet laasgenoemde nou ook begroot vir 'n volle pos.

Aanbeveling — Aan die hand van die syfers op p.233 vermeld, begroot die Sinode vir R10 110 vir hierdie fonds.

3. Hugenote Kollegefonds

(Notule p.70 Nr. 9.2)

(Agenda p.95 Nr. 9)

Aanbeveling — Die Sinode keur die begroting op p.293 goed, en versoek die Kollegeraad om alles moontlik te doen om so gou doenlik by 'n universiteit ingeskakel te kan word.

4. Huis Wilhelmina

(Notule p.76 Nr. 8.4.2.1)

(Agenda p.618 Nr. 8.4.2.1)

Aanbeveling — Die Sinode besluit om nie vir hierdie item op sy begroting voorsiening te maak nie, dog versoek die kommissie vir die Diens van Barmhartigheid om so spoedig moontlik die inrigting op 'n ekonomiese basis te kry. Die Kerkkantoorkommissie word versoek om die rente [afbetalings en kapitaaldelging op te skort vir hoogstens twee jaar. Indien die inrigting nie binne twee jaar op 'n ekonomiese basis kom nie, moet dit verkoop word.

5. Inligtingsbrosjures

(Notule p.114 Nr. 3)

(Agenda p.792 Nr. 3.3.1)

U kommissie oordeel dat hierdie aangeleentheid gedek word deur die begroting op p.243 waar R1 000 begroot is vir brosjures.

F. PUNTE VAN GEMEENTES

Die volgende punte word aanbeveel:

Rustenburg	56,0
Zeerust	30,5
Zwartruggens	14,0
Koster	32,5
Malopo	25,5
Groot Marico	6,5
Rustenburg-Wes	24,0
Nietverdiend	3,0
Derby	20,0
Rustenburg-Suid	44,5
Rustenburg-Bergsig	10,5
Rustenburg-Voorspoed	16,5
Lydenburg	16,0
Machadodorp	14,5
Graskop	5,0
Sabie	11,0
Waterval-Boven	12,0
Ohrigstad	3,5
Burgersfort	9,0
Lydenburg-Suid	9,5
Pietersburg	31,0
Louis Trichardt	21,0
Messina	23,0
Dendron	13,5

27,5
 26,5
 6,0
 18,0
 25,0
 2,0
 54,5
 72,5
 42,0
 44,5
 57,0
 21,5
 17,0
 22,5
 20,5
 13,5
 22,0
 22,5
 12,5
 1,5
 35,5
 19,0
 39,5
 5,0
 11,5
 3,0
 33,0
 40,0
 33,5
 1,5
 9,5
 43,5
 16,0
 15,5
 20,5
 9,5
 11,0
 25,0
 36,0
 50,5
 55,5
 50,5
 50,5
 35,5

Pietersburg-Noord
 Soutpansberg
 Blouberg
 Renosterpoort
 Pietersburg-Oos
 Lugmagbasis—Pietersburg
Pretoria
 Bronberg
 Arcadia
 Burgerspark
 Harmonie
 Meintjieskop
Wakkerstroom
 Piet Retief
 Amersfoort
 Amsterdam
 Volksrust
 Pardedkop
 Goeddegun
 Pongola
 Volksrus-Suid
Middelburg
 Roosenekal
 Belfast
 Dullstroom
 Groblersdal
 Marble Hall
 Middelburg-Suid
 Eerstelig
 Rietkuil
Ermeelo
 Carolina
 Morgenzon
 Hendrina
 Chrissiesmeer
 Breyten
 Ermelo-Oos
Eloffsdal
 Riviera
 Villieria
 Wonderboom-Suid
 Capitalpark-Oos

Pierneef	34,5
Rietfontein-Noord	55,0
Villieria-Oos	42,0
Rietfontein-Suid	44,5
Pierneefrant	25,0
Krokodilrivier	37,5
Dalunie	17,5
Vorentoe	14,0
Northam	13,5
Thabazimbi	21,0
Marikana	17,0
Sanddrif	8,0
Dwaalboom	5,5
Brits	26,5
Koedoeskop	12,0
Sonop	11,0
Daspoort	26,5
Capitalpark	28,5
Eloffsdal-Wes	26,0
Booyens	25,0
Wonderboompoort	22,5
Magaliesfort	15,5
Wesmoot	21,5
Pretoria-Tuine	26,0
Tuinrand	25,0
Pretoria-Oos	58,0
Silverton	38,5
Hartbeesspruit	28,0
Suidoos-Pretoria	82,5
Meyerspark	51,5
Universiteitsoord	38,5
Lynnwood	62,0
Queenswood	60,5
Andrew Murray	1,0
Portugese Gemeente	1,0
Skuilkrans	15,5
Waterberg	23,5
Warmbad	16,5
Waterberg-Noord	7,5
Albertyn	15,0
Springbokvlakte	6,0
Nylstroom-Oos	13,0
Warmbad-Wes	11,5

Pretoria-Noord	37,0
Onderstepoort	24,0
Derdepoort	27,5
Waverley	49,5
Petronella	17,0
Hartbeeshoek	34,5
Kameeldrif	41,0
Môregloed	20,5
Wonderboom	68,0
Waverley-Oos	33,0
Noordoos-Pretoria	20,5
Lyttelton	56,0
Olifantsfontein	23,0
Groenkloof	26,0
Waterkloof	35,5
Lyttelton-Oos	28,0
Lyttelton-Noord	36,5
Esselenpark	4,0
Kloofsig	21,0
Sesmyspruit	17,0
Monumentpark	31,5
Halfweghuis	10,5
Eldoraigine	19,0
Barberton	28,0
Nelspruit	33,0
Witrivier	34,5
Malelane	18,0
Alkmaar	16,0
Kampersrus	4,0
Komatipoort	6,5
Nelspruit-Suid	29,0
Piet Potgietersrus	19,5
Koedoesrand	8,5
Potgietersurs-Oos	32,5
Roedtan	2,5
Marken	1,0
Zebediela	2,5
Naboomspruit	17,0
Pretoria-Wes	23,5
Quagga-poort	48,5
Wespoort	5,0
Voortrekkerhoogte	3,0
Skanskop	23,0

Ebenhaezer	23,0
Valhalla	50,5
Tek	1,5
Pretoria Polisie-Kollege	3,0
Voortrekkerhoogte-Oos	3,0
Voortrekkerhoogte-Wes	1,5
Erasmia	12,0
Valhalla-Suid	15,0
Lugmag-Gimansium	1,5
Soekmekaar	4,0
Laeveld	6,0
Tzaneen	38,5
Gravelotte	8,0
Letsitele	8,0
Phalaborwa	37,5
Erasmus	32,0
Witbank	47,0
Premiermyn	13,0
Merlindale	21,0
Ogies	15,5
Witbank-Suid	25,5
Blinkpan	12,5
Klipfontein	12,0
Rayton	6,5
TOTAAL	4126

Met 'n hersiene aanbevole begroting van R799 225 kom die bedrag per punt dus te staan op R194.

G. ALGEMENE AANBEVELING

Die Sinode besluit:

1. Die bedrag wat in totaal van die gemeentes gevra sal word om die begroting van die volgende Sinode te laat klop, sal nie meer as 10% van die totale gemeentelike inkomste beloop nie.

2. Die bedrag per punt, soos aan die einde van die huidige Sinode bepaal, sal in die reses aangepas word, totdat die totale bedrag deur die gemeentes aan die Sinodale kas oorbetaal, minder as 10% van die totale inkomste van gemeentes beloop. Daarna bly die bedrag per punt onveranderd, terwyl die aantal punte fluktuëer na gelang die gemeentes se finansiële vermoëns verander.

3. Die addisionele inkomste op hierdie wyse verkry, sal oorgedra word na 'n Begrotingsstabilisasiefonds. Aanpassings in die

begrotingsuitgawes wat gedurende die reses deur die Sinodale Kommissie goedgekeur word, sal uit hierdie fonds toegeken word.

4. By die opstel van 'n nuwe begroting sal die volgende Sinode slegs met die grootste omsigtigheid uit hierdie fonds toekennings maak.

5. Die voordelige saldo's op alle lopende rekenings van Sinodale fondse waarvoor daar deur die Sinode begroot word, sal op 30 Junie 1972 en daarna aan die einde van elke Sinodale termyn (4 jaar) oorgeplaas word na die Begrotingsstabilisasiefonds met dien verstande dat:

1. Saldo's wat inberekende is ter dekking van uitgawes gedurende die loop van die reses, hiervan uitgesluit word,
2. bedrae wat geormerk is vir bepaalde projekte wat nie binne die reses bestee kon word nie, oorgeplaas word na 'n spesiale afwagrekening.

6. Die permanente Begrotingskommissie kry opdrag om aanbevelinge, ten einde hierdie besluit te realiseer, aan die Sinodale Kommissie voor te lê.

Ons vertrou dat ons hiermee aan ons opdrag uitvoering gegee het en bid die vergadering die seën van die Here toe.

G.S. VAN HEERDEN (voorsitter)

P.S. STRüMPFER (skriba)

D.15 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE

1. BESKRYWINGSPUNTE: AFD. I ALGEMENE SAKE,
(Agenda bl. 1)

HERINDELING VAN RINGE VOLGENS BESKRYWINGSPUNTE AFD. I PTE. 2 TOT 9 EN VERSLAG VAN DIE SCRIBA SYNODI, PT. 10

Aanbeveling:—

1.1 Ring van Rustenburg (I. 3&4)

Hierdie Ring word verdeel in twee Ringe, t.w.

1.1.1 Die Ring van Rustenburg

Rustenburg, Rustenburg-Wes, Rustenburg-Suid, Rustenburg-Bergsig en Rustenburg-Voorspoed. Hierby kom ook Northam en Dwaalboom van die Ring van Krokodilrivier op eie versoek en met goedkeuring van die Ring van Krokodilrivier.

1.1.2 Die Ring van Zeerust

Zeerust, Swartruggens, Koster, Malopo, Groot-Marico, Nietverdiend en Derby.

Met betrekking tot die nuwe Ring van Zeerust is daar die versoek dat, indien die Sinode goedkeuring gee aan die stigting van die nuwe ring, dit ingeskakel sal word by die Sinode van Wes-Transvaal.

Motivering: Ons haal die Ring van Rustenburg aan:

1.1.3.1 Die gemeentes waaruit die Ring van Zeerust saamgestel sal word (t.w. Zeerust, Swartruggens, Koster, Malopo, Groot-Marico, Nietverdien en Derby) vorm geografies deel van Wes-Transvaal en sal derhalwe baie maklik by die Sinode van Wes-Transvaal kan inskakel.

1.1.3.2 A.g.v. geweldige sendinguitgawes kon die Sinode van Noord-Transvaal geen hulp bied wat die Marico-Reservaat betref. Die betrokke Ringsgemeentes kan sonder die hulp van buite, geen noemenswaardige sendingwerk in dié gebied verrig nie. Aangesien die te worde Sinode van Wes-Transvaal skynbaar nie dieselfde sendingverpligtinge as Noord-Transvaal sal hê nie, word gevoel dat die Ring van Zeerust by die Sinode van Wes-Transvaal ingeskakel moet word sodat dié Sinode kan help met sendingwerk in die Marico-Reservaat."

1.1.4.1 **Dit word aanbeveel**, mits die sewe gemeentes van die nuwe Ring van Zeerust nog tot en met die finale inskakeling by Wes-Transvaal verantwoordelik sal bly vir hulle punte-aanslag.

1.1.4.2 Die aangeleentheid word na die Sinodale Kommissie (N.-Tvl.) verwys om te skakel met die Sinodale Kommissie (Wes-Tvl.) m.d.o. aanpassings en afhandeling by die Algemene Sinode.

1.2 Ring van Pietersburg (I.6)

Die aansoek van die Ring om verdeling op grond van geografiese- en uitbreidingsoorwegings word aanbeveel t.w.

1.2.1 Die Ring van Pietersburg

Pietersburg, Pietersburg-Noord, Renosterpoort, Pietersburg-Oos, Lugmagbasis—Pietersburg.

1.2.2 Die Ring van Louis Trichardt

Louis Trichardt, Messina, Dendron, Soutpansberg, Blouberg.

1.3 Ring van Pretoria-Noord (I.2)

Ook op grond van geografiese en groot uitbreidingsoorwegings word die aansoek om verdeling van bg. Ring aanbeveel:

1.3.1 Ring van Pretoria-Noord

Pretoria-Noord, Onderstepoort, Petronella, Hartebeeshoek, Wonderboom.

1.3.2 Ring van Derdepoort

Derdepoort, Waverley, Kameeldrif, Môregloed, Waverley-Oos, Noordoos-Pretoria.

1.4 Ring van Pretoria-Wes (I.8)

Hierdie ring het op grond van die gemeenskaplike belange van die kapelaangemeentes waarby ook Skanskop gereken word, asook die groot aantal gemeentes in die huidige Ring, aansoek gedoen om verdeling. Dit word so aanbeveel.

1.4.1 Ring van Pretoria-Wes

Pretoria-Wes, Quaggapoort, Wespoort, Ebenhaeser, Valhalla, Erasmia, Valhalla-Suid, Portugese Gemeente.

1.4.2 Ring van Voortrekkerhoogte

Voortrekkerhoogte, Tek, Polisiekollege, Skanskop, Voortrekkerhoogte-Wes, Voortrekkerhoogte-Oos, Lugmaggimnasium.

1.5 Ringe van Pretoria-Oos, Erasmus en Lyttelton (I. 5 & 7)

Die Ring van Pretoria-Oos het aansoek gedoen om verdeling a.g.v. groot uitbreidings en 'n te groot personeel.

Van die Ring van Erasmus is 'n versoek ontvang om die drie gemeentes Erasmus (Bronkhorstspruit), Rayton en Premiemyn by een of meer van die stedelike ringe in te skakel. Geografies raak dit veral die Ring van Pretoria-Oos.

Die drie gemeentes Groenkloof, Waterkloof en Monumentpark (Ring van Lyttelton) sluit ook geografies aan by die Ring van Pretoria-Oos.

Die volgende herindeling word, wat bg. gemeentes betref aanbeveel:

Die Ring van Pretoria-Oos plus die bg. ses gemeentes word in drie Ringe verdeel:

1.5.1 Ring van Pretoria-Oos

Pretoria-Oos, Groenkloof, Waterkloof, Andrew Murray, Monumentpark.

1.5.2 Ring van Hartebeesspruit

Suidoo-Pretoria, Lynnwood, Universiteitsoord, Hartebeesspruit, Queenswood.

1.5.3 Ring van Silverton

Silverton, Bronkhorstspuit, Meyerspark, Premiermyn, Rayton, Skuilkrans.

1.6 Versoek S.M.A. i.s. Gemeentes: Kenya en Tanzanië (I.9)

1.6.1 Beginsel van Inskakeling by die Sinode van Noord-Transvaal

Hierdie saak is ook verwys na die Tydelike Kommissie Regte wat verslag sal doen.

1.6.2 Ringsindeling

Indien die Sinode die inskakeling aanvaar, beveel die kommissie aan dat die twee betrokke gemeentes salressorteer onder die Ring van Pretoria.

R.J. RAATH (voorsitter)

J.S. VAN DYK (Skriba)

D.16 DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

Br. Voorsitter en broers,

U kommissie wens soos volg verslag te lewer:

1.0 UITBREIDINGSFONDS VIR KAMPE

Vgl. Agenda p.449, asook Tydelike Notule, p.59, punt 2.5.4.1.

1.1 Voorstel van ds. B.T. Richard en oudl. J.H. Viljoen

Die Sinode

1.1.1 neem met groot waardering kennis van die voortrefflike werk wat deur die jare heen onder ons jeug by sy kampterrein, Bad-se-loop, gedoen is;

1.1.2 besluit om 'n fonds in die lewe te roep vir die verbetering en uitbouing van die geriewe by Bad-se-loop en ander kampe, en dra dit aan die Jeugkantoor op om vrywillige bydraes vir die fonds te vind by kerkrade en individue wat van die kampterrein gebruik maak.

1.2 Aanbeveling van die Tydelike Jeugkommissie

Met die oog op die geestelike seëninge wat ons jongmense op ons kerklike jeugkampe ontvang, soos bv. op Bad-se-loop, asook al die moontlikhede wat sodanige kampe ook in die toekoms vir ons jeug inhou en in die lig van die feit dat ons kampterreine nie oor die nodige fondse beskik vir die nodige verbeteringe en uitbouing nie, **BESLUIT DIE SINODE** om

1.2.1 die S.J.K. verlot te gee tot die insameling van fondse op vrywillige basis;

1.2.2 Kerkrade aan te moedig om baie simpatiek teenoor die saak te staan;

1.2.3 jongmense sterk aan te moedig om van al die moontlikhede wat ons kerklike jeugkampe bied, gebruik te maak;

1.2.4 die S.J.K. te versoek om veral aan Bad-se-loop aandag te gee om dit tot 'n volwaardige en goedtoegeruste kampterrein te ontwikkel.

2.0 JEUGJAAR IN 1974

2.1 Voorstel van di. R.R. van Zyl en W.J. Bruwer

Die Sinode neem met waardering kennis van al die mooi dinge wat tydens die Jeugverslag en broederlike onderhoud gesê is, en versoek die S.J.K. om met die A.J.K. te skakel, met die oog op die moontlikheid om 'n jeugjaar in 1974 te reël, as uitvloeiende van die Kerk se Evangelisasie-poging volgende jaar.

2.2 Aanbeveling van die Tydelike Jeugkommissie

U kommissie beveel bogenoemde voorstel **NIE AAN NIE**, aangesien in die lig van die baie ander aktiwiteite wat in daardie betrokke jaar van stapel gestuur word.

U kommissie vertrou dat hulle hiermee al hulle werksaamhede deeglik uitgevoer het, en spreek hulle dank uit vir die vertroue in hul gestel.

J.L. GROBLER, Voorsitter.

J.C. CARSTENS, Skriba.

D.17 DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE

Geagte Broeder Voorsitter en Broeders,

U kommissie doen soos volg verslag:

I. BESKRYWINGSPUNTE AFDELING XI, AKTUELE SAKE (Agenda bl. 19)

1.1 **Seggingskap by ontbinding van Huwelik (XI.1)** Aanbeveling:

1.1.2 Die Sinode rig verstoë aan die Kommissie van Ondersoek van die Gesinslewe, of die minister van Justisie dat Versoeningsrade ingestel sal word waarheen eppare, wat van voorneme is om te skei, verwys moet word met die oog op 'n moontlike versoening voordat die saak voor die hof kom.

2. **VERSLAG VAN DIE SCRIBA SYNODI** (Agenda bl. 34)

2.1 **Art. 36 van die N.G.B.** (pt. 11) Aanbeveling:

Die Sinode is van oordeel dat die formulering van art. 36 van die N.G.B. vatbaar is vir verbetering en beveel aan dat dit na die Permanente Kommissie vir Aktuele Sake verwys word vir studie en rapport aan die volgende Sinode.

2.2 **Aanspreekvorm van Voorsitter (pt. 12).** Aanbeveling:

Die besluit van die Algemene Sinode word ook die besluit van die vergadering nl. dat die aanspreekvorm van die voorsitter van Kerklike vergaderings sal wees: Broeder Voorsitter.

3. **LAAT STUKKE** (Agenda bl. 917)

3.1 **Hersieningskommissie vir Psalms (1.6).** Aanmerking:

Aangesien daar niks in die hand van die kommissie in die verband gegee is nie, is daar geen aanbeveling nie.

3.2 **Excelsiorskool, Bulawayo (1.7).** Aanbeveling:

3.2.1 Ter praktiese uitvoering van die besluit van die jongste vergadering van die Algemene Sinode, (1970 bl. 819) verleen die Sinode verlof aan die Fondsinsamelingskomitee-Excelsior, tot die insameling van fondse binne sy ressort met ondergenoemde as voorwaardes:

3.2.2 Dit kan geskied langs die onderskeie weë in die skrywe van meneer J.A. Scholtz van 23 Maart 1972 genoem nl.,

gemeentelike bydraes, artikels in die Kerklike Tydskrifte, met behulp van Carfo en aanklop by Kerklike Diensaksies.

3.2.3 Verdere toestemming moet verkry word van, en die wyse van insameling vasgestel word in oorleg met elke Kerkraad afsonderlik, in sover binne sy ressort opgetree word.

3.2.4 Die veldtog moet voor die einde van 1973 afgehandel wees.

3.2.5 Na afloop van die veldtog moet die Sinodale Kommissie skriftelik verwittig word van die uitslag daarvan.

3.2.6 Die saak word in die Herderlike Brief vermeld, en gemeentes aangemoedig om ruim daarvoor by te dra.

Die Beheerraad word die seën van die Here toegebied in sy grootse en lofwaardige onderneming.

4. SKRYWES EN VOORSTELLE NA DIE KOMMISSIE VERWYS DEUR DIE SINODE

4.1 Uitnodiging van die Ned. Geref. Kerk in Afrika na hulle Sinodesitting

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank die uitnodiging van die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk in Afrika aan om by hulle sinodale vergadering op Dinsdag, 13 Junie 1972, die groete van die Ned. Geref. Kerk, Noord-Transvaal oor te dra. Die Moderator of een van die Moderatuurslede word versoek om die Sinode te verteenwoordig.

4.2 Te Lywige Agenda

Op versoek van die Moderatuur, dat 'n aanbeveling gemaak word hoe om 'n korter en duideliker agenda ter tafel te kry, word aanbeveel:

Die Sinode besluit dat 'n beroep gedoen word op Sinodale Kommissies om hulle verslae helder en saaklik te stel en dat by die voorbereiding van die agenda vir die pers die Scriba Synodi die reg sal hê om, in oorleg met die Moderatuur, verslae van Kommissies wat te lywig is, terug te verwys na die betrokke Kommissies om dit in te kort.

4.3 Tyd vir volgende Sinodesitting

Die Sinode neem 'n soortgelyke besluit as die Sinode van Suid-Transvaal nl.: Die Sinode sal ten minste elke vier jaar vergader en wel in 'n jaar wanneer die Algemene Sinode nie vergader nie. Die Sinode versoek derhalwe die Algemene Sinode om die saak so reg te stel in die K.O. art. 34.

4.4 Versoekskrif van die Gemeente Zebediela i/s Pensioenvoorsiening prop. H.J. Grobler

Prop. Grobler was sedert legitimasie 1915 tot 1965 vir sy Kerk beskikbaar en het gedurig hulpdiens in die Kerk verrig totdat hy in 1965 afgetree het. Omdat hy egter nooit beroep is nie, kan hy nie deel in enige pensioenvoorregte nie. Tans in die Gemeente Zebediela woonagtig, het die Kerkraad van Zebediela die deerniswekkende posisie van hierdie vyf-en-tagtig-jarige Evangeliebedienaar en sy vrou, onder die aandag van die Sinode gebring.

Aanbeveling:

4.4.1 Gratifikasie: Die Sinode besluit om 'n gratifikasie in die noodgeval aan die Kerkraad van Zebediela uit te betaal vir administrasie ten behoeve van die broeder.

4.4.2 Hulpverlening: Die Sinode versoek voorts die Ringskommissie van die Ring van Potgietersrus om in die reses die Sinodale Begrotingskommissie te dien met 'n aanbeveling hoe verder voorsien kan word in die behoefte van die broeder.

Die Sinodale Begrotingskommissie sal dan aan die Sinodale Kommissie verslag doen vir finale beslissing en afhandeling van die saak.

4.5 Aanpassing Salarisse van Predikante m.b.t. vorige dienste (Agenda bl. 840, 55.4, — 27)

Aanbeveling:

4.5.1 Alleen diensjare, voor die studiejare, mag in aanmerking geneem word.

4.5.2 Ander faktore wat ook in aanmerking geneem moet word, is o.a. tersaaklikheid van sy vorige betrekking, ouderdom en gesinsgrootte.

4.5.3 Die Kerkraad sal, in geval van probleme, in oorlegpleging met die Kerkregtelike Advieskommissie die traktement vasstel.

4.6 Voorstel i.s. Salarisse van Leraars wat, na voltooiing van die teologiese studie, nog 'n tyd lank gevorderde teologiese studie gedoen het voordat hulle gelegitimeer is.

Aanbeveling: 'n Persoon wat na voltooiing van die normale teologiese kursus (sewe jaar akademiese vordering na matriek) voltyds met gevorderde teologiese of aanverwante studie voortgaan sal met hoogstens twee jaar begunstig word by die bepaling

van sy traktement.

4.7 Voorstel i.s. Herindeling van Kerklike Vakansiedae

Aanbeveling:

4.7.1 Die voorstel word nie aanvaar nie.

4.7.2 'n Beroep word egter gedoen op ons lidmate om op die kerklike feesdae die eredienste getrou by te woon.

4.8 Die Voorstel i.s. Onbelemmerde immigrasie van talle Geestelikes en Geestelike Werkers in die R.S.A.

Aanbeveling:

4.8.1 Die Kommissie herformuleer die voorstel en lê die volgende as aanbeveling voor: Die Sinode onderskryf heelhartiglik die beginsel van godsdiensvryheid as die reg van elke Kerk om plaaslik vry en volgens eie aard te ontwikkel en daarom ook die reg van ons eie Kerk om die eiendommlike christelike karakter van ons volk te beskerm en uit te bou.

Hoewel die Evangelie sy vrye loop moet hê en daar in die opsig nie versperrings opgerig mag word nie, wil die Sinode op die gevaar wys dat die Kerklik-godsdiensige verhoudings in Suid-Afrika planmatig in gevaar gestel kan word deur die invoer van groot getalle buitelandse geestelikes en geestelike werkers, hoewel daar in Suid-Afrika vir die meeste Kerke genoegsame inheemse opleidingsgeriewe vir geestelikes bestaan. Die Sinode versoek die Breë Moderatuur om hierdie saak op hoë vlak met die Owerheid op te neem.

4.8.2 In die lig van talle skadelike faktore wat 'n aanslag maak op die onderwysakker, soos die infiltrasie van vreemde geestesrigtings, ook o.a. deur die instroom van sommige immigrante wat vreemd staan teenoor ons Kerk en Volk se christelike en nasionale lewensbeskouing, versoek die Sinode sy verteenwoordigers op die Sentrale Onderwyskomitee om die inisiatief te neem in die bestudering van die hedendaagse problematiek rondom die onderwys, die positiewe christelike beïnvloeding van die onderwys en aandag te gee aan alle onderwys sake wat saamhang met die behoud en groei van die protestantisme in Suider Afrika.

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy opdrag afgehandel het.

5. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Ds. R.J. Raath (voorsitter)

Ds. J.S. van Dyk (scriba)

D.18 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REVISIE— EN REGSKOMMISSIE

1. REVISIE: BEP. 63(a)

Die wysiging, soos voorgestel, nie aanbeveel nie.

Die kommissie het hierdie aangeleentheid egter deeglik bespreek en lê die volgende voor:

Aanbeveling: Die Sinode besluit om Bep. 63(a) te wysig om soos volg te lees: „Die afgevaardigde leraar met die langste diens neem die leiding by die opening en konstituering van die Sinode totdat die moderatuur, wat sal bestaan uit 'n moderator, assessor, actuarius en scriba, by wyse van 'n groslys vir elke pos, gekies is.” i.p.v. „Direk na die konstituering van die Sinode vind daar onder leiding van die aftredende moderator, nadat 'n groslys opgestel is, die kiesing van die moderatuur van die Sinode plaas, wat sal bestaan uit 'n moderator, assessor, actuarius en scriba.” Die res bly dieselfde.

2. SENDINGKOR: AANSOEK: DS. W.B. JANSEN

(Verduideliking: Hierdie stuk is deur die Tydelike Sendingkommissie direk na hierdie Kommissie verwys met die oog op tydsbesparing.)

'n Skrywe is van Kameeldrif-gemeente ontvang waarin advies gevra word insake 'n versoek van ds. W.B. Jansen dat hy as leraar van die gemeente afgesonder word met opdrag Sendingkor. Daarmee verval dan ook die finansiële verpligting van die Kerkraad teenoor ds. Jansen asook dié ten opsigte van huisvesting.

Die kommissie bespreek die versoek baie deeglik en besluit dat die versoek nie toegestaan kan word nie omdat Sendingkor nie 'n Sinodale werksaamheid of kerklike organisasie is nie. Sou ds. Jansen afgesonder word vir Sendingkor word hy blykbaar 'n besoldigde direkteur/amptenaar van 'n maatskappy en beklee hy gevolglik 'n sekulêre pos. Sou ds. Jansen begerig wees om hiermee voort te gaan moet bedank word as leraar van die gemeente terwyl langs die gewone weë aansoek gedoen word om behoud van status.

Aanbeveling: Die Sinode adviseer dat die aansoek nie goedgekeur kan word nie.

3. VERSOEK S.M.A. I.S. GEMEENTES: KENYA EN TANZANIë

(Agenda bl. 2, pt. 9) (Handelinge S.M.A. 1971 bl. 220 en 313 verwys).

Aanbeveling: Die Sinode keur die aansoek goed en dra dit aan die Kerkkantoor-kommissie op om nadere besonderhede uit te werk.

4. BEARBEIDING VAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (Agenda, bl. 510)

Verduideliking: Ds. O.S.H. Raubenheimer, mede-leraar van Voortrekkerhoogte, kon vanweë sy werksprogram in Europa en die Verenigde Koninkryk sowel as die lang afstand nie vroeër as 23 Mei 1972 'n vergadering in verband met sy werk bywoon nie.

Aanbevelings

1. Omdat, kragtens besluit van die Algemene Sinode, die lidmate van die Ned. Geref. Kerk wat verspreid in Europa woon, as **deel** van die gemeente van Voortrekkerhoogte bearbei moet word, **besluit die H.E. Sinode** dat die grense van die gemeente dienooreenkomstig uitgebrei en beskrywe word.

2. Aangesien buitengewone omstandighede vir hierdie lidmate geld, **besluit die Sinode** dat slegs die breë beginsels van die Skrif en die algemene Gereformeerde Kerkreg as basis van bearbeiding sal geld, en **verder dat** so naby as moontlik aan die Kerkorde en die Bepalings van die Sinode van Noord-Transvaal gehou moet word.

Uitgaande van hierdie **beginselstandpunt besluit die H.E. Sinode** dat o.a. **die werk soos volg gereël mag word:**

2.1 Alle pogings moet aangewend word om attestate, bewyse van lidmaatskap of reisattestate in orde te kry maar indien praktiese omstandighede dit vereis, sal 'n verklaring van die betrokke lidmaat **voorlopig** aanvaar word.

2.2 Die leraar van Voortrekkerhoogte, met opdrag die bearbeiding van lidmate in Europa, kry magtiging om, in opdrag van die Kerkraad, op bepaalde punte waar lidmate in genoegsame getalle saamgetrek is, die lidmate byeen te roep om soveel kerkraadslede as benodig word deur die aanwesige lidmate te laat kies.

Van so 'n byeenkoms, met die oog op die kiesing van kerkraadslede, moet vooraf vir 'n billike tydperk kennis gegee word.

2.3 Sulke verkose kerkraadslede kan dadelik bevestig word.

2.4 Hierdie kerkraadslede sal, wanneer dit moontlik is, deelneem aan kerkraadsvergaderings van Voortrekkerhoogte, maar die feit van hul verkiesing en bevestiging sal nie die kworum van die Kerkraad beïnvloed nie.

2.5 Die Kerkraad van Voortrekkerhoogte sal egter die reg hê om bepaalde take aan hierdie Kerkraadslede ter plaatse toe te vertrou.

5. **AANSOEK: HERSTEL VAN STATUS: E. BOTHA**

Nadat die kommissie die huidige omstandighede en al die stukke sorgvuldig oorweeg het, word die volgende aanbeveling voorgelê:

Aanbeveling: Die Sinode besluit om die aansoek van E. Botha tot herstel van status goed te keur, en hy word verwys na die Eksamenkommissie vir Colloquium Doctum (Bep. 22(c), Art. 6).

6. **MOSIE I.S. ORDEREËLING — NOTULE**

Word aanbeveel.

Aanbeveling: Die Sinode besluit dat voorstelle wat vir bespreking voorgelê word en verwerp word, wel genotuleer sal word met die oog op latere verwysing.

7. **BEP. 76(e)**

Aanbeveling: Die Sinode besluit om na „kolportasie” in te voeg: „spreekkamerdienste.”

8. **BEARBEIDING VAN DOOFSTOMMES IN PRETORIA: DS. F.G.M. DU TOIT, AGENDA BL. 543**

Aanbeveling: Die Sinode keur dit nie goed dat ds. F.G.M. du Toit (Argivaris), beroep word as leraar vir doofstommes in Pretoria nie.

9. **BEP. 58: STAAT VAN GODSDIENS**

Sien Agenda p.832, pt.30

Eerste verslag van Tydelike Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie.

Beskrywingspunte X24 en X42 en aanbeveling Revisie-kommissie X26 en 27, p.843.

Die kommissie beveel aan dat dit soos volg sal lui:

1. By elke gewone-vergadering van die ring sal elke gemeente

'n „Staat van Godsdiens” (d.w.s. 'n verslag van die stand van die geestelike lewe in die gemeente) in duplikaat aan die ring voorlê, wat deur die kerkraad goedgekeur en onderteken is deur die voorsitter en die skriba.

2. Hierdie verslag moet tydens 'n erediens voor die ring-sitting, aan die gemeente voorgelees word vanaf die kansel.

3. Dit moet 'n oorsigtelike en evaluerende beeld gee van die algemene geestelike toestand van die gemeente, **soos dit weerspieël word** in die verskillende verslagvorms wat in daardie jaar voor die ring dien. Fynere besonderhede word nie verwag nie, maar wel duidelik positiewe en/of negatiewe tendense wat uit die verslae na vore kom en wat die aandag van gemeente, ring en sinode verdien. Waar nodig moet vergelykings met vorige jare getref word.

4. Die orde waarin die verskillende verslae behandel word, is soos volg:

- 4.1 Ampsbediening.
- 4.2 Kategese.
- 4.3 Jeugarbeid.
- 4.4 Diens van Barmhartigheid.
- 4.5 Sending.
- 4.6 Evangelisasie.
- 4.7 Openbare Sedelikheid.
- 4.8 Offergawes en Finansies.

.Die gegewens van die Kerkvisitasierapport word by die betrokke afdeling ingewerk.

5. In die jaar wat die gewone vergadering van die Sinode voorafgaan, sal 'n lid van die ring benoem word om 'n kort samevatting van die hoofmomente van die verskillende gemeentes se verslae op te stel en aan die scriba synodi deur te stuur, nie later nie as 'n maand voor die aanvang van die sinode. Die ringskommissie is verantwoordelik om toe te sien dat hierdie opdrag betyds uitgevoer word.

10. REGLEMENT EN BEPALINGE VAN DIE SINODALE BEPLANNINGSKOMMISSIE (ACTA p.806v)

Voeg in „Sinodale” tussen „Die” en „Beplanningskommissie”.

1. **NAAM:** Skrap die hakie voor Noord-. Origens dieselfde.
2. **SAMESTELLING:** Verander om te lees
 - 2.1 Die kommissie word soos volg saamgestel:
Een verteenwoordiger uit elke van die volgende:

Die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie.
Die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.
Die Kerkkantoor-kommissie ('n lid uit Noord-Transvaal).
Die Ringe.

2.2 Die Direkteur van die Diensburo is ampshalwe lid.

2.2 word 2.3. Skrap „van tyd tot tyd”.

Origens in orde.

3. KONSTITUERING

3.1 Die kommissie kies 'n voorsitter en skriba en stel 'n dagbestuur saam wat bestaan uit die Voorsitter, Skriba en vier lede.

3.2 Die skriba van die kommissie sal ampshalwe skriba van die dagbestuur wees.

4. OPDRAG

Die opdragte van die Kommissie is:

4.1 'n Deeglike studie van alle toekomstige uitbreiding binne die sinodale ressort.

4.2 Die beplanning in samewerking met die betrokke kerkrade en ringe vir toekomstige gemeentes en die aankoop/verkryging van die nodige persele.

4.3 Die indiening van alle aansoeke om lenings aan kerkrade, of om direkte aankope ten behoeve van kerkrade by die kerkkantoor-kommissie aan te beveel. Hierdie aansoeke moet vergesel wees van aanbevelings oor uitbreiding na samespreking met die betrokke kerkraad, Ringsverteenvoordiger en Ringskommissie.

5. FINANSIES

5.1 Fondse vir aankope en lenings word deur die kerkkantoor-kommissie voorsien uit:

5.1.1 Die kapitaal van die Reserwefonds; (daar dien op gelet te word dat fondse vir hierdie doel beskikbaar is uit die Reserwefonds op voorwaarde dat kapitaal en rente weer in die fonds teruggestort word. (Handelinge N.-Tvl. 1968, bl. 664, 832.)

5.1.2 Gemeentebeleggings en ander fondse beskikbaar vir langtermyn-belegging.

5.2 Die administratiewe koste van die kommissie word deur die Sinodale fonds gedra.

6. **VERSLAG:** Die kommissie doen verslag aan die Sinode of aan die Sinodale Kommissie.

7. **REGLEMENTSWYSIGING:** Geen reglementswysiging mag sonder verlot van die sinode of sinodale kommissie aangebring word nie.

11. OOR SAKE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG TUSSEN DIE SINODES VAN NOORD-, SUID- EN WES-TRANSVAAL SOOS ONDER MEER DIE SINODALE KERKKANTOOR-KOMMISSIE

1. Beroep die Sinode hom op die ooreenkoms wat bereik is by die verdeling van die Algemene Sinode van Transvaal in die sinodes van Noord- en Suid-Transvaal waarvolgens die twee sinodes „die reg sal hê om die bates, regte en pligte van die huidige Algemene Sinode onderling te verdeel op 'n basis waartoe hulle onderling mag ooreenkom.” (Sien Handeling 25e Sinode van Ned. Geref. Kerk van Transvaal 1961 bl. 471);

2. besluit die Sinode, wat die Sinodale Kerkkantoor-kommissie betref, om die sinodes van Suid- en Wes-Transvaal tot by die volgende gewone sitting van die sinode tydelik toe te laat om elk 5 lede daarop te benoem, sonder enige benadeling van die regte van die sinode van Noord-Transvaal; en op voorwaarde dat indien sake behandel word wat een sekere sinode spesifiek raak, die betrokke lede van die sinode, indien hulle so verkies, die reg sal hê om eers hulle sinode of sinodale kommissie om advies te nader voordat daar finaal oor die onderhawige saak beslis kan word;

3. dra die Sinode dit aan die Sinodale Kerkkantoor-kommissie op om 'n nuwe reglement in die lig van 1. hierbo op te stel vir voorlegging aan en goedkeuring deur die betrokke 3 Sinodale Kommissies, met die oog op 'n enersluitende aanbeveling by die volgende gewone sitting van die 3 sinodes.

12. BEPALING 86

(a) Sinodes van Noord- en Suid-Transvaal word: Sinodes van Noord-, Suid- en Wes-Transvaal.

(b) **Soos volg gewysig:**

Die opdrag van hierdie kommissie is om toesig te hou oor die administrasie van die Kerkkantoor met insluiting van die bepaling

van diensvoorwaardes (salarisse, verlofvoorregte, diensure, pensioenvoorsiening en enige ander noodsaaklike diensvoorwaardes) van administratiewe beamptes, klerke en tiksters in diens van die Kommissies van die sinodes asook die aanstelling en diensbeëindiging van personeellede.

(c) **Soos volg gewysig:**

Die Kommissie het die bevoegdheid om:

- (i) met betrekking tot die eiendomme en fondse van die kerk as eiser en verweerder op te tree;
- (ii) geld te leen en uit te leen teen voorwaardes, of te belê in sekuriteite of by instansies, wat vir die kommissie voordelig voorkom asook reëlings te tref vir die gee of verkryging van die nodige sekuriteite van sodanige lenings of beleggings;
- (iii) van alle eiendomme wat aan die kerk geskenk of deur hom verkry word volgens die bepalinge van die kerk op naam van die kerk transport te neem;
- (iv) eiendomme wat op naam van die kerk geregistreer is of deur hom besit word met goedkeuring van die betrokke sinode(s) of sinodale kommissie(s) te verkoop of andersins van die hand te sit of te skenk. In dringende gevalle kan ten opsigte van eiendomme, met 'n markwaarde van nie meer as R20 000 nie, goedkeuring van die moderatuur verkry word.

13. BEPALING 87

- (a) Gewysig om soos volg te lees:

Die Sinodale Kerkkantoor-kommissie stel die Saakgelastigde aan.

- (e) Gewysig om soos volg te lees: „Aanstelling” word „benoeming”. Verander „dit” na „sy benoeming”.

Skrap die woorde „van jaar tot jaar”.

14. VERTEENWOORDIGING OP KOMMISSIES: NOORD-SUID- EN WES-TRANSVAAL (Agenda, bl. 44—45)

14.1 Raad van Kuratore

14.1.1 Ter motivering:

1. Aangesien die sinode van Suid-Transvaal ontbind het en daar toe twee nuwe sinodes nl. Suid- en Wes-Tvl. gestig is; en

2. gesien die feit dat genoemde sinodes wat die finansiële verpligtinge betref, gebly het by die oorspronklike basis van verdeling nl. N.-Tvl. 11 en Suid-Tvl. 13 en hulle verpligtinge verdeel het op die basis $6\frac{1}{2}$ —6± (Agenda, S.-Tvl. 1972, bl. 23); en

3. aangesien Bep. 1(a) slegs voorsiening maak vir 4 lede vir Noord- en vir Suid-Tvl. op die Raad van Kuratore

Besluit die Sinode

1. Dat die versoek van Suid- en Wes-Tvl. om elk vier lede op die Raad van Kuratore te benoem, nie goedgekeur word nie. In die lig van bogenoemde motivering sal Suid- en Wes-Tvl. elk net twee lede kan benoem.

2. Die Algemene Sinode word versoek om Art. 5.3 en 5.4 sodanig te hersien dat die beginsel vervat in hierdie artikels nl. dat die Raad van Kuratore saamgestel word volgens bepalinge van die sinode binne wie se territoriale ressort die betrokke instansie geleë is, tot verwesenliking kan kom. Art. 5 word dan dienoreenkomstig gewysig.

14.2 Die Eksamenkommissie (Bep. 4 verwys)

Bg. motivering 14.1.1 verwys.

Aanbeveling: Die Sinode besluit dat die versoek van Suid- en Wes-Tvl. om elk deur vier eksaminatore verteenwoordig te word, nie goedgekeur word nie. In die lig van die reeds genoemde motivering kan Suid- en Wes-Tvl. elk drie eksaminatore nomineer, waaruit gepoog moet word om twee te benoem.

14.3 Kieskollege (Bep. 3(a)(ii) verwys)

1. Dit word aanbeveel dat daar vir die huidige tot die volgende sinodes gehandel word volgens die bestaande bepaling nl. dat elke ring wat nie reeds verteenwoordig is nie, 'n verteenwoordiger mag benoem — ook die ringe van Suid- en Wes-Tvl.

2. Dit word ook na die Algemene Regskommissie verwys om die basis van hierdie verteenwoordiging in ooreenstemming te bring met die beginsel waarop besluit sal word i.v.m. die Raad van Kuratore.

Aanbeveling: Die Sinode keur bogenoemde (14.3.1 en 14.3.2) goed.

14.4 **Argief:** Twee vir elke sinode goedgekeur.

14.5 **Radiokommissie:** Twee vir elke sinode. Goedgekeur.

14.6 **N.G. Kerk-Boekhandel:** Afgehandel.

14.7 **Kerklike Inligtingsburo:** Twee vir elke sinode. Goedgekeur.

14.8 **Anti-Kommunistiese Aksiekommissie:** Twee vir elke sinode. Goedgekeur.

14.9.1 **Reglement: Bloedrivierkommissie** (Agenda, bl. 76)
— Goedgekeur.

14.9

1. **Reglement: Bloedrivierkommissie** (Agenda, bl. 76):
Goedgekeur.

2. **M.E.I.:** Een vir elke sinode. Goedgekeur.

3. **Kultuurraad:** Die Kultuurraad is slegs in Pretoria gesetel. Daarom benoem slegs Noord-Tvl. 'n verteenwoordiger.

Aanbeveling: Die Sinode besluit dat slegs Noord-Tvl. 'n verteenwoordiger op die Kultuurraad benoem.

4. **Instituut vir Volksgesondheid:** Een verteenwoordiger van elke sinode. Goedgekeur.

14.10 **Bearbeiding van lidmate in Weermag:** Twee lede van elke sinode. Goedgekeur.

14.11 **Kommissie vir Kerkbou:** Hierdie kommissie word nou vervang deur die Kerklike Diensburo. Die Diensburo is 'n onderneming van Noord-Tvl.

Aanbeveling: Die Sinode besluit om die daarstelling van 'n Kerklike Diensburo by Suid- en Wes-Tvl. aan te beveel. Intussen word hierdie sinodes tot samewerking genooi.

14.12 **Kerkmusiek en Liturgiek:** Hierdie kommissie se naam is nou die Kommissie vir die Erediens, wat 'n kommissie van hierdie sinode is. Skakeling geskied deur die Algemene Sinode.

Die Tydelike Regskommissie oordeel dus dat 'n gesamentlike kommissie vir die sinodes van Transvaal nie nodig is nie.

15. **PERMANENTE VERGADERTYD VAN SINODE** (Agenda, bl. 46—47)

Aanbeveling goedgekeur.

16. **WYSIGING: BEPALING 83(c):** (Agenda bl. 127)

Aanbeveling: Die Sinode besluit: Bepaling 83(c) van die Kerkorde word vervang deur die volgende bewoording: „Hierdie

state moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken word en moet daarbenewens gesertifiseer word deur 'n ouditeur wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs van 1951 (Wet nr. 51 van 1951) soos gewysig, geregistreer is."

PROF. A.B. DU PREEZ (Voorsitter)

DS. J. GREYVENSTEYN (Scriba)

DS G.J. DAVIDTSZ (Actuarius)

D.19 TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING

1. BESKRYWINGSPUNT 16 VAN AFDELING II p.6 INSAKE VERHOGING

SINODALE SENDINGFONDS

1.1 Aansoek om groter finansiële ondersteuning

Beskrywingspunt 16, Afd. II p.6 van die Kerkraad, Witrivier is na die Tydelike Kommissie vir Begroting verwys.

Navraag het egter aan die lig gebring dat die saak gaan om groter finansiële ondersteuning vir die sendingwerk van die plaaslike Kerkraad en daarom is die Tydelike Sendingkommissie versoek om aandag aan die saak te gee.

1.2 Toekenning uit Sinodale Begroting

Die Kerkraad van Witrivier het met die hulp van ander, groot werksaamhede aangepak en evangeliste aangestel. Vir die groot kapitale uitgawes sien hulle nie kans nie en 'n aansoek vir hulp van R20 000 is by die S.S.K. gedoen.

Die Kerkraad het skynbaar verneem dat hierdie bedrag deur die Sinode goedgekeur sou word. Dit is egter nie die geval nie.

Indien die aanbeveling van die Begrotingskommissie aanvaar word, sal die S.S.K. jaarliks toekennings vir kapitale werke kan doen uit 'n globale bedrag wat slegs R21 500 vir al die gemeentes van Noord-Transvaal bedra. Toekennings kan derhalwe slegs 'n minimale bedrag wees. Toekennings word jaarliks by die vergadering van die S.S.K. in Augustus gedoen.

1.3 Aanbeveling

Die Sinode besluit dat aansoeke vir kapitale werk uit die Sinodale Sendingfonds slegs toegeken kan word uit die fondse wat vir die doel deur die Sinode aan die Sinodale Sendingkommissie beskikbaar gestel word.

Die S.S.K. word opgedra om die aansoek saam met ander te oorweeg by die jaarlikse begroting.

2. PREDIKANTE IN SINODALE DIENS

2.1 Waardering vir sommige aspekte van die Kommissie van Onderzoek se Verslag

Die Tydelike Kommissie vir die Sending het opnuut ernstige aandag gegee aan die gegewens, aanmerkings en aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek na Predikante in Sinodale Diens en aanverwante poste.

Opregte waardering is betoon vir sommige aspekte van die verslag, in die besonder oor die omvang en aard van die ondersoek. Dit het baie tyd en kragte vereis en 'n duidelike basis van bespreking daargestel waar die Sinode op bepaalde punte beslissings kan neem sonder om in algemeenhede verseild te raak.

2.2 Punte van Ooreenkoms en Verskil

Daar is baie punte waarmee die Tydelike Sendingkommissie heelhartig instemming wil betuig. Daar is ander afleidings wat gemaak word en aanbevelings wat gedoen word waarmee die Kommissie vir Sending sterk verskil en waarteen baie ernstige beswaar gemaak moet word.

Ten opsigte van ondergenoemde punte word daarom nie net verskille aangedui nie, maar ook instemming betuig waar dit wel bestaan.

2.3 Verslag in besonder t.o.v. Predikante in Sinodale Diens met Opdrag Sending

Die Tydelike Sendingkommissie het geoordeel dat sy antwoord in die besonder die poste van predikante in Sinodale diens met opdrag sending raak. Slegs in 'n mate sal beginsel wat bespreek word ook ander poste raak.

2.4 Plaaslike Gemeente en Breëre Vergadering

Die Tydelike Kommissie vir die Sending verwys hier na die verslag van die Kommissie van Onderzoek; Agenda p.356—366.

2.4.1 Die Plaaslike gemeente as primêre sigbare gestalte van die Kerk van Christus

Sonder om in definisies of formulerings te verval, wil u Kommissie sy instemming betuig dat die plaaslike kerk volstandig en volledig kan bestaan. Slegs namate die plaaslike gemeentes groei en toeneem ontstaan daar omstandighede wat gesamentlike aksie en optrede noodsaaklik maak.

2.4.2 Gemeenskaplike Handeling by breër kerklike Vergadering

Die Kommissie betuig sy instemming met die uiteensetting (Agenda p.36) waar aangevoer word dat naas die **Plaaslike Kerk** daar 'n „**Breër Vergadering van Kerke**” is. Met verwysing na Hand. 15 word die omskrywing gegee: „Dit is waar twee of meer kerke saamkom om sake van gemeenskaplike belang te behandel.”

Na aanleiding van die Kerkorde word verder betoog: „Wanneer die plaaslike Kerk in kerkverband tree, gaan die selfstandigheid van die plaaslike Kerke nie verlore nie, maar vind daar juis gemeenskaplike handeling plaas d.m.v. die onderskeie selfstandige kerke.” (p.360 punt 3.5.3)

Die Kommissie van Onderzoek beklemtoon dat alleen die plaaslike kerkrade voortdurend amptelike mag het, terwyl die Ring of Sinode 'n vergadering op sy eie is wat ophou om te bestaan wanneer dit afgeloop is; slegs die kerkraad in die plaaslike kerk kan die opgelegde taak van Christus voortdurend uitvoer. (p.361)

Hoeseer die stelling aanvaar moet word dat die Ring of Sinode geen nuwe „kerk” langs die bestaande plaaslike gemeente is nie, word hier 'n eensydige beklemtoning van die taak en funksie van die kerkraad gegee, waarby die kerk se taak en roeping in breë verband ongetwyfeld misken word. In die Sendingverslag aan die Sinode (p.688) is reeds betuig: „Die opdrag van Christus aan Sy kerk rig Hy in die eerste instansie aan die plaaslike kerk. Dit is reg, maar eerste instansie is nog nie laaste en enigste instansie nie. Dit stel die Kerkorde self in artikels 22, 53 en 54.

Die Ring en Sinode het elkeen na sy eie aard 'n kerklike gesag. Dit word in die verslag van die Kommissie van Onderzoek nie genoeg eerbiedig nie. Die verslag se oorbeklemtoning en oorskatting van die taak van die plaaslike Kerkraad lei tot geringskatting van die kerkverband en gevolglik verloor die verslag in groot mate 'n gebalanseerde perspektief.”

2.4.3 Miskenning van die Gemeenskaplike Handeling t.o.v. Sending

Hoewel die Kommissie van Onderzoek die gemeenskaplike handeling van Ring en Sinode erken, word die betekenis daarvan gereduseer tot die waarde van 'n bespreking en besluit tydens die duur van die vergadering. Hiervolgens het nog Ring en Sinode enige selfstandige en voortgaande sendingtaak na afloop van die vergadering. Hierdie konsekwensie wat die Kommissie van Onderzoek trek is reeds in stryd met sy uiteensetting in die volgende punt naamlik die opdragte aan deputate i.v.m. sake van langdurige aard.

2.4.4 'n Eie en afsonderlike Sendingtaak vir Kerkraad, Ring en Sinode

Die Tydelike Kommissie vir die Sending wil dit beklemtoon dat in ons Kerkorde 'n eie en afsonderlike sendingtaak kragtens die kerkverband toegeken word aan Ring en Sinode en dat die taak van die Sinode ewemin na die Kerkraad herlei kan word as wat die Sinode by magte is om die taak van die Kerkraad op hom te neem. (Vgl. Art. 53(b)).

Slegs om nie te dupliseer nie, word die betoog van die S.S.K. in hierdie verband nie herhaal nie, maar word die Sinode vriendelik verwys na p.689—691 (Agenda 1972 paragraaf 4.3).

2.4.5 Sinodale- of Ringsarbeid van Langdurige aard

Ten spyte van die miskenning van die sendingtaak van meerdere vergaderings stel die Kommissie van Onderzoek dit tog duidelik dat die werksaamhede van die meerdere vergadering in die reses deur sy opdragte voortgang geniet. „**Die aangewese weg is dat aan sekere persone opdragte toevertrou moet word vir uitvoering en verslag daarvan aan die volgende vergadering.**” (p.362 punt 4.)

2.5 Toepassing van Bogenoemde Beginsels t.o.v. Predikante in Sinodale Diens met Opdrag Sending

Die Tydelike Kommissie vir Sending is baie dankbaar om, in die lig van die beginsels, soos hierbo die volgende op te merk:

2.5.1 Die Sinodale Sending word uitgevoer in volkome ooreenstemming met die neergelegde beginsels van die Skrif en Kerkorde

Indien dit waar sou wees dat die Sinodale Sendingkommissie of die predikante in Sinodale diens met opdrag sending, gemeentelike of Ringsendingwerk „na hulle trek”

sou hulle ongetwyfeld optree in stryd met die skriftuurlike beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerkraad en die duidelike omskrywing in Art. 53(a). „Sendingwerk is in die eerste instansie die roeping van elke lidmaat van die gemeente en die plaaslike Kerkraad.”

Die antwoord is egter baie duidelik dat die Sinodale Sendingkommissie **alleen** optree volgens Art. 53(b): „**Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, sal die gemeentes, in kerkverband van Ring en Sinode dit onderneem**” en bepaling 81a, b, c

(a) „By elke gewone vergadering van die sinode sal daar 'n sinodale sendingkommissie benoem word in ooreenstemming met bep. 65(f), wat tot taak sal hê die beplanning, koördinerende en stimulerende van die sendingaksie van die kerk binne die sinodale ressort tesame met 'n predikant in sinodale diens met opdrag sending, beroep in ooreenstemming met Bep. 15 as skriba en lid van die kommissie.

(b) Hierdie kommissie sal in die nouste samewerking met die sinodes van die dogterkerke aandag gee aan nuwe moontlikhede vir die verlening van hulp aan die dogterkerke. Waar moontlik sal hierdie kommissie kerkrade afsonderlik en in kombinasie of ringe probeer vind om sendingverpligtinge te aanvaar op plekke waar daarvoor behoefte bestaan, desnoods met ondersteuning van die sinode. Indien dit nie moontlik is nie, sal die kommissie self daardie verpligtinge aangaan vir sover hy die fondse daarvoor kan vind.

(c) Hierdie kommissie het die reg om subkommissies te benoem vir die behartiging van die belange van die sendingaksie onder die afsonderlike bevolkingsgroepe. Hulle sal hulle beywer om die werk onder die verskillende bevolkingsgroepe te bevorder, om fondse vir die werk in te samel en waar nodig ander kerklike bestuursliggame versoek om in ooreenstemming met Bep. 8(c) arbeiders vir die werk uit te stuur.”

2.5.2 Bewyse van optrede volgens die Kerkorde

Die Sinodale Sending het in sy verslag, wat reeds voor die Sinode gedien het, voldoende bewys gelewer dat die werksaamhede alleen volgens Art. 53 en bepaling 81 a—c gedoen is en die Sinode het dit met dank so aanvaar. In hierdie verband kan na die volgende verwys word:

2.5.2.1 Uiteensetting van die Sendingbeleid. (Agenda p.633 punt 1.)

Hier word o.m. volledige skriftelike bewys gelewer dat werk nie van kerkrade weggetrek is nie, maar dat die **teendeel** plaasgevind het. Daar word o.m. gerapporteer: „Selfs nuwe noodsaaklike werksaamhede wat deur die S.S.K. opgemerk is, is na ondersoek onder die aandag van die betrokke Ringe en Kerkrade gebring totdat hierdie werksaamhede as verantwoordelikheid van die betrokke gemeentes aanvaar kan word. As voorbeelde hiervan kan genoem word die Middestadsending waaraan die Ringe van Pretoria, Pretoria-Oos en Lyttelton deel het en die uitgebreide werksaamhede van die Ringe van Pretoria-Wes, Daspoort, Pretoria-Noord en Krokodilrivier aan die deel van die Tswanatusisland noord en wes van Pretoria en die Ringe van Middelburg en Erasmus en Pietersburg t.o.v. die Kleurlingsending.

2.5.2.2 Wyse waarop sinodale subsidiëring aan plaaslike Kerkrade geskied (p.633 punt 2 en 634 punt 4). Hier word dit duidelik gestel dat anders as wat voorheen die geval was, daar geen direkte „sinodale werksaamheid” meer bestaan nie.

2.5.2.3 Aansporing tot handhawing van Art. 53 (p.638 punt 5.2).

2.5.3.4 Die hele begroting in al sy aspekte en onderafdelings beklemtoon die plaaslike werk en bedoel slegs om aan te vul waar die plaaslike inkomste onvoldoende is.

2.5.3 **Bevindings van die Kommissie van Ondersoek**

Die Kommissie van Ondersoek het tot die volgende bevindings gekom t.o.v. sinodale poste en van die Sending in die besonder: (p.394, 395). Die bevindinge word woordeliks aangehaal, maar deur ons onderstreep.

2.5.3.1 „Deur die (Sending)kommissie word veel gedoen t.o.v. **studie op sendingterrein**. Beheer word ook uitgeoefen oor die sendingbouers en medewerking word verleen aan die betrokke kommissie van die **Algemene Sinode t.o.v. verskeie aspekte wat algemeen van aard is**.

Verder word skakeling met die verskillende sendingverenigings gehou. Uit die aard van die saak word vanuit hierdie kantoor baie **dikwels geskakel met verskillende departemente van die provinsiale en sentrale owerheid**. Kontak word ook behou met die **N.G. Kerk in Afrika op sinodale vlak** en selfstandige gemeentes van die Kerk.

Hier word o.m. volledige skriftelike bewys gelewer dat werk nie van kerkrade weggetrek is nie, maar dat die **teendeel** plaasgevind het. Daar word o.m. gerapporteer: „Selfs nuwe noodsaaklike werksaamhede wat deur die S.S.K. opgemerk is, is na ondersoek onder die aandag van die betrokke Ringe en Kerkrade gebring totdat hierdie werksaamhede as verantwoordelikheid van die betrokke gemeentes aanvaar kan word. As voorbeelde hiervan kan genoem word die Middestadsending waaraan die Ringe van Pretoria, Pretoria-Oos en Lyttelton deel het en die uitgebreide werksaamhede van die Ringe van Pretoria-Wes, Daspoort, Pretoria-Noord en Krokodilrivier aan die deel van die Tswanatusisland noord en wes van Pretoria en die Ringe van Middelburg en Erasmus en Pietersburg t.o.v. die Kleurlingsending.

2.5.2.2 Wyse waarop sinodale subsidiëring aan plaaslike Kerkrade geskied (p.633 punt 2 en 634 punt 4). Hier word dit duidelik gestel dat anders as wat voorheen die geval was, daar geen direkte „sinodale werksaamheid” meer bestaan nie.

2.5.2.3 Aansporing tot handhawing van Art. 53 (p.638 punt 5.2).

2.5.3.4 Die hele begroting in al sy aspekte en onderafdelings beklemtoon die plaaslike werk en bedoel slegs om aan te vul waar die plaaslike inkomste onvoldoende is.

2.5.3 **Bevindings van die Kommissie van Ondersoek**

Die Kommissie van Ondersoek het tot die volgende bevindings gekom t.o.v. sinodale poste en van die Sending in die besonder: (p.394, 395). Die bevindinge word woordeliks aangehaal, maar deur ons onderstreep.

2.5.3.1 „Deur die (Sending)kommissie word veel gedoen t.o.v. **studie op sendingterrein**. Beheer word ook uitgeoefen oor die sendingbouers en medewerking word verleen aan die betrokke kommissie van die **Algemene Sinode t.o.v. verskeie aspekte wat algemeen van aard is**.

Verder word skakeling met die verskillende sendingverenigings gehou. Uit die aard van die saak word vanuit hierdie kantoor baie **dikwels geskakel met verskillende departemente van die provinsiale en sentrale owerheid**. Kontak word ook behou met die **N.G. Kerk in Afrika op sinodale vlak** en selfstandige gemeentes van die Kerk.

saamhede t.o.v. die sending in sy verhouding tot die Algemene Sinode, teenoor die sentrale regering en provinsiale owerheid en skakeling met die Dogterkerke op Sinodale vlak.

2.5.4.2 Geen oortreding van skriftuurlike en kerkregtelike beginsels nie

Op geen enkele plek kon daar getuienis in die verslag gevind word dat die predikante in Sinodale diens in stryd met die neergelegde beginsels opgetree het of selfs teen die gees van sinodale besluite opgetree het nie.

2.5.4.3 Langdurige en voortgaande Werksaamhede van Kommissie vir Sinodale Sending

Daar moet duidelik gekonstateer word dat daar **voortgaande en omvangryke sinodale sendingarbeid is** wat nooit na Ringe of Kerkrade gedentraliseer kan word nie en blywende en onafgebroke aandag verdien. (Naas die getuienis van die Kommissie van Ondersoek soos aangehaal vergelyk die werk i.v.m. die Raad van Kerke, die Skakelkomitee (Liaison Committee) met die Indian Reformed Church. Die Stofberg teologiese skole en skakeling met Universiteite. C.L.F. Onderhandelinge met Sentrale en Provinsiale en ander owerhede oor mediese sending. Gesamentlike Sendingwerk met ander sinodes, oriënteringskursusse vir sendingpersoneel, skakeling met regering oor talle problematiese gevalle oor onderwys, rasse-aangeleenthede, woonbuurtes, maatskaplike ontwikkeling, hervestigingsskemas, wetgewing t.o.v. sekere aangeleenthede en talle meer.)

2.5.4.4 Voortdurende en Groot Omvang van Werksaamhede

Die Tydelike Kommissie vir Sending het tot die oortuiging gekom dat daar nie alleen voortdurende en voortgaande werksaamhede van die Sinodale Sendingkommissie en predikante in Sinodale diens met opdrag sending is nie, maar dat die omvang van die werk sodanig **is dat die werk selfs nie vir 'n kort tyd gestaak of onderbreek kan word nie.**

2.6 Aanbevelings t.o.v. Predikante in Sinodale Diens met opdrag Sending

Teen die lig van die ondersoek van die Tydelike Kommissie vir die Sending en op grond van die getuienis van die verslag van die Kommissie van Ondersoek, kan slegs die volgende aanbevelings gedoen word.

2.6.1 Die Sinode besluit om die aanbeveling van die Kommissie van Onderzoek, 9.29 op p.404 te wysig om te lees:

Die Sinode besluit om in die lig van die ondersoek wat plaasgevind het, die predikante in sinodale diens met opdrag sending en die Sinodale Sendingkommissie te versoek om voort te gaan om sendingwerk wat deur Ringe of Kerkrade behartig kan word te desentraliseer en hulle slegs met die werksaamhede besig te hou wat deur die Kerk in breër verband behartig moet word.

2.6.2 Die Sinode aanvaar die aanbeveling 9.9 van die Kommissie van Onderzoek op p.400 t.w.:

Die Sinode het onder die indruk gekom van die oorweldigende taak wat op die skouers van die predikante in sinodale diens rus, asook die feit dat hulle dikwels onder moeilike en uitputtende omstandighede hulle taak met groot ywer en doelgerigtheid ten uitvoer bring, meer dikwels met groot opofferinge na die liggaam en ook vir hulle huisgesinne.

Daarom wil die sinode langs hierdie weg sy innige en opregte dank boekstaaf in die eerste plek teenoor die Here God dat Hy nietige sondaar-mense so begenadig en gebruik in Sy diens; maar ook teenoor hulle wat hierdie poste beklee vir die onbaatsugtige diens en ywer wat hulle in die uitvoering van hulle pligte aan die dag lê.

Die Sinode bid hulle, hul eggenotes en kinders daarom die kennelike seën van die Here, asook 'n geseënde en vrugbare dienstyd toe en bid dat hulle elke dag oor die nodige gesondheid in liggaam en gees, wysheid en verstand, oorleg en kundigheid mag beskik om op die grootste moontlike wyse die Naam van die Here God te verheerlik in die akker waarin elkeen deur Hom geplaas is.

2.6.3 Die Sinode aanvaar aanbeveling 9.10 op p.400:

Die Sinode het dit nodig gevind om bepaalde persone af te sonder met bepaalde opdragte en versoek dat hierdie persone deur almal in die kerk aanvaar en die geleentheid gebied sal word om hulle opdragte ten beste uit te voer tot voordeel van die Kerk en die Koninkryk van God.

2.6.4 Die Sinode aanvaar aanbeveling 9.11 op p.400:

Die Sinode besluit dat Kerkrade, Ringe en die Sinode elk op sy eie terrein en deur sy eie kommissies navorsing sal doen na gelang van omstandighede en beveel daarom die benoeming van studiekommissies aan.

2.7 Aanbevelings by Sinodale werk van langdurige aard en moontlike inskakeling van ampsdraers by plaaslike Gemeentes

2.7.1 Inskakeling of Koppeling met die plaaslike Gemeente

Die Kommissie van Ondersoek stel dit dat sekere sinodale werk van langdurige aard eerder aan 'n plaaslike gemeente gekoppel behoort te word met ondersteuning van die breëre vergadering deur middel van sy deputaatskap of kommissie wat o.a. die fondse en die werkopdragte met die plaaslike kerkraad sal reël (p.362 punt 2).

2.7.2 Sinodale arbeid van 'n langdurige aard moet aan 'n deputaat opgedra word:

Die Kommissie van Ondersoek stel dit dat werk van 'n langdurige aard aan 'n deputaat opgedra moet word, wat as dit 'n predikant moet wees, losgemaak van die gemeente, die werk moet verrig. (p.363 punt 4.3.)

2.7.3 Bevindings van Tydelike Kommissie vir Sending oor implikasies by langdurige Sinodale werk

2.7.3.1 Onderskeiding in Sinodale Opdragte

Die Kommissie verheug hom in die bevinding van die Kommissie van Ondersoek dat „sekere sinodale werk van langdurige aard eerder aan 'n plaaslike gemeente gekoppel behoort te word, met die ondersteuning van die breër vergadering deur middel van sy deputaatskap of kommissie wat o.a. die fondse en die werkopdragte met die plaaslike kerkraad reël.”

Die teologiese professore word hier by name genoem wat dan 'n beperkte opdrag sou ontvang en het dan geleentheid om hom aan sy ander groot taak te wy.

Skygbaar sien die Kommissie van Ondersoek nie sy weg oop om hierdie kerkregtelike gesonde prosedure te laat geld vir ander persone wat ook deur die Sinode geroep word om 'n taak in breër kerklike verband te verrig nie.

Dit word nie gestel waarom in die tweede geval die werk aan 'n deputaat opgedra moet word en waarom hy dan losgemaak van sy gemeente die werk moet verrig nie. Ook nie waarom die opdrag by elke volgende breër vergadering herhaal moet word nie.

Die kommissie begryp ook nie waarom die opdrag herhaal moet word indien die opdrag, soos by die profes-

sore, 'n lewenstaak is wat in terme van die Kerkorde Art. 53(b) gegee word en wat nie na afloop van die reses gewysig word nie.

2.7.4 Aanbevelings

Die Sinode besluit om die moontlike inskakeling van leraars in sinodale diens as medeleraars in bepaalde gemeentes 'n saak is wat die beleid van die Ned. Geref. Kerk as geheel taak en daarom na die Algemene Sinode vir uitsluitel verwys moet word.

2.8 Die Koste-aspek by predikante in Sinodale Diens met opdrag Sending

2.8.1 Getuienis van die Kommissie van Onderzoek

Die Kommissie van Onderzoek het t.o.v. administrasie waardeerende opmerkings gemaak (p.369, 370).

Daar word ook aangetoon dat die aard en die omvang van die werk „daaglikse aandag vereis”.

Die werk word so ingedeel dat die sekretaresse en tiksters met 'n vol vrag kan voortgaan selfs wanneer die predikante nie op kantoor is nie. Oor die werk van die dames word besondere dankbetuigings gemaak.

Uit alles blyk dat 'n groot administrasie wat groot koste meebring op voortreflike wyse verrig word.

Die vraag is hoe enige desentralisasie hierdie massa van werk effektief kan afhandel sonder dat predikante hulle eie gemeentelike werk noodwendig moet verwaarloos of ander plaasvervangende poste weer geskep word.

Getuienis uit die Ring van Lichtenburg waar 'n proefneming in hierdie rigting gedoen is, het afdoende bewys gelewer van die onhoudbaarheid om selfs Ringswerk te desentraliseer.

2.8.2 Samevatting

Die Tydelike Kommissie vir Sending konkludeer onomwonde dat die Kerk geen vermindering van koste kon verwag met enige poging tot desentralisasie nie, maar dat die teendeel verwag kan word.

3. ONDERHANDELINGE TUSSEN VROUEVERENIGINGE OOR TOEKOMSTIGE SAMEWERKING, VOORTBESTAAN EN NAASBESTAAN

3.1 Stukke na die Kommissie verwys

3.1.1 Eenparige ooreenkoms tussen die Hoofbesture van die Transvaalse Vrouesendingvereniging Noord en die Vroue- hulpdiens van Noord-Transvaal

Op 'n gesamentlike vergadering van die hoofbesture van die T.V.S.V.-Noord en Vrouehulpdiens van Noord-Transvaal spreek die lede hul dank en waardering uit vir die besluit van die Algemene Sinode rakende hul voortbestaan en werk. Hierdeur bied die Kerk aan die vrouelidmate die geleentheid om op georganiseerde en doeltreffende wyse hul talente, krag en tyd te gee in diens van die Kerk en die Meester. Jarelange ondervinding het bewys dat hul gewaardeerde hulp aan die kerkraad en gemeente bied. Deur die raad en voorligting wat vanuit die betrokke hoofbesture aan die susters van die gemeentes beskikbaar gestel is, is die susters geaktiveer en gestimuleer.

Die Sinode word derhalwe baie beleefd en vriendelik versoek om onderstaande heelhartige ooreenkoms tussen die hoofbesture van die TVSV-Noord en Vrouehulpdiens van Noord-Transvaal goed te keur en kerkrade te versoek om toe te sien dat die TVSV en Vrouehulpdiens in hulle onderskeie gemeentes die gees van die ooreenkoms ten volle nakom.

1. Die hoofbesture kom ooreen dat daar 'n volwaardige TVSV sowel as 'n volwaardige Vrouehulpdiens, met afsonderlike besture en boekhouding, in gemeentes sal bestaan en dat die een nie slegs 'n komitee van die ander sal vorm nie.
2. In gevalle waar daar besondere probleme i.v.m. die uitvoering van hierdie normale werkspatroon mag ontstaan, sal
 - 2.1 die betrokkenes die twee hoofbesture raadpleeg
 - 2.2 die twee hoofbesture in oorleg met mekaar in hierdie saak optree
 - 2.3 'n interkomitee saamgestel word om dit te vergemaklik.
3. Die sinode word versoek om te besluit dat vrouelidmate nie op 'n ander wyse as deur die goedgekeurde kerklike

organisasies te wete die TVSV en Vrouehulpdiens georganiseer sal word nie.

(GET.) C.J. VAN WYK

Voorsitter, Vrouehulpdiens van Noord-Transvaal

(GET.) S. MARAIS

Presidente TVSV-Noord

(GET.) D. v.d. WESTHUIZEN

Sekretaresse, Vrouehulpdiens van Noord-Transvaal

(GET.) H. THERON

Sekretaresse TVSV-Noord

3.1.2 Voorstel van ds. De Vos, Thabazimbi

Konsolidasie van sendingkragte onder vrouelidmate

Die Sinode dra aan die S.S.K. op om onnodige en gevolglike verdeling van sendingkragte onder vrouelidmate, met die hoofbesture van die TVSV en die Vrouehulpdiens te bespreek met die oog op daadwerklike konsolidasie soos beliggaam in die skrifbeginsel van EEN LIGGAAM. Die Sinode vra die Algemene Sinode om die beleid van die Kerk in lyn met hierdie beginsel te bring.

Voorsteller: J.F. DE VOS

Sekondant: P.J. BOTHA

3.1.3 Beskrywingspunt X39 op p.16

Een Diensaksie vir Vrouelidmate

Die Ring besluit dat die amp van die gelowige vroue nie verskraal mag word tot 'n sekere terrein nie, en versoek dus die Sinode van Noord-Transvaal om alles in werking te stel om die besluit van die Algemene Sinode 1970, in herooring te neem in die verband, en om één diensaksie vir vrouelidmate daar te stel.

Ring van Waterberg.

3.1.4 Die aanbevelings van die S.S.K. (Agenda p.753)

Die vergadering sluit met die sing van Ges. 92 en 'n gebed deur oudl. Wiid (Komatipoort).

OGGENDSITTING — MAANDAG 29 MEI

BIDUUR

Die vergadering begin die werksaamhede van die week en die dag onder biddende opsien tot God nadat ds. J.A.J. van Vuuren 2 Kor. 4:1—15 voorgelees het met die klem op vers 7: „Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortrefflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.”

PERSENEELVERANDERINGSG MAANDAG 29 MEI 1972

1. **Valhalla-Suid:** Oudl. E.J. van Staden (p).
2. **Merlindale:** Oudl. B.W. de Wet (p).
3. **Dwaalboom:** Oudl. D.M. de Beer (s).
4. **Koedoeskop:** Oudl. L.B. Kloppers (p).
5. **Pietersburg-Oos:** Oudl. J.J. van Deventer (s).
6. **Ermelo-Oos:** Oudl. J.C. v.d. Merwe (s).
7. **Koster:** Oudl. A.A. Grundlingh (s).
8. **Môregloed:** Oudl. H.A.J. Viljoen (s).
9. **Pietpotgietersurs:** Oudl. D.F. Joubert (s).
Oudl. P.R. Struwig (s).
10. **Voortrekkerhoogte:** Oudl. D.J.G. Strauss (p).
11. **Marble Hall:** Oudl. W.J. Terblanche (s).
12. **Wonderboom:** Oudl. T.I. van Wyk (s).
Oudl. J.J. Lombaard (s).
13. **Groblersdal:** Oudl. G. Bouwer (p).
14. **Dalunie:** Oudl. P.C.C. Oosthuizen (p).
15. **Volksrust-Suid:** Oudl. J.H. Ferreira (s).
16. **Burgerspark:** Oudl. J.H. Wandrag (s).
17. **Bronberg:** Oudl. P.J. de W. Conradie.
Ds. P.A. v.d. Merwe het uit die Sinodale resort vertrek.
18. **Suidoos-Pretoria:** Oudl. J.A. Wildenboer (s).
Namiddag Oudl. Prof. J.J. Geldenhuys (s).
19. **Tzaneen:** Oudl. P.P. Vorster (s).
20. **Nietverdiend:** Oudl. J. Claasen (s).

- 21. **Universiteitsoord:** Ds. D.J.J. Oosthuizen.
- 22. **Suidoos-Pretoria:** Ds. G.J.C. Venter.
- 23. **Pietersburg-Noord:** Oudl. prof. D. Crafford.

Laasgenoemde twee broeders is gedurende die naweek in hulle gemeentes bevestig.

9 AFDELING III: JEUG

(Agenda p.404)

9.1 Verslag van Kommissie

A. ALGEMEEN

1—4 Kennis geneem.

AANBEVELING: Goedgekeur.

5. **SPREEKBEURTE** — Goedgekeur.

5.1—5.3 Kennis geneem.

B. ARBEID AAN DOOPLIDMATE

1. OPDRAGTE VAN SINODE 1968

1.1—1.2.2 Kennis geneem.

1.2.3 Optrede van die S.J.K.:

1.2.3.1 **Finansiële Implikasies:** Goedgekeur en verwys na Begroting.

1.2.3.2 **Uitbreiding van die pos:** Goedgekeur.

1.2.3.3 **Kontraktuele posisie met subkommissie vir arbeid aan dooplidmate van die A.J.K.:** Kennis geneem.

1.2.3.4 **Ander Sinodes:** Kennis geneem.

1.2.3.5 **Verandering kerklike bepalinge:** Kennis geneem.

1.2.3.6 **Belangrikheid van die pos:** Kennis geneem.

1.3 Aanbeveling:

1.3.1 Goedgekeur.

1.3.2 Staan oor.

1.3.3 Goedgekeur.

2. VERSLAG VAN SUBKOMMISSIE VAN S.J.K.: ARBEID AAN DOOPLIDMATE

2.1 **Statistiese gegewens:** Kennis geneem.

2.2 **Verslag van sekretaris, ds. J.F. Linde:** Kennis geneem met groot dank.

Ds. Linde kry 'n geleentheid om die Sinode toe te spreek. Hy lig die vergadering toe uit sy ryke ondervinding op die terrein van die Jeug vir die afgelope 36 jaar.

Mosie: (Di. J.E. Potgieter en D.J. Viljoen)

Dank aan ds. J.F. Linde

Die Sinode van Noord-Transvaal betuig langs hierdie weg sy opregte dank, hoë agting en diepe waardering vir die persoon en die arbeid van ds. J.F. Linde wat vir baie jare as Sondagskoolsekretaris getrou sy roeping vervul het. Vir ons kerk in die algemeen, maar vir 'n onsigbare kinderskaar in die besonder, het hy onberekenbare diens op geestelike gebied gelewer deur middel van persoonlike briefies, besoeke en „Die MORELIG” waarvan hy redakteur is.

Die toewyding en werkvermoë wat ds. Linde aan die dag lê, het by ons kerk nie onopgemerk verbygegaan nie. Die Sinode bid hom en mev. Linde die rykste seën van die Here toe, ook wanneer hy D.V. teen die einde van die jaar uit die diens tree.

Dit word aan die S.J.K. opgedra om 'n gepaste afskeid vir ds. Linde te reël. — Goedgekeur.

Voortvloeiende uit die verslag van ds. J.F. Linde neem die vergadering die volgende voorstelle aan:

1. **Leiding by Sondagskool** (Di. J.P. Claasen en E.L. Esterhuizen)

Die Sinode wys leraars op bepaling 71(ii) (p.76) van die Kerkorde en beklemtoon dit dat leraars die leiding in die Sondagskool moet neem.

2. **Geestelike Weerbaarheid** (Dr. W. de W. Strauss en ds. J.H.J. de Witt)

Die Sinode dra dit aan die Sinodale Jeugkommissie op om, onder leiding van sy subkommissie vir die bearbeiding van dooplidmate, doelbewuste en doeltreffende voorsiening te maak—organisatories en andersins—vir die geestelike weerbaarmaking van ons jeug teen die gevare van drankmisbruik, misbruik van verdowingsmiddels en ander maatskaplike euwels.

Hy rig dit ook as 'n versoek aan die Algemene Jeugkommissie om aan hierdie saak aandag te gee.

3. VERSLAG VAN ALGEMENE JEUGKOMMISSIE IN VERBAND MET ARBEID AAN DOOPLIDMATE: 1.1.68—31.12.71

3.1 **Bybelkennis- en Katkisasie-eksamens:** Kennis geneem.

3.2 **Kursus vir Onderwysers(esse):** Kennis geneem.

3.3 **Môreilig:** Kennis geneem met aanname van die volgende voorstel (di. S.P. du Plessis en A.P.S. Beetge)

Die Weleerw. Sinode gee opdrag aan die S.J.K. van Noord-Transvaal om in te gaan op die wenslikheid van die voortbestaan van „Die Môreilig” as onafhanklike Kinderblad, gesien in die lig van sy groot netto verlies, en doen aan die hand dat daar onderhandel word met „Die Voorligter” om daarin ’n afdeling vir ons Dooplidmate te kry, wat kan behartig word deur ’n leraar met opdrag: Dooplidmate of A.J.K.

3.4 **Die Kindervriend:** Kennis geneem.

4. **KONGRES OOR DIE KATEGESE** — Kennis geneem.

Voorstel oor Kleuters (Ds. G.D. Kotzé en oudl. P. Wiid)

Die Sinode van Noord-Transvaal beskou die bywoning van kerkdienste en die bearbeiding van kleuters tussen die ouderdomme van 4 en 6 jaar van uiterste belang en dit word aan die A.J.K. opgedra vir bestudering en die uitbring van ’n verslag en voorligting aan die kerkrade. — Goedgekeur.

Dr. D.J. Malan, predikant in Algemene Sinodale diens met opdrag dooplidmate, spreek die Sinode toe en antwoord op sekere vrae.

C. ARBEID AAN JONG BELYDENDE LIDMATE

1. **OPDRAG VAN SINODE 1968** — Kennis geneem.

2. **VERSLAG VAN SUBKOMMISSIE VAN S.J.K.: ARBEID AAN JONG BELYDENDE LIDMATE** (Agenda p.417)

Van hierdie verslag word kennis geneem met groot dank aan ds. Kobus Venter.

Ná-belydenisklas

Die volgende voorstel word aanvaar (dr. W. de W. Strauss en ds. J.H.J. de Witt—

Die vergadering vra die Sinodale Jeugkommissie of die tyd nie aangebreek het nie om voorsiening te maak daarvoor dat in elke gemeente ’n ná-belydenisklas in die lewe geroep moet word, waardeur verdere en meer praktiese leiding gegee sal word in belang

van die Christelike lewe in al sy onderskeie vertakkinge, en by name die gesinslewe.

AANBEVELING (2.2.4.6 Agenda, p.425)

Staan oor tot by die Verslag van die Tydelike Jeugkommissie.

NAGMAAL

Die Moderator kondig aan dat dit op Dinsdagaand sal plaasvind.

Die Broederlike onderhoud oor Evangelisasie vind op Woensdagaand plaas, omdat altwee dae as geheel omgeruil word.

1.2 Studentebearbeiding (Agenda p.425)

2.3.1 Universiteitsoord: (Agenda p.426)

Van punte 2.3.1.1 tot 2.3.1.6 word kennis geneem.

AANBEVELINGS: 1 tot 3 — Goedgekeur.

Groot waardering word uitgespreek teenoor die rektor vir sy positiewe Christelike standpunt.

Voorstel: (Di. J.E. Potgieter en H. Cronje)

Dank aan Studente en S.K.J.V.

Die Sinode van Noord-Transvaal, diep onder die besef van die aanslae wat uit 'n permissiewe wêreld vandag op die studerende jeug gemaak word, en die stryd wat dit vir elke jongmens kos om sterk te staan en positief te getuig vir Christus en sy kerk, het ewe-eens diep onder die indruk gekom van die positiewe, Christelike lewe en getuienis wat deur baie studentelidmate aan die dag gelê word, veral soos dit blyk uit die verslae van Studenteleraars en Kerkrade. Die Sinode gee die jong studentelidmate van ons kerk die versekering dat hy baie begrypend staan teenoor al die probleme en versoekings waarmee daar geworstel word, en glo dat hulle stryd nie tevergeefs is nie. Daarby is die Sinode trots op en dankbaar vir elke jong student wat gewilliglik saamwerk en in die kerklike en gemeentelike arbeid betrek is. Veral word aan die Studente-KJ.V. gedink en word vertrou dat dit ook die kanaal is waarlangs ons jong lidmate die Here Jesus en hulle Kerk beter leer ken en liefkry. — Goedgekeur.

2.3.2 Harmonie

Van punte 2.3.2.1 tot 2.3.2.7 — Kennis geneem.

2.3.2.8 Met groot dank kennis geneem.

2.3.2.9—10 Kennis geneem.

Ds. L.M. Heyns, Studenteleraar van Harmonie kry geleentheid om die Sinode toe te spreek.

Voorstel: (Di. R.J. Raath en D.J. Viljoen)

Dank vir ontwikkelings in bearbeiding by Harmonie

Die Sinode het met groot waardering kennis geneem van die doeltreffende metode van bearbeiding van die studente aan die Kollege wat deur die kerkraad van Harmonie en die „Studentekerkraad” ontwerp is en toegepas word.

Die Sinode betuig sy dank aan die betrokke instansies en veral aan die Studenteleraar ds. Heyns onder wie se besielde leiding alles plaasgevind het. — Goedgekeur.

Dankmosie: (Oudl. H.L. Scott en ds. H.J.C. Pieterse)

Waardering teenoor Studenteleraars en Kerkrade

Die Sinode van Noord-Transvaal het opnuut onder die indruk gekom van die mooi, geseënde en vrugbare arbeid wat deur die studenteleraars en hulle eggenotes gedoen word en bid hulle gesondheid en die nodige toerusting toe in hulle roeping om die studerende jeug geestelik te bereik en hulle lewens te help vorm. Die Sinode bedank ook die betrokke Kerkrade vir die gewilligheid om selfs tot bo hulle vermoë die nodige aandag, liefde en offervaardigheid t.o.v. ons jong studentelidmate te gee. — Goedgekeur.

Mosie van Waardering: (Di. F.J. Pretorius en G.J. Snyman)

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die beginselvaste en tradisievaste studente en dosente aan ons Afrikaanse Universiteite en kolleges wat in tye van wêreldwye kampusontwrigtinge so pal en standvastig en voorbeeldig hulle Christelike standpunt en innerlike adiel vertoon en behou. — Goedgekeur.

2.3.2.11 Aanbevelings

2.3.2.11.1 Goedgekeur.

2.3.3 **Metode van Subsidiëring van Studenteleraarsposte in die toekoms** (p.436, 437 en 438) — Hierdie punt word verwys na die Begrotingskommissie.

Van hierdie punte (2.3.3.1—2.3.3.6) word kennis geneem.

Die beginsel word goedgekeur.

2.3.3.7 Aanbevelings:

1. Wat nie addisionele uitgawes behels nie.

- 1.1 Goedgekeur.
- 1.2 Goedgekeur.
- 1.3 Goedgekeur.

2. Sake wat addisionele uitgawes vereis. **Bydrae teen R3.00 per student:** Die saak word terug verwys na Tydelike Kommissie vir Fondse en Begroting om simpatiek oorweeg te word.

2.4 **Verpleegstersbearbeiding** (p.440) — Kennis geneem.

2.5 **Verslag van KJV.-Gebiedsuniebestuur, Noord-Transvaal** (p.441)

2.5.1 **Algemene Uniebestuur:**

Punte 2.5.1.1 tot 2.5.1.8 — Kennis geneem.

Aanbeveling: (p.444) — Goedgekeur.

Punte 2.5.1.9 tot 2.5.1.15 — Kennis geneem.

2.5.2 **Statistiese Verslag**

Punte 2.5.2.1 tot 2.5.2.1.5 — Kennis geneem.

Aanbeveling: (p.446) — Goedgekeur.

2.5.2.1.6 tot 2.5.2.2.2 — Kennis geneem.

Aanbeveling: (p.447) — Goedgekeur.

2.5.3 **Jeugleierskursusse, Kampe en Toere**

Punte 2.5.3.1 tot 2.5.3.3.5 — Kennis geneem.

2.5.4 **Kampterreine**

2.5.4.1 **Badseloop**

'n **Voorstel** (Ds. B.T. Richard en oudl. J.H. Viljoen) insake 'n uitbreidingsfonds vir Badseloop word verwys na die Tydelike Jeugkommissie.

TELEGRAM word ontvang van „De Jagers” van Burgersfort.

VERLOF — Goedgekeur.

A. Begrafnisse:

1. Ds. D.F. Kilian, Rietfontein-Suid: Maandagmiddag 29 Mei.
2. Ds. M.M. Smit, Klipfontein: Maandag 29 Mei.
3. Ds. D.B. Steyn, Pretoria-Oos: Maandagmiddag 29 Mei.
4. Ds. De Vos, Thabazimbi: Namiddag 29 Mei.
5. Oudl. J.F. Pretorius, Thabazimbi: Namiddag 29 Mei.

B. Siekte

1. Ds. T.H. du B. Gouws, Hartbeeshoek: 29 Mei en solank siek.

2. Ds. P.J. Koekemoer, Derdepoort: 29—30 Mei.
3. Oudl. H.J. Scholtz, Derdepoort: 29 Mei.
4. Ds. P.L. Storm, Quaggapoort: Namiddag 29 Mei.
5. Oudl. J.D. de Kock, Rietfontein-Noord: Hele dag.

C. Dringende Afsprake

1. Ds. G.J. Davidsz: Aktuaris: Namiddag 29 Mei.
2. Oudl. Cronje, Petronella: Namiddag 29 Mei.
3. Ds. J. Greyvensteyn, Wonderboompoort: Namiddag 29 Mei.
4. Oudl. G.J. van Niekerk, Breyten: Voormiddag.

PERSONEEL

Oudl. (prof.) D.W. de Vos (s) van Universiteitsoord en oudl. prof. J. Geldenhuys van Suidoos-Pretoria verskyn ter vergadering. Oudl. W.D. de Lange van Middelburg sal vir die res van die sitting afwesig wees.

NOTULE

Die notule van die vorige dag word aan die orde gestel en met enkele redaksionele wysigings goedgekeur.

DANK AAN DRUKKERS (Oudl. (dr.) H.J. Terblanche en ds. H.M. du Plessis)

Die Sinode betuig sy dank aan die firma V&R Drukkers vir die voortreflike en foutelose wyse waarop hulle die notule elke dag stiptelik lewer. — Goedgekeur.

JEUGVERSLAG (vervolg)

2.5.4.2—2.5.4.5 (Agenda p.449) — Kennis geneem.

2.6 **Straatwerk** — Kennis geneem.

Oom Gert v.d. Westhuizen, Sekretaris van die Algemene Uniebestuur van die KJV. spreek die Sinode toe.

Dankmosie (Di. J.A. v.d. Berg en J.E. Potgieter)

Die Sinode neem met groot dank en waardering kennis van die geseënde werk van die Algemene Sekretaris van die Kerkjeugvereniging, mnr. Gert van der Westhuizen, ten opsigte van die Jeug van ons Kerk en die uitbouing van ons Jeugbeleid. Sy belangstelling, toewyding en liefde vir ons jongmense is 'n bron van inspirasie vir ons almal. As redakteur van „Ons Jeug” het hy hierdie Jeugblad van ons kerk uitgebou tot iets waarop ons almal kan trots wees. Die Sinode bid hom die seën van die Here toe op sy groot taak in belang van ons Kerkjeug. — Goedgekeur.

Mosie oor Straatwerk (Ds. E.A. Gaum en prof. A.B. du Preez)

Die Sinode neem met groot dank kennis van hierdie metode van jeugwerk, veral onder die versplinterde jeug en bid hulle die seën van dié Here toe. — Goedgekeur.

Voorstel: Verslag bearbeiding dienspligtiges (Di. O.S.H. Raubenheimer en J.E. Potgieter)

Die H.E. Sinode dra dit op aan die S.J.K. om in die vervolg ook 'n oorsigtelike verslag voor te lê oor die arbeid van ons kerk aan die jongmense in uniform in Noord-Transvaal. — Goedgekeur.

Ds. (Brig.) J.A. van Zyl, Kapelaan-generaal van die Weermag, spreek die vergadering toe en vertel van die werk onder dienspligtiges.

Ds. (Brig.) J.A. Cloete kry ook die geleentheid om van die werk in die polisiemag te vertel.

Dankmosie S.A. Weermag (Di. S.J. Henrico en G.J. Snyman)

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die offisiere, onderoffisiere en manskappe van die S.A. Weermag wat orals die Here en die Kerk dien met ywer, en hulle deel bydra om die koninkryk van God te bevorder. — Goedgekeur.

Mosie i.v.m. Staat se aandeel: Godsdienstige Weerbaarheid (Di. O.S.H. Raubenheimer en K.D. Struwig)

Die Sinode

1. Boekstaaf sy dank:

1.1 Vir die feit dat die godsdienstige weerbaarheid van ons burgers—veral die studerende jeug, diegene in militêre en polisiediens, asook almal in die Staatsdiens in die buiteland vir die Regering 'n saak van soveel erns is.

1.2 Dat die Regering die Suid-Afrikaanse Kerke in die uitvoering van hulle taak in die bearbeiding van hul lidmate in militêre en polisiediens, asook in Buiteland, so behulpsaam is met die voorsiening van die nodige finansies, fasiliteite en konsessies.

2. Verseker die Regering van sy **voorbidding** in sy bekamping van al die ondermynende ideologië soos o.a. die Kommunisme, permissiwiteit, verdowingsmiddels en die bevordering van die godsdienstige weerbaarheid van ons mense. — Goedgekeur.

Voorstel i.s. Ds. S.W. Burger: (Di. L.D. Pienaar en H.B. van Zyl)

Die Sinode wil hiermee sy innige dank boekstaaf vir die werk wat deur wyle ds. S.W. Burger, voormalige hoofkapelaan van die

Weermag, gedoen is. Die Sinode bid sy weduwee, wat nog aktief in die Kerk sediens staan, die troos en leiding van die hemelse Vader toe. — Goedgekeur.

D. OPVOEDING EN ONDERWYS

1. OPDRAGTE VOORTVLOEIEND UIT DIE ACTA SINODE 1968

1.1—1.1.3 Kennis geneem.

1.1.4 **Aanbevelings:** Aanvaar.

1.2 Instelling van 'n Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria

Prof. H.D.A. du Toit doen enkele mededelings.

1.2.1—1.2.2 Kennis geneem.

1.2.3 en 1.2.4 Goedgekeur.

Voorstel insake Bybelkunde as Hoërgraadskoolvak (Di. R.J. Raath en D.J. Viljoen)

Die Sinode dra dit aan sy Jeugkommissie en aan die Sentrale Onderwyskommissie op om by die Gemeenskaplike Matrikulasieraad daarop aan te dring dat Bybelkunde as 'n Hoërgraadvak op skool erken sal word.

1.3 Verpligte Opleiding van Onderwysstudente aan Univer-siteite (Acta 181, 250 en 736 pt. 1)

1.3.1—1.3.3 Kennis geneem.

1.3.4 **Aanbevelings** — Goedgekeur.

1.4 V.C.H.O.

1.4.1 Kennis geneem.

1.4.2 **Aanbeveling:** Goedgekeur.

2. SKRYWE EN OPDRAGTE DEUR DIE ALGEMENE JEUG-KOMMISSIE

2.1 **Standpunt van die N.G. Kerk ten opsigte van Opvoeding en Onderwys** — Kennis geneem.

2.1.3 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

3. STATISTIEKE UIT RINGSVERSLAE VERKRY

3.1—3.3 Kennis geneem.

3.3.1 Goedgekeur.

4. DIE SENTRALE ONDERWYSKOMITEE VAN DIE N.G. KERK — Kennis geneem.

5. BELEIDSVERKLARING VAN DIE MINISTER VAN NATIONALE OPVOEDING

Dankmosie teenoor Minister (Prof. H.D.A. du Toit en ds. D.J. Viljoen)

Die H.E. Vergadering spreek 'n mosie van dank uit teenoor die Minister van Nasionale Opvoeding en die Regering vir die nuwe wetgewing in verband met die opvoeding en onderwys in ons skole. Die Kerk strewe al lank na Christelik en Nasionale onderwys en sien in die Wet No. 39 van 1967 die gedeeltelike verwesenliking van daardie ideaal. — Goedgekeur.

6. DIE VAK JEUGWEERBAARHEID — Kennis met groot dank.

Dankmosie teenoor Direkteur van Onderwys en sy personeel (Prof. H.D.A. du Toit en ds. D.J. Viljoen)

Die H.E. Sinode spreek sy innige waardering uit teenoor **dr. A.L. Kotzee**, Direkteur van Onderwys in Transvaal vir sy besliste standpunt in die bestryding van permissiwiteit onder ons skoolgaande jeug. Die Kerk verseker hom van sy heelhartige ondersteuning in die instelling en implementering van die vak jeugweerbaarheid in ons openbare skole.

Hierdie dank en waardering gaan ook aan die Adjunk-direkteure en die Hoofde van Departemente van ons Transvaalse Onderwysdepartement. — Goedgekeur.

7. AANBEVELING INSAKE PARR. 5 EN 6 HIERBO

7.1 Goedgekeur.

7.2 Aanbeveling met finansiële implikasies: Kennis geneem en staan oor tot by Begroting.

Ds. R.J. Raath kry geleentheid om die vergadering verder oor die Kerk se taak op gebied van Opvoeding en Onderwys toe te lig.

E. STUDIESTUKKE

1. SEKSONDERRIG: HANDLEIDING VIR OUERS

1.1 Aanbeveling — Goedgekeur.

Monografieë Ouer en Kind

Die volgende voorstel van dr. J.F.J. Hattingh en ds. P.K. Mentz word aanvaar:

Die Sinode dra dit aan die S.J.K. op om 'n omvattende reeks van monografieë op te stel met die tema „Die Ouer en die Kind” wat as hulpmiddel kan dien om ons ouers tot volwaardige ouerskap te lei en hulle kinders tot eer van God op te voed.

2. VERSLAG INSAKE DANS

1. **OPDRAG** — Kennis geneem.
2. **VERSLAG** — Kennis geneem.
3. **BEVINDINGE** — Kennis geneem.

4. AANBEVELING

4.1 Goedgekeur.

4.2 Goedgekeur saam met die volgende twee amendemente:

(a) Die Sinode verwys 4.1 van die Jeugverslag na die kommissie om aan die begin of einde van die stuk 'n paragraaf by te voeg wat die jongmens voor Christus sal stel as die Een wat die verskil maak tussen wat vir die jongmens reg of verkeerd is.

Oudl. W.J. Louw en D.L. Blom.

Goedgekeur.

(b) Dat daar in die brief aan die Jeug bygevoeg sal word (i) 'n duidelike waarskuwing teen ander gevare (soos bv. vryery in geparkeerde motors) om nie die indruk te laat dat die Kerk dit net teen dans het nie; (ii) duidelike riglyne aan ons jongmense oor wat hulle wel mag doen.

(Prof. D.W. de Vos en ds. H. Steyn)

Goedgekeur.

4.3 Goedgekeur.

Voorstel: Ondersoek insake popmusiek (Di. E.A. Gaum en N.J. Mostert)

Die Sinode dra dit op aan die Kommissie vir die Erediens en Liturgie om die moderne „popmusiek” en die moontlikhede van die geestelike popliedjies as moderne idioom te ondersoek. — Goedgekeur.

F. FINANSIES

1. ALGEMEEN

- 1.1 **Huidige stand van fondse** — Staan oor tot by Begroting.
- 1.2 **Tekort uitgewis** — Kennis geneem.
- 1.3 **Nuwe begroting** — Kennis geneem.

G. BESLUTE VAN ALGEMENE SINODE 1970

1. BESLUTE DEUR S.J.K. BEHANDEL

1.1—1.19 Kennis geneem.

2. BESLUTE VIR AANDAG VAN SINODE

2.1 **Pro-rata bydraes deur Sinodes** (Agenda p.288) — Kennis geneem.

2.2 **Domicilium** — Kennis geneem.

2.3 **A.C.S.V.** — Kennis geneem.

Voorstel: Waardering A.C.S.V. (Oudl. W.J. Louw en ds. W.P. Struwig)

Waar die A.C.S.V. verlede jaar sy 75-jarige bestaan gevier het, wil hierdie Sinode

(i) sy waardering uitspreek vir die geseënde samewerking wat daar deur baie jare heen tussen die Vereniging en die N.G. Kerk aan ons skole en inrigtings vir hoër onderwys was en die vereniging bedank vir sy lojale ondersteuning van die Kerk in die inisiëring van gespesialiseerde studentebearbeiding;

(ii) sy vertroue uitspreek dat die samesprekings tussen die Kerk en die A.C.S.V. oor laasgenoemde se moontlike inskake-ling by die Kerk vrugbaar en geseënd sal verloop.

— Goedgekeur.

Voorstel: Versoek aan A.J.K. i.s. A.C.S.V. (Di. A.J.N. van Heerden en J.L.C. van der Walt)

Die Sinode van Noord-Transvaal **versoek** die A.J.K. om, in die uitvoering van die opdrag van die Algemene Sinode, die houding van die Kerk teenoor die A.C.S.V. te bepaal en aanbevelings te doen, die besondere omstandighede in Transvaal deeglik in ag te neem. — Goedgekeur.

2.4 Verslagvorms — Kennis geneem.

VERDAGING VIR ETE

Die vergadering verdaag vir ete na enkele afkondiginge.

AANDSITTING (29 MEI)

BROEDERLIKE ONDERHOUD OOR DIE JEUG

Prof. dr. J.E. Pieterse is die inleier oor die breë onderwerp: **Die Kerkjeug in 'n tyd soos hierdie**, waarin hy meer besonderlik praat oor die gees van hierdie tyd en die invloed van die tydsgees op die kerkjeug.

Om die tydsgees te tipeer, wys hy eerstens op die tegnisering van ons eeu en vervolgens op die verstedelikingsproses, massafikasje, die diktatuur van gejaagdheid, die materialisme en permissiwiteit.

Uit die aard van die saak moet dit alles op 'n jongmens 'n invloed hê, veral omdat die jongmens in 'n stadium van 'n soeke na 'n lewensrigting verkeer.

As die gevolge van die tydsgees op die jeug beskryf die spreker agtereenvolgens die kultuurpuberteit, die jeugrewolusie, die ondermyning van die godsdiens, die ondermyning van die eie kultuur, die invloed op die vryetydsbesteding en die generasiegaping.

Ds. Kobus Venter is die tweede inleier. Hy praat oor: **Die antwoord van die Kerk in 'n tyd soos hierdie**.

Die antwoord is die Evangelie van Jesus Christus, maar dan moet daar vernuwing kom op die drieërlei vlak van die gemeente (die dominee se verhouding tot die jeug, die prediking, die hantering van die erediens, in die pastoraat), op die vlak van die Ring en ook dié van die Sinode, waar daar 'n oor en 'n hart en hand vir die jeug moet wees. Toe 'n jongmens voor Jesus kom staan het, het Jesus hom aangekyk en hom liefgekry.

Daarna neem enkele lede van die vergadering aan die bespreking deel en vervolgens is daar 'n gebed voorgestaan.

Ds. D.J. Viljoen, die Assistent-Skriba, bedank die sprekers en die Voorsitter (die Assessor) verdaag die vergadering om 9.09 nm.

OGGENDSITTING (30 MEI)

BIDUUR

Ds. W.H.B. Ebersöhn lees voor uit I Kor. 9:15—17 met die klem op vers 22 en 27: „Vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, sodat ek nie miskien, terwyl ek vir ander preek, self verwerplik mag wees nie.”

PRESENSIE

Ter vergadering verskyn:

Andrew Murray: Oudl. F.J. Duminy (p).
Capitalpark-Oos: Oudl. M.J.A. Blignaut.
Voortrekkerhoogte-Oos: Oudl. (genl.) C.J. Joubert.
Wonderboom: Oudl. (ds.) A.C. Sephton.
Meyerspark: Oudl. (dr.) J.S. Kruger.
Waterkloof: Oudl. (prof.) J.A. Heyns.

Oudl. T.G. Kruger (Burgerspark) kan nie verder die Sinode bywoon nie.

Ds. A.S. du Toit (Lugmagbasis, Pietersburg) het op 29.5.72 sitting geneem in die Sinode.

TELEGRAMME

Ontvang van N.G. Gemeente Wakkerstroom, van mev. (ds.) Jan Stoffberg en van Zebediela-Kerkraad.

PARKERING

Die hoof van die Hamilton School bied parkeerplek aan afgevaardigdes en 'n brief van dank sal aan hom gaan.

Voorstel: (Na aanleiding van die broederlike onderhoud oor die jeug) (Di. A.J.N. van Heerden en P.A. Coetzee)

Gesagsdissipline in die Kerk

In die besef van die verwoestende aanslag van die permissiewe tydsges op die gees en siel van veral ons jeug, besluit die Sinode van N.-Tvl.:

(1) Die laaste en finale antwoord bly steeds die onvervalste Evangelie van Jesus Christus as Saligmaker en Verlosser gebring in die heersende taal van die tyd.

(2) Daarnaas sal ons egter opnuut dringende erns moet maak met die sleutelmag van die kerklike tug soos deur die Koning van die

Kerk in Sy Woord aan ons opgedra. By ons lidmate moet so opnuut die vastigheid en verankertheid in 'n positiewe gesagsdissipline—die ware vryheid!—tuisgebring word.

(3) In hierdie verband word Ringe en Kerkrade opgeroep om noulettend ag te gee op Sinodale besluite wat betrekking het op die lidmaat se lewenswandel. — Goedgekeur.

11 AFDELING V

DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIG- HEID VAN NOORD-TRANSVAAL

(Agenda, p.582)

11.1 Verslag van Kommissie

A. DIE GEROEPENES TOT DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1. DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1.1 Samestelling — Kennis geneem.

1.1.1 Aanbeveling (p.583) — Goedgekeur.

1.2 Dagbestuur — Kennis geneem.

1.3 Sekretariaat — Kennis geneem.

1.3.1 Aanbeveling (p.584) — Goedgekeur.

Mosie i.s. nuwe predikant in Sinodale Diens vir die Diens van Barmhartigheid—**Ds. J.P.H. Gertenbach** (Di. J.M.B. de Wet en B.A. Gerrys)

Die Sinode wil, bewus daarvan dat ds. Gertenbach onlangs 'n vry-ernstige keeloperasie ondergaan het en tans met siekteverlof is terwyl hy nog mediese behandeling ondergaan, sy dank en waardering aan ds. Gertenbach betuig dat hy onder hierdie omstandighede sy pligte nog getrou nakom. Die Sinode wil hom verseker van sy voorbidding. Mag die Here hom volkome herstel en krag en gesondheid gee. — Goedgekeur.

1.4 Wyle ds. J.H. Louw — Afgehandel.

1.5 Ringskommissies vir Diens van Barmhartigheid —
Kennis geneem.

1.5.1 Aanbeveling (p.585) — Goedgekeur.

2. ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

2.1 Verteenwoordigers Noord-Transvaal — Kennis geneem.

3. GEROEPENES TOT GESINSORGDIENTSTE

3.1 Aanstelling Personeel — Kennis geneem.

3.1.1 Aanbeveling (Agenda p.586) — Goedgekeur.

3.2 Direkteur van Gesinsorgdienste — Kennis geneem.

3.3 Spesialiteitsvertakkinge — Kennis geneem.

3.3.1 Komitees — Kennis geneem.

3.4 C.M. Raad van Pretoria — Kennis geneem.

3.4.1 Personeel — Kennis geneem.

3.5 Plattelandse C.M.-Rade — Kennis geneem.

4. PSIGOPASTORALE ARBEIDER

Die Sinode neem ook kennis van 11.2 Addendumverslag
S.K.D.B. (Agenda p.632)

1. Aanvaarding van beroep deur dr. P.J. Meiring.

1.1 Aanbeveling — Goedgekeur.

2. Aanstelling opvolger vir dr. Meiring.

2.1 Aanbeveling — Goedgekeur.

Voorstel: Psigo-pastorale dienste: (Di. H.B. Geyer en S.P. du Plessis)

Die Sinode dra dit aan die S.K.D.B. op om in die reses te besin en verslag te lewer aan die volgende Sinode oor die aard en omvang van sielkundige en psigo-pastorale dienste wat deur die Kerk gelewer moet word. — Goedgekeur.

Dankmosie: Dr. J.F.J. Hattingh en personeel, gesinsorgdienste: (Di. H.B. Geyer en S.P. du Plessis)

Die Sinode betuig sy waardering teenoor sy Direkteur van Gesinsorgdienste, dr. J.F.J. Hattingh en die ander personeellede, vir hul volgehoue poging om kwaliteitsdiens, wat sowel skrifgefundeerd

en wetenskaplik verantwoord is, vir die Kerk te lewer. Die Sinode bid hul seën en sterkte toe vir die uitvoering van hul dikwels moeilike taak. — Goedgekeur.

5. **SUPERINTENDENT EN KLINIESE SIELKUNDIGE STAANVAS** — Kennis geneem.

6. **MATRONE EN WERKSTERS — BERG-EN-DAL** — Kennis geneem.

7. **ARBEIDERS(STERS) ONDER GEVANGENES**

7.1 **Gevangenesleraar** — Kennis geneem.

7.2 **Maatskaplike Werksters** — Kennis geneem.

7.3 **Hulp aan Gevangenesleraar**

Aanbeveling — Goedgekeur en verwys na Begroting met kennisname dat Suid-Transvaal dit ook goedgekeur het.

8. **INRIGTINGSORG**

8.1—8.3 Kennis geneem.

9. **VERSLAG VAN DIE HUGENOTE-KOLLEGE, WELLINGTON** (Agenda, p.91 en 590)

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

Aanbevelings (Agenda p.95)

9.1 Kennis geneem.

9.2 'n Lang debat word oor hierdie saak gevoer en dr. J.D.G. van der Merwe kry die geleentheid om die vergadering toe te spreek, die saak te verduidelik en vrae te beantwoord. Eventueel word die voorstel van die Kommissie tersyde gestel ten gunste van die volgende **amendement** (Ds. J.E. Potgieter en prof. H.D.A. du Toit) wat aanvaar word:

Die Sinode van Noord-Transvaal neem kennis van die besluit van die Algemene Sinode t.o.v. die Hugenote-Kollege, maar sien nie sy weg oop om op hierdie stadium finansiële aanspreeklikheid te aanvaar vir die Inrigting **op 'n pro-rata-basis** nie, maar versoek die Begrotingskommissie om 'n billike vrywillige ondersteuning aan te beveel tot by die volgende Sinode.

10. **BESTUUR, ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS** (Agenda p.591)

10.1 **Direkteur** — Kennis geneem.

10.2 **Bestuur** — Kennis geneem.

- 10.2.1 **Afdelingsbesture** — Kennis geneem.
- 10.3 **In Memoriam** — Kennis geneem.
 - 10.3.1 **Aanbeveling (p.591)** — Goedgekeur.
- 10.4 **Administrasie en Personeel**
 - 10.4.1 **Die Administratiewe Werksaamhede** — Kennis geneem.
 - 10.4.2 **Personeel** — Kennis geneem.
 - 10.4.3 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

11. **DIAKONAAT**

- 11.1 **Barmhartigheidsdiens** — Kennis geneem.
 - 11.2 **Georganiseerde Diakonieë** — Kennis geneem.
 - 11.2.1 **Aanbeveling (p.593)** — Goedgekeur.
 - 11.3 **Diakonale Konferensies** — Kennis geneem.
12. **BARMHARTIGE SAMARITAAN** — Kennis geneem.
13. **DANKBETUIGING (p.594)** — Goedgekeur.

B. DIE NAASTE WAT IN NOOD VERKEER OF HULLE WAT NEERGEVEL IS OP DIE LEWENSWEG VAN DIE WIEG TOT DIE GRYSE OUDERDOM.

- 1. **ONS NAASTE** — Kennis geneem.
- 2. **DIE WIEG EN AANNEMINGSORG** — Kennis geneem.
- 3. **SORGBEHOEWENDE KIND IN PLEEGSORG**
 - 3.1—3.3 Kennis geneem.
 - 3.3.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.
- 4. **REKONSTRUKSIE** (Herstel van ouer-kind verhouding) — Kennis geneem.
- 5. **DIE KIND IN DIE KINDERHUIS (Abraham Kriel-Kinderhuis)** — Kennis geneem.

Ds. M.H. Horak kry in dié verband geleentheid om die vergadering toe te spreek en die volgende **mosie van dank** word aanvaar: (Di. J.P.H. Gertenbach en G.J. Davidtsh)

Die Sinode betuig sy innige dank teenoor:

- (a) die Here wat onderneem het dat die skulde gedelg kon word,

(b) die direkteur, die bestuur en al die amptenare wat hiertoe 'n bydrae gelewer het, en nog steeds hulle heelhartig wy aan die belange van die Kinderhuis.

Voorstel: Personeelbehoefte by Abraham Kriel-Kinderhuis (Di. A.C. Sephton en J. Greyvenstein)

Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat die Kinderhuse spesifieke behandelingsentra is en dra dit aan die S.K.D.B. op om ondersoek in te stel na die personeelbehoefte in hierdie verband.

6. DIE JEUG — JEUGSENTRA (Beskermende, voorkomende diens aan die jeug) — Kennis geneem.

7. DIE ONGEHUDE MOEDER — BERG-EN-DAL (Agenda p.603)

7.1 Aantal Dogters — Kennis geneem.

7.1.1 Aanbeveling — Goedgekeur in beginsel met die vergunning dat goedgesinde instansies gevind mag word om ook die lopende kostes te help dra.

7.2 Skulddelging — Kennis geneem.

7.2.1 Aanbeveling — Goedgekeur.

8. ONTSPOORDE JEUG EN ANDERE IN DIE GEVANGENISSE — Kennis geneem.

Ds. J. de Jager wat hierdie groot werk namens ons almal en in die naam van Christus (Matt. 25:36) doen, kom aan die woord en spreek die vergadering toe.

Mosie van dank (Ds. J.A. v.d. Berg en dr. J.F.J. Hattingh)

Die Sinode neem met groot dank en waardering kennis van die geseënde en toegewyde werk van die gevangenisleraars ds. J. de Jager en die maatskaplike werkster mej. Willemien Pretorius in ons gevangenis. Die Sinode bid hulle albei gesondheid, krag en die seën van die Here toe in hulle moeilike en veeleisende taak. — Goedgekeur.

Dankmosie: Ds. (Kol.) A.C. Sephton — Direkteur van Gevangenis-dienste (Di. J.P.H. Gertenbach en G.J. Davidtsz)

Die Sinode spreek sy groot dank en waardering uit teenoor ds. Sephton vir die belangrike posisie wat hy op waardige wyse vervul tot bevordering van die bearbeiding van gevangenes. — Goedgekeur.

Voorstel: Kerk en Wetsoortreders (Dr. J.F.J. Hattingh en ds. G.A. v.d. Westhuizen)

Die Sinode spreek die begeerte uit dat die onderhandelinge wat die S.K.D.B. tans met die Kommissaris van Polisie voer en die voorgestelde skema wat op die huidige in Pretoria uitgetoets word, 'n permanente reëling sal word ten einde sodoende te verseker dat die ampte op die vroeë moontlike stadium met die wetsoortreder in kontak kom, sodat die Kerk sy verantwoordelikheid m.b.t. die wetsoortreders en hulle afhanklikes na behore kan nakom.

— Goedgekeur.

VERLOF (Goedgekeur)

1. FEESVERPLIGTINGS

- 1.1 Ds. W.B. Jansen, Kameeldrif, Gedeelte van 31 Mei.
- 1.2 Oudl. H.G. Prinsloo, Pretoria: Heeldag 31 Mei.
- 1.3 Dr. H.B. Senekal en Oudl. H.J.B. du Plooy van Bronkhorst-spruit vir voormiddag 31 Mei.
- 1.4 Ds. W.J. Lubbe, Koster: Namiddag 31 Mei.
- 1.5 Oudl. J. Streit, Harmonie: Voormiddag 31 Mei.
- 1.6 Ds. H.J. de Villiers, Krokodilrivier: Voormiddag 31 Mei.

2. WERKSVERPLIGTING

- 2.1 Oudl. D.L. Blom, Rietfontein-Noord: Namiddag 30 Mei.
- 2.2 Ds. J. Greyvensteyn, Wonderboompoort: Namiddag en aand 30 Mei; voormiddag 31 Mei.
- 2.3 Oudl. A. Breed, Burgerspark: Heeldag 30 Mei.
- 2.4 Ds. H.B. van Zyl, Andrew Murray, Pretoria: Aand 5 Junie.
- 2.5 Oudl. (genl.) J.H. Robbertze, Voortrekkerhoogte-Wes: Voormiddag 1 Junie.
- 2.6 Ds. J.A. du Rand, Voortrekkerhoogte-Wes: Voormiddag 1 Junie.
- 2.7 Oudl. C.D. Badenhorst, Olifantsfontein: Heeldag 30 Mei.
- 2.8 Ds. R.J. Raath, Bronberg: Namiddag 30 Mei.
- 2.9 Oudl. J.L. Brits, Middelburg-Suid: Heeldag 2 Junie.

3. SIEKTE

- 3.1 Ds. A.J.N. van Heerden, Rietkuil: Heeldag 30 Mei (gemeentelik).
- 3.2 Ds. E.A. Gaum, Villieria-Oos: Namiddag 30 Mei (moeder).
- 3.3 Ds. R.M. Brits, Nelspruit-Suid: Namiddag 30 Mei.

4. BEGRAFNISSE

- 4.1 Ds. S.P. Schoeman, Groblersdal: Voormiddag 30 Mei.
- 4.2 Ds. A.J.B. Rawlins en oudl. D.M. de Beer, Dwaalboom: Voormiddag 31 Mei.

- 4.3 Ds. Paul Nel, Ermelo-Oos: Heeldag 30 Mei.
- 4.4 Dr. P.W. Marais, Pretoria-Oos: Voormiddag 30 Mei.
- 4.5 Ds. A.C. Viljoen, Hartbeesspruit: Namiddag 30 Mei.
- 4.6 Ds. P.K. Mentz, Silverton: Namiddag 30 Mei.

5. KOMMISSIEVERSLAE

- 5.1 Dr. P.W. Jordaan, Harmonie: Voormiddag 30 Mei.

6. UITPASSERINGSPARADE

- 6.1 Ds. H.B. Geyer, Pretoria-Wes: Voormiddag 2 Junie.

7. HUISHOUELIK

- 7.1 Ds. H.B. van Zyl, Andrew Murray, Pretoria: Voormiddag 8 Junie.
- 7.2 Ds. D.J.J. Oosthuizen, Universiteitsoord: Namiddag 30 Mei.

MIDDAGSITTING 30.5.72

NOTULE

Die notule kom aan die orde en word met redaksionele wysiging aanvaar.

9. GESINNE AAN WIE SORG EN BARMHARTIGHEIDSDIENSTE GELEWER IS (Agenda, p.605)

9.1—9.3 Kennis geneem.

9.4 Aanbeveling — Goedgekeur.

10. ALKOHOLISVERSLAAFDES — STAANVAS

10.1—10.4 Kennis geneem.

10.4.1 Aanbeveling (Agenda, p.608) — Goedgekeur.

Mosie: Die Regering en Staanvas (Ds. J.P.H. Gertenbach en dr. J.F.J. Hattingh)

1. Die Regering word bedank vir die plasing van wet no. 41 van 1971 re misbruik van afhanklikheidsvormende stowwe en rehabilitasiesentrums op die wetboek. Dit word beskou as 'n bruikbare instrument vir die bekamping van 'n groot maatskaplike euwel en die hulpverlening aan slagoffers van daardie euwel.

2. Die regering word versoek om onder artikel 28(1) geldelike hulp aan die kerk te verleen vir die kapitale uitgawes verbonde aan die instelling van behandelingsfasiliteite op die grondslag van 'n 100% lening ten opsigte van grond en geboue teen 'n rentekoers van 1% terugbetaalbaar oor 40 jaar, onderworpe aan sulke voorwaardes as wat na goeddunke gestel mag word.

3. Die regering word versoek om onder artikel 28(1) geldelike hulp aan die Kerk te verleen vir die Kapitale uitgawes vir die Oprigting van geregistreerde tehuse op die grondslag van 'n 100% lening ten opsigte van grond en geboue teen 'n rentekoers van 1%, terugbetaalbaar oor 40 jaar onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in die gekonsolideerde omsendbrief nr. 43 van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

4. Die Regering word versoek om 'n per kapita-subsidie van 50% van goedgekeurde uitgawes per bed per jaar te betaal ten opsigte van geregistreerde rehabilitasiesentrums en geregistreerde tehuse.

5. Die Regering word versoek om 'n per kapita-subsidie van 50% toe te ken ten opsigte van die meubilering en toerusting van genoemde geregistreerde rehabilitasiesentrums en geregistreerde tehuse. — Goedgekeur.

11. **BEJAARDES TUIS** — Kennis geneem.

11.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

12. **RUSOORDE VIR GEWONE BEJAARDES** (Agenda p.608) — Met dank kennis geneem.

13. **VERSORGING VAN VERSWAKTE EN SENIELE BEJAARDES — HUIS H.J. PIEK** (Agenda p.610) — Kennis geneem met aanname van die volgende twee **voorstelle** (Ds. H. Cronje, prof. J.A. Heyns en di. H. Cronje, C.J. Jackson):

Die Sinode versoek die S.K.D.B. om, in die lig van die groot behoefte aan 'n tehuis vir verswakte bejaarde lidmate wat finansiëel selfversorgend is, oorweging te skenk aan die oprigting van 'n sodanige inrigting, indien moontlik, ook in samewerking met gemeentes.

Die Sinode rig 'n dringende versoek aan die Minister van Volkswelsyn om 'n deurtastende ondersoek te laat instel na die hele probleem van Bejaardesorg, sodat so spoedig moontlik voorsiening gemaak kan word in die behoeftes van ons bejaardes, en by name veral seniele bejaardes wat nie meer in hospitale gehou mag word nie en ook nie in kerklike ouetehuse geakkommodeer kan word nie.

14. **TUISTES VIR BEJAARDES DEUR GEMEENTES SELF OPPERIG** — Kennis geneem.

C. SAKE RAKENDE FINANSIES, GEBOUE OF ANDER BARMHARTIGHEIDSDIENSTE WAT NIE ONDER A OF B BEHANDEL IS NIE.

1. **HUGENOTE-KOLLEGE** — Kennis geneem.

2. LAERSDRIF-NEDERSETTING

2.1—2.3 Kennis geneem.

2.3.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

3. ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS — GEBOUE, FINANSIES, ENS.

3.1—3.4 Kennis geneem.

3.5 **Dankbetuiging** — Goedgekeur.

4. PROBLEMATIEK VAN DIE KINDERHUISKIND — Kennis geneem.

5. TWEEDE KINDERHUISAFDELING IN NOORD-TRANSVAAL — Kennis geneem.

5.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

6. HUWELIKSBERAAD EN VOORLIGTING

6.1—6.2 Kennis geneem.

6.2.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur met die byvoeging van die volgende woorde heel aan die einde: „of Sinodale Kommissie”.

7. PUBLIKASIE

7.1 Kennis geneem.

7.2 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

8. HUIS WILHELMINA (Adma-huis)

8.1—8.4.2 Kennis geneem.

8.4.2.1 **Aanbeveling (Met Finansiële Implikasie):** Verwys na Tydelike Begroting vir 'n aanbeveling.

Mosie: Dank aan Departement van Gevangnisse: (Dr. J.F.J. Hattingh en prof. A.B. du Preez)

Die Sinode betuig sy hartelike dank teenoor die Departement van Gevangnisse vir die kostelose herstelwerk aan ons tehuis vir ontslane gevangenes. — Goedgekeur.

9. MATERIËLE HULPVERLENING — Kennis geneem.

10. TRANSVALER-KERSFEESFONDS

10.1—10.2 Kennis geneem.

10.2.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur met akklamasie.

11. **DIE ARMESORG-UTILITEITSMAATSKAPPY** (p.619)

Van punte 11.1 tot 11.9.2.8 word kennis geneem.

M.b.t. 11.6.2.3.3 word kennis geneem dat die Kerkraad wel voortgaan met die planne.

12. **MAATSKAPLIKE WERKER** — Kennis geneem.

12.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

13. **DEPARTEMENT VOLKSWELSYN EN PENSIOENE** — Kennis geneem.

13.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

14. **HULPBEHOEWENDE GEMEENTEFONDS** — Kennis geneem.

14.1 **Aanbeveling** — Kennis geneem en staan oor tot by Begroting.

15. **OPLEIDING MAATSKAPLIKE WERKERS(STERS)** — Kennis geneem.

15.1 **Gelukwensing aan prof. Pieterse** — Goedgekeur.

Melding word ook gemaak van die dienste van dr. H.J. Piek as voorganger van prof. Pieterse.

Aan prof. Pieterse word die geleentheid gegee om 'n paar woorde te spreek omtrent die opleiding van maatskaplike werksters te Pretoria.

Dankmosie: Hulp met geestelike en maatskaplike sorg: (Di. P.W. Jordaan en B.P. de Wet)

Die Sinode betuig groot dank en waardering teenoor al die Kerkrade en kerklike verenigings vir alle donasies vir die werk in verband met die geestelike en maatskaplike versorging van gevangenes en hulle gesinne. — Goedgekeur.

Voorstel: Ondersoek i.s. Kinderhuise: (Di. P.W. Jordaan en N.J. Hanekom)

Die Sinode dra dit aan die S.K.D.B. op om met die betrokke kommissies van die Sinodes van Wes- en Suid-Transvaal om die moontlikheid te ondersoek om die administrasie van die drie Kinderhuise aan die onderskeie Sinodes toe te wys. — Goedgekeur.

11.2 Addendumverslag: S.K.D.B.

PREDIKANT IN SINODALE DIENS MET OPDRAG PSIGO- PASTORALE ARBEID

AANVAARDING VAN BEROEP DEUR DR. P.J. MEIRING

Afgehandel.

D.2 VERSLAG VAN DIE TYDE- LIKE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1. TWEDE GEVANGENESLERAARSPOS

1.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur en verwys na Begroting.

2. **VOLTYDSE WERKKRAG VIR IMMIGRANTE** — Kennis geneem.

3. **REHABILITASIEPLAAS VIR ALKOHOLISTE** — Kennis geneem.

3.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

9.2 Verslag van die Interkerklike Komitee vir Opvoeding en Onderwys (I.K.K.O.) (Agenda p.476)

1. **VOORSITTERSKAP** — Kennis geneem met aanname van die volgende voorstel:

Mosie: Dank aan ds. R.J. Raath: (Di. D.J. Viljoen en W.J.M. Jansön)

Die Sinode neem met groot waardering kennis van die onvermoeide ywer van **ds. R.J. Raath** wat reeds vir jare aan die spits staan van talle onderhandelings in belang van die onderwys met owerhede, ander kerke en persone. So baie wat reeds bereik is, kan terug gevoer word na sy dryfkrag. Vir die daarstelling van 'n Standpunt oor onderwys vir ons Kerk was hy ook die man wat die hele span met ywer laat werk het.

2. **VOLKSKONGRES OOR OPVOEDING EN ONDERWYS, GEHOU OP 29 SEPT. TOT 2 OKT. 1969** — Kennis geneem.

3. **ANDER SAKE WAARAAN I.K.K.O. AANDAG GEGEE HET** — Kennis geneem.

4. **AANBEVELING**

4.1 Goedgekeur (2 lede word 3 lede).

4.2 Goedgekeur en staan oor tot by Begroting.

9.3 Verslag van die Interkerklike Handboekkommissie vir Godsdiens-onderrig (Agenda p.477)

1—4 Kennis geneem.

Voorstel i.s. Reeks boeke van J.K. Handboekkommissie (Di. D.J. Viljoen en L.M. Heyns)

Die Sinode doen 'n beroep op al sy leraars om die reeks boeke oor Godsdiensonderrig van die Interkerklike Handboekkommissie steeds onder aandag van onderwyskragte te bring en vas te stel of dit reeds in die hande van die kinders in hulle plaaslike hoërskool is. — Goedgekeur.

5. **AANBEVELING** — Goedgekeur saam met die volgende mosies:

1. **Dankmosie aan Skrywers:** (Prof. I.H. Eybers en ds. D.J. Viljoen)

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor almal wat as mede-werkers aan die handboekreeks deel gehad het.

2. **Mosie i.s. onderwyskragte:** (Ds. J.J. Snyman en prof. A.B. du Preez)

Die Sinode wil met klem die dank en waardering van die Kerk uitspreek teenoor die onderwysowerhede van die provinsies sowel as die onderwyskragte vir hul volgehoue christelik-nasionale tradisievasheid en voortsetting daarvan in die onderwys. — Goedgekeur.

9.4 Verslag van die Kommissie vir Buitengewone Onderwys (p.480)

1—6 Kennis geneem.

Voorstel i.s. SANEL (Di. H.B. Geyer en S.P. du Plessis)

Die Sinode keur dit goed dat aan SANEL verlof toegestaan word om kerkrade te nader om vrywillige bydraes. — Goedgekeur.

Voorstel i.s. Bearbeiding van die Gestremde Kind: (Ds. A.M. Meiring en dr. C.I. van Heerden)

Aan die Pretoriase Vereniging vir die Versorging van Vertraagdes word verlof gegee om die gemeentes van ons Kerk te nader in verband met finansiële steun vir die behartiging van hierdie werk. — Goedgekeur.

7. AANBEVELINGS

7.1—7.2 Goedgekeur.

7.3 **Finansiële Verpligting** — Staan oor tot by Begroting.

7.4 **Geleentheid tot Insameling** — Goedgekeur.

7.5 **Opsporing van Gestremde Kinders** — Goedgekeur.

Voorstel: Onderzoek na Gestremde Kind

(Di. S.P. du Plessis en H.B. Geyer)

Die H.E. Sinode dra dit op aan die S.K.D.B. om in die reses ondersoek in te stel na die lot van die gestremde kind, asook die organisasies wat tot dusver omsien na die lot van hierdie kinders, met rapport en indien nodig, aanbeveling by die volgende Sinode. — Goedgekeur.

9.5 Verslag van die Sonopraad

Kennis geneem met groot dank en met goedkeuring van die aanbeveling onder punt 8.

D.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

1.0 **Konstituering** — Kennis geneem.

2.0 **Beskrywingspunte (Afdeling III: JEUG, pp.7—8)**

2.1 **Pos: Predikant in Sinodale Diens vir Arbeid aan Dooplidmate** — Afgehandel.

2.2 **Vervroeging van Bybelkenniseksamen** — Goedgekeur soos volg:

Die Bybelkenniseksamen op die eerste Donderdag van Maart afgeneem moet word, of op die voorafgaande Sondag wanneer die hele Ring so sou besluit.

VERSLAG VERLOFKOMMISSIE (nm. 30.5.72)

1. BEGRAFNISSE

- 1.1 Ds. J.J. Bester, Gravelotte: Namiddag 31 Mei tot naweek (2 Begrafnisse)
- 1.2 Ds. S.P. Schoeman en oudl. Don Bouwer, Groblersdal: Voormiddag 31 Mei.
- 1.3 Ds. M.H. Pieters, Marikana: Heeldag 1 Junie.

2. DRINGENDE SAKE

- 2.1 Dr. P.G.J. Meiring, Riviera: Voormiddag 31 Mei.
 - 2.2 Ds. M.M. Alves, Portugese N.G. Gemeente: Aandsitting 30 Mei.
 - 2.3 Ds. D.F. Kilian, Rietfontein-Suid: Aandsitting 30 Mei.
 - 2.4 Oudl. G.T. Rautenbach, Hartbeeshoek: Oggend 31 Mei.
 - 2.5 Ds. P.J. Grobler, Warmbad-Wes: Namiddag 30 Mei.
- Goedgekeur.

NAGMAAL

Die vergadering verdaag om 5 nm. met die oog op die viering van die Nagmaal op uitnodiging van die kerkraad van die Gemeente Pretoria in hulle kerkgebou en ds. W.H.S. Barnard sal die Woord bedien.

OGGENDSITTING (31 MEI 1972)

BIDUUR

Dr. P.W. Marais lees Mark. 2:1—12 voor en benadruk vers 4 en 5: „En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waarop die verlamde lê, laat afsak. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!” Daarna word God se aangesig in die gebed gesoek en Sy seën op die werk van die dag afgesmeek.

PERSONEELVERANDERINGS

Die volgende ouderlinge verskyn:

1. Burgerspark: Oudl. P.N.V. du Rand.
2. Arcadia: Oudl. F.B.R. Weich (s).

3. Potgietersrus-Oos: Oudl. D.H. Genis (s).
4. Rayton: Oudl. J.G.G. Gräbe.
5. Phalaborwa: Oudl. W.H.N. Roos (s).
6. Voortrekkerhoogte: Oudl. L.M. Schnetler.
7. Krokodilrivier: Oudl. H.C. Coetzee (s).
8. Halfweghuis: Oudl. G.J. van Tonder (s).
9. Capitalpark-Oos: Oudl. P.M. Bekker (p).
10. Andrew Murray: Oudl. G.J. Ritter (s).
11. Meyerspark: Oudl. H.R. Lemmer (p).
12. Petronella: Oudl. C.H. Driessen (s).
13. Dalunie: Oudl. A.R. Borcherdts (s).
14. Amersfoort: Oudl. P.W. v.d. Merwe (s).
15. Villieria-Oos: Oudl. M. v.d. Westhuizen (s).
16. Pretoria-Noord: Oudl. A.J. Rossouw (s)—afwesig.
17. Eldoraigue: Oudl. slegs die leraar verskyn vandag.
18. Halfweghuis: Oudl. G.J. van Tonder (p)
19. Wonderboom: Oudl. J.J. Lombaard (s).

TELEGRAM is ontvang van dr. P. Rossouw, skriba van die Sinode van Wes-Transvaal.

Voorstel: Inwyding Strydom-monument: (Proff. H.D.A. du Toit en A.B. du Preez)

Die Hoogerwaarde Sinode van Noord-Transvaal neem kennis van die onthulling van die Strydom-monument vanmôre en vereenselwig hom heelhartig met die huldiging van ons gewaardeerde ontslape premier J.G. Strydom. Ongelukkig sien die Sinode nie sy weg oop om vanweë 'n baie drukke program sy werksaamhede op te skort nie, maar in die gees is hy by die plegtigheid. Die Hoogerwaarde vergadering stuur egter die Actuarius Synodi, ds. Davidtsz, na die onthulling om hom te verteenwoordig en sy groete hiermee oor te dra. — Goedgekeur.

10 AFDELING IV:

AMPSBEDIENING EN EVANGELIASIE

(Agenda, p.490)

10.1 Verslag van die Kommissie

Dankmosie: (Ds. J.A. du Rand en prop. J.A. du Rand)

Die Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor ds. O.S.H. Raubenheimer wat gedurende die reses die sekretariaat van

die Sinodale Kommissie vir ampsbediening en Evangelisasie neergelê het, by die aanvaarding van die beroep na die werkkring in die buiteland. Sy toegewyde arbeid en inspirasie in bogenoemde pos is uiters waardevol vir ons Kerk.

Hy en sy huis word ryke seën toegebied in sy huidige werkkring in die buiteland met die besondere hoë eise wat dit stel.

Die Sinode neem ook met groot dankbaarheid kennis van die bekwame en toegewyde wyse waarop ds. Raubenheimer se opvolger, ds. R.B. Murray, hierdie pos behartig. — Goedgekeur.

I. AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE

1. ADMINISTRATIEF — Kennis geneem.

2. DIE AANDRANG TOT DIE TAAK

2.1—2.3.2.1 Kennis geneem.

2.3.2.2 **Bywoning van Eredienste** — Die getalle moet op gelyke berekening soos volg lees:

Oggendienste

1963 — 27%

1971 — 21%

Aanddienste

1963 — 12%

1971 — 9%

Vorbereiding

1963 — 20%

1971 — 15%

Nagmaal

1963 — 44%

1971 — 40%

Dankdiens

1963 — 23%

1971 — 11%

2.3.2.3 **Gemeentebidure** — Die volgende voorstel word aanvaar (di. R.J. Raath en J.R. Schmidt):

Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om toe te sien dat die gemeentebidure waarlik 'n uur van gebed tot God sal wees en bid om die kragdadige deurwerking van Sy Heilige Gees in ons Kerk en gemeentes.

2.3.2.4—2.3.4.4 Kennis geneem.

2.3.4.5 Die persentasie bywoning van sekere eredienste moet só lees: Oggend: 27% na 21%; Aand: 12% na 9%; Nagmaal: 44% na 40%; Dankdienste 23% na 11%.

2.3.4.6 Kennis geneem.

(Aanbeveling 2.8.6 moet lees 2.7)

2.4.1 Kennis geneem.

(Aanbeveling 2.8.5 moet lees 2.8.6)

2.4.2—2.6 Kennis geneem.

(Aanbeveling 2.8.3 onder 2.6 moet lees 2.8.4)

2.7 Vakansie-oorde: (Ds. B.T. Richard en oudl. J.H. Viljoen)

Die Sinode:

1. Neem met innige waardering kennis van verskeie bestuurders van binnelandse vakansie-oorde wat, bewus van hul roeping as gelowiges, hulself beywer vir die verkondiging van die Woord van die Here in hul oorde met godsdienstige feesdae en op Sondae, asook vir die noulettendheid waarmee hul waak teen allerlei sedelike euwels wat so maklik by vakansie-oorde die kop uitsteek. Hulle word vriendelik versoek om so veel as moontlik die ander ontspanningsbedrywighede tydens eredienste te sluit. Hy bid die betrokke besture seën en wysheid toe vir hul taak in hierdie verband.

2. Versoek sy lidmate ernstig om by besture van vakansie-oorde aan te dring dat daar in samewerking met die plaaslike gemeente vir hulle dienste gereël word waar dit nie bestaan nie.

Kerkrade word versoek om hierdie besluit van die Sinode onder aandag van al die vakansie-oorde binne hul grense te bring. — Goedgekeur.

Die volgende **voorstel** word aanvullend goedgekeur: (Di. O.S.H. Raubenheimer en J.A. du Rand)

Die Sinode dra dit op aan die R.K.A.E. om gemeentes met vakansie-oorde binne hul gemeentegrense behulpsaam te wees met voorsiening van predikers. — Goedgekeur.

2.8 Aanbevelings:

2.8.1 Goedgekeur.

2.8.2 Goedgekeur.

2.8.3 Met dank kennis geneem.

2.8.4 Goedgekeur met aanvaarding van die volgende **voorstel:**

Dank aan Ouderlinge: (Di. G.D. Kotze en A.V. Strydom)

Die Sinode neem met groot dank en innige waardering kennis van die groot werk wat met stille toewyding en opoffering deur ons groot skaar van ouderlinge gedoen word. Veral waar hulle

so dikwels as Evangelisasie-kommissies, getroue arbeid, huisbesoek en persoonlike getuienis deur die Here gebruik word om siele na Christus en Sy Kerk terug te bring.

Hulle is dikwels die Aäron's en Hur's wat ons hande sterk en omhoog hou.

Ons dank u broeders en bid u toe nog baie jare van geseënde arbeid vir ons Meester.

Ons bring ook hulde aan die baie wat ons tydens die reses ontval het. Ons huldig hulle nagedagtenis en bid hulle naasbestaandes die ryke vertroosting van die Here toe. — Goedgekeur.

2.8.5 Goedgekeur met dien verstande dat die volgende sin as (a) ingevoeg word (voorgestel deur di. J.F. van Heerden en M.M. Smit) en dat (a) (b) word ensovoorts:

Die heiliging van die gemeente deur 'n Heilige Gees-geleide toepassing van die onderlinge tug deur die Woord van die Here.

Ook die volgende voorstel word aanvaar (Di. H. Theron en E.J.L. le Riche):

Die Sinode doen aan die hand dat gemeentes erns maak met kategetiese onderrig aan buitekerklike volwassenes wat lidmate wil word en om dit te sien as vorm van evangelisasie waardeur kerkvervreemdes en buitekerklikes doelbewus en stelselmatig onderrig kan word in die leer van ons kerk.

Voorstel: Vorme van Praktiese Christelike werk: (Dr. W. de W. Strauss en ds. J.H.J. de Witt)

1. Die Sinode dra dit aan sy S.K.A.E. op om, ter voorligting aan kerkrade en predikante, stelselmatig ondersoek te doen na alle moontlike vorme van praktiese Christelike werk wat deur gewone lidmate van die Kerk gedoen kan word en wat dieselfde tyd in lyn met en ter uitbreiding van die werk van die besondere ampte in die Kerk kan dien.

2. Die Sinode versoek die S.K.A.E. om die Kerk voor te stel hoe om die voornoemde dienste op die regte wyse in diens te stel. — Goedgekeur.

2.8.6 Goedgekeur.

2.8.7 Goedgekeur saam met die volgende voorstel:

Onderrig in die Kerkleer: (Ds. L.F. van Niekerk en oudl. F.A.H. van Staden)

Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade en gemeentes dat ons in die Christelike lewe nie op gevoel en op 'n wilsbesluit alleen kan lewe nie, maar opgevolg moet word met die doelbewuste, stelselmatige onderrig en lering vanuit die Skrif en ons Gereformeerde belydenis.

3. **DIE PRAKTIESE UITVOERING VAN DIE TAAK** (Agenda, p.502)

3.1—3.2 Kennis geneem (3.2c kerkloosheid moet lees kerkloosheid)

3.3—3.8 Kennis geneem.

3.9 **Aanbevelings** (Agenda, p.507) — Goedgekeur.

4. **BESLUTE VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN 1970**

4.1—4.4 Kennis geneem.

Ds. O.S.H. Raubenheimer ontvang geleentheid om die vergadering toe te spreek oor die groot werk wat hy namens ons Kerk in Europa doen—oor 'n area van 9 miljoen vierkante myl, met 28 besoekpunte in 13 lande van Wes-Europa. Sy adres word aan die vergadering verstrekk met die oog op die toesending van die name van persone wat iewers in die buiteland woonagtig is:-

Ds. O.S.H. Raubenheimer,
P/a Suid-Afrikaanse Ambassade,
38 Rue de Bassano,
PARIS 8e.
FRANCE.

Telefoon:970-49-40 (Parys, Frankryk).

Studente Oorsee (Voorstel van dr. W. de W. Strauss en ds. G.J. Davidtsz)

Die Sinode dra dit aan sy S.K.A.E. op om gereeld navraag te doen by ons universiteite en ander opvoedkundige inrigtings na studente wat oorsee gaan studeer, besonderhede van verblyf in die buiteland te verkry en dit onverwyld deur te stuur na ds. Raubenheimer. — Goedgekeur.

Voorstel: Dank aan Owerheid: (Prof. A.B. du Preez en ds. O.S.H. Raubenheimer)

Dit was vir die H.E. Sinode 'n besondere gebeurtenis dat—juis op Republiekdag—die eerste verslag van die predikant in Europa voor die Sinode gedien het.

Hy het diep onder die indruk gekom van die groot noodsaak-

likheid van die werk asook van die reuse bydrae en hulp wat daar van Staatsweë vir hierdie werk beskikbaar gestel word.

Die H.E. Sinode boekstaaf sy opregte dank teenoor die Owerheid vir hierdie hulp en samewerking en verseker hom van sy heelhartige medewerking in hierdie verband, en bid hom toe die genade en seën van die Here in sy verantwoordelike regeringstaak sowel as in sy strewe vir die godsdienstige weerbaarheid van sy landsburgers in die Binne- sowel as Buiteland. — Goedgekeur.

4.5 Kennis geneem.

5. **Aanbevelings** — Almal goedgekeur.

6. **AANBEVELINGS MET FINANSIËLE IMPLIKASIES** — Goedgekeur en verwys na Begroting.

VERSLAG VERLOFKOMMISSIE: 31 MEI

1. Dringende Sake:

- 1.1 Oudl. R.H. Landman, Queenswood: 1 Junie — voormiddag.
- 1.2 Oudl. D.J. Crafford, Riviera: 31 Mei — voormiddag.
- 1.3 Ds. A.A. van Niekerk, Renosterpoort: 31 Mei — namiddag.
- 1.4 Oudl. (ds.) C.L. v.d. Merwe, Carolina: 31 Mei — aandsitting.
- 1.5 Ds. W.A.J. van Rensburg, Middelburg: 31 Mei — namiddag.
- 1.6 Oudl. Louis K. Zietsman, Villieria: 1—2 Junie — albei dae.
- 1.7 Oudl. W.L. Cronjé, Petronella: 1—2 Junie — albei dae.
- 1.8 Ds. J.C. Erasmus, Pretoria-Oos: 31 Mei — aandsitting.
- 1.9 Ds. O.S.H. Raubenheimer, Voortrekkerhoogte: Samespreking met K.G. te Kaapstad — 1 Junie.
- 1.10 Ds. H. Theron, Onderstepoort: Spreker Republiekdagverrigtinge.
- 1.11 Oudl. J.M. Kriek, Lyttelton-Oos: Huislike omstandighede.
- 1.12 Ds. P.W. Jordaan, Harmonie: Gemeentelike afspraak — 1 Junie.

2. Begrafnisse

- 2.1 Ds. Adam Boshoff, Belfast: 1 Junie — Heeldag.
- 2.2 Ds. J. Nel, Witbank: 1 Junie.
- 2.3 Oudl. D.S. v.d. Merwe, Witbank: 1 Junie.

3. Siekte

- 3.1 Ds. N.S.L. Fryer, Carolina: 31 Mei — aandsitting.
- 3.2 Ds. G.O. Kotze, Komatipoort: Siekte.
- 3.3 Ds. N.J. Coetzee, Laeveld: Mediese afspraak.
- 3.4 Ds. K.D. Struwig, Meyerspark: Middagsitting.
- 3.5 Oudl. W.G.M. Potgieter, Goedgegun: Middagsitting.
- 3.6 Oudl. J.A. Kruger, Ohrigstad: Middagsitting.

MIDDAGSITTING (31 MEI)

S.K.A.E. (vervolg)

7. **FINANSIËLE MIDDELE** — Kennis geneem.

Voorstel oor Diensaksies: (Di. J.E. Potgieter en H.J.C. Pieterse)

Omdat die Sinode die ondervinding het dat verdienstelike sake dikwels skade ly omdat Diensaksies al meer en groter ondernemings vir hulle rekenings aanvaar het, word die Diensaksies versoek om intens versigtig en verantwoordelik op te tree wanneer besluit word of en in hoever enige verdienstelike saak amptelik vir hulle rekening aanvaar word. — Goedgekeur.

8. **AANBEVELINGS** — Goedgekeur.

9. **OPDRAGTE VAN DIE LAASTE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL (1968)**

9.1 **Kinderevangelisasie**

Voorstel: (Dr. W. de W. Strauss en oudl. J.A. du Rand)

Die Sinode neem met besondere waardering kennis van die aandag wat die S.K.A.E. in die jongste tyd bepaaldelik aan kinderevangelisasie bestee het. Hy vra die Kommissie om hierdie werk uit te bou en ons Kerk in sy geheel voor te lig tot 'n steeds betere benutting van hierdie vrugbare arbeidsveld en waar toepaslik dit in samewerking met die Sinodale Jeugkommissie te doen. — Goedgekeur.

9.1—9.3 Kennis geneem.

10. Kennis geneem.

II. IMMIGRANTEBEARBEIDING (Agenda, p.519)

1—3 Kennis geneem. (3.2 aanbeveling 7.1 moet lees 10.1) (p.527 Agenda))

4. **HERKOMS VAN BLANKE IMMIGRANTE VANAF 1961 — 1970** — Kennis geneem.

'n Mosie van ds. P.A. Pienaar en 'n ander van dr. H.J. Terblanche in dié verband word na die tydelike kommissie vir Algemene Sake verwys.

5. Kennis geneem (laaste sin moet lees: styging by D en E).

6. Kennis geneem.

7. Kennis geneem met aanname van die volgende **voorstel:** **Inskakeling van Kerkvervreemdes** (Di. O.S.H. Raubenheimer en J.A. du Rand)

Die H.E. Sinode:

1. Neem met verontrusting kennis van die feit dat die groei van die Kerk nie tred hou met die bevolkingsaanwas nie.

2. Dra dit op aan sy S.K.A.E. om ter voorligting van gemeentes 'n deurtastende ondersoek in te stel na die kerklike inskakeling van kerkvervreemdes en immigrante.

3. Dring aan by sy gemeentes om erns te maak met hierdie inskakelingswerk.

Voorstel: Christelike Buurmanskap: (Ds. H.B. van Zyl en oudl. G.J. Ritter)

Die Sinode beskou die daadwêrelike bereiking van Jode en andertaliges wat sonder Christus is, as gebiedend noodsaaklik, en dra dit aan kerkrade op dat elke ouderling, diaken en toegewyde lidmaat deur spontane Christelike buurmanskap en diensbetoon kontak op te bou met diesulkes. Besonderhede van belangstellendes moet aan die gemeentes vir andertaliges deurgegee word. — Goedgekeur.

8—9. Kennis geneem.

10. **AANBEVELINGS** (Agenda, p.527)

10.1 Word saam met pt. 8.1 op p.559 en 'n voorstel van ds. J.P. Claasen na 'n subkommissie bestaande uit di. J.A. du Rand, J.P. Claasen en P.A. Pienaar vir kombinerings en formulering van die voorstelle met rapport aan die Sinode, verwys.

10.2 Goedgekeur en 'n voorstel van ds. P.A. Pienaar in sake Roomse geestelikes word na die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake verwys vir aanbeveling en moontlike formulering.

10.3—10.5.2 Goedgekeur.

10.5.3—10.5.5 Staar oor tot by Begroting.

10.5.6 Kennis geneem.

10.5.7 Goedgekeur.

VERSLAG VAN VERLOFKOMMISSIE

Verlof—Donderdag 1 Junie

1. Oggendsitting

1.1 Oudl. D.F. Joubert, Potgietersrus: Argief.

2. Middagsitting

2.1 Ds. S.J. Joubert, Bronberg: Begrafnis.

2.2 Ringskommissie Ring van Pretoria: Di. R.J. Raath, P.J. de Vos en J.R. Schmidt: Samespreking UNISA. — Goedgekeur.

AANDSITTING (31 MEI)

BESOEK VAN DIE PORTUGESE GEMEENTE

Ongeveer 'n 100 lede en dooplidmate van die Portugese gemeente besoek die Sinode en onder leiding van hulle leraars di. Pienaar en Alves sing hulle twee Portugese geestelike liedere. Die Sinode sing hulle die seënbede uit Ps. 134 toe en die Assessor dra die goeie wense van die vergadering aan hulle oor.

ANDREW MURRAY-GEMEENTE

Ds. H.B. van Zyl kry die geleentheid om van die pragtige groei van hierdie jong gemeente aan die vergadering mee te deel.

BROEDERLIKE ONDERHOUD

Ds. R.B. Murray behandel die gesamentlike Staat van Godsiens van die 19 Ringe van Noord-Transvaal.

Spreker praat op ernstige wyse oor: Ons Amptelike Verantwoordelikheid in Kerkvernuwing.

Hy belig met voorbeelde uit die Ringsverslae agtereenvolgens die volgende temas: Die Kerk openbaar 'n magtige behoefte aan vernuwing; die Kerk het die Goddelike potensiaal tot vernuwing maar die Kerk het ook 'n heilige taak in vernuwing.

Daarna vind 'n lewendige bespreking van die onderwerp plaas en word daar ernstig saamgebied.

OGGENDSITTING (1 JUNIE)

BIDUUR

Ds. P. Nel laat die Woord uit Ef. 2:1—10 spreek, veral uit vers 8: „Want uit genade is julle gered, deur die geloof en dit nie uit julleself nie—dit is die gawe van God.” Daarna word saamgebied.

PERSONEEL

Die volgende broeders verskyn:

1. Eldoraigue: Ds. P.J.C. Loots en oudl. W.J. Grobbelaar (p).
2. Wakkerstroom: Oudl. C.L. Odendaal (s).

3. Wonderboom: Oudl. G.J. Malherbe (p) en H.J. Engelbrecht (s).
4. Malopo: Oudl. D.J. Roux (s).
5. Krokodilrivier: Oudl. J.J. Roos (p).
6. Vorentoe: Oudl. W.J.I. Swart (s).
7. Rayton: Oudl. J.C. Thuynsma (p).
8. Meyerspark: Oudl. K.B. de Vos (s).
9. Erasmia: Oudl. L.J. Pretorius (s).
10. Voortrekkerhoogte: Oudl. I.M. Schnetler.

Die volgende broeders verskyn nie:

1. Eloffsdal-Wes: Oudl. F. Grobler (p) verskyn nie meer nie.
2. Soekmekaar: Ds. J.D. Stemmet verskyn nie vandag nie.
3. Arcadia: Oudl. ds. A.J.V. Burger verskyn nie meer nie.

12 AFDELING VI: SENDING

(Agenda, p.632)

12.1 Verslag van die Sinodale Sendingkommissie

A. SENDINGBELEID

1. **AANDEEL VAN PLAASLIKE GEMEENTES IN DIE SENDINGAKSIE VAN DIE KERK** — Kennis geneem.
2. **SINODALE SUBSIDIËRING VAN SENDINGWERKSAAMHEDE** — Kennis geneem.
3. **SAMEWERKING MET DIE DOGTERKERK T.O.V. BEPLANNING EN UITVOERING VAN SENDINGPROJEKTE**
 - 3.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.
4. **BELEID T.O.V. SUBSIDIËRING VAN DIE DOGTERKERKE DEUR DIE MOEDERKERK** — Kennis geneem.

4.1 **Aanbevelings** — Goedgekeur saam met die volgende **voorstel**: (di. A.J. Labuschagne en P.J.S. Koekemoer)

Die Sinode neem met groot blydskap en dankbaarheid teenoor die Here van die Oes kennis van die Ned. Geref. Kerk in Afrika se vordering op die weg van volle selfstandigwording, veral t.o.v. haar strewe om tot volle uitlewing van haar rentmeesterskap te kom

Die Sinode betuig verder dat dit steeds sy voorreg is om die dogterkerk op die ingeslane weg voort te help, veral in ooreenstemming met Bep. 78 by die Kerkorde.

By 4.1.4 word die volgende byvoeging aanvaar: ;Oudl. (ds.) C.L. v.d. Merwe en ds. N.S.L. Fryer)

Dit word aan die Kerkrade se goeie oordeel oorgelaat om te besluit hoe en wanneer die subsidie aan die Sendinggemeente verminder moet word.

5. SKAKELING EN SAMEWERKING MET DIE DOGTERKERKE

5.1—5.5 Kennis geneem.

5.6 **Aanbevelings** — Goedgekeur.

6. EKSAMINERING VAN TEOLOGIESE STUDENTE IN SENDINGWETENSKAP (Agenda p.641) — Kennis geneem.

6.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

B. SENDINGINLIGTING

1. VERSAMELING EN VERSPREIDING VAN SENDINGINLIGTING - Kennis geneem.

2. INLIGTING OOR GROEI VAN GEMEENTES EN VERMEERDERING VAN SENDINGBYDRAES

2.1 **Volledige statistiek** — Die Sinode neem kennis van die bylaag op Agenda, p.759—769.

2.2 **Afleidings uit gemeentelike en ringstatistiek** — Kennis geneem.

2.3 **Gegewens oor 4 jaar** — Kennis geneem.

3. BESOEKE AAN SENDINGSTASIES

3.1—3.2 Kennis geneem.

3.3 (Agenda p.646) Goedgekeur.

4. SENDINGNUUS — Kennis geneem.

5. **LITERATUUR** — Kennis geneem met aanvaarding van aanbeveling 5.2 (Agenda p.648)

6. BESOEKE AAN DIE R.S.K.'s VAN DIE MOEDERKERK EN RINGSKOMMISSIE VAN DIE DOGTERKERK

6.1—6.6 Kennis geneem.

6.7 **Aanbevelings** (p.650) — Goedgekeur met aanvaarding van die volgende **mosie**: (Di. T.J. Basson en M.M. Smit)

Die Sinode spreek sy hoogste dank en waardering uit teenoor die Organiserende Sendingsekretaris **dr. C.I. van Heerden** vir die besondere ywer en entoesiasme waarmee hy die taak van die propagering en skoling t.o.v. die Sending aangepak het en uitvoer. Gemeentes, P.S.K.'s en R.S.K.'s word aangemoedig om steeds in groter mate gebruik te maak van die gespesialiseerde diens wat op so 'n bekwame wyse deur die Org. Sendingsekretaris gelewer word.

7. **SENDINGKONFERENSIE TE EMMARENTIA GELDENHUYS-SENDINGSENTRUM** — Kennis geneem met aanname van aanbevelings 7.4 (Agenda p.651).

8. **ORIËTERINGSKURSUS** — Kennis geneem met aanvaarding van aanbevelings 8.11 (Agenda p.654).

Dankmosie mnr. D.C. Coetzer: (Di. P.J.C. Loots en J.H. du Toit)

Gesien in die lig van die steeds stygende nood ten opsigte van geskikte, kerklike terreine vir kampe, kursusse, kongresse, ens., betuig die Sinode van Noord-Transvaal met waardering sy opregte dank teenoor mnr. D.C. Coetzer van Rustenburg vir die skenking van sy pragtig geleë plaas—teen 'n minimale koste—aan die kerk, in die besonder met die oog op gebruik vir Sendingaangeleenthede. — Goedgekeur.

9. **TAALKURSUSSE VIR SENDINGWERKERS** — Kennis geneem met goedkeuring van aanbevelings 9.10 (Agenda p.656). As 9.10.4 word die volgende **byvoeging** aanvaar: (di. C.J. Jackson en R.P. Jordaan)

Die Sinode versoek Kerkrade om sendelinge die geleentheid te gee om **so gou moontlik** die taalkursus by te woon.

Aanbeveling 9.10.2 word soos volg aangevul: (Di. P. Nel, G.J. Snyman, J.P. Claasen)

9.10.2 Die Sinode beskou dit as dringend noodsaaklik dat alle sendingpersoneel, met die oog op doeltreffende kommunikasie, so spoedig moontlik gebruik sal maak van die geleentheid om die taal van die volk onder wie hulle arbei, aan te leer.

10. **KURSUS VIR VOLWASSE-ONDERRIG IN LEES- EN SKYFKUNDE** — Kennis geneem.

11. **SKAKELING EN SAMESPREKINGS MET SENDING-PERSONEEL** — Kennis geneem.

12. **INLIGTING IN VERBAND MET SENDINGGEMEENTES** — Kennis geneem (by Letaba, Agenda p.659), moet die naam van die gemeente Monumentpark bykom).

12.1 **Aanbevelings** (Agenda p.663) — Goedgekeur.

VERTEENWOORDIGER NED. Geref. KERK IN AFRIKA (SINODE NOORD-TRANSVAAL)

Ds. L.J. Swanepoel, moderator van bogenoemde Sinode, bring op hierdie stadium die groete van sy Sinode aan ons oor.

TELEGRAM AAN HOOFMINISTER L.M. MANGOPE (Voorgestel deur di. P.J. Conradie en C. Conradie)

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in sitting te Pretoria, het hom in herinnering geroep die kersteningswerk onder die Tswanavolk, wat meer as 'n eeu gelede te Saulspoort, Pilansberg, en elders begin is.

Waar die Tswanavolk nou tot selfregering gevorder het, wil die Sinode die Hoofminister en Ministers en die Tswanavolk die seën van die Here toebid op sy weg vorentoe. Die Kerk sien uit na verdere en vrugbare samewerking in belang van die uitbreiding van die Koninkryk van God. — Goedgekeur.

Voorstel: Gelukwensing: Lebowa- en Sjangaangebiedsoowerheid: (Di. A.A. van Niekerk en A.J.N. van Heerden)

Die Hoogerwaarde Sinode spreek sy gelukwensing uit teenoor die Lebowa-gebiedsoowerheid met hulle onafhanklikwording binnekort en bid hulle die seën van die Here toe op hulle groot verantwoordelikhede, asook die Sjangaan-gebiedsoowerheid wat gedurende die jaar wetgewende magte ontvang het.

13. **JAPANSENDING**

13.1 Kennis geneem saam met die volgende **voorstel:** (Dr. J.P. Theron en ds. P.J. Conradie)

Die Sinode neem met dank kennis dat die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. sy weg oopgesien het om met sendingwerk in Japan te begin.

Die Sinode versoek lidmate, wat die sendingwerk in Japan finansiëel wil ondersteun, om hulle bydraes deur die N.-Tvlse. Sendingkantoor of direk aan die Vrystaatse Kerk beskikbaar te stel.

14. **KAMPTERREIN VIR NIE-BLANKE GROEPE** — Kennis geneem met goedkeuring van die aanbeveling 14.2(Agenda p.664).

15. **STUDIEKOMMISSIE VAN DIE S.S.K.** — Kennis geneem.

16. **SKAKELING TUSSEN KERK EN NYWERHEID** — Kennis geneem met aanname van 16.4 (Agenda p.665)

17. **SENDINGKOR**

17.1—17.3 Kennis geneem.

17.4 Aanbeveling — Goedgekeur.

18. **EMMARENTIA GELDENHUYS-SENDINGSENTRUM** — Kennis geneem met goedkeuring van 18.6 en die volgende **mosie**: (Ds. A.P. du Preez en ds. Weitz Botes)

Die Hoogerw. Sinode neem met dank kennis van die vordering wat daar gemaak is met die opbouing van die Emmarentia Geldenhuys-Sendingsentrum tot 'n dienlike inrigting van ons Kerk. Graag wil die Sinode hiermee sy dank uitspreek teenoor die argitek vir sy dienste in dié verband., asook daardie persone en instansies wat dit vir die S.S.K. finansiël moontlik gemaak het om die inrigting op te bou soos wat dit vandag is. Aangesien daar nog baie gedoen moet word ten einde dit 'n inrigting te maak wat die Kerk tot eer sal strek en om ook vir baie meer persone en liggame beskikbaar te wees, doen die Sinode andermaal 'n beroep op individue en liggame om verdere finansiële steun ten einde hierdie ideaal te kan bereik.

C. SINODAAL ONDERSTEUNDE WERKSAAMHEDE

1. Kennis geneem.

2. **CAPRIVI-OOS**

Dankmosie: Sendingonderneming: (Di. M.D.V. Cloete en R.J. Raath)

Die Sinode neem met waardering kennis van die wyse waarop die 67 lidmate van ons Kerk in die Oos-Caprivi die sendingonderneming in die gebied steun en bid die lidmate Gods rykste seën toe nie net in hierdie werk nie, maar ook in die moeilike omstandighede waaronder hulle moet lewe. — Goedgekeur.

MIDDAGSITTING (1 JUNIE 1972)

NOTULE

Die notule word met enkele redaksionele wysiginge aanvaar.

PERSONEEL

Andrew Murray: Oudl. G.J. Ritter verskyn.

Mosie Hugenote-Kollege (ds. P.H. Coetzee en dr. J.F.J. Hattingh)

Die Sinode betuig sy innige en opregte waardering teenoor die Raad en personeel van die Hugenote Kollege vir die werk wat hulle in naam van die Kerk vir die Koninkryk van God doen, en verseker die Kollege dat ons in N.-Tvl. steeds in die gebed aan hulle dink. — Goedgekeur.

Mosie aan Provinsiale Raad i/s Sondagverkope: (Ass. skriba en Aktuaris, di. D.J. Viljoen en G.J. Davidtsz)

Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal in sitting te Pretoria vandag, het met groot dank kennis geneem van die voorneme van die Provinsiale Raad van Transvaal om die verkoop van erwe, skilderye, ens., op Sondag aan bande te lê, en dat hierdie saak vandag aan die orde is.

Die Sinode wil graag die Hoogedele Provinsiale Raad beleefdelik versoek om hierdie saak met krag deur te voer aangesien dit dwarsdeur ons Kerk aanstoot gee. — Eenparig goedgekeur.

3. SENDING ONDER INDIËRS

3.1—3.11 Kennis geneem.

3.12 **Aanbevelings** — Goedgekeur.

Ds. Perold de Beer, sendeling onder die Indiërs in Noord-Transvaal, kry geleentheid om die vergadering toe te spreek.

4. GEVANGENESBEARBEIDING

4.1—4.6 Kennis geneem.

4.7 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

Ds. A.J. de Clercq, gevangenisarbeider vertel aan die vergadering van sy unieke ondervindings veral t.o.v. die terdoodveroordeeldes, waarvan hy ongeveer 25 per jaar bystaan in hulle laaste oomblikke.

Mosie van Dank: (Di. W.J.M. Janson en D.J. Viljoen)

Die Sinode betuig sy besondere dank en waardering teenoor ds. A.J. de Clercq vir unieke diens op sendinggebied gelewer gedurende die afgelope 43 jaar, en ook veral as voltydse pioniersending in die gevangenis gedurende die afgelope 12 jaar. — Goedgekeur.

5. KLEURLINGSENDING

5.1—5.11 Kennis geneem.

5.12 **Aanbevelings** — Goedgekeur, en **ds. Japie Vermeulen** bring die groete oor van die Sinode van die Ned. Geref. Sendingkerk in S.A. (Kleurlinge).

BEDANKING

Die Assessor spreek die dank van die Sinode uit teenoor al die verteenwoordigers van die dogterkerke wat groete oorgebring het en die Sinode toegesprek het. Sy weergroet is: Pula!

6. BEARBEIDING VAN JODE EN ANDERTALIGES

6.1—6.2 Kennis geneem.

6.3.1 Goedgekeur.

6.3.2 en 6.3.3 — Staan oor tot by Begroting.

7. SWAZILAND — Kennis geneem.

7.2 Onderhandelinge vir meerdere hulp van Buite

7.3.2—7.4 — Kennis geneem met aanname van die volgende voorstel: (Ds. P.J. Conradie en dr. C.I. van Heerden.)

Die Sinode neem met groot dank kennis dat die Sinodes van Wes- en Suid-Tvl. hulle samewerking verleen het om die sendingwerk in Swaziland saam met N.-Tvl. aan te pak en te finansier.

Die Sinode verheug hom in hierdie samewerking en wil die lidmate van ons Kerk vra vir hulle voortdurende voorbidding en ondersteuning.

7.5.1 en 7.5.2 **Aanbevelings** — Goedgekeur.

8. DIE OPLEIDING VAN GEESTELIKE MAATSKAPLIKE WERKSTERS VIR DIE N.G. KERK IN AFRIKA TE TURFLOOP

8.1—8.5 Kennis geneem.

8.6 Aanbeveling

8.6.1 Staan oor tot by Begroting.

8.6.2 Goedgekeur.

9. BETHESDA-NORMAALKOLLEGE VIR DIE OPLEIDING VAN BANTOE-ONDERWYSERS

9.1—9.4 Kennis geneem met goedkeuring van aanbeveling 9.5 (Agenda p.682)

10. C.S.V. IN BANTOESKOLE EN KOLLEGES

10.1—10.5 Kennis geneem met goedkeuring van 10.6

11. SENDINGKANTOOR

11.1—11.2 Kennis geneem.

11.3 **Spanwerk** — Goedgekeur saam met die volgende **mosie van dank aan die Sendingkantoor:** (Di. P.J. Conradie en A.P. du Preez)

Die H.E. Sinode boekstaaf sy opregte dank en waardering teenoor die personeel van die Sendingkantoor met sy twee predikante in Sinodale Diens met opdrag Sending, die administratiewe assistente, tiksters en skakelbeamptes vir hul onvermoeide en toegewyde diens wat steeds met 'n glimlag verrig word, en bid hulle toe sterkte en die seën van die Here sodat hulle veel vrug op hul arbeid mag sien.

11.4 Kennis geneem.

11.5 Goedgekeur.

D. SENDINGBEGROTING

Staan oor tot by begroting.

E. POSTE VAN PREDIKANTE IN SINODALE DIENS MET OPDRAG SENDING (Agenda p.685—698)

Die hele punt staan oor tot by die verslag van die Tydelike Sendingkommissie.

F. MEDIESE SENDING (Agenda, p.698)

1. ALGEMENE INLIGTING

1.1—1.2 Kennis geneem.

1.3 Ander Sendinginrigtings:

Voorstel: Nood onder die Bantoe (Dr. D. Crafford en ds. J.A. Lombard)

Die Sinode dra dit op aan sy Sendingkommissie om in oorleg met die S.K.D.B. weë te vind waarop verskeie vorme van nood onder die Bantoe in die stad, op die platteland en in die tuislande onder die aandag van die kerk en gemeentes gebring kan word. — Goedgekeur.

1.4 en 1.5 Kennis geneem.

2. **ADMINISTRASIE** — Kennis geneem.

3. **BANTOEVERPLEEGSTERSKOLLEGES** — Kennis geneem met goedkeuring van 3.2.7 (Agenda p.709)

4. **WERWING VAN SENDINGPERSONEEL** — Kennis geneem met goedkeuring van 4.12 (Agenda p.712)

5. **MEDIESE VOORSORGFONDS EN GROEPSVERSEKERING** — Kennis geneem.

6. **DIE EMMARENTIA GELDENHUYS MEDIESE STUDIE-FONDS** — Kennis geneem met goedkeuring van 6.4 (Agenda p.714)
7. **PERMITTE VIR TOEGANG TOT BANTOETUISLANDE** — Afgehandel.
8. **ALLESOMVATTENDE MEDIESE DIENSTE** — Kennis geneem.
9. **OOREENKOMS MET DIE STAAT OOR FINANSIËLE SUBSIDIERING VAN SENDINGHOSPITALE EN INRIGTINGS** — Kennis geneem.
10. **SUKSES VAN FINANSIËLE VOORSKRIFTE** — Kennis geneem met goedkeuring van 10.1 (Agenda p.718)
11. **INTERNE GROEPERING VAN SENDINGHOSPITALE** — Kennis geneem.
12. **BANTOEBESTUURSKOMITEES**
 - 12.1—12.2 Kennis geneem.
 - 12.3` Goedgekeur.

VERLOFKOMMISSIE-VERSLAG — 1.6.72

1. Begrafnisse

- 1.1 Ds. S.P. du Plessis, Pretoria-Wes: 2 Junie — voormiddag.
- 1.2 Ds. G.C. Kriel, Môregloed: 2 Junie — voormiddag.
- 1.3 Ds. A.J.N. van Heerden, Rietkuil: 2 Junie — heeldag.
- 1.4 Ds. G.D. Kotze, Komatipoort: 2 Junie — heeldag.
- 1.5 Oudl. P. de W. Wiid, Komatipoort: 2 Junie — heeldag.

2. Dringende Sake

- 2.1 Oudl. J.A.J. Breedts, Witbank: 1 Junie — namiddag en aand. 2 Junie — heeldag.
- 2.2 Oudl. B.C. Greyvenstein, Rustenburg-Suid: 1 Junie — aand-sitting.
- 2.3 Ds. L.L.J. Visser, Carolina: 2 Junie — oggend.
- 2.4 Ds. L.M. Heyns, Harmonie: 1 Junie — middag.
- 2.5 Ds. A.J.N. van Heerden, Rietkuil: 1 Junie — middag.
- 2.6 Oudl. I.H. Eybers, Lynnwood: 2 Junie — heeldag.
- 2.7 Ds. J.G. Swanepoel, Burgersfort: 2 Junie — namiddag.
- 2.8 Ds. Fritz Kemp, Volksrust: 2 Junie — namiddag.
- 2.9 Oudl. dr. C.F.A. Borchardt, Hartbeesspruit: 1 Junie — namiddag en 2 Junie — voormiddag.
- 2.10 Oudl. J.H. Robbertze, Voortrekkerhoogte: Onbepaald.
- 2.11 Ds. N.J. Hanekom, Harmonie: 1 Junie — middag en aand.

- 2.12 Oudl. C.P. Naudé, Riviera: 1 Junie — aand.
 2.13 Oudl. A.P.C. Engelbrecht, Pietersburg-Noord: 1 Junie — middag.
 2.14 Oudl. S.J.S. van der Poel, Witbank-Suid: 5 Junie — voormiddag.
 2.15 Oudl. dr. W. Radley, Malelane: 2 Junie — middag.
 2.16 Oudl. J.A. du Rand, Pretoria: 2 Junie — voormiddag.
 2.17 Oudl. J.H. le Roux, Pretoria: 2 Junie — heeldag.
 2.18 Ds. N.C. Ackerman, Skuilkrans: 2 Junie — namiddag en aand.
 2.19 Ds. W.H.S. Barnard, Middelburg, Tvl.: 1 Junie — aandistting.
 2.20 Ds. D.T. van Loggerenberg en oudl. D.F. van Rooyen, Premiemyn: 2 Junie — namiddag en aand.
 2.21 Oudl. D.L. Blom, Rietfontein-Noord: 2 Junie — voormiddag.
 2.22 Oudl. J.C.H. Bornman, Roosenekal: 2 Junie — namiddag en aand.

AANDSITTING (1 JUNIE)

13. EVENTUELE OORDRAG VAN SENDINGHOSPITALE EN SENDINGINRIGTINGS

13.1—13.2.4 Kennis geneem.

13.2.5 Geestelike bearbeiding:

Voorstel: (Ds. A.J. Labuschagne en prof. I.H. Eybers)

Die saak word verwys na die Permanente Sendingkommissie om te besin oor die vraag of hierdie werk nie nou reeds op vaste grondslag gevestig kan word nie. — Goedgekeur.

13.2.6 en 13.2.7 Kennis geneem.

13.3 en 13.4 Kennis geneem.

13.5 **Aanbeveling** — Goedgekeur met invoeging van die woorde: „en die noue verband met die Ned. Geref. Kerk in Afrika”, na „sendingkarakter”.

G. STOFBERG TEOLOGIESE SKOLE (p.722)

1. **BEGROTING** — Kennis geneem.

1.1 Verwys na Tydelike Begroting.

1—5 Kennis geneem.

5.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur saam met die volgende **mosie:** (Prof. I.H. Eybers en ds. J.B. Haasbroek)

Die H.E. Sinode wil al die dosente aan die Stofberg Teologiese Skole verseker van sy opregte dank vir die uiters belangrike werk waarmee hulle besig is en wil hulle verseker van ons volgehoue voorbidding vir hul persone en hul taak.

H. SENDINGAANGELEENTHEDE IN FEDERALE VERBAND

1. VIERJAARLIKSE SENDINGKONGRES — Kennis geneem.

1.1 Aanbeveling — Goedgekeur.

2. WYSIGING VAN DIE ALGEMENE SENDING- REGLEMENT

2.1 en 2.2 Kennis geneem.

2.3 Goedgekeur.

Voorstel: (Ds. C.J. Jackson en prof. I.H. Eybers)

Die Sinode van Noord-Transvaal verwys hierdie punt na die Algemene Sendingkommissie vir die moontlike herformulering daarvan, en doen as suggestie die volgende aan die hand:

„Dit is die taak en roeping van die Kerk om die samelewings-
verbanne van die bevolkingsgroep waarbinne hy bestaan in die
lig van Gods Woord te ondersoek met die oog op die vervulling
(uitvoering) van die apostolaatsroeping van die Kerk in hierdie
opsig.” — Goedgekeur.

3. KOMMISSIE VIR SKAKELING MET DIE OWERHEID — Kennis geneem met goedkeuring van 3.4 (Agenda p.730)

4. VELDTOG VIR EVANGELISASIE IN DIEPTE — Kennis geneem met goedkeuring van 4.4 (p.731).

5. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS — Kennis geneem.

Voorstel: (Ds. G.J. Snyman en oudl. P.L. Erasmus)

Die Sinode word dringend versoek om die insiggewende en
leersame inhoud van die blad „Antikom” ook in Engels beskikbaar te
stel met die oog op die baie Bantoes wat Engels lees, veral waar hulle
dikwels ook aan kommunistiese invloede blootgestel is. Die Christe-
like Lektuurfonds word versoek om die moontlikheid hiervan te
ondersoek.

6. MEMA (Agenda, p.731) — Kennis geneem.

7. SENDINGWERK IN PORTUGEES-OOS-AFRIKA

7.1—7.2 Kennis geneem.

7.3 Aanbeveling — Goedgekeur saam met die volgende **voorstel:**
(Ds. P.J. Conradie en dr. C.I. van Heerden)

Verslag Ad Hoc Kommissie Sendingwerk in Mosambiek

Die verslag word met dank aanvaar en die volgende besluite daaroor geneem:

Besluite:

1. Dat geen deputasie op hierdie stadium na Lourenco Marques of Lissabon gestuur word nie.
 2. Dat die KMAP Sinode van Nkhoma, die N.G. Kerk in Afrika (Transvaal Sinodes), die Bantoe Geref. Kerk in Rhodesië en die KMAP Sinode van Salisbury aangemoedig en ondersteun word om die beste gebruik te maak van bestaande kanale wat vir hulle oop is vir sendingwerk in Mosambiek.
 3. Dat die bydrae van lede van die N.G. Kerk in Mosambiek en die Portugese gemeente in Transvaal in hierdie werk ondersoek en oorweeg sal word.
 4. Dat 'n skakelkommissie tussen die belanghebbende kerke in Malawi, Transvaal en Rhodesië in die lewe geroep word vir raadpleging en waar nodig koördinerings.
 5. Dat besondere aandag aan bearbeiding van trekarbeiders uit Mosambiek gegee word, en hulle aangemoedig word om by hulle terugkeer met lidmate in Mosambiek kontak te maak.
8. **OPLEIDING VAN SEPARATISTE-KERKLEIERS** — Kennis geneem.
9. **VERSLAG VAN DIE DERDE EEUFEEFONDS**
- 9.1—9.5 Kennis geneem.
- 9.6 **Aanbeveling** — Staen oor tot by Begroting.

I. SENDINGVERENIGINGE (Agenda p.735)

1. **BESLUIE VAN ALGEMENE SINODE** + Kennis geneem.
2. **VERSLAE VAN SENDINGVERENIGINGE AAN DIE NED. Geref. Kerk, Noord-Transvaal** Kennis geneem.
3. **GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENTE VAN SENDINGVERENIGINGE** Kennis geneem.
4. **REGLEMENT OF GRONDREELS VAN DIE T.V.S.V.-NOORD** Kennis geneem.

4.2 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

5. **REGLEMENT VAN KINDERSENDINGKRANS-NOORD**
Kennis geneem.

5.2 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

6. **REGLEMENT VAN MANNESENDINGBOND-NOORD**
Kennis geneem.

6.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

7. **ONDERHANDELINGE TUSSEN VROUEVERENIGINGE
OOR TOEKOMSTIGE SAMEWERKING, VOORTBESTAAN
EN NAASBESTAAN**

7.1 Kennis geneem.

7.2 **Aanbevelings** — word saam met die afgerolde stuk van die Hoofbesture van die T.V.S.V. en die Vrouehulpdiens verwys na die Tydelike Kommissie vir Sending, asook Beskrywingspunt X.39 op p.16.

8. **VERSLAG VAN DIE T.V.S.V.-NOORD** — Kennis geneem met goedkeuring van 8.3 (p.755).

9. **DIE KINDERSENDINGKRANS NOORD-TRANSVAAL** — Kennis geneem met goedkeuring van 9.5 (p.756).

10. **DIE MANNE-SENDINGBOND VAN NOORD-TRANSVAAL** — Kennis geneem met goedkeuring van 10.3 (p.757).

VERDAGING

Die Sinode verdaag om 9.05 nm. met 'n gebed deur ds. A.V. Strydom.

VRYDAG 2 JUNIE

OGGENDSITTING

BIDUUR

Ds. A.V. Strydom gaan voor met die biduur. Hy lees uit Matt. 9 en Rom. 1. 'n Aantal broeders neem deel aan die gebedsgeleentheid.

PERSONEELVERANDERINGS

1. Wonderboom: Oudl. T.I. van Wyk (s).
2. Olifantsfontein: Oudl. C.D. Badenhorst (p).
Afwesig vir die dag.
3. Lugmaggimnasium: Oudl. P.B.L. de Beer (p).

4. Rietfontein-Noord: Oudl. C. de Jager (s).
5. Waterkloof: Oudl. P.G.J. Meiring (s).
6. Barberton: Oudl. D.S. Marais (s).
7. Petronella: Oudl. J.P. du Toit.
8. Letsitele: Oudl. I.S. de Villiers (s).
9. Meyerspark: Oudl. dr. J.S. Krüger.
10. Krokodilrivier: Oudl. H.C. Coetzee.
11. Erasmus: Oudl. B.J. du Toit.
12. Dalunie: Oudl. P.C.C. Oosthuizen.
13. Andrew Murray: Oudl. G.J. Ritter.
14. Petronella: Dr. J. Grobler.

'n Mosie insake die Kindersendingkrans van ds. J.F. de Vos word saam met 'n vorige mosie verwys na die Tydelike Sending-kommissie.

13. AFDELING VII: EVANGELIEBEDIENING

13.1 Verslag van die Kommissie van Eksaminatore 1968—1971 (Agenda, p.770)

1. PERSONEEL — Kennis geneem.

Die professore van die Teologiese Fakulteit en die proponentklas van die Teologiese studente word hartlik verwelkom.

2. ADMISSIE-EKSAMEN — Kennis geneem.

3. AANBEVEEL VIR LEGITIMASIE — Kennis geneem.

4. AANBEVEEL VIR HERSTEL VAN STATUS (LEGITIMASIE) NA COLLOQUIUM DOCTUM — Kennis geneem.

5. SAMESPREKING MET PROFESSORE — Kennis geneem.

6. MET DIE LEGITIMASIEKOMMISSIE IS ONDERHANDEL OOR — Kennis geneem.

7. SAMEWERKING MET DIE DEKAAN — Kennis geneem.

8. REGLEMENT VAN DIE ALGEMENE SINODE — Kennis geneem.

9. AANVULLING VAN VAKATURES — Kennis geneem.

10. HANTERING VAN SKRIBAAT — Kennis geneem.

Tans is ds. F.G.M. du Toit (Argivaris) die Skriba.

11. SAMESTELLING VAN KOMMISSIE — AANBEVELING

11(1) en 11(2) Goedgekeur.

13.2 Verslag van die Raad van Kuratore van die Teologiese Fakulteit, Afd. B., Universiteit van Pretoria

(Agenda, p.773)

1. **PERSONEEL** — Kennis geneem met aanvaarding van die volgende **mosies** op voorstel van di. J.C. Crots en A.C. Viljoen:

(1) Die Sinode betuig sy dank aan di. A.M. Meiring en J.E. Potgieter wat as voorsitter en skriba onderskeidelik van die Raad van Kuratore vir baie jare bekwame diens gelewer het en bid hulle die seën van die Here toe.

(2) Die Sinode neem met weemoed kennis van die skielike afsterwe van 'n briljante lid van die Raad van Kuratore **dr. J.D.W. Kritzinger**. Sy gesin word die seën van die Here toegebied.

2—5.3.7 Kennis geneem (5.1.2 prof. A.B. du Preez het 25 jaar lank gedien).

Mosie van dank teenoor professore: (Di. J.C. Crots en G.J. Snyman)

(a) Die Sinode neem met dank kennis van die ywer van die dosente om, behalwe hulle doseerwerk, die Fakulteit en sy behoeftes aan Ringe en Gemeentes bekend te stel.

(b) Die Sinode boekstaaf sy hoë waardering vir proff. E.P. Groenewald en A.B. du Preez wat tydens die reses afgetree het en vir talle jare vrugbare arbeid in die Kerk gelewer het en nog steeds daarmee voortgaan.

(c) Aangesien die huidige dekaan aan die einde van die jaar uittree, wil die Sinode nou reeds sy hoë waardering boekstaaf teenoor hom vir sy besondere en bekwame ywer op talle kerklike akkers. — Goedgekeur.

5.3.7 Insameling deur Deo Gloria-koor:

Regstelling: slegs verlede jaar is R8,000 ingesamel.

Voorstel Vrywillige Bydraes van lede van die Sinode: (Di. J.P. Malan en G.J. Snyman)

Aangesien die Sinode terdeë bewus is van die ernstige finansiële las wat op teologiese studente rus, en vanuit

daardie bewustheid steeds besig is om 'n doeltreffende studiefonds daar te stel, besluit die Sinode om gedurende hierdie sitting geleentheid aan afgevaardigdes te gee om by wyse van 'n persoonlike, vrywillige, bydrae genoemde fonds te sterk. — Goedgekeur.

5.3.8 Aanbevelings (Agenda, p.777) — Staan oor tot by Begroting (kennis geneem dat die Teologiese Studenteopleidingsfonds nou reeds op **R88 000** staan).

5.4 Teologiese Fakulteitsfonds — Staan oor tot by Begroting.

5.5 Oriënteringskursus (Agenda, p.779) — Kennis geneem met aanvaarding van die volgende voorstel:

Nagraadse Kursus B. Theol. Prac. (voorgedra deur prof. J.A. Heyns en voorgestel deur ds. G.J. Davidsz en dr. M. Jansón)

Omdat die Sinode bewus is van die dringende behoefte by evangeliedienaars om verder te studeer en hulle te bekwaam vir die hoë eise wat die pastorale bediening vandag aan hulle stel, versoek die Sinode die Universiteit van Pretoria om die instelling van 'n na-graadse kursus wat kan lei tot die erkenning van die graad B.Theol. Prac. te ondersoek. — Goedgekeur.

Verdere Studie in belangrike Hulpvakke: (Dr. W. de W. Strauss en ds. R.J. Raath)

Aangesien daar in die toekoms blykbaar ruimer geldelike steun aan teologiese studente sal toeval en hul minder tyd hoef te bestee aan 'n verdienste, doen die Sinode 'n beroep op die professore om aan die studente duidelike praktiese leiding te gee m.b.t. die beste benutting van die tyd tot hul beskikking — ook deur verdere studie in belangrike hulpvakke soos Sielkunde, Sosiologie, Christelike Onderwys, en aanverwante vakke. — Goedgekeur.

5.6 Toekomstige Pos in Bybelkunde — Kennis geneem.

5.7 Professor H.D.A. du Toit tree af 1972 — Kennis geneem saam met die feit dat **dr. J.J. de Klerk** die beroep as professor in die praktiese vakke aanvaar het.

5.8 Voortgesette Samesprekings met Stellenbosch — Kennis geneem en die volgende voorstel van prof. B.J. Marais staan oor tot by tydelike verslag Evangeliebediening.

Geïntegreerde Teologiese Kursus

Die Sinode besluit dat opdrag aan die betrokke kommissies gegee word om voort te gaan met die ondersoek na 'n geïntegreerde

tegreerde teologiese kursus.

5.9 **Afhanklikheid** — Goedgekeur met aanvaarding van die volgende mosies:

(a) **Dank vir Vooruitgang van Teologiese Fakulteit** (Di. A.A. van Wyk en J.C. Crots)

Die Sinode het met groot dank kennis geneem van die geseënde vooruitgang van die Teologiese Fakulteit Afd. B. in die jare 1938—1972 en bid professore, dosente en studente Gods rykste seëninge toe.

(b) **Dank prof. H.D.A. du Toit**: (Di. J.E. Potgieter en H.J.C. Pieterse)

Groot dank gaan aan prof. Du Toit vir die twintig jaar van onbaatsugtige diens wat hy op sy besondere wyse aan ons Teologiese Fakulteit gelewer het.

13.3 Verslag van die Verteenwoordiger op die Proponentseksamenkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaap)

(Agenda, p.779)

Van die hele verslag word met dank kennis geneem.

13.4 Verslag van die Verteenwoordiger van Noord-Transvaal op Kuratorium, Kweekskool, Stellenbosch

(Agenda, p.780)

1—2 Kennis geneem.

3. **Dosente** — Kennis geneem met aanvaarding van die volgende voorstel: (Di. R.J. Raath, M.D.V. Cloete en prof. A.B. du Preez)

Dankmosie:

Die Sinode betuig sy hartelike dank teenoor die Here sowel as teenoor die professore en senior lektore aan die Kweekskool van Stellenbosch vir die groot en geseënde werk wat vir ons kerk in die Kweekskool gedoen word. Dië Sinode betuig verder sy dank aan die

Universiteit van Stellenbosch vir sy hartlike samewerking en tegemoetkoming veral in verband met die aanstelling van senior lektore aan die Kweekskool.

4—12 Kennis geneem.

Dankmosie aan ds. Raath: (Di. M.F.M. Pretorius en W.J. Pretorius)

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit vir sy verteenwoordiger op die Kuratorium van die Kweekskool, Stellenbosch, vir sy mooi en vriendelike manier waarop hy aan die Sinode verslag gedoen het. — Goedgekeur.

13.5 Verslag Verteenwoordiger Admissie-Eksamen, Stellenbosch

(Agenda, p.785)

— Kennis geneem met dank aan ds. J.J.S. Botha.

13.6 Sinodale Kommissie vir Kerk- musiek en Liturgie (Agenda, p.787)

1—4 Kennis geneem.

Dankmosie ds. W.E.H. Söhnge: (Dr. J.H.H. du Toit en ds. J.L. Grobler)

Die Sinode wil sy waardering en dank uitspreek teenoor die predikant—orrelis ds. W.E.H. Söhnge vir sy volgehoue beywering vanaf die jare vroeg vir die saak van die Gereformeerde Kerklied. Ons wil die vertroude uitspreek dat ds. Söhnge met sy musiekkennis en vaardighede nog lank—selfs na sy emeritering—vir die Ned. Geref. Kerk beskikbaar sal wees. — Goedgekeur.

5. **TROUMARS** Aanbeveling 5.1 — Kennis geneem.

6. **NAAM VAN KOMMISSIE** — Goedgekeur dat die naam sal wees: Die Kommissie vir die Erediens.

7. **DISSERTASIE OOR DIE ORREL**

7.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

Voorstel: Gereformeerde Kerklied: (Di. W. Botes en A. du Toit)

Die Sinode neem met baie groot waardering kennis van die

positiewe bydrae van mnr. Willem Mathlener, direkteur van die Konserwatorium vir Musiek, om die Gereformeerde Kerklied te bevorder. — Goedgekeur.

Voorstel: Hersiening van Belydenisskrifte: (Ds. D.J. Viljoen en dr. W.J.M. Jansön)

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Kommissie vir die Erediens om die hersiening en hervertaling van ons Belydenisskrifte as 'n saak van hoogste prioriteit te beskou, o.a. met die oog op die vernuwing van ons kategetiese onderrig vanuit die Belydenisskrifte. — Goedgekeur.

15 AFDELING IX: SINODALE BEPLANNINGS- KOMMISSIE (Agenda, p.803)

1—4 Kennis geneem.

5—5.1 Kennis geneem.

5.2 **Daarstelling van 'n Kerklike Professionele Diensburo**
(Agenda, p.810)

Aanbeveling 5.2.5.1 — Reeds afgehandel. In beginsel goedgekeur.

Die volgende **voorstel** word aanvaar: (Dr. J.J. van As en ds. H.M. du Plessis)

Die Sinode besluit om die saak na die Algemene Sinode te verwys met die oog op die uitbouing van die dienste van vermelde Diensburo vir dienslewering aan die Kerk as geheel.

Mosie van dank aan Stadsraad i/s beplanning: (Dr. J.J. van As en ds. H.M. du Plessis)

Die Hoogerwaarde Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor die hoof en personeel van die Departement van Stadsbeplanning van die Stadsraad van Pretoria vir die heelhartige en gewaardeerde samewerking t.o.v. die beskikbaarstelling van inligting oor nuwe stadsontwikkeling en deursending van planne van voorgestelde nuwe stadsgebiede aan Ringe en Kerkrade. — Goedgekeur.

5.2.5.2 Die huidige aanbeveling word goedgekeur en word (a) terwyl die volgende voorstel (b) word: (Dr. J.J. van As en ds. H.M. du Plessis).

(a) Dat vermelde Diensburo onder toesig en beheer van die Sinodale Beplanningskommissie geplaas word, wie se Dagbestuur ook sal ageer as Uitvoerende Bestuur in alle spoedeisende aangeleenthede.

(b) Dat ten opsigte van alle administratiewe aangeleenthede met finansiële implikasies, soos die aanstelling van personeel, die Kerkkantoorkommissie of sy aangewese verteenwoordiger volle sittingsreg saam met die Sinodale Beplanningskommissie sal hê.

5.2.5.3 Goedgekeur.

5.2.5.4 Kennis geneem.

VERLOFREËLINGS (Goedgekeur)

1. Vrydagmiddagsitting 2 Junie:

1.1 Ds. H.N.J. van Rensburg, Burgerspark: Begrafnis.

1.2 Ds. A.V. Strydom, Chrissiesmeer: Afspraak.

1.3 Ds. G.J. Davidsz, Aktuaris: Afspraak.

1.4 Ds. N.J. Coetzee, Laeveld: Siekte.

1.5 Ds. C.L. v.d. Merwe, oudl. van Carolina: Kerklike afspraak.

1.6 Ds. A.J.V. Burger, oudl. van Arcadia: Vakansie.

2. Maandagoggensitting 5 Junie:

2.1 Ds. J. Nel, Witbank: Begrafnis.

2.2 Ds. N.S.L. Fryer, Carolina: Afspraak.

TELEGRAM — Van kerkraad Middelburg ontvang.

MIDDAGSITTING 2 JUNIE

NOTULE

Die notule van die vorige dag word met enkele redaksionele wysiginge aanvaar.

GROETE AAN DOGTERKERK — SINODE

Een van die moderamen sal die groete van die vergadering aan die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika op Dinsdagoggend 13 Junie te Ga-Rankwua oordra.

PERSONEEL

Lyttelton-Oos: Oudl. W.G. James verskyn.

14. AFDELING VIII: INLIGTINGSBURO EN RADIO- KOMMISSIE (Agenda, p.789)

14.1 Verslag van die Kommissie vir die Inligtingsburo

1. Kennis geneem.

2.1 Benoeming ds. A.P. van der Colf — Goedgekeur.

2.2 Kennis geneem met groot dank aan mnr. W.L. Maree.

2.3—2.4 Kennis geneem.

2.5 **Aanbevelings** (Agenda, p.790) — Goedgekeur.

3. **Brosjures** — Kennis geneem nadat oudl. P.G.J. Meiring (Waterkloof) die vergadering toegesprek het.

3.3.1 Beginsel goedgekeur en verwys na Begroting.

4. **D.R.C.-Newsletter** — Kennis geneem met goedkeuring van 4.4.1.

5—7 Kennis geneem.

8. Koerante en Tydskrifte

Dank aan Hoofstad: (Di. E.A. van Niekerk en H. Cronjé)

Die H.E. Sinode neem met dankbaarheid kennis van die poging van die plaaslike koerant Hoofstad om d.m.v. 'n weeklikse bylaag prominensie aan kerklike aangeleenthede te verleen. Die Sinode betuig hiermee sy waardering vir die stem wat dit vir die Kerk na buite bied en onderneem sy ondersteuning tot hierdie lofwaardige poging. — Goedgekeur.

Betrekking van lidmate by Publisiteit: (Di. H. Cronje en E.A. van Niekerk)

Die Sinode versoek die Inligtingskommissie om met vrymoedigheid lidmate wat onderleg is in publisiteit en skakelwerk te betrek by hierdie afdeling van ons Kerk se werk. — Goedgekeur.

Mosie van waardering teenoor koerante: (Oudl. (dr.) H.J. Terblanche en ds. A.P. du Toit)

Die H.E. Sinode spreek sy dank uit teenoor die koerante (veral **Hoofstad, Die Transvaler en Pretoria News**) vir die wyse waarop sy verrigtinge dusver gerapporteer is, en gee dit ter oorweging dat

nog meer ruimte in hulle kolomme vir sy sake oopgestel word. — Goedgekeur.

8.1—8.4 Kennis geneem.

8.5 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

9—10 Kennis geneem.

11. **Ampshalwe-verpligtinge** — Kennis geneem met goedkeuring van aanbevelings 11.4 (Agenda, p.796).

12. **Verslag** — Kennis geneem met aanvaarding van 12.1.

Oudl. W.L. Maree, redakteur van Die Voorligter, spreek die Sinode toe.

Dankmosie aan br. W.L. Maree: (ds. H. Cronje en oudl. P.G.J. Meiring)

Die Sinode spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor mnr. Willie Maree wat vir sestien jaar met groot toewyding en ywer die pos van Direkteur van Inligting beklee het.

Mosie van Dank ds. A.P. v.d. Colf: (Ds. H.B. Senekal en oudl. B.J. du Toit)

Die Hoogerwaarde Sinode betuig sy opregte dank teenoor ds. A.P. v.d. Colff vir die groot en belangrike werk wat hy reeds as Direkteur van Inligting in belang van ons Kerk gedoen het, en neem met waardering kennis van die mooi beeld wat hy van ons Kerk na buite uitdra.

Hy word ook die seën van die Here vir hierdie groot taak toegebid. — Goedgekeur.

14.2 Verslag van die Sinodale Radio-kommissie (Agenda, p.798)

1—3.3 Kennis geneem.

3.4 Goedgekeur.

4. **BEELDRADIO** — Kennis geneem met goedkeuring van 4.3.

5. **RADIOKERKNUUS** — Kennis geneem met aanvaarding van 5.4.

6. **VERHOUDING MET S.A.U.K.** (Agenda, p.810) — Kennis geneem met goedkeuring van 6.5 asook van die volgende drie mosies:

(a) **Meer Eweredige Verspreiding van Preekbeurte:** (Di. J.P. Claasen en P.W. Jordaan)

Die Sinode versoek die Radiokommissie om in oorleg met die S.A.U.K. 'n meer eweredige verspreiding van preekbeurte sowel as van die oggend- en aand-oordenkings te reël.

(b) **Dank aan ds. Robert Schmidt:** (Di. D.J. Viljoen en M. Jansön)

Die Sinode is dankbaar vir die aanstelling van 'n organiseerder van Godsdienstige programme, in die persoon van ds. Robert Schmidt. Die Sinode wens hom seën toe met hierdie uiters belangrike taak. — Goedgekeur.

(c) **S.A.U.K. en Televisie:** (Ds. F. Swanepoel en oudl. J.H. Wandrag)

Die Sinode bid die S.A.U.K. die krag van Bo toe in die groot taak van die beplanning en vanstapelstuur van beeldradio in ons land.

VOORTSETTING VAN AFDELING IV

AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE (Agenda, p.528)

11. **AANBEVELINGS MET FINANSIËLE IMPLIKASIES** —
Staan oor vir Begroting.

Mosie insake nie-Engelssprekende kinders: (Di. J.P. Claasen en J.A. du Rand)

Die Sinode voel verontrus oor die feit dat so weinig Immigrante-kinders, selfs ook van Nederlandse oorsprong, in Afrikaanse skole opgeneem word en doen gevolglik 'n beroep op die Owerheid om die nodige stappe te doen om alle kinders uit nie-Engelssprekende lande in Afrikaanse skole te plaas. Met die oog hierop word die Breë Moderatuur versoek om so gou doenlik 'n onderhoud met die owerheid oor hierdie beginsel te voer. — Goedgekeur.

**III. KOMMISSIE VIR NYWERHEIDSBEDIENING
GERIG OP DIE SPOORWEË (K.N.S. (agenda, p.529)**

„Adjunk-hoofbestuurder” moet lees „Assistent-hoofbestuurder”.

1—4 Kennis geneem.

5. AANBEVELINGS

5.1—5.5 Goedgekeur met aanvaarding van die volgende **mosie**:
(Ds. P.J. Viviers en oudl. J.J.C.P. van H. Prinsloo)

Die Sinode neem met waardering kennis van die werk soos gedoen deur en namens die gemeente te Esselenpark en doen 'n ernstige beroep op gemeentes met saamtrekke van spoorweg-personeel om self intensiewe aandag aan hulle te gee.

5.6 Staan oor tot by Tydelike Kommissie.

6. AANBEVELINGS MET FINANSTËLE IMPLIKASIES — Staan oor tot by Begroting.

IV. GEVANGENISBEARBEIDING

1—3 Kennis geneem.

4—5 Afgehandel.

Mosie van dank: Ds. J.R. Lückhoff: (Di. M.F.M. Pretorius en J.E. Potgieter)

Die Hoogerwaarde Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor ds. J.R. Lückhoff, wat tot 1969 Direkteur van Geestelike en Maatskaplike Dienste van die Departement van Gevangenis was. — Goedgekeur.

V. HOSPITAALBEARBEIDING (Agenda, p.535)

1—4 Kennis geneem nadat dr. A.J. Smuts en ds. H.B. Geyer die vergadering toegespreek het.

Mosie i/s Werkseleentheid te Weskoppies (Di. H.B. Geyer en S.P. du Plessis)

Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van N.-Tvl. betuig graag sy waardering aan die Dept. van Gesondheid, aan die Kommissaris van Geestesgesondheid—prof. A.J. van Wyk, aan die superintendent en personeel van Weskoppies-hospitaal vir die geleentheid aan die kerk gebied om d.m.v. pastorale en psigo-pastorale arbeid 'n bydra te lewer in belang van ons Kerk se lidmate en ander pasiënte in genoemde hospitaal. — Goedgekeur.

Voorstel: Verlof Vrywillige Bydrae: (Di. H.B. Geyer en C.H. Badenhorst)

Die Sinode gee verlof dat die Vereniging vir Geestesgesondheid kerkrade mag nader om 'n vrywillige bydrae vir die uitvoering van hul werk. — Goedgekeur.

5. **AANBEVELINGS** (Agenda, p.540) — Goedgekeur met 5.3 wat soos volg uitgebrei word (Ds. N.J. Mostert en prof. A.B. du Preez)

Die Sinode beskou alle hospitaalbearbeiding as 'n paramediese diens en dra dit aan die S.K.A.E. op om die moontlikhede van subsidiëring van die kant van die Provinsiale Administrasie te ondersoek. — Goedgekeur.

6. **AANBEVELINGS MET FINANSIËLE IMPLIKASIES** (Agenda, p.541) — Goedgekeur en verwys na Begroting.

Dank aan dr. Grove: (Ds. P.W. Marais en dr. A.J. Smuts)

Die H.E. Sinode betuig sy dank aan dr. Grové, direkteur van hospitaaldienste, vir sy persoonlike welwillendheid teenoor die arbeid van die Ned. Geref. Kerk in die hospitale en versoek hom om die dank van die Kerk aan die superintendente en personeel van die provinsiale hospitale oor te dra vir oop deure wat geskep word.

7. **FONDSE: HOSPITAALBEARBEIDING** — Verwys na Fondse.

VI. BEARBEIDING VAN DOOFSTOMMES EN CHRISTELIKE POLISIEVERENIGING

1. **BEARBEIDING VAN DOOFSTOMME LIDMATE VAN ONS KERK** — Verwys na Tydelike Regskommissie.

2. **CHRISTELIKE POLISIEVERENIGING** — Kennis geneem.

3. **AANBEVELINGS** (Agenda, p.543)

3.1 Afgehandel.

3.2—3.4 Goedgekeur.

VII. PROTESTANTSE AKSIE (Agenda, p.544)

1—4 Kennis geneem met aanvaarding van die volgende voorstel: (ds. J.A.J. van Vuuren en oudl. C.D. Badenhorst)

Die H.E. Sinode van Noord-Transvaal het kennis geneem dat by sommige van ons Bantoe-hospitale op hulle blanke verpleegsters-personeel selfs soveel as 100% Rooms-Katolieke nonne aangestel is, en hy doen 'n dringende beroep op die Owerheid om, wanneer sy kontrak met hierdie verpleegsters verstryk het, dit nie te hernu nie.

Verder doen die Sinode 'n ernstige beroep op verpleegsters, wat aan die protestantse kerke behoort, om aansoek te doen vir dergelike poste, wanneer dit in die staatskoerant adverteer word.

5 Aanbeveling — Goedgekeur

VIII. BYBELVERSPREIDING (Agenda, p.547)

Kennis geneem met goedkeuring van aanbevelings 3.1 en 3.2 — nadat ds. A.J. Pienaar die vergadering toegespreek het.

IX. KOLPORTASIE (Agenda, p.548)

Kennis geneem met goedkeuring van 5 (Aanbevelings, p.550) asook van die volgende voorstel: (Di. A.P.S. Beetge en M.W. Odenaal)

Insake gratis traktaatjies:

Die Hoogerwaarde Sinode dra dit aan sy kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie op om in samewerking met die N.G. Kerk-boekhandel of N.G. Sendingpers, geskikte gratis traktaatjies vryelik beskikbaar te stel in verskillende tale van immigrante, vir verspreiding deur ons lidmate, om sodoende die vreemdelinge in ons poorte met die Evangelie te konfronteer.

X. EVANGELISASIESPREEKKAMER

DS. J. REYNECKE

Die volgende voorstel word aanvaar: (Di. A.A. van Wyk en C.J. Jackson)

Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van die mate van herstel van ds. Johan Reynecke na sy onlangse ernstige siekte.

Die Sinode bid hom en mev. Reynecke Gods ryke seëninge toe.
1—8 Kennis geneem.

9. AANBEVELINGS (Agenda, p.553) — Goedgekeur.

10. AANBEVELINGS MET FINANSIËLE IMPLIKASIES — Staan oor tot by Begroting.

XI. PINKSTERVELDTOGKOMMISSIE (Agenda, p.555)

STRAATPREDIKING

Die volgende voorstel word aanvaar: (Dr. P.W. Marais en ds. A.A. van Wyk)

Die H.E. Sinode dra dit op aan sy Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie om in te gaan op al die aspekte van straatprediking om die Sinode met 'n verslag te dien vir moontlike optrede in hierdie verband.

XII. MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE

(Agenda, p.556)

VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER OP DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (M.E.I.)

1—7 Kennis geneem saam met die volgende **voorstel** insake **Inburgering van Immigrante:** (Di. S.P. du Plessis en H.B. Geyer)

Die Weleerwaarde Sinode versoek die Pretoriase Streekkomitee van die M.E.I. kantoor, om sorg te dra dat daar by die inburgeringsgeleentheid van nuwe Suid-Afrikaanse burgers, ten minste 'n leraar versoek word om teenwoordig te wees. Dit is 'n kontakgeleentheid tussen die Kerk en die nuwe Suid-Afrikaanse burgers (esse), wat hoog waardeer word. — Goedgekeur.

Voorstel: Versoek aan M.E.I. (Di. S.P. du Plessis en H.B. Geyer)

Die Weleerw. Sinode spreek 'n woord van dank teenoor die Pretoriase Streekkomitee van die M.E.I.-kantoor, dat hulle gereëld aan leraars 'n lys van name voorsien, van die immigrante wat by aankoms in Suid-Afrika, in hotelle in hulle gemeentes geplaas word. Dit bied ook 'n geleentheid tot kontak en inskakeling van immigrante. — Goedgekeur.

Voorstel: Steun aan M.E.I.: (Di. P.A. Pienaar en M.M. Alves)

In die lig van die belang wat die Kerk het by die inskakeling van immigrante by die Afrikaanse bevolkingsdeel, versoek die Sinode sy gemeentes om gunstige oorweging te skenk aan finansiële steun aan die Pretoriase Streekskantoor van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. — Goedgekeur.

8. AANBEVELINGS

8.1 Verwys na die Breë Moderatuur.

8.2 Goedgekeur.

8.3 Kom later weer.

8.4 en 8.5 Goedgekeur.

9. Verwys na Begroting.

VERLOFREËLINGS

1. **Vrydag 2 Junie — Middagsitting**

1.1 Oudl. J.D. Snyman, Dendron: Huislike omstandighede.

1.2 Ds. R.R. van Zyl, Zebediela: Siekte.

1.3 Ds. K.D. Struwig, Meyerspark: Siekte.

1.4 Ds. M.W. Odendaal, Rustenburg-Suid: Omstandighede.

- 1.5 Oudl. J.D. Fourie, Rustenburg-Suid: Omstandighede.
- 1.6 Oudl. B.C. Greyvenstein, Rustenburg-Suid: Omstandighede.
- 1.7 Ds. W.L. Reickert, Tzaneen: Gemeentelike afspraak.
- 1.8 Oudl. P. v.d. Spuy, Rietfontein-Suid: Siekte.
- 1.9 Ds. J.A. v.d. Berg, Tzaneen: Begrafnis.
- 1.10 Ds. A. Boshoff, Belfast: Afspraak.

2. **Maandag — 5 Junie, Oggendsitting**

- 2.1 Oudl. J.D. Snyman, Dendron: Huislike omstandighede.
- 2.2 Oudl. G.W. Lange, Rustenburg-Voorspoed: Afwesig vir duur van sitting — Werksomstandighede.

3. **Maandag, 5 Junie — Middagsitting**

- 3.1 Ds. L.L.J. Visser, Carolina: Mediese Afspraak.

Die vergadering sluit om 5.45 nm. met die sing van Ges. 75:1 en gebed deur ds. C.P. Brand.

OGGENDSITTING (5 JUNIE)

BIDUUR

Ds. S.P. Schoeman gaan voor en lees verse 1—20 uit 2 Petrus 1 voor met herhaling van vers 10 „Daarom broeders, moet julle des te meer jul beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak, want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.” Daarna word gedeel in die gemeenskap van die gebed.

PERSONEELVERANDERINGS

1. **Waterberg-Noord** — Oudl. J.B. van Zyl (s).
2. **Sanddrif** — Ds. W.G. Deacon afwesig omrede begrafnis.
3. **Pietpotgietersrus** — Oudl. E.J. Genis (p) verskyn en oudl. P.R. Struwig (s) kan nie langer verskyn nie.
4. **Chrissiesmeer** — Oudl. P.J. Hattingh (s).
5. **Pretoria** — Oudl. W.J. v.d. Merwe (s).
6. **Alkmaar** — Oudl. G.J. Pretorius (p).
7. **Renosterpoort** — Oudl. J.L. Nel (s).
8. **Wespoort** — Oudl. D.A. Erasmus (s).
9. **Petronella** — Oudl. W.L. Cronje (p).
10. **Carolina** — Oudl. H.A. Kruger (s).
11. **Burgerspark** — Oudl. A. Breed verskyn nie meer, geen sekondus.
12. **Merlindale** — Oudl. N.J. Swart (s).
13. **Warmbad** — Oudl. G.S.S.P. v.d. Merwe (s).

14. **Skanskop** — Oudl. C.F.J. Meyer.
15. **Rietfontein-Noord** — Oudl. D.L. Blom (p).
16. **Ermelo** — Oudl. vandag afwesig.
17. **Ohrigstad** — Oudl. J.A. Kruger — afwesig weens siekte.
18. **Voortrekkerhoogte** — Oudl. A.J. Vlok (s).
19. **Koster** — Oudl. C.A. Pitout (p).
20. **Nelspruit-Suid** — Oudl. H.J.L. v.d. Walt (s).
21. **Tzaneen** — Oudl. C.R. Viljoen (p).
22. **Volksrust-Suid** — Oudl. M.J. Uys (p).
23. **Halfweghuis** — Oudl. P.J.J. Roodt (p).
24. **Paardekop** — Oudl. B.C. Lötter (s).
25. **Rustenburg-Suid** — Ds. M.W. Odendaal afwesig weens begrafnis.
26. **Rustenburg** — Oudl. G. le Roux (p).
27. **Krokodilrivier** — Oudl. J.L.J. van Rensburg.
28. **Pietersburg-Oos** — Oudl. J.A. van Wyk (p).
29. **Barberton** — Oudl. J.A. Krüger.
30. **Olifantsfontein** — Leraar en oudl. vandag afwesig.
31. **Groblersdal** — Ouderlinge vandag afwesig.
32. **Wonderboom** — Oudl. (ds.) A.C. Sephton (p).
33. **Suidoos-Pretoria** — Oudl. (prof.) J. Geldenhuys (s), verskyn in plek van oudl. (ds.) A.M. Meiring.

TELEGRAM DS. P. SWART:

Die Sinode besluit dat die volgende telegram aan ds. Swart gestuur word (Ds. R.J. Raath en oudl. (prof.) A.B. du Preez):

Oom Piet, dit is net om u te laat weet dat die Kerk in Noord-Transvaal u nie vergeet nie. Ons dank God vir u lewe en u bydrae in die opbou van Sy Kerk. Ons bid u toe 'n geseënde aandskof totdat Hy u huis toe kom haal.

16 AFDELING X: REGTE

16.1 Verslag van die Kommissie vir Revisie (Agenda, p.819)

1. **ALGEMEEN** — Kennis geneem.
2. **VERDUIDELIKING** — Kennis geneem.
3. **TEKS VAN KERKORDE** — Kennis geneem.

A. AANBEVELINGS

1. Goedgekeur.
2. **BEP. 3** — Goedgekeur.
3. **BEP. 4** — Goedgekeur.
4. **BEP. 7**

By pt. 2.1 word bygevoeg: Hierdie beginsel sal ook van toepassing wees op predikante in sinodale diens. (Acta Alg. Sin. 1970, p.867.)

Pt. 2.2 moet soos volg lui: Hierdie bepaling geld ook by die beroeping van 'n leraar uit die Moederkerk na die Dogterkerke. (Acta Alg. Sin. 1970 p.867.)

Beskrywingspunt na Alg. Sinode

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Alg. Sinode om die laaste sin in punt 2.3.1 wat begin met „Dit geld slegs vereis word“, te skrap.

5. **BEP. 8** — Goedgekeur.
6. **BEP. 9** — Goedgekeur.
7. **BEP. 10** — Goedgekeur.

Beskrywingspunte X 1 en 2 hiermee afgehandel.

8. **BEP. 11** — Goedgekeur.
9. **BEP. 13** — Goedgekeur.

10. **BEP. 14** — Goedgekeur met verdere skraping van die woord „dienende“.

11. **BEP. 15** — Goedgekeur. Die woord „aangestel“ word vervang deur „benoem“ en verwys na Kommissie vir Revisie vir verdere aandag.

12. **BEP. 17**

(a) Goedgekeur. Die sin „.....van sy betrekking tot die gemeente ontslaan.....“, word vervang met: „.....van sy ampsbetrekking tot die gemeente onthef.....“ Na „skriftelik“ aan die einde van die eerste sin in die paragraaf, voeg in: „of mondeling“

Beskrywingspunt aan Algemene Sinode

Goedgekeur. Beskrywingspunt X 3 hiermee afgehandel.

13. **BEP. 18** — Goedgekeur.

13.1 **Beskrywingspunt aan Alg. Sinode**

Drukfout bo-aan p.824.

Dit moet lees „om die besluit 3.14.4 op p.83/776 van die Acta 1970 so aan te vul.....”

verderaan: (c) moet lees: Vervaj. Sien Acta 1970 p.74. (d) word (c).

14. **BEP. 19** — Aanbeveling word gewysig om so te lees:

Voeg in na „proponente wat bevestig word” die woorde: „wat die actarius synodi sal versoek om ’n akte van bevestiging op die voorgeskrewe vorm uit te reik.”

Vervang by (b) „aanstelling” deur „benoeming”.

15. **BEP. 20** -- Goedgekeur met verwysing na Kommissie van Revisie vir taalverbetering van die woorde „en ander” by punt 1.2.4.4.

16. **BEP. 20** — Goedgekeur.

17. **BEP. 22** — Goedgekeur („sorteer” by 17.1 word „resorteer”).

18. **BEP. 31** — Voeg by:

(iii) „Geen lid mag buite stemming bly sonder verlof van die vergadering nie. In geval so ’n verlof om geldige redes toegestaan is, sal die volstreckte meerderheid van stemme bepaal word deur die getal uitgebragte stemme.” — Goedgekeur.

Beskrywingspunt X 7 daarmee afgehandel.

19. **BEP. 32** — Goedgekeur.

20. **BEP. 34** — Goedgekeur. („kerkverband” word „algemene sinodale verband” en „op ordelike wyse” word „op die voorgeskrewe wyse”). Beskrywingspunte X 8, 9 en 10 is daarmee afgehandel.

21. **BEP. 35** — (e), (m) (o) (ii) — Goedgekeur.

Beskrywingspunt X 11 — Kerkraad Quaggapoort

Die Sinode besluit soos volg:

Dat Bepaling 35(c) gewysig word om soos volg te lees:

35.3.1 Behoudens Bepaling 35.3.2 hieronder vorm die volstreckte meerderheid van die lede van ’n vergadering ’n kworum.

35.3.2 In uitsonderlike gevalle sal die Sinodale Kommissie

op 'n gemotiveerde versoek van 'n Kerkraad en op aanbeveling van die betrokke Ringskommissie die kworum tot 'n derde van die getal Kerkraadslede mag verminder en dit geld van Sinode tot Sinode. — Goedgekeur.

22. **BEP. 37** — Goedgekeur.

23. **BEP. 39** — Goedgekeur met amending van: „op ordelike wyse”.

24. **BEP. 43** — Goedgekeur.

25. **BEP. 45**

1—12 Goedgekeur (1.1 die woorde „en bewyse van lidmaatskap” word geskrap.)

By punt 11 (p.830) word besluit: Die Sinode stuur 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode waarin versoek word dat die bepaling rakende die „Reisattestaat”, uitgebrei word om ook rondtrekkende lidmate binne ons eie land van nut te wees.

26. **BEP. 47** (p.830) — Nie goedgekeur nie en die bepaling bly soos dit was.

27. **BEP. 53** — Goedgekeur met verwysing van hierdie saak as 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode, m.b.t. die betrokke artikels.

28. **BEP. 56** — Goedgekeur.

29. **BEP. 57** — Goedgekeur en beskrywingspunte X 20, 22, 23 en 41 daarmee afgehandel met byvoegings m.b.t. C.2

30. **BEP. 58** — Staan oor.

31. **BEP. 63** — Goedgekeur.

32. **BEP. 64** — Goedgekeur met afhandeling van beskrywingspunt X 25.

33. **BEP. 65** — Goedgekeur.

(e) voor „skema” kom die woord „geprogrammeerde” in.

(j) 18. Moet lui: Kommissie vir die Erediens.

23 Verval en 25 en 26 word bygevoeg soos in die Agenda p.834.

34. Goedgekeur.

35. **BEP. 66** — Goedgekeur met afhandeling van beskrywingspunt X.26.

36. **BEP. 67** — Goedgekeur.

37. **BEP. 70**

(a) Nie goedgekeur nie. Die Sinode besluit om albei besluite van die Alg. Sinode (bl. 827/1970) net so in die Bepalings op te neem, sodat Kerkrade self oor die interpretasie sal besluit.

Die Aanbeveling (37.1) word goedgekeur.

(c) Goedgekeur. (Beskrywingspunte X 30 en 31 afgehandel.)

38. **BEP. 71** — Goedgekeur.

39. **BEP. 72**

(i) Goedgekeur met invoeging van die woorde „na voltooiing van die volle kategetiese leerplan”. Die Kommissie van Revisie sal hierdie woorde op die geskikte plek invoeg. Ds. J.A.C. Badenhorst versoek dat sy naam in die minderheid aangeteken word (teen die verlaging van die minimum ouderdom).

(iii) Goedgekeur en skrap: „byvoorbeeld waar ’n persoon wat aan geen kerk behoort nie.”

Byvoeging by Bep. 72

Buitekerklikies wat begeer om lidmaat van die Kerk te word, moet hulle by die betrokke leraar aanmeld.

— Di. P.W. Jordaan en N.J. Hanekom.

(iv) Goedgekeur.

Beskrywingspunte X 32—35 daarmee afgehandel.

(v) Goedgekeur.

40. **BEP. 73**

(i) „Kerkverband” word „algemene Sinodale verband”.

41. **BEP. 79** — Goedgekeur. Bepaling 81 word ook aan die vergadering voorgelê.

41(a) **BEP. 81(a)** — Verander ná „sinodale ressort” soos volg:

„tesame met die predikante in sinodale diens met opdrag sending en organisering van die sending benoem in ooreenstemming met bep. 15, as lede van die kommissie. Een van laasgenoemdes tree op as skriba van die kommissie.”

41(b) **Nuwe voorstel i.v.m. Bep. 82**

(d) „Daar sal ’n predikant in sinodale diens met opdrag diens van Barmhartigheid benoem word in ooreenstemming met Bep. 15.....” verder dieselfde. — Goedgekeur.

42. **BEP. 83** — Goedgekeur.

42(a) **BEP. 87** — word ook op hierdie stadium behandel en word soos volg gewysig:

(a) Die Sinodale Kommissies van die sinodes van Noord-, Suid- en Wes-Transvaal sal gesamentlik 'n saakgelastigde aanstel.

Die woorde Wes-Transvaal word oral waar nodig is, ingevoeg.

43. **BEP. 97** — Goedgekeur.

44. **BEP. 101** — Goedgekeur met verandering van (a) se laaste woorde na: „gemeentes waaronder hy intussen geressorteer het”.

45. **AANBEVELING** — Goedgekeur en verwys na die Permanente Regskommissie.

46. Goedgekeur vir opname in Besluiteregister. Die volgende voorstel (Di. H.B. Geyer en S.P. du Plessis) word besluit van die vergadering:

Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van N.-Tvl. versoek die Dept. van Binnelandse Sake dringend, om 'n Afrikaanse huweliksertifikaat of een waarop Afrikaans eerste verskyn, onverwyld beskikbaar te stel.

47. (p.837) — Goedgekeur, om in die Besluiteregister opgeneem te word.

48. (p.838) — Goedgekeur.

49.(i) Reglement 1: Verwys na die Algemene Sinode vir herformulering.

(ii) Reglement 2: Reeds besluit dat dit hersien sal word en verwys na Tydelike Kommissie vir Revisie.

50—51 Goedgekeur.

52. Regl. 6:

1—4 Goedgekeur (4 sal lui: „by belydenisaflegging”).

53. Goedgekeur.

54B **Voorgeskrewe vorms** — Goedgekeur (54.6 „aanstellingsbrief” word „benoemingsbrief”).

55. Goedgekeur.

B. BESKRYWINGSPUNTE IN VERBAND MET DIE KERKORDE EN WETSIMPLIKASIES (Agenda, p.840)

X.1—X.6 Afgehandel.

X.7 Laaste sinnetjie: „Reeds.....12 hierbo” verval—verder reeds afgehandel.

X.8—11 Afgehandel.

X.12 Beskrywingspunt X 40 (Agenda p.16) word goedgekeur.

X.13 Beskrywingspunt X.12 afgehandel—Algemene Sinode het daaroor besluit.

X.14—X.15 Afgehandel.

X.16 Goedgekeur—Moet in Handleiding vir Skribas opgeneem word.

X.17 (Beskrywingspunt X 16). Die volgende voorstel (Ds. W.J. Bruwer en oudl. J.H. Bisschoff) word besluit van die vergadering:

Die Sinode besluit om na Bepaling 45(g) 'n Bepaling 45(h) by te voeg, wat soos volg lui: „Indien 'n lidmaat se bewys van lidmaatskap nie opgespoor kan word nie, kan die Kerkraad 'n verklaring (sien Vorm.....) as bewys van lidmaatskap aanvaar en die persoon se naam as wettige lidmaat in die gemeente se lidmateregister aanbring.”

Die Sinode keur verder die verklaring, soos gewysig deur die Revisiekommissie, goed.

X.18 Afgehandel.

X.19 (Beskrywingspunt X.18):

Die volgende aanbeveling word aanvaar: (Di. H.N.J. van Rensburg en B.P. de Wet)

(1) Die Sinode dra dit aan die Argiefkommissie op om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat lidmate hul bewys van lidmaatskap persoonlik by hulle hou en aan kerkrade voorlê met hul aankoms in 'n gemeente.

(2) Die moontlikheid van die gebruik van 'n rekenaar vir kerklike registrasie te ondersoek.

Die ondersoek moet geskied deur die Permanente Argiefkommissie in ooreenstemming met die Sinodale Kerkkantoorkommissie.

X.20 (Beskrywingspunt X.19):

Die Sinode besluit dat die woorde: „Hoewel die regte.....eerbiedig moet word”, (Bep. 49(b)) verval en dat die sin begin met: „By die vaslegging van die grense van nuwe gemeentes, sal geen lynplase genoem word nie.”

VERLOFKOMMISSIEVERSLAG — 5.6.72 — Goedgekeur.

1. Begrafnis

- 1.1 Ds. J.G. de Kock, Eloffsdal: 5 Junie — vanaf teepouse en namiddag.
- 1.2 Ds. G.D. Kotzé, Komatipoort: 5 Junie — heeldag.
- 1.3 Ds. M.W. Odendaal, Rustenburg-Suid: 5 Junie — voor- en namiddag.
- 1.4 Ds. N. Mostert, Witbank: 5 Junie — namiddag.
- 1.5 Oudl. P. Lubbe, Eloffsdal: 5 Junie — namiddag.
- 1.6 Ds. J.P. Malan, Witbank: 6 Junie — heeldag.
- 1.7 Ds. C.H. Badenhorst, Quaggapoort: 6 Junie — van 10 vm. tot namiddag.

2. Siekte

- 2.1 Ds. J.Jac. Struwig en oudl. Korf, Villieria-Oos: 5 Junie en solank nodig.
- 2.2 Dr. W. de W. Strauss, Pretoria: 5 Junie en solank nodig.
- 2.3 Ds. Johan de Witt, Pretoria: 5 Junie — namiddag en aand (besoeke).
- 2.4 Ds. H.B. van Zyl, Brits: 5 Junie — heeldag.

3. Dringende Sake

- 3.1 Oudl. D.A. Krüger, Rietfontein-Noord: 5 Junie — aandsitting.
- 3.2 Oudl. J.J.A. Nel, Meintjeskop: 5 Junie — namiddag.
- 3.3 Di. C. Conradie en J.G. Odendaal, Pretoria-Polisiekollege: 5 Junie — namiddag.
- 3.4 Ds. F. Swanepoel, Burgerspark: 5 Junie — aandsitting en 6 Junie — heeldag.
- 3.5 Oudl. L.B. Kloppers, Koedoeskop: 6 Junie en res van sitting.

VERDAGING — Die Sinode verdaag vir middagete.

MIDDAGSITTING 5 JUNIE

NOTULE

Word met redaksionele wysiging aanvaar.

PERSONEELVERANDERINGS

Witbank: Oudl. T.A. Horn(s) verskyn vanmiddag.

Voorstel i.v.m. Gemeentegrense: (Ds. J.B. Haasbroek en oudl. prof. A.B. du Preez)

Met die oog op die veranderde situasie in ons land, t.o.v. die Bantoetuislande, waar dit al hoe meer gebeur dat vroeëre blanke

gebiede geheel en al ontvolk raak van blankes, dra die H.E. Sinode dit op aan sy Kommissie vir die Kerkorde om: 1—in te gaan op die wenslikheid en moontlikheid dat gemeentes van ons Kerk se grense só beskryf sal word, dat dit alleenlik blanke gebiede sal insluit en 2—'n aanbeveling hieroor te doen by die eersvolgende Algemene Sinode. — Goedgekeur.

KENNIS VAN REVISIE

Oudl. (dr.) H.J. Terblanche gee kennis van 'n mosie van revisie t.o.v. punt 5 op bladsy 104 van die gedrukte notule van 1 Junie.

VERSLAG VAN REVISIE (voortgesit)

X.21—X.24 Afgehandel.

X.25 Al die aanbevelings van die Kommissie goedgekeur. (1.9(d) moet lees: „Hoeveel kerkraadslede woon die gereelde wyksbidure in die gemeente by?”)

X.26—X.27 Staan oor (Beskrywingspunte X 42 en 24).

X.28 Goedgekeur (d.w.s. nie aanbeveel nie).

X.29 Afgehandel.

X.30 Beskrywingspunt X.27 goedgekeur.

X.31 (Beskrywingspunt X.28):

Aanbeveling van Kommissie nie goedgekeur nie.

Verder besluit die Sinode:

Die hele saak van dooplidmate te verwys na die Algemene Regskommissie.

X.32 Aanbeveling goedgekeur en saak word na die Algemene Regskommissie vir Ondersoek verwys.

X.33—X.38 (Beskrywingspunte X.32—X.35) — Afgehandel.

X.39 Afgehandel.

X.40 (Beskrywingspunt X.37) — Hierdie saak geniet aandag van die Evangelisasiekommissie.

X.41 **Lidmate en burgerlike hof** — Goedgekeur.

X.42 Reeds verwys na Tydelike Kommissie vir Sending.

16.2 Verslag van Regskommissie

(Agenda, p.845)

— Kennis geneem.

16.3 **Verslag van die Kommissie vir Kerkregtelike Advies** (Agenda, p.845)

1. **SAMESTELLING** — Kennis geneem.
2. **WERKSAAMHEDE** — Kennis geneem.
3. **ADVIESE VAN BESONDERE BELANG**
 - 3.1 **Navraag omtrent Hoofouderling en Hoofdiaken** — Kennis geneem.
 - 3.2 **Die prosedure by die ontbinding van die gemeente Bremersdorp** — Aanbeveling goedgekeur.
 - 3.3 **Navraag na die sittingsreg** — Kennis geneem.
 - 3.4 **Navraag omtrent die Kerkregtelike posisie van die bearbeiding van lidmate in Europa deur die gemeente Voortrekkerhoogte** — Verander in punt 2 vierde reël van einde van paragraaf „georganiseerde” na „formele”
Al die punte 1—4 kennis geneem. Dit kom weer voor.
4. **BEOORDELING** — Kennis geneem. Die verslag met dank afgehandel.

D.4 **EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REVISIE- EN REGS-KOMMISSIE**

1. **AFGEVAARDIGDES NA ALGEMENE SINODE** — Agenda bl. 915—916 — Goedgekeur — tree onmiddellik in werking.
2. **PROSEDURE BY VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE** — Agenda, bl. 916 (Bep. 31(b) verwys — Goedgekeur.

Voorstel i.v.m. Dienstyd van Kerkraadslede: (Di. L.D. Pienaar en M.C. Botha)

Die Sinode dra dit aan die kommissie vir die Kerkorde op om weer ondersoek in te stel na die dienstyd van kerkraadslede in die lig van huidige omstandighede en met aanbevelings aan die volgende Sinode te kom. (Bep. 32). — Goedgekeur.

3. **SKRYWE VAN SCRIBA SYNODI, SUID-TRANSVAAL I.S. VERTEENWOORDIGING IN RAAD VAN KURATORE** — Agenda p.917 — Staar oor tot by volgende verslag van die Tydelike Regskommissie.

4. **AFD. X: REVISIE EN REGTE** — Agenda p.10, punt 4
Aanbeveling — Goedgekeur.
5. **INVUL VAN LIDMATEREGISTER** — Agenda, p.19 —
 Goedgekeur.
6. **KONDONERING VAN BEROEP, DS. H.B. VAN ZYL NA
 ANDREW MURRAY-GEMEENTE, PRETORIA** — Agenda
 p.18—19
1. Kennis geneem.
 2. Goedgekeur.
 3. Goedgekeur.
 7. Opskrif moet lees **Aanpassing van Sendingreglement deur
 Sinode.** — Kennis geneem.
8. **OMSKEPPING VAN DIE N.G. KERKBOEKHANDEL IN 'N
 NUTSMAATSKAPPY** — Goedgekeur.
9. **AFGEVAARDIGDES NA SINODESITTINGS**
1. Goedgekeur.
 2. Goedgekeur en verwys na die Breë Moderatuur met oog op
 'n Beskrywingspunt.
 3. Goedgekeur.
 4. Nie goedgekeur nie.
10. **KWORUM VAN DIE KERKRAAD — KERKRAAD PRE-
 TORIA-NOORD** — Afgehandel.
11. **KONDONASIE: BEROEP: DS. G.B.J. CONRADIE,
 VROEËR VAN ZEERUST — RING VAN RUSTENBURG**
Aanbeveling — Goedgekeur.

17 AFDELING XI: AKTUELE VRAAGSTUKKE

17.1 Verslag van die Sinodale Kommissie vir Aktuele Sake (Agenda, p.851)

1. **PERSONEEL** — Kennis geneem.

2. **VERGADERINGS** — Kennis geneem.

3. **OPDRAGTE VAN DIE SINODE**

3.1 Kennis geneem.

3.2 Kennis geneem met wysiging van 3.2.1.1(d) na „sal” soos volg: „sal ’n skriftelike belofte van geheimhouding afgeneem word.”

3.3 **Afskaffing van Eed** — Afgehandel (Algemene Sinode).

3.4 **Skientologie** — Kennis geneem.

3.5 **Die Christelik-Etiese standpunt omtrent die beskikking oor die menslike lewe (aborsie en orgaan-oorplanting)**

3.5.2 **Verslag in geheel** — Die Sinode besluit na stemming dat daar alleen van die verslag kennis geneem sal word (op voorstel van dr. P.W. Marais en ds. A.V. Strydom).

VERLOFAANSOEKE — 5.6.72 (nm.)

1. **Dringende Sake**

1.1 Ds. P.A. Pienaar, Portugese N.G. Gemeente, Pta: 5 Junie — aandsitting.

1.2 Oudl. D. Crafford, Pietersburg-Noord: 6 Junie en res van sitting.

1.3 Ds. P.K. Mentz, Silverton: 6 Junie — teepouse tot 2.30 nm.

1.4 Ds. J.J. Keyter, Lyttelton-Oos: 5 Junie — aandsitting.

1.5 Oudl. L.C. Klopper, Lyttelton-Noord: 5 Junie — aandsitting.

1.6 Ds. J.S. van Dyk, Erasmia: 5 Junie — aandsitting.

2. **Begravnisse**

2.1 Ds. K.D. Struwig, Meyerspark: 5—6 Junie (skoonvader).

2.2 Ds. P.K. Mentz, Silverton: 7 Junie — namiddag.

2.3 Ds. J.M.B. de Wet, Pretoria-Noord: 6 Junie — namiddag.

3. **Siekte**

3.1 Ds. P.J. Grobler, Warmbad-Wes: 5 Junie — namiddag na teepouse en aandsitting.

Terwyl pt. 3.5.3 nog onder bespreking is, verdaag die Sinode vir aandete.

18 **Verslag van die Kommissie van die N.G. Kerkboekhandel**

(Agenda, p.880)

1. **DIE KOMMISSIE** — Kennis geneem.

1.4 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

Samestelling van die nuwe kommissie — Wat die korrekte orde van vermelding van die drie sinodes betref, sal die Argivaris geraadpleeg word.

2. **N.G. KERK-UITGEWERS EN -BOEKHANDEL KAAPSTAD**

2.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur. Die woorde „aan die moderatuur” word geskrap.

3. **PUBLIKASIES**

3.1 **N.G. Kerk-uitgewers en -Boekhandel Kaapstad** — Kennis geneem.

3.2 **N.G. Kerkboekhandel Pretoria** — Kennis geneem.

3.3 **Pamflette vir Gratis Verspreiding** — Kennis geneem.

3.4 **Lig en Lewe** — Kennis geneem.

3.5 **Boeke by die Bybel** — Kennis geneem.

3.5.1 **Aanbeveling in verband met Finansiële Ondersteuning** — Staan oor tot by Begroting.

Gratis Lekturfonds — Staan oor tot by Begroting.

Voorstel: (Ds. C.J. Jackson en oudl. W.L. Maree)

Die N.G. Kerkboekhandel as die amptelike Uitgewer en Verspreidingsorganisasie van die Kerk:

Die Sinode bevestig dat hierdie liggaam die amptelike uitgewers en verspreiders van die Kerk is en versoek dat alle sinodale kommissies hulle publikasie- en verspreidingswerk in verband met boeke en ander geskrifte van die Kerk deur, of in oorlog met hierdie kanaal sal doen. — Goedgekeur.

4. **INTERKERKLIKE UITGEWERSTRUST** — Kennis geneem.

5. **KOLPORTASIE** — Kennis geneem.

5.1 Aanbevelings:

5.1.1 **Voorskot deur Kerkrade** — Goedgekeur.

5.1.2 **Aanbevelings in verband met Finansiële Ondersteuning** — Reeds onder aandag van Begrotingskommissie:

6. **VOORLIGTER-BOEKEWA** — Kennis geneem.

7. **PERSONEEL** — Kennis geneem.

Dankmosie aan die Personeel van die Ned. Geref. Kerkboekhandel:
(Di. N.J. Hanekom en B.P. de Wet)

Die Sinode betuig sy dank teenoor die bestuurder en personeel van die N.G. Kerkboekhandel vir hulle getroue en toegewyde diens. — Goedgekeur.

8. **NUWE TOERUSTING** — Kennis geneem.

9. **TAKKE** — Kennis geneem.

10. **FINANSIES** — Kennis geneem van die baie gunstige verslag

11. **VIERING VAN KWARTEEUFES VAN DIE N.G. KERK-BOEKHANDEL** — Kennis geneem.

11.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

Die hele verslag word goedgekeur met groot dank aan die Kommissie.

REDAKTEUR VAN DIE KERKBODE

Aan ds. G.S. Möller word die geleentheid gegee om die Sinode toe te spreek in verband met „Die Kerkbode”.

Hy wens die N.G. Kerkboekhandel geluk met die viering van hulle 25e verjaarsdag.

Hy bedank ook die Sinode vir getroue finansiële ondersteuning van „Die Kerkbode”, o.a. die bydrae van R10 per gemeente. Ook die medewerkers van „Die Kerkbode” word hartlik bedank. Hy doen ’n beroep op medewerkers om nie „oor” persone en groepe te skryf nie maar „aan” hulle. „Die Kerkbode” groei egter nie in verhouding tot die groei van die Kerk nie.

Daarom is aftrekorders gereed gemaak vir makliker in-tekening. Hy doen ’n beroep dat broeders stiptelik berigte van beroepe, ens. sal aanstuur vir publikasie in „Die Kerkbode”, aangesien die Jaarboek daaruit gegewens moet verkry.

’n **FEESPROGRAM** aangebied deur die N.G. Kerkboekhandel word afgehandel, waartydens die moderator, dr. Geldenhuys en prof.

E.P. Groenewald, toesprake lewer. Mnr. I.B. Kasselman antwoord en ds. C.J. Jackson doen die bedankings.

OGGENDSITTING — 6 JUNIE

BIDUUR

Die skriflesing is Openb. 21:1—11, 27 en word deur ds. E.J.L. le Riche waargeneem. Hy benadruk verse 8, 5 en 7 waaruit die hooftema opklink: „Kyk, Ek maak alles nuut.”

Daarna word daar leiding en wysheid vir die dag by God in die gebed gesoek.

PERSONEELVERANDERINGE

1. Petronella: Oudl. Cronje afwesig.
2. Hartbeesspruit: Oudl. T.A. Niehaus (s) verskyn.
3. Krokodilrivier: Oudl. J.J. Roos verskyn.
4. Lynnwood: Oudl. dr. D.F. Louw (s) verskyn.
5. Daspoort: Ds. P.H. Jacobs afwesig.
6. Laeveld: Ds. N.J. Coetzee afwesig.

TELEGRAM MINISTER VAN POLISIE

Die volgende telegram sal gestuur word (op voorstel van oudl. (dr.) H.J. Terblanche en oudl. L.C. van der Merwe):

Telegram aan Minister van Polisie:

Sinode Noord-Transvaal steun optrede in landsbelang teen studente-onluste. Sterkte toegebid.

Voorstel: Voorbidding vir Regering in moeilike tye: (Di. G.J. Snyman en H. Cronje)

Die Ned. Geref. Sinode van Noord-Transvaal wil die Regering en uitvoerende amptenare verseker van sy voortdurende voorbidding, ooreenkomstig Rom. 13, in die uitvoering van die moeilike en veeleisende taak op sy skouers om te alle tye die goeie orde te handhaaf, en die veiligheid van owerheid, onderdaan en besitting te verseker.

Voorstel: Reggesinde studente: (Di. G.J. Snyman en H. Cronje)

Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat die groot meerderheid van ons studente hulle teen enige ondermyning van wet en orde verset.

AFDELING XII: OPENBARE SEDELIKHEID

19.1 Verslag van die Sinodale Kommissie vir Openbare Sede- likheid

(Agenda, p.891)

1. Kennis geneem.

Dankbetuiging aan ds. Meiring — met akklamasie deur die Sinode goedgekeur.

II. **HUIDIGE TOESTAND** — Kennis geneem en bylae goedgekeur saam met die volgende **voorstelle**:

(a) **Beleid van Kommissie vir Openbare Sedelikheid**: (Dr. J.A. van Wyk en ds. J.J. Odendaal)

Die Sinode steun sy Kommissie vir Openbare Sedelikheid in sy taak en versoek hom om nadruk op die heiliging van die openbare lewe te lê en om daaraan so veel moontlik **positiewe** uitdrukking te gee.

Die Sinode dra dit verder aan hierdie Kommissie op om sy aandag aan die **volle breë terrein** van die maatskaplike sedelikheid te gee, ook in arbeidsverhoudings en menseverhoudings.

Voorstel: (Ds. R.J. Raath en oudl. P.J. Conradie)

Die Plig van Kerkrade in die Bevordering van Openbare Sedelikheid:

1. Die Sinode wil met alle erns Kerkrade daarop wys dat al die sede-ondermynende verskynsels wat in die verslag genoem word — sede-ondermynende lektuur, prente, opvoerings, rolprente, onwettige fotos van die vroulike liggaam vir advertensies — per slot van sake die lidmaat en die jeug in elke gemeente raak. Dáár vind die aftakeling van sedelike norme plaas.

2. Die Sinode dring by Kerkrade daarop aan dat hulle hul verantwoordelikheid sal besef om voortdurend op te tree ter beskerming van hul gemeentes; dat kerkrade verplig is om op gepaste wyse, deur middel van geskifte en deur protes en verhoë, 'n duidelike getuie te laat hoor.

'n Swygende kerkraad word 'n medepligtige aan die bevordering van 'n permissiewe gees onder ons volk deurdat stilswyende

gebrek aan protes by ons gemeentelede die indruk wek dat ons as Kerk of magteloos teenoor die sedebederwende verskynsels staan of dat ons daarmee genoë neem.

Hierdie besluit word in die herderlike brief opgeneem.

III. SONDAGSHEILIGING

A—F Met dank kennis geneem vir suksesvolle optrede.

By F volg die volgende besluit: (Di. E.A. Gaum en J. Jac. Struwig)

Drankverskaffing by rugbywedstryde:

Die Sinode van Noord-Transvaal doen 'n ernstige beroep op die Transvaalse Rugby-unie en alle ander rugbybonde om nie die verskaffing van alkoholiese drank tydens rugbywedstryde op sy stadions toe te laat nie.

Verder betuig die Sinode sy opregte waardering teenoor dié rugbybonde wat reeds geen alkoholiese drank tydens rugbywedstryde toelaat nie. — Goedgekeur.

IV. BUITEBAAANSE TOTALISATORS — Kennis geneem met aanname van die volgende voorstel: (Di. M.v.A. Vermeulen en P.W. Jordaan)

Die Sinode herbevestig die besluite van vorige Sinodes dat dobbelary in al sy vorms deur die Heilige Skrif veroordeel word; versoek lidmate om nie deel te neem aan weddenskappe op perdewedrenne en ander dobbelfasiliteite nie en betreur dit dat die Provinsiale Raad van Transvaal met sy instelling van buitebaanse totalisators die fasiliteite vir weddenskappe na die platteland uitgebrei het.

V. **Onwenslike Kleredrag** — Kennis geneem (kom weer voor).

VI. **Sede-ondermynende rolprente, opvoerings, lektuur en prente** — Kennis geneem.

VII. **Godslasterlike Plaat** — Kennis geneem.

VIII. **Die Moderne Dans** — Kennis geneem met goedkeuring van die volgende voorstelle: (Di. E.A. Gaum en M.v.A. Vermeulen)

(a) Ontkleedanserese

Die Sinode betreur die sondige verskynsel van ontkleedanserese in die samelewing en doen 'n beroep op alle Christene om nie hierdie praktyk op enige wyse te duld nie. Só spreek die Sinode hom ook uit teen die moderne dans en aanverwante vorms omdat

hulle die ritmiese aanleg van die mens uitbuit tot verwildering van sy gees en allerlei losbandigheid in die hand werk soos geopenbaar in liggaamshoudings wat sterk ooreenkom met heidense praktyke soos verder omskrywe in bylae B. — Goedgekeur.

Skolingskursusse van Dept. van Nasionale Opvoeding: (Dr. Jan Grobler en ds. J.A. du Rand)

Die Sinode neem met dank kennis van die werk veral by wyse van skolingskursusse vir die Jeug, wat deur die Dept. van Nasionale Opvoeding gereël word, en die Sinode wil dan graag ook die betrokke Dept. aanmoedig om met sy goeie werk voort te gaan, maar om tog versigtig te wees om nie sake of afleidings aan te bied wat moontlik nadelige gevolge op ons goeie, gesonde jeug kan hê nie. — Goedgekeur.

(c) **Dept. Nasionale Opvoeding en bedenklike programme:** (Oudl. prof. A.B. du Preez en ds. M.H. Pieters)

Die Sinode besluit om vas te stel of die berig in die Hoofstad 5.6.72 waar is, dat die Departement van Nasionale Opvoeding medewerking sou verleen aan die bedenklike dele van voorgestelde program van die Belfastgroep vir die Julievakansie. Die Sinode is hieroor ernstig verontrus en indien die inligting korrek is, wil hy ernstige beswaar by die Dept. indien en op ouers 'n beroep doen om hulle kinders nie hiervoor beskikbaar te stel nie. — Goedgekeur.

(d) **Instansies wat positiewe ontspanning reël:** (Dr. J.A. van Wyk en ds. J.P. Claasen)

Die Sinode verwelkom geleenthede wat deur besighede en ander instansies vir ons kinders gereël word om in vakansies positief en opbouend besig te bly, mits sulke instansies sorg dat die manier waarop dit gedoen word in ooreenstemming met die Christelike sedelikheid is. — Goedgekeur.

IX. Landsweye Kongres oor die Sedes — Kennis geneem.

X. Drankmisbruik en Dwelmmiddelverslawing:

A. Dwelmmiddelverslawing — Kennis geneem.

B. Drankmisbruik en Alkoholisme — Kennis geneem met goedkeuring van die volgende drie voorstelle:

(a) **Alkoholinhoud in Bloed:** (Di. E.A. van Niekerk en A.A. van Wyk)

Die Sinode versoek die regering om die buitengewoon hoë ongeluksyfer op ons paaie as 'n probleem van die hoogste prioriteit te beskou. Aangesien die oormatige gebruik van alkohol een van die

hoofsaake van hierdie toestand is, versoek die Sinode die regering om onderhandelings met betrokke instansies in hierdie verband so gou moontlik te finaliseer en wetgewing in te dien tot 'n verlaging van die strafbare alkoholpersentasie in die bloed tot 0,08 persent van die totaal en sorg te dra vir die spoedige en streng toepassing van hierdie maatreël dwarsdeur ons land. — Goedgekeur.

(b) **Persentasie Alkoholinhoud van alkoholiese drank aangedui:** (Dr. J.P. Grobler en ds. H.B. Geyer)

Persentasie alkohol van die drank moet op die etiket aangedui word sodat oningeligtes kan weet wat die graad van die vuur of plesier is waarmee hulle speel. — Goedgekeur.

(c) **Dranklisensies en Drankverkope:** (Di. C.M. Oosthuizen en C.P. Brand)

As gevolg van die onrusbarende toename in veroordelings weens dronkenskap, sedert die nuwe drankwette 1962 in werking getree het, beveel die Sinode aan dat die Nasionale Drankraad

1. Minder nuwe dranklisensies sal toestaan;
2. Die ure van drankverkope sal inkort en beperk tot 6 uur nm;
3. Geen voorregte vir drankverskaffing op Sondag aan hotels en klubs sal toestaan nie, behalwe by hoofmaaltye.

— Goedgekeur.

C—F Kennis geneem.

XI. POPFEESTE — Kennis geneem met goedkeuring van die volgende vyf voorstelle:

1. **„Rock“-musiek:** (Ds. P.W. Jordaan en oudl. W.F. Streit)

Die Sinode doen 'n beroep op ouers om ernstige aandag te gee aan die musiek wat tienderjariges speel, aangesien „Rock“-musiek nie alleen direk skadelik vir die gees en liggaam is nie, maar die boodskap van sedeloosheid en jeugrewolusie aan ons jeug oordra. — Goedgekeur.

2. **„Rock-musiek:** (Di. P.W. Jordaan en A.J. Burger)

Die Sinode dra dit aan Sinkops op om 'n deeglike studie te maak van „Rock“-musiek en om 'n veldtog te loods om ons jeug behoorlik in te lig oor die gevare wat dit vir hulle inhou. — Goedgekeur.

3. **Die S.A.U.K. en Musiek:** (Ds. P.W. Jordaan en oudl. W.F. Streit)

Die Sinode dank die S.A.U.K. vir die jeugprogramme in die Afrikaanse diens, veral op Sondag, maar versoek dat die Christelike beginsels ook in die programme van die handelsenders meer tot sy reg sal kom veral deur die drastiese uitskakeling van sede-ondermynende en rewolusionêre plate wat in hierdie dienste voorkom. — Goedgekeur.

4. Popfeeste — Versoek aan die Regering: (Di. J.F. Pretorius en G.J. Snyman)

Die Sinode spreek sy besondere dank uit teenoor Sy Edele die Eerste Minister, B.J. Vorster, vir sy persoonlike optrede om 'n popfees op Goeie Vrydag af te las.

Verder besluit die Sinode om die Regering te versoek om alle popfeeste in die toekoms deur wetgewing te verbied, gesien in die lig van die feit dat dit ons jeug in aanraking bring o.a. met vreemde ideologieë, die propagering en beskikbaarstelling van dwelmmiddels en die aankweek van 'n permissiewe gees. — Goedgekeur.

5. Waardering teenoor Jongmense m.b.t. Popfeeste: (Oudl. W.G. James en ds. J.J. Keyter)

Die Hoogerwaarde Sinode wil graag sy waardering boekstaaf teenoor daardie jongmense wat spontaan stelling ingeneem het teen die aanbieding van 'n popfees gedurende Paasnaweek. — Goedgekeur.

XII. SONDAGKOERANTE — Kennis geneem.

XIII. NAAKTE BEELDE — Kennis geneem en die volgende voorstel word aanvaar: (Ds. P.W. Jordaan en oudl. W.F. Streit)

Die Sinode versoek die regering baie ernstig en dringend om sy besluit om die beeldegroep wat 'n naakte en 'n halfnaakte vrouefiguur insluit, in die gebou van die Ministerie van Binnelandse Sake op te rig, in hersiening te neem. Naaktheid in die openbaar word deur die Skrif verbied. Dit is nie 'n vereiste van goeie kuns nie en gee in hierdie geval aanstoot aan die behoudende Afrikaners, veral die vroue. — Goedgekeur.

2. VIR GOEDKEURING — Afgehandel.

3. AANBEVELINGS

I. Wysiging van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (1963):

Vooraf word die volgende twee voorstelle aanvaar:

(a) **Waardering teenoor die Publikasieraad:** (Di. M.v.A. Vermeulen en P.W. Jordaan)

Die Sinode spreek sy waardering uit vir die optrede van die Publikasieraad teen pornografiese geskrifte en rolprente waardeur hy geslaag het om die mees **ergerlike vorms** van onsedelikheid en godslastering te weer.

Die Sinode distansieer hom van alle pogings om die Publikasieraad in **diskrediet** te bring en bid hom Gods rykste seën en sterkte toe. — Goedgekeur.

(b) **Memorandum i/s Publikasieraad:** (Di. D.J. Viljoen en P.W. Jordaan)

Die Sinode besluit om dit aan sy Kommissie vir Openbare Sedelikheid op te dra om:

1. 'n Sterk en deeglik-gemotiveerde memorandum op te stel vir deursending aan die regering;

2. dit aan die moderatuur op te dra om die memorandum persoonlik aan die Minister te oorhandig en getuienis te lewer.

3. Die beginsels van die Kerk te stel, o.a.

* dat die Kerk sensuur noodsaaklik ag.

* Dat die funksionering van die Publikasieraad doeltreffend gemaak moet word deur nuwe wetgewing om die optrede van die Raad effektief te laat wees.

A—D Goedgekeur met die byvoegings:

1. **Appèlraad:** (Ds. P.W. Jordaan en oudl. W.F. Streit)

Die Sinode beveel aan dat lede van die Appèlraad benoem sal word, wat in staat sal wees om publikasies, rolprente en opvoerings uit Christelik-etiese standpunt te beoordeel, en dat dit sal bestaan uit persone wat onderskeidelik besondere kennis dra van die Christelike geloofsleer en sedeleer, letterkunde, kuns en toneel, die huisgesin en die skool, met 'n regter of oud-regter as voorsitter.

Die Appèlraad sal ook beslissings oor rolprente in hersiening kan neem. — Goedgekeur.

2. **Verskansing Publikasieraad:** (Di. P.W. Jordaan en A.J. Burger)

Die Sinode versoek die regering baie ernstig, in die lig van onlangse gebeure, om die magte van die Publikasieraad so te verskans deur wetgewing, dat hy sy pligte doeltreffend kan uitvoer. — Goedgekeur.

3. **Wet op Publikasies:** (Di. M.A. Vermeulen en G.J. Snyman)

Die Sinode versoek die regering om in die wet op publikasie

voorsiening te maak daarvoor dat indien die Publikasieraad drie publikasies van 'n uitgewery as ongewens verklaar het, die uitgewery verplig sal wees om alle boeke en tydskrifte wat hy daarna uitgee, vòòr publikasie, aan die Publikasieraad moet voorlê vir keuring. — Goedgekeur.

TELEGRAM AAN MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE:

Telegram aan Minister van Binnelandse Sake: (Oudl. (dr.) H.J. Terblanche en ds. H. Steyn)

Sinode Noord-Transvaal neem met genoë kennis van die tydige aanstelling Interdepartementele Kommissie insake Publikasieraad en Sensuur-wetgewing. Sal memorandum persoonlik voordra. Seën toegebied. — Goedgekeur.

Voorstel: Interdepartementele Kommissie van Onderzoek i/s Raad op Beheer van Publikasies: (Oudl. (dr.) H.J. Terblanche en ds. M.v.A. Vermeulen)

Die Noord-Tansvaalse Sinode van die N.G. Kerk het met genoë kennis geneem van die aanstelling van 'n Interdepartementele Kommissie om ondersoek in te stel na die samestelling en werksaamhede van die Raad van Beheer op Publikasies en aanbevelings daaroor en oor die betrokke wetgewing aan die Minister van Binnelandse Sake te doen. Terwyl die Sinode sy waardering betuig vir hierdie tydige ondersoek, wil hy graag in alle opregtheid die wens uitspreek dat die Christelike norme van die Skrif in die samestelling van hierdie raad en in die gepaardgaande wetswysiging in alle opsigte gerespekteer en tot volle reg in die praktyk sal kom. — Goedgekeur.

II. DWELMMIDDELS — Goedgekeur saam met die volgende voorstelle:

1. Regeringsrapport oor Dwelmmiddels: (Ds. H.B. Geyer en dr. J.P. Grobler)

Met verwysing na die Regeringsrapport oor Dwelmmiddels dra die Sinode dit aan Sinkops op om aan die volgende Sinode leiding te gee oor maniere waarop die Kerk die aanbevelings daarin vervat — waarby die Kerk in sonderheid belang het — kan implimenteer.

2. Rehabilitasie Dwelmverslaafdes: (Ds. H.B. Geyer en dr. J.P. Grobler)

Die Sinode dra dit verder aan Sinkops op om onverwyld met die betrokke instansies te skakel om vas te stel op welke wyse die Kerk 'n positiewe bydrae kan lewer i.v.m. die rehabilitasie van dwelmver-

slaafdes by beoogde inrigtings en die nodige in die verband te doen.
— Goedgekeur.

III. HANDELDRYWE OP SONDAE — Goedgekeur met byvoeging van die volgende voorstel: (Ds. P.W. Jordaan en oudl. W.F. Streit)

Die Sinode spreek die vertroue uit dat die Uitvoerende Komitee verder sal gaan in die beskerming van die dag van die Here teen sekularisasie, en die distribusiewerkers ook 'n behoorlike rusdag sal gee, deur die ure waarop sommige winkels sekere artikels mag verkoop, drasties in te kort. — Goedgekeur.

IV. SUPERSTAR — Aanbeveling Goedgekeur asook die volgende voorstel: (Oudl.) prof. A.B. du Preez en ds. E.A. Gaum)

Die Sinode spreek hom ten sterkste uit teen die inhoud, boodskappe en strekking van die plaat „Jesus Christ Super Star” en waarsku ons jongmense teen die verderflike invloed van hierdie plaat en moontlike opvoerings.

Die Sinode keur die optrede van die betrokke kommissie goed en betuig sy dankbaarheid teenoor die S.A.U.K. wat besluit het om dié plaat nooit weer in sy uitsendings te gebruik nie.

Aktiewe optrede teen ondermyning sedelike lewe: (Di. J.P. Claasen en H.B. Geyer)

Die Kommissies vir Openbare Sedelikheid in die verskillende gemeentes word gevra om steeds te waak teen die ondermyning van ons sedelike lewe en om kerkrade en gemeentes tot aktiewe optrede teen sodanige bedreigings te aktiveer. — Goedgekeur.

Langer Werksweek — Die Sinode neem kennis van die volgende voorstel: (Di. G.D. Kotzé en C.J. Otto) en verwys dit na sy permanente Kommissie vir Aktuele Sake:

Die Sinode doen 'n beroep op die Regering om weer 'n 5½-dag werksweek in te stel.

Positiewe Mosie van Waardering teenoor ouers: (Oudl.) prof. B.J. Marais en ds. D.J. Viljoen)

Hierdie Sinode spreek sy opregte dank en bewondering uit teenoor die tienduisende van die lidmate van ons Kerk wat hul Christelike waardes in 'n verwilderende tyd behou het en veral vir die duisende van ons ouers wat ten spyte van al die probleme en verleidinge van ons tyd hul kinders deur woord en veral voorbeeld opvoed om toegewyde gelowiges en verantwoordelike burgers van ons land te wees. Die Sinode bid ons ouers sterkte en genade toe in

.ul groot taak en wysheid in die leiding van hul kinders om hul te leer om reg te kies in hierdie eeu van pragtige nuwe kragte, maar ook sielsverderwende gevare. Die Kerk sien hulle pogings raak en dank God vir hulle.

D.8 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR OPENBARE SEDELIKHEID

1. DIE ROOKGEWOONTE

Aanbevelings

1.1.1 Kennis geneem (met invoeging van „talle” ná „uitsprake van”).

(Die bylae word oorgeset.)

1.1.2 Goedgekeur met byvoeging van die volgende **voorstel:** (Di. M.M. Smit en J.F. van Heerden)

Ampsdraers en lidmate wat rook:

Die Sinode doen 'n beroep op ampsdraers en lidmate wat rook om opnuut te besin oor hul rookgewoonte — of hulle dit kan vereenselwig met 'n positiewe Christelike getuienis wat sal strek tot eer van die Here. — Goedgekeur.

1.1.3 Word met die volgende amendament (Ds. D.B. Steyn en oudl. P.M. Schoeman) vervang:

Die H.E. Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Kerklike Tydskrifte om tabakadvertensies deur ander behoudende advertensies te vervang.

1.1.4 Goedgekeur.

Algemene Voorstel oor Liggaamlike Gesondheid: (Di. N.J. Hanekom en H. Cronjé)

Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat alle menslike lewe en in besonder menslike gesondheid 'n kosbare gawe van die Here is wat te alle tye deur die Christen behou, beskerm en versorg moet word, en daarom word alle lidmate herinner aan die verantwoordelikheid wat by elke gelowige berus om so ver menslik moontlik toe te sien dat sy liggaamlike gesondheid nie

onnodig ondermyn word nie a.g.v. onder andere gebrekkige of geen oefening, 'n ongereelde en/of ongebalanseerde dieet en die oormatige gebruik van genotmiddels soos drank, rook, ens. — Goedgekeur.

2. **SONDAGKOERANTE**

2.1.1—2.1.4 Goedgekeur.

VERLOFREËLINGS — Goedgekeur

Dinsdag — 6 Junie: Middagsitting

1. Oudl. J.H. Wandrag, Burgerspark: Siekte.
2. Oudl. A.C. Sephton, Wonderboom: Begrafnis.
3. Ds. J.M.B. de Wet, Pretoria-Noord: Begrafnis.

Woensdag — 7 Junie

1. Ds. P.L. Storm, Quagga-poort: Begrafnis.

VERDAGING — Die Sinode verdaag vir middagete.

MIDDAGSITTING — 6 JUNIE

NOTULE — word met enkele wysiginge aanvaar.

VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR OPENBARE SEDELIKHEID D.8 (Voortgesit)

Leer en Lewenswandel: (Di. L.F. van Niekerk en dr. M. Jansön)

Die H.E. Sinode doen 'n ernstige beroep op lidmate om:

1. Ten alle tye in leer en lewe met Christelike verantwoordelikheid op te tree sodat hulle lewenswandel die toets van die Skrif kan deurstaan en in die lig kan kom.

2. Voorbidding te doen vir die personeel van die perswese om veral ten opsigte van berigging altyd Christelike onderskeidingsvermoë aan die dag te lê. — Goedgekeur.

3. **LEESSTOF OP SKOLE**

3.1 **Aanbevelings** — Goedgekeur en aan Sinodale Jeugkommissie vir uitvoering op te dra.

4. **KLEREDRAG IN EREDIENSTE**

4.1.1 Goedgekeur met skraping van die woorde „tradisionele” en die teks Sefanja: 1.8.

5. **VOLKSVREEMDE KLEREDRAG**

5.1.1 Kennis geneem.

5.1.2 Goedgekeur met skraping van die woorde „tradisionele” en die teks Sefanja 1:8.

5.1.3 Goedgekeur.

5.1.4 Goedgekeur met skraping van die woorde nà: „vermy”.

Van die aanvaarding al dan nie van **langbroekpakke vir dames** word afgestap na ’n ordemosie van ds. J.F. van Heerden.

6. PREDIKANT IN’ SINODALE DIENS

6.1.1, 6.1.2 en 6.1.4 Aanvaar.

6.1.3 se bewoording word vervang met dié van punt 9.28.1 (Agenda, p.403).

Mosie: Beroep op leraars: (Di. P.W. Jordaan en M.v.A. Vermeulen)

Die Sinode doen ’n ernstige beroep op leraars om hulle te weerhou van uitsprake in die pers oor sedelike vraagstukke wat nie in ooreenstemming is met beginsels wat reeds deur Sinodes aanvaar is nie, aangesien dit die beeld van die Kerk na buite skaad en die kommissie vir openbare sedelikheid strem in die uitvoering van sy taak. — Goedgekeur.

Dankmosie: Ds. D.F.B. de Beer: (Di. M.v.A. Vermeulen en P.W. Jordaan)

Waar dié predikant in Sinodale Diens met opdrag die bevordering van Openbare Sedelikheid. Ds. D.F.B. de Beer, vanjaar 27 jaar voltyds in hierdie diens staan, spreek die Sinode sy dank en waardering uit vir sy volgehoue en onverskrokke optrede in belang van die Kerk en waar hy sy voorneme om af te tree te kenne gegee het, hoop ons dat dit nie te gou sal wees nie. Die Sinode bid hom toe ’n verdere vrugbare dienstyd en indien hy in die reses aftree, ’n geseënde rus vir hom en mev. De Beer. — Goedgekeur.

TELEGRAM AAN PRES. FOUCHÉ

’n Onbestrede mosie: (Ds. D.J. Scheepers en oudl. (prof.) A.B. du Preez)

Dat die H.E. Sinode sy Eksellensie die Staatspresident telegrafies sal gelukwens met die herdenking van sy geboortedag, en hom verseker van ons Kerk se voorbidding. — Goedgekeur.

D.19 TWEDE VERSLAG TYDE- LIKE KOMMISSIE VIR SENDING

3. ONDERHANDELINGE TUSSEN VROUEVERENIGINGE

3.1—3.4 Kennis geneem.

3.5.1 Aanbeveling Goedgekeur. Die Sinode herbevestig ook sy vorige besluit dat die **Aktuaris** die **amptelike verteenwoordiger** van die Sinode op die Hoofbestuur van die **Vrouehulpdiens** sal wees.

3.5.2 Aanbeveling aanvaar.

3.5.3—3.5.5.1 Kennis geneem.

3.5.5.2 Aanbeveling goedgekeur met invoeging van die woorde „of langs” in die tweede sin nà die woorde „’n eie gesag bo” (op voorstel van ds. J.S. van Dyk).

Mosie T.V.S.V. en K.S.K.

Die Sinode bedank die hoofbesture van die T.V.S.V en K.S.K. en mev. A. Linde en mev. Sibs Marais in die besonder, vir die leiding wat hulle reeds oor soveel jare aan die onderskeie verenigings gee het.

By die uitrede van mev. Linde wil die Sinode sy dank betuig vir haar onbaatsugtige diens aan die Kerk van Transvaal en wil haar ’n tyd van aangename en verkwikkende rus toebid, met die seën van die Here op die werksaamhede wat sy nog steeds in stilte onderneem.

Die Sinode wens die nuwe presidente, mev. S. Marais, van beide die T.V.S.V. en Kinderkrans sterkte toe op die groot taak wat sy onderneem het.

VERLOFREËLINGS (Goedgekeur)

Woensdag — 7 Junie

1. Ds. W.A. Rossouw, Merlindale: Begrafnis.
2. Dr. W. de W. Strauss, Pretoria: Siekte
3. Oudl. J.D. Snyman, Dendron: Afspraak.
4. Dr. J.H.H. du Toit, Rayton: Lesing Universiteit.

VERDAGING

Die vergadering verdaag vir aandete.

AANDSITTING — 6 JUNIE

D.15 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE

1. HERINDELING VAN RINGE

1.1.1 Ring van Rustenburg — Goedgekeur.

1.1.2 Ring van Zeerust.

1.1.3.1—1.1.4.2 Goedgekeur.

1.2 Ring van Pietersburg (I.6) — Goedgekeur.

1.3 Ring van Pretoria-Noord (I.2) — Goedgekeur.

(1.3.1 Hartebeeshoek moet lees Hartbeeshoek)

1.4 Ring van Pretoria-Wes (I.8) — Goedgekeur.

1.5 Ringe van Pretoria-Oos, Erasmus en Lyttelton (I.5 & 7)

Goedgekeur.

1.6 Versoek S.M.A.

1.6.1 Kom weer voor by Tydelike Regskommissie.

1.6.2 Kennis geneem (resorteer word ressorteer)

RINGSKONSTITUERING

Hierna verdaag die vergadering sodat die onderskeie ringe kan konstitueer en hulle kommissies kan kies.

OGGENDSITTING — 7 JUNIE

BIDUUR

Ds. A.J.N. van Heerden se Skriflesing is Job 28 (vers 28: „Maar vir die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid en om van die kwaad af te wyk, is verstand”). Daarna word die wysheid van God in die gebed gesoek.

PERSONEELVERANDERINGE

1. Riviera: Oudl. G.T. le Roux (s) verskyn.
2. Hartbeesspruit: Oudl. C.F.A. Borchardt verskyn.
3. Universiteitsoord: Ds. H. Steyn afwesig weens siekte.
4. Marble Hall: Geen ouderlinge vandag.
5. Nietverdiend: Oudl. P.E. de Waal (p) verskyn.
6. Voortrekkerhoogte: Oudl. D.F. Naude en D.G.J. Strauss verskyn.
7. Meyerspark: Ds. Struwig weer terug na begrafnis van sy skoonmoeder.
8. Harmonie: Oudl. A.J. Burger verskyn nie.
9. Wonderboom: Oudl. G.J.M. Naude (p).
10. Voortrekkerhoogte-Wes: Oudl. (genl.) J.H. Robbertze (p).
11. Lynnwood: Oudl. (prof.) I.H. Eybers (p).

TELEGRAM ontvang van Gemeente Louis Trichardt.

Mosie van dank dr. J.C.G. Kotze

Aan prof. Kotzé vir die waarneem van die Broederlike Onderhoud gisteraand.

Voorstel: Konferensie vir Leraars: (Oudl. (prof.) H.D.A. du Toit en ds. A.S. Burden)

Die Hoogerwaarde Sinode dra dit op aan die S.K.A.E. om volgende jaar, indien moontlik nog voor Pinkster, 'n konferensie vir ons leraars te reël tot verdieping van ons geestelike lewe en met die oog op gebed vir herlewing in ons dierbare kerk. — Goedgekeur.

Mosie: N.G. Kerk in Afrika, Sinode, Noord-Transvaal

Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk Noord-Transvaal wil graag die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika, Noord-Transvaal die krag en die leiding van die Heilige Gees toebid. Mag al u beraadslaginge en besluite staan alleen in die teken van gehoorsaamheid aan Christus Jesus onse Here. Efes. 3:14—21. — Algemeen goedgekeur.

Mosie van meegevoel met mynramp:

Die H.E. Sinode neem kennis van die tragiese mynramp by Wankie, Rhodesië, bid vir die behoud van die mynwerkers wat vasgekeer is, verseker hulle familie en afhanklikes van sy meegevoel en besluit om aan premier mnr. Ian Smith en ds. Phil Olivier 'n telegram in die voete te stuur. — Algemeen goedgekeur.

BEGROTINGS VAN SINODALE KOMMISSIES (Agenda p.231)

1.1 **Abraham Kriel-Kinderhuisfonds:** Totaal moet lees R494 910.

1.1.4 **Aanbeveling** — Goedgekeur.
R63 000 lees R50 400.

1.2 **Bearbeiding van Gevangenesfonds** — Staan oor.

1.3 **Teologiese Skool Stofberg-fonds** — Kennis geneem.

1.3.4 **Aanbeveling van Begrotingskommissie** — Goedgekeur.
R26 388 word R27 396.

1.4 **Argieffonds** — Kennis geneem.

1.4.4 **Aanbeveling van Begrotingskommissie**

1.4.4.1 R4 800 Goedgekeur.

1.4.4.2 R8681 Goedgekeur.

1.5 **Bloedriviermonumentfonds** — Kennis geneem.

1.5.2 Aanbeveling van Begrotingskommissie

'n Kollekte van R1850 word goedgekeur. Noord-Transvaal se aandeel hiervan bedra R777.

1.6 Inligtingsburofonds — Kennis geneem.

1.6.4 Aanbeveling van Begrotingskommissie — Goedgekeur.

1.7 Openbare Sedelikeidsfonds — Kennis geneem.

1.7.4 Aanbeveling van Begrotingskommissie — Goedgekeur.

1.8 Teologiesebladfonds — Kennis geneem.

Aanbeveling — Goedgekeur.

1.9 Teologiese Studente-Opleidingsfonds — Staan oor.

1.10 Teologiese Fakulteitsfonds — Kennis geneem.

1.10.3 Aanbeveling van Begrotingskommissie — Goedgekeur.

1.11 Trans-Oranje Instituutfonds — Kennis geneem.

1.11.2 Aanbeveling van Begrotingskommissie:

Voorstel: (Di. J.F. Pretorius en R.J. Raath)

Die Sinode keur die aanbeveling van die Begrotingskommissie nie goed om die voordelige saldo van R18 700 in te werk in nuwe begroting nie, aangesien dit 'n trustfonds vir kleuterblindes is. Noord-Transvaal se pro-rata deel van R9 320 is R3 914. — R3 914 — Goedgekeur.

1.12 Kerklike Professionele Diensburo-Fonds — Kennis geneem.

1.12.1.4 Aanbeveling van Begrotingskommissie — R6 930 goedgekeur vir Noord-Transvaal met skraping vanaf „Indien” tot „..... vir aandag.”

2. FONDSE VAN NOORD-TRANSVAAL

2.1 Sinodale Sendingfonds — Kennis geneem.

2.1.1 en 2.1.2 Kennis geneem.

2.1.3 Opmerkings van Sendingkommissie (Agenda p.262)

27 (p.267) Die woorde nà R1000 per jaar aan die einde van die paragraaf word geskrap.

46 (Agenda p.279) Die opmerkings oor Rietfontein-Noord word gerojear. Rietfontein-Noord aanvaar die volle verantwoordelikheid.

2.1.4 **Aanbevelings van Begrotingskommissie**

- 101 **Algemeen** — Goedgekeur met dank.
- 102 **Tiksters** — Goedgekeur.
- 103 **Sondagskoolsendingfonds** — Goedgekeur.
- 104 **Nthume** — Verval.
- 105 **S.W.A. Sending** — Goedgekeur.
- 106 **G.E.M.** — Goedgekeur.
- 107 **Indiërsending Natal** — Goedgekeur..
- 108 **Pensioen ds. C.L. Brink** — Goedgekeur.

Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van mev. Brink. 'n Briefie van meegevoel moet aan ds. Brink geskryf word.

- 109 **Saakgelastigde N.G. Kerk in Afrika** — Goedgekeur.
- 110 **Sinodale Kollekte** — Goedgekeur.

2.2 **Sending onder Indiërs**

2.2.1—2.2.3 Kennis geneem.

2.2.4 **Aanbevelings van Begrotingskommissie**

2.2.4.1 Goedgekeur.

2.2.4.2 Goedgekeur met skraping van die laaste sin vanaf „Indien”

2.2.4.3 Goedgekeur.

Die Sinode keur verder die bedrag van R400 (of R100 p.j.) goed t.o.v. die reiskoste van 'n leraar v/d „Indian Reformed Church” na die R.E.S. in Australië.

2.3 **Kleurlingsendingboufonds:**

Aanbeveling — Goedgekeur.

2.4 **Sendelinge pensioenomskeppingsfonds**

Aanbeveling — Goedgekeur.

2.5 **Diens van Barmhartigheidsfonds**

2.5.1—2.5.3 Kennis geneem.

2.5.4 **Aanbevelings van Begrotingskommissie** — Goedgekeur.

Langverlof vir predikante (Besluit Alg. Sin. 1966, p.352, 462, 551)

Besluit N.-Tvl. Sin. 1968, p.685, 807) (Di. P.S. Strümpfer en W.J. Bruwer)

1. Die Sinode interpreteer dit dat punt (c) lui dat langverlof wat nie geneem is nie, nie uitbetaalbaar is nie.

2. Die Sinode kondoneer die optrede van die Sinodale Kommissie en die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid wat tydens die reses 'n uitbetaling in hierdie verband gemagtig het.

2.6 **Hugenote Kollegefonds** — Staan oor.

2.7 **Hulpbehoewende Gemeentefonds** — Kennis geneem.

2.8 **Bearbeiding van Alkoholistefonds** — Kennis geneem.

2.8.3 **Aanbeveling van Begrotingskommissie** — Goedgekeur.

2.9 **Inrigtingsorgfonds**

2.9.1—2.9.2 Kennis geneem.

2.9.3 **Aanbeveling van Begrotingskommissie** — Goedgekeur met aanvaarding van die volgende **mosie i/s Huis Piek**: (Di. R.J. Raath en H. Cronje)

Die Sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie op om, wat Huis Piek betref, met raadpleging van die Kerkkantoor-kommissie en die S.K.D.B. op die vraag in te gaan en die moontlikhede te oorweeg en desnoods die volgende stappe te doen:

1. Om 'n groter subsidie van die Staat te verkry.

2. Om die Inrigting na 'n ekonomiese inrigting oor te skakel of op 'n ander wyse lonend te laat word.

3. Om die Inrigting te verkoop.

4. Indien die een of ander oplossing gevind word 'n aanpassing in die punte maak.

Verder word 'n beroep op kinders en ander belanghebbendes van inwoners gedoen om van hulle kant groter bydraes te doen.

2.10 **„Berg-en-Dal”-fonds**

2.10.1—2.10—3 Kennis geneem.

2.10.4 **Aanbeveling aanvaar.**

2.11 „Staanvas“-fonds

2.11.1 Goedgekeur.

2.11.2—2.11.3 Kennis geneem.

2.11.4 Goedgekeur.

2.12 Gesinsorgdienstefonds

2.12.1—2.12.3 Kennis geneem.

2.12.4 Aanbevelings goedgekeur.

2.13 Evangelisasiefonds

2.13.1—2.13.3 Kennis geneem.

2.13.4 Goedgekeur.

2.14 Spoorwegbearbeidingsfonds

2.14.1—2.14.3 Kennis geneem.

2.14.4.1 Goedgekeur.

2.14.4.2 Goedgekeur.

2.15 Hospitaalbearbeidingsfonds

2.15.1—2.15.3 Kennis geneem met goedkeuring van die volgende voorstel:

Pos by Weskoppies: (Di. R.B. Murray en J.A. du Rand)

1. In die lig van die nuutste ontwikkelinge met betrekking tot die pos van **Hospitaalpredikant te Weskoppies** en waarvan die Sinode verlede Vrydag met dank en waardering kennis geneem het deur middel van die brief van die Kommissaris van Geestesgesondheid — **so besluit die Sinode** dat die beoogde subsidie aan die gemeente Pretoria-Wes dié van 'n volwaardige pos sal wees tot tyd en wyl die Staat die pos oorneem.

2. Die Sinode dra dit aan die S.K.A.E. op om so spoedig moontlik op hoë vlak met die Dept. van Gesondheid oor die volle subsidiëring daarvan te onderhandel.

Goedgekeur.

2.15.4 Aanbevelings goedgekeur.

2.15.4.1 Kennis geneem.

2.15.4.2 Goedgekeur.

2.15.4.3 Goedgekeur met die wysiging R18 525 word R27 850.

2.16 **Bearbeiding van Jode en Andertaliges**

2.16.1 Laaste subtotaal R9 529 moet lees R9 525.

2.16.1—2.16.3 Kennis geneem.

2.16.4 Aanbevelings

2.16.4.1 Goedgekeur.

2.16.4.2 Goedgekeur.

2.16.4.3 Goedgekeur dat dit in Andrew Murray se kerkboufonds geplaas word.

2.17 **Evangelisasiespreekkamer**

2.17.1—2.17.3 Kennis geneem.

2.17.4 Aanbeveling van Begrotingskommissie

2.17.4.1 Die Sinode aanvaar verantwoordelikheid vir die finansies van hierdie werk in soverre as wat dit nie uit ander bronne gedek kan word nie.

2.17.4.2 Goedgekeur.

2.18 **Pinksterdankofferfonds**

2.18.1—2.18.3 Kennis geneem.

2.18.4 Aanbeveling 14.1 (Agenda p.630) word ook hier in behandeling geneem.

Die **aanbeveling** word gewysig om te lui: „..... die Hulpbehoewende gemeentefonds soos op 30/6/72 word oorgeplaas na die Reserwefonds en mag aangewend word om op aanbeveling van die S.K.D.B. gemeentes in nood te help.”

2.19 **Kolportasiefonds** — Goedgekeur.

2.20 **Jeugfonds**

2.20.1—2.20.3 Kennis geneem.

2.20.4.1 Afgehandel.

2.20.4.2 Goedgekeur.

2.20.4.3 Goedgekeur (R28 146 word R28 206 en mid-delsin vanaf „indien” tot by R16 841 verval).

2.21 **Bearbeiding van Studerende Jeugfonds** — Staar oor.

2.22 **Bearbeiding van Verpleegstersfonds** — Goedgekeur.

2.23 **Kerkjeugverenigingfonds** — Kennis geneem.

2.23.4 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

2.24 Fonds vir Opvoeding en Onderwys

2.24.1—2.24.2 Kennis geneem.

2.24.3 Aanbeveling.

2.24.3.1 Goedgekeur.

2.24.3.2 Die Sinode besluit om die bestaande R600 van die ou Studiebeursfonds weer goed te keur vir die Opvoeding en Onderwysfonds. Verder mag alleen die rente van die kapitaal van genoemde fonds vir hierdie doel gebruik word.

MIDDAGSITTING — 7 JUNIE

NOTULE

Met enkele redaksionele wysiginge aanvaar.

Mosies aanvaar

1. **Aanspreeklikheid van Ringe:** (Di. J.E. Potgieter en G.J.C. Venter)

Die Sinode besluit dat, alhoewel die ringe tans verander en nuut saamgestel is, alle finansiële verpligtinge wat deur die ou ringe aangegaan is, deur die ou skribas voor die einde van die finansiële jaar afgehandel word, en verder dat alle bates en verantwoordelikhede van ou ringe wat nou verander is, deur die betrokke ringskommissies van ou en nuwe ringe wat in die sake betrokke is, op 'n pro rata basis afgehandel word.

2. **Gereformeerde Ekumeniese Sinode:** (Ds. J.E. Potgieter en prof. B.J. Marais)

Die Sinode van Noord-Transvaal, bewus van die belangrike Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat teen die einde van die jaar in Sidney, Australië byeenkom, bid die afgevaardigdes van ons Kerk, in die besonder ds. P.E.S. Smith, dr. D. Crafford, prof. J.A. Heyns uit ons Noord-Transvaalse gebied, die seën van die Here toe en vertrou dat hulle sterk sal staan by ons Gereformeerde belydenis en die Heilige Skrif as die onfeilbare, woord van God.

3. **Mosie: Waardering teenoor S.A.P.:** (Di. N.J. Hanekom en B.P. de Wet)

Die Sinode betuig sy innige dank en waardering teenoor die S.A.P. op die ongeveer 1619 km. grens wat ons beveilig teen die terroriste en verseker hulle van ons voortdurende voorbidding en belangstelling.

2.25 **Algemene Reserwetonds** — Goedgekeur.

Voorstel: Triplikaat van Huweliksregistervorms: (Di. L.M. Heyns en B.P. de Wet)

Die Sinode besluit dat die bewaring van die triplikaat van die huweliksregister die verantwoordelikheid van die huweliksbevestiger bly en dat kerkrade versoek word om 'n eie gemeentelike register of stelsel van kontrole van huwelike aan te lê. — Goedgekeur.

2.26 Sinodale Fonds

2.26.1—2.26.2 Kennis geneem.

2.26.3 Goedgekeur (in 2.26.3 1 en 2 verval die laaste woorde vanaf „met die versoek dat”

2.27 Boufonds Sonop

2.27.3 **Aanbeveling** — Goedgekeur saam met die volgende voorstel: (Ds. G.J. Snyman en oudl. (prof.) B.J. Marais)

Die Sinode versoek die Sonopraad om in samewerking met die KerkkantoorKommissie ondersoek in te stel na die moontlike vergroting en/of heropbouing van Sonop, en die opdrag om nadat die Sinodale Kommissie spesifieke planne goedgekeur het, met die realisering van die projek voort te gaan, sonder dat dit addisionele laste vir die Sinode meebring. Bewys van betaalbaarheid van die projek moet gelewer word.

2.28 Ekumeniese Sake-fonds

Aanbeveling (2.28.2) — Goedgekeur.

2.29 **Kerkmusiekskoolfonds** — Goedgekeur (R1248 word R1410).

2.30 **Fonds vir Bearbeiding S.M.A.** — Goedgekeur.

2.31 **Fonds vir Kerklike Tydskrifte** — Goedgekeur.

2.32 **Kerklike Statistiekfonds** — Goedgekeur.

2.33 **Bybelvertalingsfonds** — Goedgekeur.

3. ALGEMENE SAKE (Agenda, p.346)

3.1 **Jaarlikse hersienings** — Goedgekeur.

3.2 **Reiskoste predikante in Sinodale Diens** — Goedgekeur.

3.3 **Addisionele verpligtinge** — Goedgekeur.

3.4 **Begroting Algemene Sinode** — Goedgekeur.

3.5 **Nuwe Poste**

3.5.1 Goedgekeur met weglating van die woord „dadelik”.

- 3.5.2 word vervang deur die volgende woorde! Die Sinode besluit dat die Sinodale Kommissie oor nuwe poste of werksaamhede sal beslis in oorleg met die Begrotingskommissie.
- 3.6 **Finansies A.K.D.B.** — Goedgekeur met vervanging van die woorde Algemene Sinode deur die woord A.K.D.B. en skraping van die woord „voortaan”.
- 3.7 **Desentralisering werk van C.M.R.** — Verval.
- 3.8 **Verenigingsfondse** — Goedgekeur.
- 3.9 **Afslag vir Punteberekening** — Goedgekeur.
- 3.10 **Rente op agterstallige Sinodale Kollekte** — Goedgekeur.
- 3.11 **Lugreise** — Goedgekeur.
- 3.12 **Permanente Verdelingsformule** — Aanbevelings goedgekeur.
- 3.13 **Reistoelaag van Predikante** — Goedgekeur.

D.6 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE BEGROTINGSKOMMISSIE.

Die Sinode neem kennis van hierdie verslag, waaroor getuienis ontvang is van die verskillende gemeentes.

Die TWEEDE VERSLAG D.14 vervang al die sake daarin genoem.

D.14 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE BEGROTINGSKOMMISSIE

A. BESKRYWINGSPUNTE: AFDELING II: (Agenda p.3 vv.)
1,2,3,4,6,7.3: **Verbetering Pensioenvoordele** — Goedgekeur.

Voorstel I/s Nuwe beginsels vir Predikante Pensioenfonds: (Ds. J.M. Swanepoel en oudl. (prof.) A.B. du Preez)

Die Hoogerwaardse Sinode neem kennis van 'n nuwe ondersoek deur SANLAM, gegrond op 'n nuwe beginsel, na verbeterde pen-

sioenvoordele vir leraars en dra dit aan die Sinodale Kerkkantoor-kommissie op met verslag aan die Sinodale Kommissie om deeglik op hierdie aangeleentheid in te gaan en indien verdienstelik, aan die Breë Moderatuur te stuur vir behandeling en rapport deur die Fondsekommissie van die Algemene Sinode met die oog op 'n so spoedig moontlike implementering. — Goedgekeur.

5.9 Weduwees- en Mediese Fonds

Aanbeveling — Goedgekeur.

7.1, 7.2: Jaarlikse aanpassing van salarisse.

Aanbeveling — Goedgekeur.

7.4 Studielenings van diensdoende leraars

Aanbeveling — Goedgekeur.

8: Erkenning van buitekerklike diens

Aanbeveling — Staan oor.

10, 11, 15: **Berekening van punte** — Goedgekeur.

12: Donasies en Punte

Aanbeveling — Goedgekeur.

13, 14: Opset van Vorm 16

Aanbeveling — Goedgekeur.

16: Sinodale Sendingfondse

Aanbeveling — Goedgekeur.

17 tot 22: Skrywe van Kerkraad van Pretoria-Noord asook Derde Verslag van Scriba Synodi C2 nr. 1.2 (Teologiese Studiefonds)

Aanbeveling

1—6 Kennis geneem (by 3 word aan die einde die volgende woorde bygevoeg: „voor einde Junie”).

7. Die Sinode besluit na stemming om die voorstel op p.22 van die notule nl. punt 3: **Aard van Toekennings Teologiese Studente Opleidingsfonds** in hersiening te neem en om hierdie besluit saam met beskrywingspunte 17—22 na die Tydelike Kommissie vir Begroting vir herformulering te verwys.

Kennis van Revisie

Die Sinode verleen verlof tot revisie i.s. besluit oor **Beskrywingspunt 16 Afd. II** (bls. 6 van Agenda) Ds. P.A.H. Grobler.

23: Afskryf van lenings na sterfte — Goedgekeur.

24: Sendinggemeente Lerato

Aanbeveling — Goedgekeur.

25: Kasboek met kolomhoofde

Aanbeveling — Goedgekeur.

B. SAKE VERWYS UIT DIE VERSLAE VAN DIE SCRIBA SYNODI

1. **TWEEDE VERSLAG: p.915 C1.**

1.6 **Hersieningskommissie vir Psalms**

Aanbeveling — Goedgekeur.

2. **Derde Verslag van die Scriba Synodi C2.**

7. **Skrywe, Skriba-Kassier Harmonie**

Aanbeveling — Goedgekeur.

9. **Nuwe verwickelinge i.v.m. Stoffberg Teologiese Skole met Finansiële en ander implikasies**

Aanbeveling — Goedgekeur.

10: **Pensioen aan prop. H.J. Grobler**

Aanbeveling — Goedgekeur.

C. SAKE VERWYS DEUR ANDER TYDELIKE KOMMISSIES

1. **Aanbeveling — Goedgekeur.**

VERLOF TOEGESTAAN — 7 JUNIE 1972

1. Dringende Sake

1.1 Ds. A.P.S. Beetge, Rustenburg: Vrydag, 9 Junie — heeldag.

1.2 Dr. J.H.H. du Toit, Rayton: 7 Junie — aand.

1.3 Oudl. P.H. Uys, Kloofsig: 7 Junie — middag.

1.4 Ds. P.J. Botha, Thabazimbi: 7 Junie — middag en aand.

1.5 Oudl. H.A.J. Viljoen, Môregloed: 7 Junie — middag en aand.

1.6 Ds. H.J. de Villiers, Krokodilrivier: 7 Junie — middag.

1.7 Dr. H.B. Senekal, Bronkhorstspuit: 7 Junie — middag en aand.

1.8 Oudl. W.L. Maree, Groenkloof: 7 Junie — oggend.

1.9 Oudl. I.S. Steyn, Pretoria-Noord: 7 Junie — heeldag.

1.10 Oudl. D.F. van Rooyen, Premiemyn: 7 Junie — heeldag.

1.11 Ds. W.G. Deacon, Sandrif: 7 Junie — aand.

- 1.12 Oudl. L.A.J. Brits, Messina: 8 Junie — middag en Vrydag heeldag.
- 1.13 Ds. R. van Niekerk, Machadodorp: 9 Junie — heeldag.
- 1.14 Oudl. P.J. Viljoen, Machadodorp: 9 Junie — heeldag.
- 1.15 Ds. P.J. Grobler, Warmbad-Wes: 7 Junie — aand.
- 1.16 Ds. W.L. Reichert, Tzaneen: 8 en 9 Junie.

2. Begrafnisse

- 2.1 Ds. P.H. Slabbert, Witbank-Suid: 8 Junie — voormiddag.
- 2.2 Ds. J. van Z. Pretorius, Silverton: 8 Junie — middag.
- 2.3 Oudl. S.J.F. van der Poel, Witbank-Suid: 8 Junie — oggend.
- 2.4 Oudl. H. Terblanche, Universiteitsoord: 8 Junie — heeldag.
- 2.5 Ds. W.A. Jooste, Groblersdal: 9 Junie — heeldag.

VERKIESING AFGEVAARDIGDES NA DIE SINODE

Nadat 'n gesamentlike stembrief, waarop die ringe nominasies geplaas het, uitgedeel is, gaan die Sinode oor tot stemming.

Die Sinode verdaag vir aandete.

AANDSITTING — 7 JUNIE

KENNISGEWING VAN REVISIE

In verband met C1, p.70, Tweede Verslag, Tydelike Kommissie vir Begroting (ds. M.E. Cooke)

Tweede Verslag Begroting (voortgesit)

2. Beskrywingspunt Afdeling V Nr. 2 p.9

Die Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid het hierdie beskrywingspunt verwys na die Tydelike Evangelisasiekommissie wat die beginsel goedgekeur het en u kommissie versoek het om die fondse te bereken en 'n aanbeveling te maak.

Aanbeveling — Goedgekeur saam met die volgende **voorstel**:
(Di. M.M. Smit en J.F. van Heerden)

Die Sinode versoek die Ringe van Pretoria om o.l.v. die Sekretaris vir Evangelisasie 'n intensiewe evangelisasieveldtog te loods met die oog op die aktivering van ons lidmate om die immigrante in hul midde vir hul rekening te neem.

3. Beskrywingspunte Afdeling I Nr. 3 en 4 — Afgehandel.

D. SAKE VERWYS VIR AANDAG NA AFHANDELING VAN DIE PERMANENTE VERSLAG

1. Saakgelastigde Sendingkerk

Aanbeveling — Goedgekeur.

2. Addisionele pos Andrew Murray Gemeente (Agenda p.329)

Aanbeveling (sien ook Agenda p.675) — Goedgekeur saam met die volgende **voorstel** as aanvulling: (Ds. J.E. Potgieter en dr. C.I. van Heerden)

Maar verwys die saak terug na S.K.A.E. om in die lig van terugslae, teleurstellings en ander probleme in die verlede weer op die hele saak in te gaan en 'n duidelike en goed gemotiveerde verslag aan die volgende Sinode voor te lê.

In die tussentyd word die betrokke Andrew Murray-gemeente dringend versoek om Jode by sy evangelisasiearbeid in te sluit.

Ook die volgende **voorstel** word aanvaar: (Ds. J.S. van Dyk en oudl. C. Olivier)

Bearbeiding onder die Jode (add. Pos) (bl. 402: 9.19)

Omdat die Jood in ons land as ons buurman langs ons leef en almal binne die grense van een of ander gemeente val, versoek die Sinode elke kerkraad om die Jode binne sy grense as 'n objek van Evangelie-bearbeiding te beskou en daadwerklik te bearbei.

Dit is moontlik ook omdat die Jood met een of albei van ons offisiële landstale te bereik is.

Die leraar en kerkraad van Andrew Murray-gemeente word versoek om kontak te maak met sulke objekte van bearbeiding wat die nodige belangstelling en rypheid bereik het, hulle oorreed tot belydenisaflegging en opname in hulle gemeente as hy/sy nie by die plaaslike gemeente kan of wil inskakel nie.

3. „De Kruisbanier”

Aanbeveling — Goedgekeur.

4. Voltooiing van Ringsverslae

Aanbeveling — Goedgekeur. Die woord „eerlike” word verander na „duidelike”.

E. SAKE VERWYS DEUR DIE SINODE

1. Subsidïering van Studenteleraarsposte

Aanbeveling — Goedgekeur.

2. **Arbeiders onder Gevangenes**
Aanbeveling — Goedgekeur.

3. **Hugenote Kollegefonds**
Aanbeveling — Goedgekeur.

4. **Huis Wilhelmina**
Aanbeveling Goedgekeur.

5. **Inligtingsbrosjures** — Goedgekeur.

F. PUNTE VAN GEMEENTES — Goedgekeur behalwe Queenswood se punte wat na Begroting terugverwys word en Valhalla se punte wat moet lui 52,5 i.p.v. 50,5.

G. ALGEMENE AANBEVELING — Goedgekeur saam met die twee volgende voorstelle:

1. **Uitbetaling aan Moderatuurslede:** (Di. P.S. Strümpfer en G.S. van Heerden)

Die Sinode besluit dat die volgende bedrae uitbetaal sal word, uit die Sinodale fonds, vir dienste gelewer ten tyde van die Sinodesitting aan

Die Moderator: R10 per sittingsdag.

Die Assessor: R5 per sittingsdag.

Die Aktuaris: R5 per sittingsdag.

Die Scriba: R10 per sittingsdag.

Die Assistent-Skriba: R10 per sittingsdag.

Dankmosie aan Begrotingskommissie: (Oudl. L.C. van der Merwe en oudl. dr. H.J. Terblanche)

Die H.E. Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die Begrotingskommissie vir sy groot en deeglike werk wat op korrekte en wetenskaplike wyse uitgewerk en voorgelê is.

3. **Spesiale Veldtog t.o.v. lidmate se verantwoordelikheid** (Di. D.B. Steyn en J.C. Erasmus)

Die Sinode versoek kerkrade om in die lig van die steeds toenemende finansiële verpligtinge wat op gemeentes rus i.v.m. onontbeerlike en verdienstelike werk vir die Koninkryk van God, 'n spesiale veldtog (gemeentelik) te loods waarin die eis van die Woord van God t.o.v. elke lidmaat se finansiële verantwoordelikheid ingeskerp en beklemtoon word.

4. **Prinsipiële besinning oor Bydraes:** (Oudl. W.J. Louw en ds. P.J. Grobler)

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Aktuele Sake op om vanuit 'n prinsipiële besinning oor wat die Skrif leer i.v.m. die gelowige se bydraes vir die saak van die Here

(i) te besin oor praktiese wyses van bydraes en insameling in die gemeentes en van gemeentes tot sinodale fondse;

(ii) o.a. die benadering tot en metodes van insameling van The Peoples Church, Toronto, Kanada, ook na te gaan.

5. Dank aan lede van die Kommissie: (Di. R.R. van Zyl en A.V. Strydom)

Die Sinode neem met waardering kennis van die groot taak wat die dagbestuur van die Begrotingskommissie en in besonder die skriba van die kommissie verrig het, met die verwerking van die feite en syfers wat voor die vergadering gedien het. Die Sinode bedank hulle vir die leiding wat gegee is m.b.t. fondse, en bid hulle sterkte en seën toe vir die toekoms.

VERDAGING

Die vergadering verdaag met die sing van Ges. 180 en 'n gebed deur oudl. M. Hogan (Ermelo).

OGGENDSITTING — 8 JUNIE

BIDUUR

Ds. H.G.L. Burger lees Joh. 15 aan die vergadering voor en benadruk vers 5: „Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie”. Daarna word die vernaamste vrug van ons dankbaarheid beoefen: die gebed.

PERSONEELVERANDERINGE

1. Springbokvlakte: Geen ouderling verskyn verder nie.
2. Universiteitsoord: Ds. H. Steyn verskyn weer asook oudl. dr. P.G. Nel (s).
3. Erasmia: Oudl. B.F.J. Burger (p) verskyn.
4. Olifantsfontein: Oudl. C.D. Badenhorst vandag afwesig.
5. Esselenpark: Oudl. D.T. Bekker (p) verskyn.
6. Harmonie: Oudl. A.J. Burger verskyn nie weer nie.
7. Rayton: Geen ouderling verskyn nie.
8. Voortrekkerhoogte: Slegs oudl. D.F. Naude verskyn.
9. Marble Hall: Geen ouderling verskyn verder nie.
10. Krokodilrivier: Slegs oudl. J.I.J. van Rensburg verskyn.
11. Witbank: Oudl. (ds.) van der Merwe verskyn nie.

REVISIE OOR AARD VAN TOEKENNINGS TEOLOGIESE STUDENTEOPLEIDINGSFONDS — TERUGBETALING VAN STUDIELENINGS)

(D.14, pt.7, Notule p.164)

Die vergadering besluit soos volg:

Dat terugbetaling van lenings op 'n rand vir rand basis sal wees, toegepas oor 'n tydperk van 10 jaar.

Hierdie reëling sal geld tot die volgende Sinode wanneer die saak hersien sal word in die lig van die stand van die fonds op daardie stadium.

PUNTE QUEENSWOOD

Die Sinode neem kennis dat die punte van Queenswood foutief aangegee is as 60,5 op p.76 van die verslag van die Tydelike Begrotingskommissie. Dit moet wees 50,5.

Mosie i/s Ds. G.S. van Heerden: (Di. P.S. Strümpfer en J.C. Lamprecht)

Die Sinode het kennis geneem van die feit dat ds. G.S. van Heerden van voorneme is om gedurende die reses emeritaat te aanvaar.

Die Sinode roep in herinnering die feit dat hy sedert 1944, vir 28 jaar lid was van die Sinodale Begrotingskommissie en vir die afgelepe 13 jaar voorsitter.

Waar ons hom bedank vir sy toegewyde ywer in hierdie saak met sy eie kenmerkende bekwaamhede en gawes, wil die Sinode hom en mevrou van Heerden die kennelike seën van die Here toebid vir die laaste skof. — Goedgekeur.

AKTUELE VRAAGSTUKKE (voortgesit)

3.5.3 Aborsie (Agenda p.853)

Voorstel: (Dr. P.W. Marais en ds. H. Cronje)

Die Sinode neem kennis van die aanbevelings 3.5.3, Aktuele Sake, i.s. Aborsie en 3.5.6.1 i.s. die te worde gestigte kommissie en besluit soos volg:

Dat 'n kommissie van teoloë, Christelike medici, psigiaters en regsgeleerdes benoem word om te besin oor die etiese vraagstukke met teologiese, mediese en regsimplikasies.

Die moderatuur benoem en gee opdragte aan die kommissie, neem die rapporte van die kommissie in behandeling met die

oog op dringende aangeleenthede in dié verband en doen verslag aan die Sinodale Kommissie en/of Sinode.

Vanweë die dringendheid van die vraag oor aborsie en aanverwante sake sal hierdie aangeleentheid so spoedig moontlik afgehandel word, terwyl aan die betrokke minister kennis gegee word dat so 'n rapport gereed gemaak word.

Voorts versoek die Sinode die Kommissie om ernstig oorweging te gee aan die vraag van die toelaatbaarheid van aborsie in gevalle soos bv.

- (a) wanneer die liggaamlike en psigiese welsyn van die moeder in die weegskaal is;
- (b) in die geval van verkragting; en
- (c) in die geval van bloedskanie.

— Goedgekeur.

Daarmee is al die aanverwante sake onder punt 3.5 (Agenda p.853) afgehandel.

Korreksie: Laaste woord van pt. 3.5.5.2 op p.854 moet wees: huwelikskategorie.

4. Besluite oor Aktuele Sake deur die Sinode van N.-Tvl. (Agenda p.854) — Kennis geneem.

Algemene Voorstel:

'n Eie Ned. Geref. Teologie: (Di. R.J. Raath en J.E. Potgieter)

1. In die lig van toenemende bedenklieke teologiese strominge in die buiteland en in die lig van die feit dat God die Here ons Ned. Geref. Kerk op 'n eie behoudende weg gelei het, besluit die Sinode om 'n ad-hoc komitee van teoloë en ander deskundiges te benoem om te besin oor en 'n studie te maak van die Ned. Geref. Kerk se skrifgefundeerde siening oor die teologie en ander sake in verband met die kerklike lewe. Die komitee sal by die Sinodale Kommissie en by die volgende Sinode verslag doen van vordering.

2. Hierdie ad-hoc-komitee sal met teologiese professore beraadslaag oor die moontlikheid dat hulle (die professore) standdaardwerke oor die teologie sal skrywe.

3. Die Raad van Kuratore van die Teologiese Fakulteit Afd. B. word gevra om te besin oor weë en middele om die publikasie van sodanige werke finansiëel moontlik te maak.

— Goedgekeur.

17.2 **VERSLAG ANTIKOMMUNISTIESE AKSIEKOMMISSIE**
(Agenda p.872)

A. VIR KENNISNAME

1—8 Kennis geneem.

B. AANBEVELINGS

1. **Waaksaamheid** — Goedgekeur met die byvoeging van die volgende voorstel: (Ds. P.W. Jordaan en oudl. (prof.) A.B. du Preez)

Die Sinode versoek Kerkrade om alles in hulle vermoë te doen om leesstof wat deur Antikom gepubliseer word, in hulle gemeentes te versprei, met die oog op die steeds groeiende kommunistiese gevaar, die algemene onkunde en onverskilligheid by baie van ons volksgenote.

2. **Dank en Voorbidding** — Goedgekeur saam met die volgende mosies:

1. **Teen Politieke Agitators:** (Di. Weitz Botes en P.J. Venter)

(a) Die H.E. Sinode neem met baie groot dank kennis van die positiewe standpunt van die studenteiers van die vier Afrikaanse universiteite, met hulle verklaring: „Ons het geen simpatie met studente wat politieke agitators is nie”, aldus gister se dagblad, „Die Hoofstad”.

(b) Die Sinode spreek hom sterk uit ten gunste van die Minister van Justisie mnr. P.C. Pelser se standpunt wat 'n verbod geplaas het op openbare proteste.

2. **Mosie i.s. Militêre diensweiering:** (Ds. J.E. Potgieter en oudl. H.D. Scott)

Sg. Jehova se Getuies

Die Sinode van Noord-Transvaal het met dankbaarheid kennis geneem van die sterk beginselstandpunt wat die Minister van Verdediging inneem t.o.v. die on-Bybelse standpunt wat die sg. „Jehova se Getuies” huldig deur hulle weiering onder die dekmantel van die Christelike godsdiens om hulle bydrae tot die beveiliging en verdediging van ons Vaderland te lewer. Die Sinode verseker die Minister dat hy hom in hierdie optrede heelhartig steun en wens hom sterkte toe.

3. **Antikom-Nuusbrief** — Goedgekeur.

4. **Steun vir Antikom** — Goedgekeur.

Voorstel i.s. bydraes vir vertaling van Antikom: (Ds. P.W. Jordaan en oudl. (prof.) A.B. du Preez)

Daar die behoefte gevoel word aan vertalings van „Antikom” in Engels en Bantoetale, versoek die Sinode kerkrade om ruim spesiale bydraes sodat in hierdie behoefte voorsien kan word. — Goedgekeur.

5. Ondergrondse Kerk in Kommunistiese Lande — Goedgekeur met aanname van die volgende voorstel: (Di. J.H. du Toit en J.J. Keyter)

Bydraes verkieslik na Sendingkantoor

Die Sinode versoek kerkrade en lidmate wat bydraes vir sending aan Kommunistiese lande gee, om die bydraes verkieslik aan ons Sendingkantoor te stuur. Die A.S.S.K. kan in die lig van kennis waaroor hulle beskik en na verdere ondersoek, die bydraes aanwend vir 'n eie aksie of dit deurgee aan organisasies wat met hierdie poging besig is.

Mosie van dank Stigterslede Antikom: (Di. P.W. Jordaan en oudl. prof. A.B. du Preez)

Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die jarelange toegewyde diens van die enigste twee aktiewe stigterslede van die Antikommunistiese Aksiekommissie, nl. mnr. Schalk J. Botha, voorsitter, en ds. D.F.B. de Beer, sekretaris.

Die Sinode bid hulle die seën en krag van die Here toe in die voortsetting van die stryd. — Goedgekeur.

D.7 EERSTE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR PERS EN PUBLISITEIT

1.1 Kennis geneem.

1.2 Aanbeveling goedgekeur saam met die volgende voorstel: (Oudl. P.G.J. Meiring en ds. H. Cronje)

Die Sinode van Noord-Transvaal dra dit aan sy kommissies wat belas is met die publisiteit en die uitdra van die beejd van die Kerk o.a. deur middel van die pers, radio, film en beeldradio op om hul werksaamhede met die oog op groter doeltreffendheid en gekoördineerde optrede op die breëre kerklike vlak te konsolideer.

D.5 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE.

1. BESKRYWINGSPUNTE

1.1 Algemene Sake (Agenda bl. 1, Afd. I.)

1.1.1 Koördinerings van Ringsverslae (1.1), en Hersiening van Verslagvorme (I.11).

Die volgende amendement van di. D.J. Viljoen en J.E. Potgieter word in die plek van die aanbeveling kommissie aanvaar:

1.1.1 Koördinerings van Ringsverslae (1.1) en hersiening van verslagvorme (1.11)

1. Die sinode van Noord Transvaal versoek die Algemene Sinode om dit aan sy permanente kommissies (t.w. Ampsbediening en Evangelisasie, Diens van Barmhartigheid, Sending, Openbare Sedelikheid, Fondse en Begroting) op te dra om, soos hy in die geval van die Algemene Jeugkommissie gedoen het, sorg te dra dat al die konstituerende sinodes se verslagvorme vir gebruik by die ringe, so ver moontlik eenvormig sal wees.

2. Die uitgangspunt van hierdie vorms moet steeds wees:—

2.1 om aan kerkrade 'n indruk te gee van hoe hulle taak m.b.t. die betrokke afdeling van die kerk se werk behartig is,

2.2 om die ringe te help om doeltreffende kerklike ondersoek (kerkvisitasie) te doen,

2.3 om die moontlikheid daar te stel dat uit hierdie verslae statistiek vir die hele kerk verkry kan word.

3. Intussen dra die sinode van Noord-Transvaal dit aan sy eie betrokke kommissies op om nog voor die ringsittings van 1973 konsepverslagvorme op te stel wat enersyds kan dien as memoranda van die kant van Noord-Transvaal aan die Algemene Sinode se kommissies, en wat andersyds ook intussen deur die ringe gebruik kan word.

4. Aangesien die behoeftes en belangstellingskerns van die onderskeie kommissies telkens wissel, gee die sinode steeds aan hulle die reg om, met in agneming van die basiese vrae wat die Algemene Sinode sal bepaal, ander vrae by te voeg met behoud van die eise van eenvoud en doeltreffendheid sowel as die vermyding van duplisering.

5. Die Kerkvisitasieverslag bly 'n verslag van die Sinode en moet steeds in ag geneem word.

6. Die verskillende verslae van die kommissies kan as 'n eenheid opgestel word wat betref formaat, styl ens. en kan saamgebind word, maar op so 'n wyse dat dit hanteerbaar sal wees deur die onderskeie kommissies in die opstel van hulle verskillende ringsverslae sowel as in die deursending na die verskillende kantore om saamgestelde rapporte te kan verkry. In die bepaling van die praktiese uitvoering van hierdie saak, word dit aan die scriba synodi opgedra om die verskillende predikante in sinodale diens vir hierdie doel saam te roep.

Bykomende Voorstel: (Di. R.J. Raath en J.S. van Dyk)

Die voorstel van Di. D. Viljoen en J. Potgieter word aanvaar met dien verstande dat by die voorgestelde ondersoek die gedagte van koördinasie van verslae, sover moontlik in ag geneem word.

1.1.2—1.1.6 Goedgekeur.

1.1.7 **Verandering in beroepstelsel** — Die volgende voorstel (Oudll. D.F. Krüger en G. v.d. Merwe) word aanvaar:

Voorstel i.s. Beroepstelsel

Die H.E. Sinode gee opdrag aan die betrokke Permanente Kommissie om tydens die reses ondersoek in te stel en indien nodig bevind met 'n voorstel te kom na die volgende Sinode tot wysiging van die huidige beroepstelsel

1.1.8 Staan oor.

1.1.9 Afgehandel.

1.1.10 Goedgekeur.

1.2 Aktuele Vraagstukke

1.2.1 Goedgekeur.

1.2.2 Die aanbeveling van die Kommissie word met 196 teen 189 stemme verwerp en beskrywingspunt XI.3 word goedgekeur.

1.2.3 Goedgekeur asook die volgende **mosie:**

Jaar van Gebed (XI.4): (Ds. A.A. van Wyk en dr. P.W. Marais)

Die Sinode versoek die A.K.A.E. om hierdie gedagte ook in 'n wyer kring uit te dra, deur 1973 as 'n besondere jaar van gebed te maak.

1.2.4 Goedgekeur.

1.2.5 Goedgekeur.

1.2.6 Goedgekeur.

1.2.7 **Kerkbanke en kerksale vir Nie-blankes** — Na 'n mosie van orde word van hierdie saak afgestap.

1.2.8 Goedgekeur.

D.10 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR EVANGELIEBEDIENING

1. **BESKRYWINGSPUNT: GESANG 59:11** (Agenda p.9)

Die kommissie wil graag daarop wys — Goedgekeur.

2. **BESKRYWINGSPUNT: PREDIKANTE IN SEKULÊRE BEROEPE** (Agenda, p.9) — Aanbeveling aanvaar.

Aanvullend word ook die volgende **voorstel** aanvaar: (Di. S.P. du Plessis en G.A. v.d. Westhuizen)

Die Weleerw. Sinode besluit dat 'n broeder teraar nie sondermeer die bediening kan verlaat, voordat hy nie in raadpleging gewees het met sy Ringskommissie in ooreenstemming met die eis van art. 11 van die Kerkorde.

3. **BESKRYWINGSPUNT: HALLELUJALIEDERE** (Agenda, p.3)

Aanbeveling — Goedgekeur.

4. **SKRYWE VAN DR. S.J. ELOFF, SKRIBA VAN SUID-TRANSVAALSE SINODE, IN SAKE GEÏNTEGREERDE TEOLOGIESE KURSUS** — Hierdie saak staan oor tot na die middagete.

VERLOFAANSOEKE — 8.6.72 (vm.)

1. **Kerkinwyding, Caprivi:**

1.1 Ds. P.J. Conradie, Valhalla: 9 Junie — heeldag.

2. **Begrafnis:**

2.1 Ds. A.V. Strydom en oudl. P.J. Hattingh, Chrissiesmeer: 8 Junie — namiddag en 9 Junie.

2.2 Ds. W.A. Rossouw, Merlindale: 9 Junie — heeldag.

3. **Ongesteldheid:**

3.1 Ds. C.J. du P. van Niekerk, Rietfontein-Suid: 8 Junie en 9 Junie.

3.2 Oudl. W.J.M. Potgieter, Goedgegun: 8 Junie — namiddag.

4. **Dringende Sake:**

4.1 Oudl. J.J.A. Nel, Meintjieskop: 8 Junie — voormiddag.

4.2 Dr. J.P. Grobler, Petronella: 9 Junie — voormiddag (operasie seuntjie)

4.3 Ds. P.E. de Kock, Lugmaggimnasium: 8 Junie — namiddag en 9 Junie.

4.4 Ds. F.Cronje, Zeerust: 9 Junie — vanaf oggendteepouse.

4.5 Ds. M.D.V. Cloete, Bronberg: 9 Junie — heeldag.

5. **ALGEMENE VERLOF:**

Dit was 'n eer verlot te gee —
die broeders werk so pragtig mee.
Ons agting, elke dag en keer
het hoog gestyg! Dat ons waardeer
wil ons bewys: Verlot hiermee
aan ALMAL om huiswaarts te tree.
Daar's veel gehoor en ook geleer —
ná Vrydag geen Sinode meer!
Veilige reis, geseënde werk
in diens van VOLK en CHRISTUS KERK!

(Jac.J.S. Botha; S.J. Henrico; P.H. Coetzee).

MIDDAGSITTING — 8 JUNIE

NOTULE

Met enkele wysiginge goedgekeur.

REVISIE

Ds. H. Cronje vra revisie i.v.m. voorstel by punt 2.9.3 (Huis Piek) Notule, p.158 dat hierdie besluit soos volg gewysig word: (Di. R.J. Raath en H. Cronje)

1. Om 'n groter subsidie van die Staat te verkry d.m.v. die aangewese kommissie van die Sinodale Kommissie wat die Staat op hoë vlak moet ontmoet;

2. Om die inrigting na 'n ekonomiese inrigting oor te skakel of op 'n ander wyse lonend te laat word.

3. Rojeer, en word inhoud van pt. 4, t.w.: Indien die een of ander oplossing gevind word 'n aanpassing in die punte te maak.

Verder word 'n beroep op kinders en ander belangstellendes van inwoners gedoen om van hulle kant groter bydraes te doen. — Goedgekeur.

TYDELIKE VERSLAG EVANGELIEBEDIENING (voortgesit)

4. Geïntegreerde kursus

Punt 1 van die aanbeveling van die kommissie word soos volg gewysig:

Geïntegreerde Teologiese Kursus: (Di. J.E. Potgieter en R.J. Raath)

Aangesien die saak van 'n geïntegreerde teologiese kursus in die verlede reeds voor die Algemene Sinode gedien het, by die Fonteinkonferensie bespreek en o.a. duidelik in „Die Voorligter”, „Die Kerkbode” en die „N.G. Teologiese Tydskrif” behandel is, spreek die Sinode van Noord-Transvaal hom in beginsel uit ten gunste van 'n geïntegreerde teologiese kursus vir die Teologiese Studente aan die Fakulteit Afd. B. en versoek die betrokke kommissies om daadwerklik met die onderhandelinge voort te gaan met inagneming van die probleme, kritiek en gedagtes soos reeds van tyd tot tyd verneem.

Punt 2 Goedgekeur.

D.9 TWEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

1—3 Kennis geneem.

4 Aanbevelings

4.1—4.5 Goedgekeur saam met die volgende aanvullende voorstel:

Finansiering van die tweede pos (Begrotingskommissie)

Die Sinode besluit dat ter wille van administratiewe korrektheid, die tweede pos in die Jeugkantoor ook deur die Sinodale begroting gedek sal word met dien verstande dat die totale uitgawe deur 'n gelyke inkomste nie op die puntebasis van gemeentes verkry, gedek sal word nie.

Die volgende voorstel word met 202 teen 173 stemme aanvaar:—

Pos nie deur 'n predikant te vul nie: (Di. M.F.M. Pretorius en M.W. Odendaal)

Die Sinode keur dit in beginsel goed dat 'n moontlike nuwe jeugorganiseerder nie 'n predikant of proponent sal wees nie.

Dr. P.W. Marais gee kennis van revisie van die vorige besluit.

Die Moderator kondig op hierdie stadium die uitslag van die verkiesing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode van 1974 aan nl.

GEKOSE AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE:—

1. Leraars: Primarii

Di.

1. R.J. Raath.
2. W. de W. Strauss.
3. P.J. de Vos.
4. J.C. Crots.
5. H. Cronje.
6. P.W. Marais.
7. D.J. Viljoen.
8. N.J. Mostert.
9. O.S.H. Raubenheimer.
10. J.E. Potgieter.
11. P.S. Strümpfer.
12. A.P.S. Beetge.
13. J.A. Lombard.
14. A.V. Strydom.
15. J.F. Pretorius.
16. W.H. de Vos.
17. B.T. Richard.
18. S.J. Henrico.
19. J.A. du Rand.
20. K.D. Struwig.
21. A.C. Viljoen.
22. J.P. Claassen.
23. D.J.J. Oosthuizen.

2. Secundi leraars in volgorde

1. M.v.A. Vermeulen.
2. P.J. Conradie.
3. A.J.N. van Heerden.
4. P.Nel.
5. P.J. Viviers.

6. H.M. du Plessis.
7. A.P. du Preez.
8. W.J. Bruwer.
9. A.J.N. van Heerden (Rietkuil).
10. J.S. van Dyk.
11. L.F. van Niekerk.
12. J.F. van Heerden.
13. W.L.F. Botes.
14. J.M. Swanepoel.
15. P.K. Mentz.
16. G.J.W. Joubert.
17. F.L. Cloete.
18. H.B. Senekal.
19. J.M.B. de Wet.
20. W.J. Lubbe.
21. W.G. Deacon.
22. J.J. Scheepers.
23. E. Olivier.

3. **Primarii — Ouderlinge**

1. B.J. Marais.
2. A.B. du Preez.
3. J.F. Hattingh.
4. A.C. Sephton.
5. I.H. Eybers.
6. J.H.P. Gertenbach.
7. C.I. van Heerden.
8. J.A. van Wyk.
9. H.J. Terlbanche.
10. J.S. Kruger.
11. P.G.J. Meiring.
12. P.H. Coetzee.
13. C.P. Naude.
14. G.M. Daneel.
15. W.S. Radley.
16. J.J. Schoeman.
17. J.A. Hurter.
18. D.J. Crafford.
19. W.L. Maree.
20. D.A. Krüger.
21. D.F. Krüger.
22. H.A. Kruger.
23. L.C. v.d. Merwe.

4. Secundi Ouderlinge in volgorde

1. J.H. Bisschoff.
2. D.S. v.d. Merwe.
3. D.S. Langley.
4. J.R. Malan.
5. J.J.A. Nel.
6. B.C. Greyvenstein.
7. D.M. de Beer.
8. R.F. Odendaal.
9. F.A.H. van Staden.
10. J.V. Geldenhuys.
11. N.X. Potgieter.
12. P.H. Uys.
13. H.G. Prinsloo.
14. J.D. Snyman.
15. P.J. Coetzee.
16. G.G. Roux.
17. J.H. Breytenbach.
18. C.E.J. Meyer.
19. R.A.P. Steyn.
20. J.L. Badenhorst.
21. J.A. Swanepoel.
22. P.J.H. Steyn.
23. F.J. Meintjies.

By die name van die afgevaardigdes moet nog kom die name van die vier Moderatuurslede t.w. dr. F.E.O'B. Geldenhuys, prof. H.D.A. du Toit, ds. G.J. Davidtsz en dr. W.J.M. Jansön.

D.3 EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE

A. SAKE VERWYS

1. **Insake Staat van Godsdienst** — Staan oor.
2. Afgehandel.
3. Goedgekeur.
- 4 en B Afgehandel.

TWEDE VERSLAG — TYDELIKE SENDING

- 3.5.5.3 Kennis geneem.
- 3.5.5.4 Aanbeveling goedgekeur.

3.6.1 **Aanbeveling 7.2.1** — Aanvaar.

3.6.2 **Aanbeveling 7.2.2** — Eenparig aanvaar.

3.6.3 **Aanbeveling 7.2.3** — Aanvaar saam met die volgende
mosie van dank: (Di. J.P. Claasen en S.P. du Plessis)

Die Sinode neem met groot dank kennis van die goeie werk van die Vrouehulpdiens en T.V.S.V. Hulle word seën vir die toekoms toegewens.

4. **Konsolidasie K.S.K. en S.S.**

Kennis geneem van aanbeveling 4.4.1 en 4.4.2 goedgekeur.

5. **Beëindiging werk by Mamelodi-Kraaminrigting**

Aanbeveling 5.4 aanvaar.

6. **Mosies van Dank en Waardering**

6.1 en 6.2 Aanvaar.

EERSTE DEEL VAN HIERDIE VERSLAG:

TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING (Tweede Verslag)

Aanbevelings 11.3, 2.6.1 — 2.6.4 en 2.7.4 word goedgekeur terwyl van al die ander punte kennis geneem word.

VERLOFAANSOEKE 8.6.72 nm (Goedgekeur)

1. **Dringende Sake**

1.1 Oudl. W.S. Grobbelaar, Witrivier: 9 Junie — namiddag.

1.2 Ds. H.J. de Villiers, Krokodilrivier: 9 Junie — namiddag.

1.3 Oudl. (prof.) I.H. Eybers, Lynnwood: 8 Junie — aandsitting.

1.4 Ds. N.S.L. Fryer, Carolina: 9 Junie — gedeelte voormiddag.

2. **Kennisgewing**

Afgevaardigdes van BRITS was sedert Maandag 5 JUNIE tot op datum sonder verlof afwesig.

TELEGRAM aan ds. G.J. Snyman van Teologiese Studente ontvang.

TELEGRAM van Saakgelastigde, S.W.A. ontvang.

DAGSLUITING

Die vergadering sluit met die sing van Ges. 12:1 en 'n gebed deur oudl. P.H. Uys (Kloofsig)

OGGENDSITTING — 9 JUNIE 1972

BIDUUR

Ds. E.C. Kriel lees Ps. 46 aan die vergadering voor en benadruk vers 6: „God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek”. Daarna neem vele lede aan die voorreg van die gebed deel.

PERSONEEL

1. Marble Hall: Ds. P. Grobler — afwesig weens siekte.
2. Petronella: Ds. Jan Grobler afwesig weens operasie van seuntjie. Oudl. W.L. Cronje verskyn.
3. Rayton: Oudl. J.C. Thuynsma (p).
4. Die Aktuaris vandag afwesig vir bestelling in Kaapstad.
5. Meyerspark: Oudl. R.B. de Vos (s) verskyn.
6. Kameeldrif: Oudl. W.P. Terre'Blanche afwesig weens siekte.
7. Krokodilrivier: Oudl. J.T.J. van Rensburg, oudl. J.J. Roos.

TELEGRAM van ds. B.R. Kruger van die Geref. Kerk ontvang oor naakbeelde — verwys na Permanente Kommissie van Openbare Sedelikheid.

D.11 EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING

1. NUWE VERWIKKELINGE I.V.M. STOFBERG TEOLOGIESE SKOLE

1.1—1.3 Kennis geneem.

1.4 Aanbevelings

1.4.1 en 1.4.2 Afgehandel.

1.4.3 Goedgekeur.

2. INSKAKELING VAN DIE VOORGESTELDE RING VAN ZEERUST BY DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

Afgehandel.

3. AANSOEK OM ADDISIONELE POSTE VIR LERATO (Vgl. Beskrywingspunt 24, p.7)

Afgehandel.

3.3 **Aanbeveling** — Die Sinode keur 'n addisionele bantoleraarspos vir Lerato goed, en begroot daarvoor.

4. **SENDINGKOR**

4.1—4.3 Kennis geneem.

4.4 **Aanbevelings**

4.4.1 Goedgekeur.

4.4.2 Staan oor.

5. **EVANGELISASIE, N.G.K.A.**

5.1—5.7 Kennis geneem.

5.8 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

6. **SINODALE VERTEENWOORDIGING OP DIE PLAASLIKE STOFBERG-BESTUUR TURFLOOP**

6.1—6.3 Kennis geneem.

6.4 **Aanbeveling** — Staam oor tot by Regskommissie.

D.12 TWEEDE VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

SAKE VERWYS NA KOMMISSIE OOR POSTE

3.1.4 **Aanbeveling** — Goedgekeur (vervang 9.12 Agenda p.400).

3.2 Kennis geneem.

3.2.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

3.3 **P.9.14** — Kennis geneem.

3.3.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

3.4 **P.9.15** — Goedgekeur.

3.5 **P.9.16** — Goedgekeur.

3.5.1 **Aanbeveling** — Goedgekeur.

3.5.2 Kennis geneem.

3.6 re **P.9.17 en 9.18** — Goedgekeur.

3.6.1 **Inskakeling van Sinodale poste by gemeentes as medeleraars:** (Di. D.J. Viljoen en J.E. Potgieter)

Die Sinode keur die aanbeveling goed, maar verwys dit eers na

die Kommissie vir die Kerkorde om die saak eers deeglik te ondersoek en te rapporteer per memorandum.

Dank aan Diakens (voorstel van ds. S.J. du Preez en oudl. J.L. Brits aanvaar)

Die H.E. Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor al ons kerk se **diakens** wat met groot toewyding en soms ook groot opofferings, sorg vir die insameling van die offers in ons gemeentes sodat die werk van die Here voortgesit kan word op al die verskillende terreine van die Kerk.

D.13 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELI- SASIE

OPDRAG: (POSTE) Afgehandel.

1. DIE SINODALE BESLUIT

1.1 Bearbeiding van Jode en Andertaliges (9:19, bl. 402)

1.1.1—1.1.6 Goedgekeur.

1.2 Evangelisasiespreekkamer (9:20; bl. 402) — Status quo
word gehandhaaf.

1.3 Hospitaalbearbeiding (9:22; bl. 402) — Status quo
word gehandhaaf.

**1.4 Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë (ou Spoorweg-
bearbeiding) (9:23 en 24; bl. 403)**

1.4—1.4.4 Kennis geneem.

1.4.5 Goedgekeur.

**1.5 Predikant in Sinodale Diens met opdrag Ampsbediening
en Evangelisasie (9:25; bl. 403)**

Paragraaf na 1.5.13 (p.66) word goedgekeur m.a.w. die pos word gehandhaaf.

Voorstel i.v.m. Evangelisasie: (Ds. C.J. Jackson en oudl. W.L. Maree)

Met die oog op die groot getalle buite-kerklike mense binne die Sinodale ressort van Noord-Transvaal, dra die Sinode die volgende saak aan sy Kommissie vir Evangelisasie op:

(1) Die kommissie sal ondersoek instel na die beste manier waarop die pos vir Evangelisasiepredikant van die Sinode benut kan word vir direkte evangelisasiewerk onder die buite-kerklike mense, veral waar die dringendste behoefte bestaan. (Sien ook Kerkorde Bepaling 76(d)).

(2) Die kommissie word opgedra om die werksaamhede van die pos van die predikant vir Evangelisasie só te organiseer dat hy hom veral daadwerklik daarop sal toespits om gelowiges in bepaalde streke te organiseer en te skool ten einde in die aksie van evangelisasie onder die buite-kerklikes mee te werk. (Sien ook Kerkorde, Bepaling 76(c)).

—Goedgekeur.

D.16 DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE JEUGKOMMISSIE

1.0 UITBREIDINGSFONDS VIR KAMPE

Vgl. Agenda p.449, asook Tydelike Notule, p.59, punt 2.5.4.1.

1.2 **Aanbeveling van die Tydelike Jeugkommissie** — Goedgekeur.

2.0 JEUGJAAR IN 1974

2.2 **Aanbeveling van die Tydelike Jeugkommissie** — Goedgekeur („aangesien” moet lees „gesien”).

D.17 DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE

1. **BESKRYWINGSPUNTE AFDELING XI, AKTUELE SAKE** (Agenda p.19)

1.1 **Seggingskap by ontbinding van Huwelik (XI.1) Aan-**

beveling — Goedgekeur („van die Gesinslewe” moet lees „i.v.m. Egskeiding”) saam met die volgende voorstel: (Ds. M.M. Smit en oudl. R.L. Stevenson)

Verseok aan Prokureurs

Die Sinode verseok prokureurs vriendelik om egskeidingsake wat by hul aangemeld word, eers na 'n leraar te verwys met die oog op moontlike versoening alyorens die saak na die hof geneem word. Kerkrade word verseok om dit onder die aandag van prokureurs te bring.

2. VERSLAG VAN DIE SCRIBA SYNODI (Agenda p.34)

2.1 **Art. 36 van die N.G.B.** (pt. 11) Aanbeveling — Goedgekeur.

2.2 **Aanspreekvorm van Voorsitter** (pt. 12). Goedgekeur.

D.20 VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

1. Kennis geneem.

2. SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Goedgekeur met die volgende wysiginge:

2.2 **Sinodale Sendingkommissie** Daspoort: Ds. J.F. Pretorius i.p.v. ds. P.S. Strümpfer.

2.3 **Diens van Barmhartigheid** Eloffsdal: Sekundus moet lui Ds. J. Jac. Struwig.

2.5 **Ampsbediening en Evangelisasie:** Die eerste Pietpotgietersrus moet wees Pretoria-Wes.

2.7 **Sinodale Kommissie Openbare Sedelikheid** — Ds. P.W. Jordaan word gekoöpteer.
Pretoria-Oos: primarius moet lui ds. G.J. Snyman.

2.8 **Kieskollege:** Pretoria en Eloffsdal se name moet verval.

2.9 **Sinodale Beplanningskommissie:** Hartbeesspruit secundus moet lees oudl. L.C. van der Merwe.

2.11 **Kommissie vir Kerkorde:** Ds. N.J. Mostert word bygevoeg.

2.14 **Kommissie vir die Erediens:** moet lees dr. P.G.J. Meiring.

2.15 **Kommissie vir Buitengewone Onderwys:** Ds. R.J. Raath word bygevoeg.

2.16 **Kommissie vir Studiefondse:** Ds. A.C. Viljoen kom by.

2.25 **Kommissie vir Aktuele Vraagstukke:** Dr. A.C.J. Smit en ds. M. v.A. Vermeulen kom by.

2.33.1 **Plaaslike Bestuur Stofberg Teologieseskool Turfloop**
— Staan oor.

2.34 **Eksamenkommissie Turfloop**

2.34.1 Prof. J.A. Heyns word dr. A. König.

2.34.2 Prof. B.J. Marais word ds. J.P. Claasen en dr. C.F.A. Borchard word ds. M.W. Odendaal.

Ad-hoc-kommissies goedgekeur:

1. Kommissie vir Onderzoek insake Christelike Etiek vir die Mediese Praktijk

Ds. Henno Cronjé.
Prof. J.A. Heyns
Dr. P.M. Bremer
Dr. Adrio König
Dr. J.S. Krüger
Dr. J.C. v.d. Spuy
Regter John Trengove

Ad Hoc-kommissie i/s Besinning oor 'n eie Ned. Geref. Teologie

Prof. H.D.A. du Toit
Prof. J.A. Heyns
Prof. B.J. Marais
Prof. F.J. Botha
Dr. Murray Jansön
Ds. J.C. Crots
Ds. D.J. Viljoen
Ds. Henno Cronjé
Ds. R.J. Raath
Ds. J.P. Claasen
Ds. F.G.M. du Toit
Prof. C.W.H. Boshoff

3. LAAT STUKKE (Agenda p.917)

3.1 **Hersieningskommissie vir Psalms (1.6)** — Afgehandel.

3.2 **Excelsiorkool, Bulawayo (1.7)** Aanbeveling —
Goedgekeur.

4. SKRYWES EN VOORSTELLE NA DIE KOMMISSIE VERWYS DEUR DIE SINODE

4.1 Uitnodiging van die Ned. Geref. Kerk in Afrika na hulle Sinodesitting

Aanbeveling — Goedgekeur.

4.2 Te Lywige Agenda — Goedgekeur saam met die volgende voorstel:

Kommissie insake Kostebesnoeiing: (Oudll. H.D. Scott en H.J. Scholtz)

Met die oog op die stygende koste van ons kerk in die bevordering van die koninkryk van God, besluit die Sinode om uit die Sinodale Kommissie 3 (drie) lede te benoem om daarop in te gaan om die koste en tyd i.v.m. ons kerklike aksie aansienlik te reduseer.

Indien moontlik sal die kommissie die hulp van staats-opgeleide O&M-beamptes, wat lidmate van ons kerk is, hiervoor inroep.

4.3 Tyd vir volgende Sinodesitting — Die volgende voorstel word hier aanvaar.

Vergadertyd van Sinode: (Ds. J.E. Potgieter en dr. W.J.M. Jansön)

Aangesien daar tans 3 sinodes in die Transvaal bestaan en daar oor baie sake met die ander sinodes oorleg gepleeg moet word, word die Sinodale Kommissie versoek om nadat alle omstandighede in aanmerking geneem is, die datum vir die volgende Sinode so na as moontlik aan die tyd wat deur die Alg. Sinode versoek is, te bepaal.

4.4 Versoekskrif van die Gemeente Zebediela i/s Pensioenvoorsiening Prop. H.J. Grobler — Afgehandel.

4.5 Aanpassing Salarisse van Predikante m.b.t. vorige dienste (Agenda bl. 840, 55.4 — 27)

Aanbeveling — Goedgekeur (4.5.3 word Kommissie vir die Kerkorde) en na besluiteregister verwys.

Goedgekeur (4.5.2 die woorde „tersaaklikheid van sy vorige betrekking” verval en 4.5.3 word kommissie vir die Kerkorde) en na besluiteregister verwys.

4.6 Voorstel i.s. Salarisse van Leraars wat, na voltooiing van die teologiese studie, nog 'n tyd lank gevorderde teologiese studie gedoen het voordat hulle gelegitimeer is.

Aanbeveling — Goedgekeur.

4.7 Voorstel i.s. Herindeling van Kerklike Vakansiedae

Aanbeveling — Goedgekeur.

4.8 Die Voorstel i.s. Onbelemmerde inkom van talle Geestelikes en Geestelike Werkers in die R.S.A.

Aanbeveling — Goedgekeur.

D.18 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REVISIE— EN REGSKOMMISSIE

1. REVISIE: BEP. 63(a)

Aanbeveling goedgekeur met dien verstande dat dit sal lui: totdat die Moderator gekies is en dat die bewoording deur die Kommissie vir die Kerkorde soos volg reggestel sal word:

„Geen lid van die Moderatuur sal vir meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings in dieselfde amp gekies word nie.”

Verder word bygevoeg na: „gekies is” „By dieselfde geleentheid word die assistentskriba verkies.”

2. SENDINGKOR. (Aansoek ds. W.B. Jansen) — Verval.

3. VERSOEK S.M.A. I.S. GEMEENTES: KENYA EN TANZANIë (Agenda p.2, pt. 9) (Handelinge S.M.A. 1971 bl. 220 en 313 verwys.)

Aanbeveling — Goedgekeur saam met die volgende byvoeging:

„vir rapport aan die Sinodale Kommissie wat die aangeleentheid sal finaliseer.

Aangesien ds. W.J. Bruwer, vroeër verbonde aan S.M.A., eersdaags in Rhodesië besoek aflê, word aan die hand gegee dat hy, na oorleg met die Kerkkantoor-kommissie, die Moderatuur van S.M.A. sal ontmoet vir verdere samespreking, indien nodig.”

Volmag oor **inskakeling by 'n bepaalde Ring** word aan die Sinodale Kommissie gegee.

4. BEARBEIDING VAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (Agenda p.510)

Aanbevelings — Goedgekeur. By 2 kom die woord „baie” in na „Aangesien”; en in 2.5 verval die woord „egter”.

Die Sinode gee ook verlof dat dieselfde noodmaatreëls getref kan word m.b.t. die bearbeiding van die lidmate in die Caprivistreek.

MIDDAGSITTING — 9 JUNIE 1972

NOTULE

Kom aan die orde en word met enkele wysigings aanvaar.

HONORARIUM KOMMISSIE VIR DIE NOTULE

Voorstel: (Di. P.S. Strümpfer en G. van Heerden)

Die Sinode keur goed dat aan die lede van die kommissie wat die notule nagesien het, t.w. Di. H.M. du Plessis, E. Olivier, N.C. Ackerman, P. du Toit, dr. A.C. Smit, oudl. H.J. Terblanche en oudl. R. Malan elkeen 'n honorarium van R15 uitbetaal sal word uit die Sinodale fonds.

Dankmosie — V&R-Drukkery: (Di. H.M. du Plessis en N.C. Ackermann)

Die Sinode wil graag sy dank en waardering betuig teenoor V&R Drukkery vir die puik en vriendelike diens wat hulle tydens die Sinodesitting aan hierdie vergadering gelewer het. Ons wil graag die werksbestuurder, mnr. Stevens, by name noem vir sy flink optrede. — Goedgekeur.

5. AANSOEK: HERSTEL VAN STATUS: E. BOTHA

Die vergadering gaan in komitee en aanvaar i.p.v. die aanbeveling die volgende amendement: (Ds. J.E. Potgieter en prof. H.D.A. du Toit)

Aansoek om Herstel: E. Botha

Die Sinode oordeel dat hy nie oor genoegsame inligting beskik nie en nog wag op leiding wat die Alg. Sinode op die versoek van die Sinode van 1968 i/s Hertoelating van geskeidenes moet verskaf, en verwys die saak terug na die Sinodale Kommissie om in die lig van die antwoord van die Alg. Sinode en met al dié inligting tot die beskikking die saak af te handel.

6. MOSIE I.S. ORDEREËLING — NOTULE

Aanbeveling — verwerp.

2. **M.E.I.** — Goedgekeur.
3. **Kultuurraad** — Goedgekeur.
4. **Instituut vir Volksgesondheid** — Goedgekeur.

14.10 **Bearbeiding van lidmate in Weermag** — Goedgekeur.

14.11 **Kommissie vir Kerkbou** — Goedgekeur.

14.12 **Kerkmusiek en Liturgiek:** Hierdie kommissie se naam is nou die Kommissie vir die Erediens, wat 'n kommissie van hierdie Sinode is. Skakeling geskied deur die Algemene Sinode.

Die Tydelike Regskommissie oordeel dus dat 'n gesamentlike kommissie vir die Sinodes van Transvaal nie nodig is nie.

14.13 **Plaaslike Stoffberg-Bestuur Turfloop:** Tydelike verslag, bl. 56 6.4 Aanbeveling goedgekeur.

Aanbeveling:

Die Sinode besluit: Sou die Sinodes of Sinodale Kommissies van Suid- en Wes-Tvl. nie te vinde wees vir bovermelde verteenwoordiging op die kommissies wat al 3 Sinodes raak nie, sal die Sinodale Kommissie volmag ontvang om tussentydse reëlings te tref sodat die werk kan voortgaan tot by die volgende Sinode. — Goedgekeur.

15. **PERMANENTE VERGADERTYD VAN SINODE** (Agenda p.46—47)

Goedgekeur.

16. **WYSIGING: BEPALING 83(c)** (Agenda p.127)

Aanbeveling — Goedgekeur.

F. 4 HERDERLIKE BRIEF

HERDERLIKE BRIEF word aan die orde gestel en met die volgende wysiginge aanvaar:—

- (i) **Jeug:** 4e paragraaf sal sluit met: „en moet die jong lidmaat aktief betrek word by die programme van die Senior- en Junior-KJV.”
- (ii) Mosie van dank aan ouderlinge sal hier ingevoeg word.
- (iii) P.27 bo-aan: Blanke i.p.v. Bantogemeentes en Bantogemeentes word gemeente van die Ned. Geref. Kerk in Afrika.
- (iv) Mosie aan diakens word bygevoeg.

Genoegsaam eksemplare sal gedruk en aan die gemeentes verskaf word.

REVISIE

1. **Vertaling van Antikom in Engels**

Oudl. (dr.) H.J. TIERBLANCHE VRA REVISIE EN DIE VERGADERING STAAN DIT TOE EN BESLUIT SOOS VOLG (SEKONDANT L.C. v.d. Merwe):

Die Sinode word dringend versoek om die insiggewende en leer-same inhoud van 'die blad „Antikom” ook in 'n Bantoetaal of in Bantoetale beskikbaar te stel, veral waar die Bantoes dikwels ook aan kommunistiese invloede blootgestel is. Die blad kan ook vir die Engelssprekendes in Engels beskikbaar gestel word indien dit as nodig beskou word. Die Christelike Lektuurfonds word versoek om hierdie moontlikhede te ondersoek en waar nodig met die Departement van Bantoesake of Bantoeonderwys te bespreek.

2. **Ds. M.E. Cooke:** (punt C1, A.70)

Tweede Pos, Maatskaplike Werkster, Soekmekaar

Die vergadering staan revisie toe maar besluit dat die saak bly soos dit was.

3. **Ds. P.A.H. Grobler oor Beskrywingspunt 16:**

Revisie nie toegestaan nie.

4. **Ds. M.F.M. Pretorius: Groeifondse** (Agenda p.211)

Revisie nie toegestaan nie.

5. **Ds. E.M. van Graan: Bydrae vir Sending in Madikwe** (Eerste verslag, Tydelike Sending)

Revisie word toegestaan en die vergadering neem die volgende voorstel (Di. E.M. van Graan en T.J.R. Kuun) aan:

Die Sinode besluit om R2 000 as eenmalige bedrag toe te ken aan die sending te Madikwe, gesien in die lig van die besondere omstandighede daar en in die lig daarvan dat die Sinode geen verdere uitgawes daaraan verbonde sal hê nie.

6. **Dr. P.W. Marais: Tweede Jeugpos** (2e verslag Tyd. Jeug, D.9 pt. 4)

Revisie word toegestaan en die vergadering besluit dat die Kommissie vrygelaat sal word om ook 'n predikant te kan beroep.

Dankmosie teenoor Ouderlinge: (Di. P.J.C. Loots en G.J. Snyman)

Die H.E. Sinode van Noord-Transvaal neem met groot

waardering kennis van en betuig sy opregte dank aan al die afgevaardigde broeders ouderlinge wat hierdie Sinode bygewoon het. Dit gaan nie ongemerk verby dat baie van hulle veel moes opoffer om die volle sitting by te woon nie. Hulle aandeel in die besprekings en kommissies was van onskatbare waarde. Die seën van die Here word hulle toegebied op hulle werksaamhede tydens die reses en in die toekoms. — Aanvaar.

Mosie van Dank: (Prof. H.D.A. du Toit en dr. W.J.M. Jansön)

1. **Volkskas** wat behulpsaam was met die uitbetaling van reiskoste.
2. **Saambou-Nasionale Bougenootskap** vir hulle dienste tydens die Sinodesitting. — Aanvaar.

TELEGRAM AAN DS. P.J. VILJOEN

(Voorstel deur proff. A.B. du Preez en H.D.A. du Toit)

By die nadenke oor die stoere veterane van die Transvaalse Kerk het die Noord-Transvaalse Sinode in dankbare herinnering geroep die kosbare dienste wat u gelewer het in gemeente, Ring en Sinode as Moderator, Assessor, lid van die Raad van Kuratore, Redakteur van die Voorligter, skrywer van rigtinggewende Christelike boeke, Skrifgetroue prediker van die Evangelie.

Die Sinode is dankbaar vir u gespaarde lewe en bid u verder toe gesondheid en krag, geluk en vrede en vreugde ook oor diens van ons Assistent-Skriba. — Aanvaar.

Dank aan verskeie persone:

Die Moderator spreek dank teenoor verskeie instansies en persone wat die vergadering so vlot laat verloop het, uit.

Dank aan Moderator:

Die Assessor spreek 'n besondere woord van dank teenoor dr. Geldenhuys vir die besondere wyse en die menslikheid waarmee hy die vergadering gelei het uit en oorhandig 'n tjek namens die vergadering aan hom. Die vergadering sing hom ook die seënbede uit Ps. 134 toe. Die Moderator betuig sy dank by die einde van sy termyn.

AFSLUITING

Ds. A.P. du Preez (Northam) lees voor uit die Algemene Brief van Judas en doen die slotgebed. Daarna gaan die vergadering uiteen met die sing van Ges. 20 se laaste vers.

F. BYLAES

F.1

1.1 DS. J.H. LOUW

Ds. J.H. Louw, oorl. 22 Nov. 1968

Jan Hofmeyr (Hoffie) Louw, jongste seun van ds. en mev. J.M. Louw, is op 11 Mei 1920 op Boksburg gebore waar hy opgegroeï het. Na verdere studie aan die Teologiese Fakulteit in Pretoria is hy einde 1944 gelegitimeer en bedien daarna die gemeente Loubser (1945) en Pretoria-Oos (vanaf 1960). In Oos-Afrika het hy die Afrikaners op voortreflike wyse gedien o.a. deur die oprigting van die Van Riebeeckskool op Thomson's Falls. Met een van die onderwyseresse mej. Joan Carstens, is hy later getroud—in 1960 het hulle na Pretoria-Oos gekom waar hy tot by sy dood die voorbeeld was van 'n goeie herder en prediker. Hy was geroepe om by groot openbare geleenthede die leiding te neem en het steeds die Woord met krag en oortuiging op sy kenmerkende beskeie manier verkondig.

Op breër kerklike terrein is sy dienste as lid van verskeie kommissies hoog op prys gestel. Onder meer was hy actuaarius van die Sinode van Midde-Afrika, voorsitter in Noord-Transvaal van die Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en ondervoorsitter van die Sinodale Radiokommissie. Beroep tot direkteur van die Abraham Kriel-kinderhuis, het hy besluit om in Pretoria-Oos te bly voortarbei.

Sy heengaan, nog geen drie maande ná sy ouer broer Murray, was eweneens 'n gevoelige verlies vir 'n groot familie- en vriendekring, en ook vir ons kerk en gemeenskap as geheel.

Hoffie Louw sal altyd onthou word vanweë sy opregte vriendskap, fyn humorsin, helder en oorspronklike denke, gebalanseerde lewe en lewensbeskouing en sy kinderlike geloof. Sy lewe en bediening het ons Ned. Geref. Kerk verryk en die Koninkryk van God versier. Ons eer sy nagedagtenis en dank die Here vir 'n Hoffie Louw.

1.2 DS. A.J. OLIVIER

Ds. A.J. Olivier, oorl. 26 April 1972:

Abraham Jacobus Olivier is op 16 November 1927 op Aliwal Noord gebore waar sy vader onderwyser was. Hy matrikuleer einde 1945 aan die hoërskool Vryburg en aanvaar einde 1947 'n staatsbe-

trekking in Pretoria waar hy buitemuurs verder studeer. In Julie 1950 word hy geroepe tot die evangeliebediening en begin 1953 met voltydse studie aan die Teol. Fakulteit, terwyl hy verskeie na-uurse betrekings vul. Gedurende sy proponentsjaar ;1956) dien hy as klaskaptein en neem gereelde dienste en bidure waar aan die Spoorwegkollege te Esselenpark. Na legitimasie bedien hy die gemeente Goedvertrou (1957) en Modderrivier-Ritchie (1961). Sedert 18 Oktober 1969 dateer sy kort maar vrugbare arbeid in die gemeente Lyttelton-Noord waar hy met sy gesin gelukkige verblyf saam geniet totdat hy kort ná 'n tennisspel aan 'n hartaanval beswyk het.

1.3 DS. C.B. BRINK

Ds. C.B. Brink oorl. 8 Febr. 1972:

Cornelis Bertie Brink is as Bolandse seun in die distrik Ceres gebore en het daarna sy teologiese opleiding einde 1927 te Stellenbosch voltooi, maar dien gedurende sy hele bediening, ook ná sy emeritaat, die Kerk van Transvaal met buitengewone ywer en onderskeiding.

Aanvanklik 'n paar maande die hulpprediker van ds. A.J. Louw op Heidelberg, gaan hy in November 1928 as predikant na Dullstroom. Byna ses jaar later verhuis hy na Witbank waar hy met groot volharding opbouwerk in 'n arm omgewing en in dié depressiejare verrig het. Op 15 Febr. 1941 begin hy sy Randse arbeid in Roodepoort, en daarop volg veertien jaar (1945—1959) in die sleutelgemeente Johannesburg. As sendingsekretaris van Noord-Transvaal dien hy 'n paar jaar in Pretoria totdat 'n ernstige breinoperasie die aanvaarding van sy emeritaat meebring. Hy herstel genadiglik en as emeritus verrig hy nog verder vrugbare werk as hulpleraar in die gemeentes Aasvoëlkop en Florida, en later in hospitaalarbeid in Johannesburg. As ouderling kies die Suid-Transvaalse Sinode van 1968 hom as assessor en neem hy die voorsitterskap oor toe die moderator vroeg in die sitting weëns siekte hom moes onttrek.

Op baie terreine dien ds. Brink gedurende sy leeftyd kerk en volk op dinamiese en onverskrokke wyse. Hy behartig die Transvaalse rubriek van *Die Kerkbode* en tree o.a. op as voorsitter van die Raad der Kerke, die Teologiese Fakulteitskommissie, die Kommissie van Eksaminatore, die Inligtingskommissie en die Radio-kommissie van die Kerk. By verskillende kerkevergaderings oorsee is hy afgevaardigde. Voor 1957 dien hy die Transvaalse sinode as aktuaris, assessor en van 1951—1957 as moderator.

Hy dien die Transvaalse kerk byna 'n halfeeu lank en openbaar

hom in dié jare as oorgegewe en onverskrokke evangeliedienaar en prediker. Met sy dood verloor ons Kerk een van sy begaafste leiers en vegters.

1.4 DS. M.S. JOUBERT

Ds. M.S. Joubert, oorl. 2 Febr. 1971:

Marthinus Stephanus (Stevé) Joubert is op 22 Sept. 1907 in Groot Marico gebore en ná opleiding te Lichtenburg en Stellenbosch word hy einde 1933 gelegitimeer en dien as proponent die Strewers as reisende sekretaris en sedert 1938 die gemeente Pietersburg as hulpprediker. Hy bedien daarna as leraar Pietersburg (1940), Ysterplaat (1941), Die Strand (1944), Jeppestown (1948), Cachet (1950) en sedert 11 Julie 1959 weereens Pietersburg waar hy op 7 Junie 1970 sy emeritaat aanvaar. Gedurende sy bediening maak hy 'n studie van die Kerkreg en word o.a. die eerste Aktuaris van die Sinode van Suid-Transvaal. By sy aftrede kon hy terugkyk op arbeid in sy Kerk oor 'n breë terrein. Onder die jeug en in belang van die sending word sy arbeid gekenmerk deur indringende en onderskeidende benadering. In die stad en op die platteland beoefen hy pastorale sorg met ywer en toewyding!

As student al leierskapeienskappe getoon.

Altyd beginselvas en pligsgetrou met dit altyd vriendelik.

Soos in sy werk, so ook in sy persoon, was hy altyd presies en netjies.

1.5 DS. G.W.S. HOFMEYR:

Ds. G.W.S. Hofmeyr, oorl. 26 Mei 1969:

Georg Wilhelm Stegmann Hofmeyr is op 11 November 1882 in die pastorie op Somerset-Oos gebore, die seun van ds. en mev. J.H. Hofmeyr (suster van dr. Andrew Murray). Hy was die jongste van vyf broers wat almal in hul vader se voetstappe gevolg het.

Ds. Geo Hofmeyr word in 1908 op Stellenbosch gelegitimeer en werk die eerste ses maande op Worcester as hulpprediker van ds. I.F.A. de Villiers. Sedert 1909 bearbei hy die gemeente Port Elizabeth (waar hy die eerste vaste leraar van ons Kerk word), maar in 1914 genoodsaak ooreising hom om tydelik sy emeritaat te aanvaar. Hy herstel dermate dat hy ná anderhalfjaar se rus in Mei 1914 in die

klein gemeente Rossville sy arbeid kon hervat. In 1920 verhuis hy na Glen Lynden totdat hy in Aug. 1925 by die Natalse Kerk aansluit in die gemeente Greytown. Gedurende vyf jaar dien hy ook daar as Aktuarius, Skriba en Moderator Synodi. Hy volg op 18 Mei 1929 ds. A.P. Burger te Middelburg Tvl op en vervul met seën die aktiewe bediening—later gesteun deur hulppredikers en medeleraars—tot by die aanvaarding van sy emeritaat in November 1948. Op 29 Mei 1960 vier ds. en mev. Hofmeyr nog saam hul goue bruilof op Somerset-Oos waar hulle in die aand van hul lewe saam gaan woon het.

Ds. Hofmeyr gaan na sy aftrede voort deur op sy rustige, beskeie en liefdevolle wyse te arbeid waar die geleentheid hom nog voor-doen. So verrig hy as emeritus in talle gemeentes waardevolle hulp-diens.

Mevrou Hofmeyr woon tans op Pretoria in by haar seun en skoondogter, mnr. en mev. Christo Hofmeyr.

1.6 DS. J.D. CILLIERS

Ds. J.D. Cilliers, oorl. 9 Des. 1968:

Jan Daniël Cilliers is op 16 Oktober 1908 gebore. Hy voltooi einde 1933 sy teologiese opleiding aan die Kweekskool, Stellenbosch, maar word eers op 30 Januarie 1937 in sy eerste vaste gemeente Bloemhof bevestig. Na meer as vyf jaar verhuis hy na die Vrystaatse gemeente Bultfontein waar sy eggenote se grootvader (ds. Winter) die vorige kerkgebou in 1897 ingewy het. Ds. en mev. Cilliers werk hier saam o.a. om die nuwe kerkgebou voltooi te kry en op 13 Mei 1950 word dit feestelik ingewy. In die eerste driekwarteeu van sy bestaan word hierdie gemeente deur slegs drie leraars bedien, nl. di. P.A. Winter (1879—97), J.A. Pienaar (1898—1942) en J.D. Cilliers (1942—51). Kort vóór laasgenoemde se terugkeer na Transvaal in Oktober 1951 word Bultfontein se nuwe kerkkorrel ook in gebruik geneem. Hy sit sy bediening met ywer voort in die gemeente Ottosdal (1951—61) en in Lydenburg tot aan sy emeritaat op 1 Aug. 1968. Skaars vier maande later beswyk hy op straat in Pretoria. By die roudiens in die gemeente Wonderboom is hulde betuig namens die Ring en Kerkraad van Lydenburg, namens die gemeente van Ottosdal, en namens die Sinode deur prof. A.B. du Preez, 'n klasmaat uit hul proponentsjaar op Stellenbosch. Daar is met waardering melding gemaak van sy kennis van kerkfinansies, sy wysheid in die Regskommissie, sy getroue arbeid in gemeente, Ring en Sinode—hy was 'n lojale, troue seun van ons Kerk. Ds. Cilliers was

lief vir houtwerk en het elke voorwerp presies en netjies afgewerk. Die restorasie van die eerste skool en kerkgebou langs die huidige kerkgebou op Lydenburg was een van sy laaste selfopgelede opdragte, 'n liefdestaak wat voor sy aftrede ongelukkig nie afgerond kon word nie, slegs die eerste skool is gerestoreer.

Ds. Cilliers was ook 'n groot sendingyweraar en het in sy laaste gemeente die inisiatief geneem om 'n doelmatige kerkgebou vir die Sendinggemeente op te rig, waarin sy handewerk in die banke en kansel wat deur homself gemaak is, as monumente van sy toewyding aan sy taak, getuig.

1.7 DS. F.D.J. BRAND

Ds. F.D.J. Brand, oorl. 24 Febr. 1969:

Frederik Daniël Jacobus Brand is op 23 Maart 1918 gebore. In 1945 gelegitimeer bedien hy daarna die gementes Paarl (1946), Kakamas (1949) en Porterville (1956). Hy word in 1961 kapelaan van die Weermag op Saldanha en bedien die Vlootgimnasium, die Militêre Akademie en die lugmagbasis Langebaanweg. In 1966 word die Suiderkruis-medalje vir voortreflike en buitengewone diens aan hom toegeken; in 1968 met bevordering tot senior stafoffisier word hy medeleraar van Voortrekkerhoogte-Wes. Terwyl hy amptelik drie Suid-Afrikaanse vlootskepe in Desember 1968 na Australië vergesel het, het hy in Perth skielik siek geword en is kort na sy terugkeer in Pretoria oorlede.

Sy oorskot is op Citrusdal begrawe waar ses kapelane as draers opgetree en alles tesame 21 kapelane en 20 ander predikante 'n laaste eer bewys het aan 'n geliefde broeder wat 'n veeleisende lewenstaak met besondere seën verrig het.

Frikkie was nie alleen 'n goeie herder en leraar nie maar ook 'n baie voortreflike soldaat wat diep spore in die Weermag getrap het.

Alle jong offisiere in die S.A.W. het deur sy hande gegaan by die S.A. Weermag-Akademie.

Hy het die besondere gawe gehad om die soldaat en seeman ook die volle wapenrusting van God te laat aantrek.

F.2 OPENINGSREDE

SINODE VAN NOORD- TRANSVAAL, Grootkerk, Pretoria, 24 Mei 1972

LEES: Math. 4:12—17, Hand. 1:1—4

TEKS: Math. 4:17

„Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom”.

Hand. 1:3 „terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn en oor die dinge van die Koninkryk van God gespreek het”.

Eerwaarde Broeders leraars en ouderlinge van die Sinode, geagte toehoorders, dit is my voorreg om u almal by die geleentheid van die sesde vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal welkom te heet. Dit is met opregte leedwese dat ons vandag reeds kennis geneem het by ons vergadering van die heengaan van broers wat 'n besondere plek onder ons ingeneem het. Mag hulle naasbestaendes die troosryke genade van die Heilige Gees ondervind.

Aan ons broers wat vir die eerste maal sitting neem 'n besondere woord van welkom. Ons vertrou dat u gou tuis sal wees onder ons en bydra om die mooi gesindheid, waarvoor ons Sinode bekend is, te bestendig en uit te bou. Aan die begin van 'n sitting waarin ons 'n agenda van meer as 900 bladsye moet deurwerk, sal u nie van my verwag om die besprekinge vooruit te loop deur vir u opsommenderwys deur die agenda te neem nie. Eerder sal u vra: Wat het die Woord van God vir my en u te sê by die aanvang van so 'n gewigtige vergadering. Ons het dit goed gedink om vanaand met u te spreek oor die tema: **Kerk en Koninkryk**.

Ons vergadering sal in die komende dae steeds besig wees met die werksaamhede van die Kerk, wat ons hier verteenwoordig: Ons sal ook voortdurend bewus moet wees en bly van die grondliggende vrae soos: Wat is die verhouding tussen Kerk en Koninkryk; waar hou die een op en begin die ander; is daar 'n duidelike onderskeiding of skeiding tussen Kerk en Koninkryk; waar moet die grense getrek word, indien enige?

Hierdie vrae gaan egter veel verder as net hierdie vergadering. Die begrippe Kerk en Koninkryk staan in die brandpunt van teologiese en kerklike diskussies in ons dag.

Daar vind haas geen konferensie en kerklike vergadering êrens plaas waar dit nie in die sentrum staan nie.

Die redes hiervoor is voor die hand liggend:

Aan die een kant is daar die geïnstitueerde kerk veral in Europa en Amerika wat besig is om op die sand te loop. Prof. Blaauw van Nederland, wat ons land die vorige jaar besoek het, het dit presies so uitgedruk: Die Kerklike instituut in sy land is soos 'n skip wat op 'n sandbank vasgeloop het. Van buite gesien is alles in orde. Dit kom nog voor as 'n mooi seewaardige skip ... maar in werklikheid lê dit vas en sal alleen met bo-menslike inspanning weer vlot gemaak kan word. Die Kerklike leiding moet dus paniekerig soek na weë en middele om die skip weer vlot te maak.

Aan die ander kant is daar die toenemende tendens om by die Kerk as Instituut verby te gaan. Teenoor die Kerk kom die breed opgesette bewegings, wat onder 'n uiterlike dekmantel die Koninkryk van God en van 'n Christelike vlag 'n lading vervoer wat enige iets van algemene humanisme tot wapens vir terroriste moet dek!

Die vraag waarop ons 'n antwoord moet gee, is wat die suiwer verhouding van Kerk en Koninkryk is en dit na te gaan ook vir ons tyd en ons omstandighede. Dit is opmerklik dat Christus sy openbare bediening begin met 'n aankondiging „dat die Koninkryk van die hemele naby gekom het” en dat hy ook sy openbare bediening afgesluit het deur met sy dissipels te praat „oor die dinge van die Koninkryk van God”.

Dit is ook merkwaardig dat Christus net twee maal van **Kerk of gemeente** gepraat het teenoor die ongeveer 100 keer wat Hy die term Koninkryk in die vier evangelies, gebruik het. Christus gebruik ecclesia wanneer Hy sê: „Op hierdie rots sal ek my gemeente bou (Matt. 16:18) en wanneer jy nie daarin slaag om versoening tussen jou en jou broer te bewerk nie dan moet jy dit aan die **gemeente** sê (Matt. 18:17).

Uit hierdie twee tekste is dit duidelik dat Christus die term **Kerk of gemeente** gebruik wanneer dit gaan om die besondere geloofsgemeenskap wat rondom Hom ontstaan het en sou ontstaan, en Koninkryk wanneer dit gaan om die ruimer begrip van almal en alles wat onder Sy heerskappy gebring moet word.

Voordat ons nou verder gaan om hierdie twee begrippe nader te

ontleed moet ons eers in die verbygaan wys op misvattinge oor: **Kerk en Koninkryk**: Daar is twee wanopvattinge wat albei verwerp moet word naamlik:

1. Die beskouing dat Kerk en Koninkryk twee onafhanklike en los van mekaar staande groothede is, wat niks met mekaar te doen het en selfs teenoor mekaar kan staan. As voorbeelde hiervan kan ons noem die sogenaamde:

Vertikalisme: Hiervolgens kom die Koninkryk tot openbaring alleen in die verborge verhouding van die mens tot God. Niemand anders het hieroor iets te sê of daarmee te doen nie. Die mens gaan ook self in daardie verhouding op en kan hom deur geen kerklike instituut laat bind nie. Die Piëtisme van die vorige eeu is hier 'n goeie voorbeeld van.

Horisontalisme staan op die ander pool. Dit is die groot woord van ons dag. Jou godsdienst word geopenbaar op die horisontale vlak: Sosiale geregtigheid is die toetssteen van ware godsdienst. Die persoonlike verlossing deur die genade van Jesus Christus maak plek vir kollektiewe verlossing uit sosiale misstande en maatskaplike onreg.

Die mens wat vry gemaak is van alles wat sy menswaardigheid aantast is ook vry om voorbeeldig en wetsgetrou te lewe!

Aktivisme: Dit hang nou saam met die vorige. Die Koninkryk van God hang van die werksaamheid van die mens af.

Dit is die mens wat hom moet beywer vir reg en geregtigheid, vir menslikheid. As die mens hierin misluk, misluk die Koninkryk van God!

Futurisme: Teenoor die vorige beskouing staan weer diegene wat sê: Ons kan tog niks aan hierdie bedeling verander nie—Die Koninkryk van God is suiwer toekomstig—dit sal eers kom wanneer Christus terugkom en alle dinge onder Een Hoof verenig. Hierdie beskouing vind sy beslag in die verskillende norme van die Chiliasme.

In noue aansluiting by die vorige is die

Quietisme. Aangesien die Koninkryk toekomstig is en aangesien Christus dit self moet vestig en bevestig is daar absoluut niks wat die mens daaraan kan of behoort te doen nie. Hy kan maar net stil en onaktief daarop wag.

In al hierdie beskouings kan die kerk as Instituut maar aangaan om sy eie funksie te vervul maar met die Koninkryk het dit weinig of niks te make nie.

Aan die ander kant is daar die teenoorgestelde siening naamlik:

dat Kerk en Koninkryk identiese begrippe is; dat die kenmerke en grense van die een ook die kenmerke en grense van die ander is.

Hierdie opvatting ken ons uit die nog oorheersende beskouing van Rome dat die sigbare en onsigbare kerk ten volle saamval.

Dit word in ons dag ook ernstig bevraagteken onder andere deur 'n Roomse Katolieke teoloog soos Hans Küng.

U sal met my saamstem dat nie een van hierdie beskouinge Bybels verantwoord is nie. Ons moet dus verder gaan en probeer om die twee begrippe duideliker te omlyn.

Wat is die Koninkryk van God?

Die Koninkryk is daar waar God Koninklik handel en heers oor die ganse geskape werklikheid. Alles wat God gedoen het was goed en alles het gebuig onder Sy gebiedende Woord. In die ryk van die stof, plant, dier en mens het Gods Woord majesteitlik weerklink. Dit is gehoor en gehoorsaam. Die Koninkryk is dus tweesydig: Aan die een kant die objektiewe daad van God se heerskappy en aan die ander kant die subjektiewe aanvaarding daarvan en gehoorsaamheid deur die skepping.

Waar daar volmaakte gehoorsaamheid is daar is die Koninkryk van God in sy totale gestalte.

So was dit by die aanvang, so was dit bedoel om te wees, maar deur die sondeval het hierin verandering gekom. Die Koninkryk van God het 'n kwalitatiewe verandering ondergaan—die mens se ongehoorsaamheid het nie net sy verhouding tot God verbreek nie, maar selfs die skepping beïnvloed „Vervloek is die aarde om jou ontwil” (Gen. 3:17).

So is die Koninkryk van God funksioneel gestrem en die openbaring daarvan verduister. Wanneer Christus nou by die aanvang van Sy Openbare loopbaan sê: „Bekeer julle, want die Koninkryk het naby gekom” dan is dit duidelik dat God in Christus besig is met Sy **herskeppingsplan**. God se ongehoorsame kinders word teruggeroep na Hom! en word gemaan om Sy heerskappy oor hulle te aanvaar. Die Koninkryk moet kom waarin God en mens werksaam is. God heers en die mens is gehoorsaam op alle terreine van sy lewe: sy godsdiens, sy politiek, sy ekonomie, sy wetenskap, sy kuns, sy fisiese lewe—die totaliteit van sy bestaan.]

Die Koninkryk het gekom in Christus Jesus omdat Hy tegelyk die heersende God en gehoorsamende mens is. Wie in Hom is, is in die Koninkryk en word so deel van die Openbaarwordende en nabygekome Koninkryk!

Daarmee is ons dadelik by die Kerk:

Die Kerk (Sy gemeente) is hulle wat hierdie werklikheid van Sy heerskappy aanvaar en daarvolgens wil lewe. Kerk is die gemeenskap van gehoorsames wat God se soewereine Woord gehoor en nie anders kan as om daarvan te getuig nie.

Kerk is die plek waar die boodskap van God se heerskappy, van God se Koninkryk verkondig word en mense daarvolgens wil lewe.

Dit is duidelik dat Kerk en Koninkryk nie sinoniem is nie, maar ook nie los van mekaar bestaan nie:

Die Koninkryk is voltooiing van Gods heerskappy, die Kerk is gedeeltelike realisering daarvan.

Die Kerk is vir 'n bepaalde tyd — die Ryk is ewig;

Die Kerk is ten dele — die Ryk ten volle;

Die Kerk omvat alleen mense— die Ryk omvat die ganse skepping — ja die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God! (Rom. 8:19)

Die Kerk is die Ryk maar tog nooit gelyk aan die Ryk nie.

Soos Christus aan die einde van Sy aardse bestaan 'n ander bestaansvorm aangeneem het so kry die Koninkryk ook 'n ander gestalte, die van die Kerk. Die Kerk is die Ryk onder die teken van die weggaan van Christus, dit is die vorm van die Ryk tussen Jesus se heengaan en wederkoms. Dit is die verborge heerskappy van Christus in die tyd oor die wêreld.

Die Kerk is die binnesirkel wat steeds in wyer sirkels na buite moet uitkring.

Die Kerk is deur die lewende Woord in die lewe geroep en word deur dieselfde Woord in lewe gehou. Die Kerk kan sy funksie as voorloper van die komende Koninkryk as iets van die Koninkryk vervul alleen in onvoorwaardelike lewe uit en blywende onderwerping aan die oordelende maar ook reformerende krag van die Woord.

Die Kerk moet steeds die twee konsentriese sirkels in ag neem:

Die Kerk moet sy eie innerlike lewe voed in omgang met Gods Woord en die Sakramente. Maar die Kerk is gedurig op pad na die wêreld. Die mens moet geroep word tot terugkeer na die God wat heers in die wêreld daarbuite en gehoorsaam word.

Die Kerk verkondig die Evangelie en die Evangelie roep die

mens tot inkeer na homself en omkeer na die wêreld—daar is die terrein waar die mens moet beslis vir die lig teen die duisternis, vir reg teen onreg, vir vrede teen oorlog, vir liefde teen haat.

Die evangelie eindig nie in bevryding van sonde vir myself nie, maar gaan deur tot die sonde in die strukture van die samelewing. In sovêre het die horisontalisme gelyk, maar dit kan egter eers deurgaan na die strukture van die samelewing nadat dit deur **my** gegaan het.

So word die Kerk die Volk van God wat uittrek **na** die wêreld toe.

God is die God van die Exodus: God lei Sy volk uit die slawehuis van sonde sodat hulle in alle verhoudinge waarin hulle lewe konkrete gestalte kon gee aan Sy barmhartigheid en geregtigheid.

So kom iets van die Koninkryk tot openbaring: Hier op hierdie aarde moet die vernuwung kom—antisiperend op die volheid van die werk van God in die eindoordeel. Daaraan werk die gelowiges op aarde mee. Ons is Sy medewerkers, daartoe gee Hy ons die krag—dit is immers waarom Christus voor Sy vertrek met sy dissipels oor die dinge van die Koninkryk „gespreek” en vir hulle die Pinksterbelofte gegee het!

Daarmee is die sirkel tussen ons twee tekste voltooi:

Christus het begin met die aankondiging: „Bekeer julle, want die Koninkryk het naby gekom” en geëindig deur met hulle „te spreek oor die dinge van die Koninkryk”. Tussen hierdie twee momente het iets gebeur:

Die Koninkryk het gekom in Christus wat die wêreld met God versoen het aan die Kruis;

Die Koninkryk het gekom in die hart en lewe van hulle wat Sy dissipels geword het—Sy Kerk, En nou moet Die Koninkryk kom deur die toerusting van Bo en die geloofsgehoorsaamheid van Sy Kerk op mars na die wêreld!

Die Kerk is Kerk omdat dit reeds iets van die Koninkryk is, maar die Kerk kan alleen Kerk wees en bly namate dit steeds op weg bly na die wêreld toe.

Die Kerk moet daarteen waak om met krampagtigheid en eenzijdigheid alles na homself aan te trek, die maatskappy kan nie verkerklik word nie, dit kan alleen tot onderwerping en gehoorsaamheid aan God in Christus opgeroep word.

Die Kerk moet eweveel aksent op die hier **na** maals en op die hier **nu** maals (soos een skrywer dit so mooi stel) laat val.

As ons steeds in gedagte hou dat die Kerk nie die Koninkryk is nie maar instrument van die Koninkryk sal ons getrou bly aan ons Calvinistiese grondtema:

Alles tot eer van God!

Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan!

Daar is oor die wêreld heen in teologiese en Kerklike kringe, ten spyte van diepe verontrusting, tog hoopvolle tekens. Oral word gewaarsku teen verinstitutionisering van die Evangelie teen verkerkliking van die samelewing (soos Rome voor die Reformasie). Ander syds word teen die vervlakking in horisontalisme weer gevra na die gesag van die Woord.

Ek glo dat ons Kerk 'n besondere taak en roeping het:

Ons kan vanuit 'n positiewe Bybels reformatoriese standpunt leiding gee hoe die Kerk in ons dag waarlik Kerk kan wees in diens aan die Koninkryk!

In ons samekoms beleef ons nou reeds die aanwesigheid van die Koninkryk. Maar die afstand tussen Kerk en Koninkryk word weer duidelik. Ons doen slegs onvolledig, onvolmaak en in die tyd, wat eenmaal in die Koninkryk volledig, volmaak en vir ewig sal wees.

F.E.O'B. Geldenhuys.

F.3 DIE GEES VAN ONS TYD EN DIE INVLOED DAARVAN OP ONS NED. GEREFORMEERDE KERKJEUG (prof. Jannie Pieterse)

INLEIDING

Dit het gemeenplaas geword om die jeug van ons tyd te veroordeel. Deur die jare heen het die ouer geslag dan ook nog altyd fout gevind met die jongmense van hulle tyd. En die tyd waarin ons leef, is ook geen uitsondering op hierdie gebied nie. Ons ouer mense vind meermale 'n soort sadistiese behae daarin om die gebreke van die jonger geslag aan die kaak te stel en hulself te verontskuldig met die woorde: „Toe ons jonk was, was dit nie so nie.”

Maar nou het dit ook al mode geword om te verklaar dat daar geen fout met die jeug van ons tyd is nie — dat ons moderne jongmense kerngesond is. En by gebrek aan wetenskaplike bevindings maar ook omdat dit 'n aangeleentheid is wat nie maar net deur óf die een óf die ander van gemelde standpunte afgemaak kan word nie, kon geeneen van hierdie standpunte gerepudieer word nie. Daarom het ek waardering vir u benadering met hierdie byeenkoms naamlik om die lig te laat val op die gees van ons tyd met die invloed daarvan op ons jeug en om dan te kyk na ons taak in hierdie verband. Om die gees van ons tyd en daarom ook die wêreld van die jeug te betrag, beteken eintlik om die jongmens as 'n onderskeidende kategorie in die sosiale struktuur van nader te bekyk, want daar bestaan immers 'n hoë mate van onderlinge interaksie tussen jeugdiges, terwyl jongmense ook op 'n besondere wyse gestalte gee aan die gemeenskaplikheid van hulle samesyn. (Van Hessen, J.: „Jeugdwerk in sociologisch vizier”, oordruk uit **De Ontmoeting** van Corum & Comp. N.V., Assen, 1969, p.29).

Nou is dit natuurlik nie 'n maklike taak om die gees van ons tyd — die wêreld van die jeug van die twintigste eeu in die bestek van 'n kort voordrag te probeer skets nie. Ek kan hoogstens volstaan met die vermelding van enkele kenmerke wat ek as van besondere belang beskou. (Vgl. Breedt, A.: **'n Sosiologiese verkenning van ons jeugproblematiek**. Ongepubliseerde lesing, pp.4—11).

1. 'n Tegniese Wêreld

Die wetenskap en tegniek kleur tot op 'n groot hoogte die beeld van die wêreld waarin die jeug vandag leef. Hierdie kennis sal ook in 'n steeds groter mate die toekoms van die mens, sy materiële lewe, sy medemenslikheid en sy persoonlikheid beheers.

Met die toenemende vertegnisering en outomatisering van die samelewing, word feitlik elke afsonderlike politieke, sosiale of ekonomiese probleem vandag noodsaaklikerwys 'n wêreldprobleem. Die kommunikasienetwerk bring vandag die hele wêreld in ons sitkamer. Ons en die Russe is vandag baie nader aan mekaar as 'n Transvaler en 'n Bolander van 'n halwe eeu gelede. Dit is nouliks nodig om te beklemtoon watter invloed die wetenskap en tegniek op die lewenshouding en lewensbeskouing van 'n samelewing kan uitoefen. Die jeug ervaar hierdie tegniese en veranderde wêreld as vanselfsprekend en verstom nie van verbasing soos sommige van die ouer geslag wat nog herinneringe van die ossewa en die trem vertroetel nie.

2. Verstedeliking

Een van die belangrikste sosiale rewolusies van die afgelope eeu was die proses van verstedeliking wat hom regoor die wêreld voorgedoen het. Hierdie proses is o.a. die resultaat van 'n toename in die bevolking, industrialisasie en soms 'n patologiese stadpsigose. Dit kan verwag word dat die verstedelikingsproses ook sal toeneem namate die wetenskaplike en tegniese evolusie tot nog groter spesialisasie en outomatisasie aanleiding gee. Volgens projeksies wat die Afrikaanse Handelsinstituut nou onlangs vrygestel het, word bereken dat 95,8% van die Blankes in Suid-Afrika teen die jaar 2 000 in stede sal woon. Ooreenkomstig die 1960-sensus woon 87,8% van die Suid-Afrikaanse jeug (16—25 jaar) in stede en dorpe en 12,2% op plase).

Verstedeliking het ook heelwat sosiale veranderinge teweeggebring. Een van die opvallendste kenmerke van 'n stedelike lewenspatroon is die diversifikasie van verskillende lewensfunksies, bv. ten opsigte van die arbeid, woontoestande, ontspanning en vrytydsbesteding, die opvoeding ensomeer. Boonop bring verstedeliking ook altyd 'n grootskaalse sosiale mobiliteit en anonimiteit mee. Menslike verhoudinge is louter funksioneel en saaklik van aard.

Die stad word voorts as die tradisionele broeiplek van die sosiaal-patologiese verskynsels beskou. Georganiseerde misdaad, prostitusie, selfmoord, alkoholisme, gesinsdisorganisasie, geestesafwykings en dergelike meer word gewoonlik met die stadslewe

geassosieer. In hierdie verband moet nie nagelaat word om te noem watter ontwortelende effek die uitbreiding van die stedelike invloed na die platteland gehad het nie. Die stedelike lewenswyse, ideale, gewoontes en gebruike sypel teen 'n snelle tempo deur na die landelike areas.

3. Massafikasie

Gedurende die afgelope vier tot vyf dekades het sosiaal-kulturele kragte en die ontwikkelinge op wetenskaplike en tegniese gebied omwentelinge ingelui waarvan die konsekwensies nog nie ten volle besef word nie. In hierdie verband kan, bv. net gedink word aan die snelle uitbreiding en werking van die verskillende massakommunikasiemedia (gedrukte woord, radio, rolprent en televisie), waardeur oordraging na so te sê die hele wêreld plaasvind en die inwerking daarvan deur die „massa” ondervind word.

Een van die belangrikste gevolge van die massakommunikasie is dat die sogenaamde massamens na vore tree; m.a.w. die mens word een van die massa (menigte) en soos die massa met vervaging van die eie individualiteit.

Die massafikasie kan gesien word as 'n ontvlugtingsreaksie van die mens ten einde vereensaming te ontduik. Die massamens moet voortdurend besig wees of besig gehou word. Hy moet lewe in lawaai en aktiwiteit. Hierdie mens ontvlug in die gewone alledaagsheid, in 'n roes van koersagtige aktiwiteit wat veelal dwangmatig van aard is. Wanneer hierdie aktiwiteite wegval, verlustig dié mens hom in die verdowing van die radio, die bioskoop, dans, sport en vakansie wat meermale niks anders is nie as so 'n snel moontlike verplasing met die motor van die een plek na die ander.

Die nadruk in hierdie sogenaamde massa-maatskappy val op spesialisasie, onpersoonlikheid, onbestendigheid, 'n gemis aan emosionele warmte en 'n oppervlakkige demokratisering van menslike behoeftes en gedrag. Wanneer 'n mens vra waarom die verskynsel van die massajeug 'n probleem geword het, gee Nel die volgende antwoord: „.....eerstens, omdat dit 'n remmende invloed het op die mens as persoon en gevolglik die persoonlikheidsontwikkeling benadeel, met ander woorde, omdat die geestelike in die mens weerhou word om tot volle gedying te kom; tweedens, omdat dit hierdeur 'n ondermynende invloed op die kulturele vorming van die mens het, en gevolglik die kultuur van 'n volk op 'n lae peil hou”. (Nel, B.F.: **'n Modern-Pedagogiese benadering van jeugprobleme**. Serie Verdiept Inzicht, Deel IX. In opdrag van die Stichting Onderwijs, Oriëntatie, Amsterdam 1961, p.2.)

4. Diktatuur van gejaagdheid

Die gejaagde lewenstempo van die moderne mens — veral die leierskorps — neem vandag inderdaad 'n patologiese vorm aan. Meermale is juis die jeugdiges die prooi en die brandpunt van hierdie kunsmatige, onpersoonlike euwel.

Vanweë die enorme tegniese en wetenskaplike ontwikkelinge van die afgelope tyd, raak die mens 'n slagoffer van 'n oorvloed onsamehangende invloede en prikkels, oppervlakkige indrukke, vlugtige kontakte en maatskaplike eise en verpligtinge. Tyd om die uiterlike oorvloed te verwerk en te integreer in 'n sinvolle geheel, ontbreek met 'n gevolglike verbrokkeling van die menslike gees.

Ons leef vandag onder 'n beklemmende diktatuur van gejaagdheid. Ons word meedoënloos meegesleur in 'n koorsagtige lewenstempo wat onverbiddelik uitmond in 'n diepe geestelike vermoeidheid waarin alles sinloos word. Die hedendaagse mens word gekondisioneer deur 'n oorweldigende oorvloed van haastige indrukke en oppervlakkige verstrooiing, gedetermineer om niks te mis of te ontglip nie. Hoewel daar 'n enorme uitbreiding van tussenmenslike kontak plaasvind, is die kwantiteit van sodanige kontakte omgekeerd eweredig met die kwaliteit daarvan.

Hierby kan nog gevoeg word dat die tempo van maatskaplike verandering immer sneller word. Die mens word so oordonder met die nuwe dat hy nouliks die geleentheid en die tyd het om alles te verwerk. Bowendien word sy lewe soms so oorheers deur die gejaag na groter en beter prestasies dat 'n noodwendige verswakking van tradisionele bindinge en die vermindering van bindingsgeleenthede intree — veral op die tussenmenslike vlak. Die gevolg is dat die mens beskore is om 'n geweldige groot getal mense te ken sonder om een werklike vriend te besit.

5. Materialisme

In noue aansluiting by bogemelde kan die koorsagtige strewe na stoflike welvaart en tegniese vooruitgang waardeur die personale bestaan van die mens feitlik geheel en al verswelg word, genoem word.

Die oorheersende najaging van materiële voorspoed lei tot 'n sosiaal-ekonomiese diffrensiasie wat veral in die stede kulmineer in diepgaande klasseverskille. Die vraag ontstaan nou of die mens nie miskien die slagoffer kan word van die welvaart en vooruitgang wat immers veronderstel is om tot sy voordeel te strek nie. Die rede vir laasgenoemde aanname is geleë in die gedagte dat die dolle strewe na materiële gewin veelal gepaard gaan met die miskenning van

tradisionele waardes en norme — dié dinge wat geld nie kan koop of vervang nie.

Die indruk bestaan wel dat ook die jeug vandag vasgevang is in die netwerk van materiële voorspoed en die strewe na groter stoflike welvaart. Hoewel talryke voorbeelde in dié verband voor die oog is, kan slegs verwys word na die feit dat 41,9% van die jeugdiges (16—25 jaar) in die Jeugondersoek van die F.A.K. reeds een tot drie keer en meer van beroep verwissel het. As dan gelet word op die redes waarom daar ontoereikende belangstelling in die betrokke beroep is, blyk dat die grootste enkele persentasie van diegene wat wel probleme in die opsig vertoon (6,4%), die inkomste wat uit die beroep verkry word, as ontoereikend beskou. (Pieterse, J.E. (Hoofredakteur), **Jeug en Arbeid**, Verslag van die Jeugondersoek, Deel I, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg, 1968, p.66).

6. Permissiwiteit

In die geskiedenis van die Westerse wêreld sal die sewentigerjare van hierdie eeu seer sekerlik bekend staan as die dekade van **permissiwiteit** 'n tydperk waarin meer en meer vergunnings gemaak is ten opsigte van die gedrag van die mens — jare waarin die vryheid van die mens tot sy uiterste gevoer word, sonder om 'n woord te rep van die **verantwoordelikheid** en **gebondenheid** wat juis deur vryheid veronderstel word.

Tereg skets mnr. Jannie Kruger hierdie nuwe wêreld — en dit is inderdaad 'n nuwe wêreld — soos volg: „Dit is die wêreld wat in die kwarteeu sedert die Tweede Wêreldoorlog in aansyn gekom het. Sy vernaamste kenmerk is vryheid; sy tweede kenmerk is gelykheid; sy derde kenmerk is broederskap. Met ander woorde, dit is 'n nuwe belydenis van 'n leuse en slagspreuk wat aan die einde van die agtiende eeu die Franse Rewolusie laat ontvlam het. Die nuwe wêreld is in sy wortel dus reeds oud — sy jongste gestalte 'n aangepaste herhaling van mislukte geskiedenis

Voorts vind die nuwe wêreld gestalte in die oppermagtigheid van die kreet: „power” — veral „Black Power”, „Student Power” en „Trade Union Power”. Dit vloei op sy beurt voort uit die hoogty van liberalisme en sosialisme met hul sleepsel van permissiwiteit. Alles is veroorloof, inbegrepe die misbruik van verdowingsmiddels, die botviering van geweld; die integrasie van wat wesenlik verskil selfs ongelyk is, soos verskillende rasse, versaking van gesag deur ouers en die verwerping van dissipline en tug deur die jeug, die uitkolking van die heiligdom van die menslike liggaam, en die ekshibisie en eksploitasie van seks”. (Kruger, Jannie: Die toekoms van die Afrikaner in die nuwe wêreld. **Handhaaf**, Jaargang 7, Nr. 6, Februarie 1970, p.12).

Die dieptepunt wat permissiwiteit in die Westerse wêreld bereik het, kan waarskynlik die beste geïllustreer word deur die feit te noem dat in die seksuele vertonings en pornografiese tydskrifte in byvoorbeeld die Skandinawiese lande dit nie meer gaan om die seksuele of selfs die perverse seksuele tussen mens en mens nie, maar tussen mens en dier in sy volle naaktheid, sonder enige reser-vering.

Party mense meen natuurlik dat hierdie permissiwiteit 'n verbygaande fase is, wat aanleiding sal gee tot 'n Viktoriaanse reaksie — Of dit wel sal gebeur? sal die tyd moet leer. Wat ons wel weet, is dat as daar nie reaksie kom nie, die Westerse beskawing vernietig sal word sonder dat vreemde leërs 'n voet sal hoef te versit en Suid-Afrika het geen besonder immuniteit hierteen nie al het ons in hierdie verband lank nog nie die dieptepunt bereik as ander Westerse lande nie.

DIE INVLOED VAN DIE GEES VAN ONS TYD OP ONS JEUG

Wanneer nou na die invloed van die gees van ons tyd op ons jeug gevra word, dan is dit voor die hand liggend dat die gees van enige tyd sy stempel sal moet druk op die jong soekende gemoed van die jeug van daardie tyd.

Die jeugtydperk is immers 'n tydperk van soeke en twyfel — 'n tyd waarin die jongmens sy verlore ewewig moet herwin en waarin 'n waardesin moet ontwikkel. Dit is die tyd waarin die mens helderheid moet kry oor die fundamentele lewenswaardes. Omdat die jongmens homself teenoor die lewe probeer oriënteer, wonder hy dikwels oor die sin en die betekenis van die lewe.

Die jong seun en jong dogter wat in die permissiewe gemeenskap van dié tyd, in 'n klimaat waar geen grense geplaas word nie, in 'n milieu waarin letterlik enigiets geoorloof is, in 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur materialisme, massafikasie en 'n diktatuur van gejaagdheid, sy voete moet vind, en 'n lewensbeskouing moet uitwerk, sal sekerlik met veel frustrasies en probleme te doen kry.

Om die gevolge van sodanige gees op die jeug te identifiseer is dan ook geen maklike taak nie. Ook hier kan maar slegs weer enkele gevolge wat vir my belangrik lyk, vermeld word, wetende dat dit wat ek as gevolge noem soms in 'n groot mate ook alreeds deel van die gees van die tyd geword het. Dit is ook moeilik om slegs na die N.G. Kerkjeug te verwys. Alhoewel die Jeugondersoek van die F.A.K. onteenseglik bewys het dat die Afrikaanssprekende jeug in sy lewensuitkyk asook in sy handel en wandel konserwatiewer as die Engelssprekendes is, is daar nie wesenlike verskille tussen die jong-

mense van die verskillende Afrikaanse kerke gevind nie.

1. Die Sogenaamde kultuurpuberteit

In die **eerste plek** is dit belangrik om daarop te wys dat die gees van ons tyd en veral die nuwe sosiale kragte van 'n industriële stadsmaatskappy die proses van volwassewording 'n langer en uitgerekerter een gemaak het as in vorige dekades. In die primitiewe maatskappy het die psigiese puberteit feitlik glad nie bestaan nie en het die geslagtelike rypwording dus eintlik volwassenheid beteken. By die agrariese vorm van maatskappy is die kind so gou moontlik in die werk van die gesinsgroep ingeskakel en is sy volwassenheid bespoedig. In die industriële stadsmaatskappy het die „kind egter 'n langer oefentydperk nodig om sy plek buite die gesinsgroep in te neem.” (VVGL. B.F. Nel: A.W., p.89.)

As gevolg van hierdie verskynsel van die „kultuurpuberteit” word die tydperk van adolessensie, die ontwikkeling wat volg op die puberteit tans meermale as die jare tussen 18 en 25 gestel — veel hoër as wat vroeër algemeen aanvaar word. In Nederland word bv. aandag geskenk aan sogenaamde lewenskole vir werkende adolessente om hul koers en rigting te gee in hul volwassenwordingsproses. Dit is wel waar dat die jeugdige miskien intellektueel verder ontwikkel is as die jongmens in vorige tye so ook is dit waar dat hy oor veel meer aardse dinge beskik soos 'n motor, mooi klere, ens. maar hierdie voorsprong geld nie ten opsigte van sy emosionele ontwikkeling nie, wat per slot van sake sy volwassenheid al dan nie, bepaal.

2. Die Jeugrewolusie

Tweedens is dit nodig om na die jeugrewolusie te verwys as 'n uitvloeisel van die gees van ons tyd. Hierdie Rewolusie het 'n dekade gelede oënskynlik onskuldig begin en aanvanklik was daar dan ook aansienlike simpatie met die jongmense wat in verset gekom het. Na hulle is verwys as die idealiste wat in opstand kom teen die **skynheiligheid** van die oueres en teen **materialisme** en **tegnologiese** regimentering. Aangehelp deur **dwelmmiddels** het die nuwe radikale 'n vry en eerlike gemeenskap verkondig waarin die **liefde** oppermagtig is, maar daar is vergeet dat die liefde in sy volkomendheid juis **besorgdheid** en **verbondeheid** beteken.

Wanneer die jeugrewolusie ontleed word, is dit duidelik dat dit onderlê word deur veel meer as blote fisieke geweld — ons het hier te make met 'n gevaarliker element, 'n aftakeling en aanslag op die **kultuur** en die bestaande **lewenswaardes** van die betrokke gemeenskap en volk. Dit is vanselfsprekend dat 'n „bloedige rewolusie”

nie nodig sou wees indien 'n gemeenskap of volk se lewens- en wêreldbeskouing verander kan word nie. En dit kan seker die maklikste verkry word deur op die jeug toe te spits.

Die filosoof Herbert Marcuse beweer dat daar vandag nog 'n groot behoefte aan rewolusie is, maar kom vorendag met die teorie dat die „werkers” soos Marx hom beywer het, **nie** meer die rewolusionêre klas is nie, maar wel die studente en intellektueles. **Hy raai die jeug dan aan om die Westerse samelewing en alle vorme van gesag en selfdissipline totaal te vernietig.**

Hierdie „nuwe kultuur” wat voorgestaan word — die sogenaamde „counter culture” — met 'n eie sienswyse oor die misbruik van dwelmmiddels, seksuele losbandigheid en permissiwiteit, 'n bepaalde kleredrag, haarstyl, musiek, ens., moet dan nie alleen die Westerse kultuur vernietig nie, maar moet as saambindende faktor op nasionale sowel as internasionale vlak dien — wat by die jeug die **illusie** skep dat hulle **een groot gemeenskap** is wat oor die belemmering van taal-, politieke of rassegrense heen strek.

Oor die radio en in die pers het ons al heelwat verneem van opstande in veral studentegeledere in ander lande maar ook in Suid-Afrika het hierdie rewolusionêre optredes al van tyd tot tyd kop uitgesteek — en ons moet nie die fout maak om te dink dat Suid-Afrika 'n besondere immuniteit hierteen het nie.

3. Godsdien

Derdens moet kortliks stilgestaan word by die invloed van die gees van ons tyd op die godsdienstige lewe van ons jeug.

Juis omdat die krag van 'n volk in sy godsdien lê, word die aanvalle van die vyand meermale gerig teen die godsdien. Wel word godsdien nie altyd direk aangeval nie, maar deur die aanwending van allerlei middele word die denke beïnvloed in die rigting van twyfel en onsekerheid omtrent die absoluutheid van ons godsdien of van die sedelike norme waarvolgens ons ons gedrag reël. En namate die vyand daarin slaag om onsekerheid in die gemoed te kweek, kan hul voortgaan om hul eie „waarheid” of „sekerheid” te plant en daarmee die lewe van die mens na hul sin te rig en selfs die denke en reaksies van 'n volk te beheer.

Dit is 'n bekende tegniek om alles wat eie is aan ons volksaard te bevraagteken — ook ons godsdien — om die foute van ons eie volk dik te onderstreep en terselfdertyd die ander kant van die saak te stel. En as twyfel eers gesaai is, kan voortgegaan word met die inskerping van ander waardes. Laat ons daarteen waak. Wat die bevindings van die Jeugondersoek van die F.A.K. in hierdie verband

betref, is dit verblydend om te kan vermeld dat by die grootste deel van die Suid-Afrikaanse jeug (die Afrikaanse jeug vir 'n groter persentasie) 'n gesonde gesagsverbintenis, gesagserkenning en gesagsgehoorsaming gevind word. Die meer as 50% van die jeug (68,8% van die N.G. Kerk) wat Christus aanvaar het en Sy gesag erken, aanvaar en eerbiedig gesag langs die hele linie af, byvoorbeeld hul raadpleeg ouers en aanvaar hul raad en hul is kerkverbonde en neem deel aan praktiese kerklike aktiwiteite. Vir driekwart van die jeug hinder die gesagstoedig van hul ouers dan ook glad nie. Wanneer die jeug se aanvaarding van gesag egter in die algemeen ontleed word, verklaar net vier uit elke tien jeugdiges dat hul gewoonlik alle vorme van gesag eerbiedig. Ons jongmense leef inderdaad in 'n tydperk van gesagskrisis en laat ons dit om vadersnaam nie vir hulle moeiliker maak in ons kerklike lewe deur die voorbeeld te stel van verwerping van kerklike gesag nie. Meermale word die bestaansreg van byvoorbeeld die Kerkjeugvereniging in gemeentes betwyfel, nieestaanende die feit dat Sinodes (so meen ek) van gemeentes verwag om sodanige verenigings te hê. Dink net watter verwarring skep ons sodoende in ons jongmense se gemoedere.

Alhoewel die bevindings insake godsdiens oor die geheel bemoedigend is, is daar tog aanduidings wat kommer wek en wat veral vir ons ernsdenkendes moet aanmoedig om die godsdienstige vorming van die jeug 'n saak van erns te maak. Die jongmens ondervind inderdaad op hierdie terrein ook ernstige probleme. Volgens die Jeugondersoek (Pieterse, J.E. (Hoofredakteur): **Jeug en Godsdiens**, Deel IV, Verslag van Jeugondersoek, pp.14—25) soek byvoorbeeld 10,9% na godsdienstige sekerheid, 5,6% beskou hul as twyfelaars en 0,9% as ateïste. Verder blyk dat hulle oor die algemeen óf pogings aanwend om leiding te kry óf leiding sal verwelkom. En dan leer die ondersoek verder vir ons dat nie eers die helfte van ons jongmense (46,8% en 48,9% van die N.G. Kerk) 'n persoonlike gesprek met 'n leraar gehad het voordat hulle belydenis van geloof afgelê het nie. Uit gesprekke met ons jongmense weet ons egter ook dat van hierdie gesprekke veral waar dit as georganiseerde voorwaarde vir aflegging van belydenis van geloof gestel word, en nie vanuit 'n vertrouensverhouding ontstaan nie, nie altyd te veel beteken nie. Ook blyk die jeug se behoefte by aansluiting by kerklike jeugverenigings baie duidelik uit die ondersoek — alhoewel slegs 'n geringe persentasie daaraan behoort. Hoe jammer voel 'n mens tog nie hieroor nie, veral as jy uit persoonlike ervaring weet wat dit vir die jong soekende gees kar beteken. As ek ooit in die lewe as leier iets tot stand sou bring dan sal my dank naas ons Hemelse Vader beslis in die eerste plek moet gaan aan die vorming wat ek as

jongmens in die aktiwiteit van die Kerkjeugvereniging kon ontvang. En so baie van my vriende wat inderdaad as leiers in die samelewing uitgestyg het, getuig van dieselfde.

Vir slegs 8,7% het ons jeug by die KJV. aangesluit op aandrang van die leraar en slegs 5,1% verkies om in geval van persoonlike probleme hul leraar te raadpleeg. Hierdie bevindings word nie aantygend gegee nie, maar in 'n poging om die jeugproblematiek te belig — ek dink ons Kerk^e moet hiervan kennis neem.

4. **Kultuur**

In die vierde plek is dit ook belangrik om kortliks te kyk na die invloed van die gees van ons tyd op die kulturele identiteit van die jeug. Net soos die godsdien van die Afrikaner bevraagteken word deur die gees van die tyd, word die kultuur die eiendomlike van die Afrikaner onder die vergrootglas geplaas. Die eie werf mag nie meer raakgesien word nie, omdat die blik gerig moet wees op die verre horison — die nasionale moet plek maak vir die waardes van die internasionale. Die verwarring wat hierdeur in die gemeedere van die jeug veroorsaak word, blyk duidelik uit die bevindings van die Jeugondersoek (**Jeug en Kultuur**, Verslag van die Jeugondersoek, Deel II). Die oorgrote meerderheid van die jongmense in die Republiek (78,8%) stem byvoorbeeld saam met die stelling dat Afrikaanse- en Engelssprekendes in hierdie land die verskille wat daar tussen hul bestaan, moet vergeet en moet opgaan in een nuwe bevolkingsgroep. Hierbenewens wil meer as die helfte van ons jongmense (56,2%) as 'n Suid-Afrikaner bekend staan, byna 'n derde (27,5%) as 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner, 6,9% as 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner, slegs 1,9% as 'n Afrikaner en 1,5% as 'n Engelsman.

Meer as die helfte van die jeugdige (50,8%) verkies dat hul kinders eendag deur middel van dubbelmediumonderwys onderrig ontvang — slegs 49,2% spreek hul ten gunste van moedertaalonderwys uit — **die Engelssprekendes is na verhouding meer as die Afrikaanssprekende op onderrig in die moedertaal gestel** — dit is inderdaad vir ons 'n gevaarteken.

Wat die bywoning van volksfeeste betref, is bevind dat nie een van ons volksfeeste jaarliks deur meer as 35,0% van ons jongmense bygewoon word nie. Ten opsigte van ons jeug se kennis van hul volk se geskiedenis, die volgende: In 'n geskiedenisstoets van St. 8-standaard, wat die historiese hoogtepunte in die ontwikkeling van Suid-Afrika dek, het 52,5% minder as 40 persent behaal — 65,1% Engelssprekendes en 46,8% Afrikaanssprekendes.

Al hierdie gewens dui onteenseglik daarop dat daar by die

moderne jeug 'n groter ingesteldheid op Suid-Afrikanerskap as Afrikanerskap is en dat dit baie waarskynlik is dat indien ons toelaat dat hierdie proses voortgaan, Afrikanerskap ingeboet sal moet word. Vir my sou dit fataal wees en afstuur op die identiteitslose mens, met al sy nadelige gevolge. Suid-Afrikanerskap kan nooit 'n afgebakende, begrensde, identiteitsbeweiging met die nodige geborgenheid bied as wat Afrikanerskap aan die jongmens kan gee nie. Lede van 'n bepaalde groep kan eers spontaan en realisties en sonder prysgawe van beginsels met 'n ander groep saamwerk, as jy werklik deel voel van jou bepaalde groep en as jy veilig en gelukkig in daardie groep is en nie bedreig voel deur die ander groep nie.

5. Vryetydsbesteding

Vyfdens is dit belangrik om oorsigtelik te verwys na die invloed van die gees van ons tyd op die vryetydsbesteding van ons jeug.

Die hedendaagse samelewing vertoon 'n teenstelling met die in die helfte van die vorige eeu. In die destydse samelewing was daar geen of weinig vrye tyd vir arbeiders en persone uit die laer inkomste-groepe. Die grondeienaars en kapitaliste het aan die ander kant weer 'n oormaat vrye tyd gehad.

Vandag is dit omgekeerd. Persone uit die boonste maatskaplike lae het min vrye tyd, veral as gevolg van die eise van die gemeenskap en diegene uit die breëre volksmassas het baie vrye tyd.

Die Jeugondersoek het onteenseglik bewys dat die jeug van ons tyd hul in veel groter mate besig hou met passiewe of nie-skeppende aktiwiteite as met skeppende of kreatiewe vryetydsbedrywighede, wat miskien juis die sinvolste is vir persoonlikheidsontwikkeling met ander woorde daardie aktiwiteite wat afgestem is op afleiding en vermaak geniet voorkeur aktiwiteite waarby massakommunikasie-middele soos die radio en die bioskoop 'n belangrike rol speel.

Dit geld ook ten opsigte van die jeug se uitgesproke wense om 'n vrye aand te verwyf. Waar 18,3 persent verkies om op so 'n aand te lees, 12,3 persent om na 'n bioskoop te gaan, 6,0 persent om „niks" te doen nie, verkies slegs 2,0 persent byvoorbeeld om 'n stokperdjie te beoefen, en 1,4 persent om die een of ander kuns te beoefen.

Die argument dat lees en radioluister ook skeppend en aktief kan wees, kan natuurlik onmiddellik geopper word. As die programme waarna hoofsaaklik oor die radio geluister word, en die soort boeke wat veral gelees word, egter in oënskou geneem word, dan kan die skeppende waarde van hierdie media nie altyd verdedig word nie. (Vgl. **Jeug en Vrye Tyd**, p.35).

Ten opsigte van die passiewe houding van ons moderne

jongmens, moet ook verwys word na die tendens om hul te distansieer om nie oetrokke te raak in die sin dat hul 'n bepaalde verantwoordelikheid moet aanvaar nie. Hul is miskien nog bereid om by 'n klub of vereniging aan te sluit, maar wil nie voorsitter of sekretaris wees nie wil nie die leiding op hulle neem nie. Dit hinder ook dat ons moderne mens en die jongmens veral meermale nie inisiatief wil neem met betrekking tot vryetydsbesteding nie en liever vermaak wil wees.

Verder is dit belangrik om daarop te wys dat benewens die gevaar dat die aard van vryetydsaktiwiteite nie altyd meehelp tot konstruktiewe persoonlikheidsvorming nie, daar ook die soorte vryetydsbedrywighede is wat die gevaar loop om die mens verkeerdlik te beïnvloed. So blyk dit byvoorbeeld dat 80,6 persent van ons jeug op partytjies wat hulle bywoon dans. Ten opsigte van dans as sodanig word nie 'n mening uitgespreek nie — maar nou blyk verder dat 42,1 persent van die 16 tot 25 jariges en 74,3 persent van die 21 tot 25 jariges ook sterk drank gebruik op sodanige partytjies. Oor die algemeen gebruik meer as die helfte van ons jongmense sterk drank (52,8%) — van die ouer jeugdiges (21 tot 25-jariges) gebruik 17,2 persent twee of drie keer per week sterk drank en van die jonger jeugdiges (16 tot 20 jaar) drink 2,6 persent twee of drie keer per week. Verder weet ons dat die moderne tyd ook die gevaar van verdowingsmiddels op partytjies inhou.

6. Generasiegaping

In die laaste plek moet verwys word na die sogenaamde generasiegaping tussen jeug en volwassenes wat voortvloei uit die gees van ons tyd iets wat meermale opgeblaas word tot 'n grootte wat dit nie verdien nie maar 'n verskynsel wat nie weggeredeneer kan word nie. Dit is wel waar dat sodanige gaping nog altyd bestaan het maar dit is ook waar dat die gees van die tyd 'n betekenis daaraan gegee het, wat dit nog nooit vantevore gehad het nie.

In dié verband is dit belangrik om daarop te wys dat daar met betrekking tot die mate waarin die gesin die kind skool en afrig, vir die lewe, aansienlike veranderinge ingetree het. (Vgl.: Nel, B.F., A.W. pp.34—99). Waar die lewe buite die gesin vroeër eintlik 'n voortsetting van die gesinsverhoudinge was, is die samelewing vandag nie meer 'n strukturele kontinuïteit nie. Aan die een kant word die intieme gesinslewe aangetref en aan die ander kant die onpersoonlike samelewing wat beheers word deur die beginsel van rasionalisasie en organisasie. Daarom word die konflikte nie meer in die eerste plek in die gesin aangetref en „deurgewerk” nie, maar dit ontstaan tussen kind of jeugdige en samelewing.

Hierdie verskynsel word ook in die hand gewerk deur die verdwyning van die patriargale gesinstruktuur en van die wesenskenmerke van hierdie struktuur. In die moderne gesin het die patriargale stelsel plek gemaak vir 'n toestand van gelyke beregting. Aan die een kant het die outoritêre vaderfiguur verdwyn, veral in die boonste maatskaplike lae, en aan die anderkant het die moeder op die voorgrond getree. Hiermee het dan ook dié so belangrike konfliktsituasie verdwyn wat veral in die vorm van opstand van die seun teen die vader wat die maatskaplike eise verteenwoordig, ontstaan het. En met die verdwyning van hierdie proteshouding van die jeug in die gesin, gaan ook gepaard die verdwyning van die identifikasiehouding van jeugdiges met die outoritêre vaderfiguur.

Waar jeugdiges vroër oor te veel gesag gekla het, is hul klagte vandag teen te min gesag — een van die redes waarom jeugdiges ook nie meer in dieselfde mate aan hul huise gebind is nie en waarom hulle hul behoeftes buite die huis wil bevredig. Gepaard hiermee gaan die protes van die jeug teen die oorgefunksionaliseerde en oorgeorganiseerde samelewing wat ook in die gesinslewe ingedra word.

Schelsky noem hierdie na-oorlogse jeug die „skeptiese geslag”. Hy wys ook tereg daarop dat uit die kameraadskaplike gelykberegtigde verhoudinge wat geskep is met die verdwyning van die outoritêre vaderfiguur, die bespreking van pynlike onderwerpe wat moontlik juis die probleme vir jeugdiges skep, vermy word, ten einde die „goeie verstandhouding” in die gesin te bly behou. Hierdeur word wat Schelsky noem die „tipiese geslotenheid” van die moderne jeug veroorsaak — hul gesels nie maklik met hul ouers of ander oor hul probleme nie. (Vgl.: Nel, B.F.: A.W., p.38).

Met betrekking tot die generasiegaping wys J.H. van den Berg ook daarop dat dit in die eerste instansie nie die kind, maar die volwassene en die wêreld van die volwassene is wat verander het en sodanige gaping veroorsaak het. Hierdie verandering is volgens hom veral drieërlei van aard. (Vgl. Kruk, R.W.: **Begeleiding der Volwassenwording**, Serie Verdiept Inzicht. Deel XI. In opdracht van die Stichting Onderwijs Oriëntatie, Amsterdam, Nederland, pp.15—16). **Eerstens** moet die oorsaak veral gesoek word in „het polyvalent worden van vele maatschappelijke instellingen”. Tereg skryf hy soos volg: „Elke handeling, elke zaak en daarmee elk woord bezitten niet één maar steeds vele betekenissen. Het kind, dat naar deze pluriforme en polyvalente volwassenheid toegroeit, ontmoet haast onoverkomelijke moeilijkheden. Elke stap, die het doet om volwassen te worden, is een stap in de mist der polyvalenties”.

In die tweede plek is die „onsigbaarheid van die volwasse staat”

ook 'n oorsaak van die generasiegaping. Die kind sien steeds minder van die lewe van die volwassene, veral op die gebied van die arbeid geen duidelike norme word gestel nie. **Derdens** moet as oorsaak gesien word die verandering in die wêreldbeeld. Die vanselfsprekendheid het uit die lewe verdwyn. Ons leef in 'n gerasionaliseerde wêreld, aanvaar nie meer die verskynsel as sodanig nie en probeer alles verklaar.

Afsluiting

Ek sluit af ek het nie probeer om 'n klinkklare beeld van die jeug van ons tyd soos meegebring deur die gees van die moderne wêreld vir u te skets nie. Ek het slegs probeer om enkele gevolge van ons tydsees te noem. Oor die jeug van sekere ander lande wat ek die geleentheid gehad het om met die oog op 'n studie van jeugwerk in die afgelope jare te besoek, sou ek wel tot 'n tipering kon kom 'n tipering wat sou spreek van diepe verwarring in die gemoedere van die jongmense, van algehele verwerping van gesag, van swak morele standarde en van 'n hopelose gebrek aan identiteit inderdaad massamense, mense wat hul persoonlikheid verloor het mense wat nie geestelike waardes in hul lewens geïntegreer het nie mense wat geen bindinge het nie en wat eintlik aan 'n diep minderwaardigheidsgevoel ly.

Oor ons eie jeug en veral die jeug van ons Kerk voel ek veel meer positief en dit is met dankbaarheid in my hart dat ek dink aan die baie mooi dinge in die lewens van ons jongmense. Maar dit is ook met groot kommer dat ek weet dat die gees van ons tyd ook in steeds groter wordende getalle sy slagoffers onder ons jongmense eis dat ek die tekens van die massamens onder ons jeug bespeur en dat ek veral sien hoe ook baie van ons jongmense slegs vir die oomblik leef. En dan weet ek dat dit meegebring word deur 'n groot leegheid in die harte van so baie van ons jongmense. Maar dan besef ek ook dat juis hierdie situasie vir ons as Kerk 'n geleentheid bied soos nog nooit vantevore nie. Dan kom ek tot die gevolgtrekking dat as ons as Kerk nie met nog groter erns en toewyding en met deskundige beplanning hierdie vraagstuk gaan aandurf nie, ons ons jongmense gaan verloor. Laat ons met biddende harte alles in die stryd werp om te kan antwoord op die noodgeroep van ons jeug wat hulle bevind in 'n wêreld wat byna onmenslike eise stel 'n wêreld wat deur ons as volwassenes geskep is maar ook 'n wêreld wat vir ons jeug uitdagings kan bied soos nog nooit tevore nie.

---qOo---

F. 4 HERDERLIKE BRIEF

VAN DIE SINODE VAN NOORD TRANSVAAL AAN SY GEMEENTES TYDENS SY SITTING IN PRETORIA OP 24 MEI 1972 EN VOLGENDE DAE

Genade, barmhartigheid en vrede word aan u geskenk van God, onse Vader, en Jesus Christus, onse Here, deur die Heilige Gees.

Geliefde Broeders en Susters in die Here —

Gedurende die afgelope weke was u afgevaardigdes saam met dié van ander gemeentes van ons kerk, as Sinode in Pretoria byeen. Ons stuur u hiermee 'n kort mededeling van die besprekings wat daar gevoer is, en die besluite wat daar geneem is, en daarmee saam 'n boodskap in die lig van die tyd waarin ons lewe.

1. GROEI VAN ONS KERK

By die konstituering van die Sinode het dit geblyk dat die getal gemeentes van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal gegroei het tot 176, wat tans deur 202 predikante bedien word. Met enkele uitsonderings was hulle almal teenwoordig, en saam met die ouderlinge wat hulle vergesel het, was daar 'n totaal van byna 400 lede. Op die sitting van die vorige sinode in 1968, was 158 gemeentes verteenwoordig. In die afgelope vier jaar is daar dus agttien nuwe gemeentes gestig, terwyl verskeie gemeentes een of meer leraars bygekry het. In Pretoria alleen is die gemeentetal nou reeds 70, en in sommige van hulle word daar elke Sondag-oggend twee of meer eredienste gehou om vir al die aanbidders stiplek te verskaf. Ons meld dit met dankbaarheid. Ons mense is nog lief vir hulle kerk ten spyte van baie faktore wat ongelooft en wêreldsgesindheid in die hand werk. Ons dank God daarvoor en ons bid dat die pand wat aan ons toevertrou is as die oudste en talrykste kerk in die land, bewaar mag bly, en dat die Ned. Geref. Kerk sy roeping en verantwoordelikheid nooit mag probeer ontwyk nie.

2. DIE BAIE VERTAKKINGS VAN DIE KERKLIKE ARBEID EN STREWE

In Genesis 49:22 vind ons die volgende kensketsing van 'n beminde seun deur sy vader. Die sterwende Jakob spreek naamlik met sy twaalf seuns en van Josef sê hy: „Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein: sy takke klim oor die muur.” Laat ons hierdie treffende uitspraak van toepassing maak op die kerk. Die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika beklee 'n unieke posisie

onder al die instellings van ons land. Vanaf die dag van sy aankoms in Suid-Afrika en deur die eeue wat daarna gevolg het, het die kerk 'n beslissende rol gespeel. Dit was, en is, 'n boom wat by 'n fontein staan as teken van sy vrugbaarheid en groei. Dis 'n boom wat baie takke laat uitskiet, sommige waarvan oor die omringende muur, en selfs diegene wat nie daaraan behoort nie, met weldade (vrugte) verkwik. Laat ons in die boom sien die middel waardeur die genade en genesing van God aan die mensheid geskenk word. Al die takke van die boom dra vrugte. Laat ons die vertakkinge van die boom, dit is die kerk, noem —

(i) **Sy arbeid aan die Jeug van die Kerk**

Ons dank God vir die Kerk se volgehoue strewe om die jeug vanaf sy vroegste lewensjare deur gebed, onderwys en voorbeeld, vir Christus te wen. Met die doop van 'n kind word daardie kind as verbondskind beskou en as sodanig ook in die Christelike lewe ingelei in die maande en jare wat daarop volg. Hierdie taak is allereers die plig van die gelowige ouer by wie se knie die kleutertjie sy eerste gebedjie leer opsê en die bekende dele van die Heilige Skrif leer ken soos Psalm 23, Jesaja 55, Mattheus 5 en so meer.

Spoedig word hierdie eerste kennismaking met die Here en sy Woord aangevul deur die kategese (Sondagskool) waarheen die ouer sy kindjie bring. Daar is vandag 50 000 kinders en 4 000 onderwysers/esse in die Sondagskole van ons kerk. Ons meld dit met dankbaarheid, maar tog moet ons ook meedeel dat daar byna 5 000 kinders is van tussen ses en sestien jaar wat geen Sondagskool bywoon nie.

Daarin mag die kerk nie berus nie, maar onophoudelik die ontbrekende kinders opspoor en die ouers herinner aan hulle doopbelofte, en by hulle aandring om hulle kinders by die Sondagskool te besorg. Waar kinders op Sondae op plase is waar hulle moeilik 'n Sondagskool kan bereik, daar rus die verpligting op die ouers om hulle self les te gee aan die hand van lesmateriaal wat by die pastorie of by die kerkkantoor bekombaar is.

Hierdie arbeid moet jaar na jaar voortgesit word, totdat die onderrig in Bybelkennis en geloofsleer lei tot belydenis van geloof deur die sewentien-jarige seun of dogter. Intussen moet die gewoonte van gereelde kerkgang aangekweek word en moet die jong lidmaat aktief betrek word by die programme van die Senior- en Junior-KJV.

Die lidmate van die kerk wat as studente by 'n koshuis van 'n universiteit of kollege tuisgaan, word deur studenteleraars, wat spesiaal vir die doel in sekere gemeentes werksaam is, bearbei. Dit is

van strategiese belang dat veral hierdie jongmense, wat die toekomstige leiers van ons volk is, behou word vir die Here en sy kerk, en met 'n persoonlike geloofsoortuiging die lewe binnegaan. Die veiligheid en die sedelike en geestelike welsyn van 'n nasie word gewaarborg — so het een van die kerklike sekretarisse gesê — nie deur die wapens waaroor daardie nasie beskik, of deur die minerale rykdom van sy bodem, of deur 'n voortreflike ekonomie wat hy beoefen nie, maar deur die kwaliteit en karakter en geloofsekerheid van sy kinders en jongmense. En — na die mens gesproke — is ook die voortbestaan en welsyn van die kerk ten nouste verbind met die lojale steun van dieselfde kinders en jongmense wanneer hulle tot volwassenheid gekom het. Daar kan geen inspanning te hoog wees, en geen prys te kosbaar wees, om aan hulle geestelike vorming te wy nie.

(ii) Die Kerk se Evangelisasietaak

Hier het ons 'n tweede tak van daardie boom wat by die fontein staan. In Art. 52 van ons kerkorde lees ons: „Die kerk (moet) hom rig tot diegene wat, vervreemd van die evangelie, in ongeloof of bygeloof verstrik geraak het, om hulle sover moontlik, deur evangelisasie terug te bring tot die gemeenskap van Christus en sy kerk.” Dit moet gedoen word deur die getuienis van die individuele gelowige, maar ook deur die kerk as liggaam van die Here, in rings- en sinodale verband. In 'n bygaande bepaling (76) word onder meer gesê dat die kerk wakker moet wees om die nood van die buite-kerklikes te begryp en hulle met veel liefde en gebed terug te bring tot die verlossende geloof in Jesus Christus. Die middele wat die kerk gebruik, sluit in spesiale evangelisasie-pogings deur prediking en deur individuele kontak in die bearbeiding van verpleegsters, pasiënte in hospitale, gevangenes, immigrante ens.

Op 31 Oktober 1971 het die kerk van Noord-Transvaal sy Sekretaris vir Evangelisasie, ds. O.S.H. Raubenheimer, afgestaan om, in samewerking met die Regering, die lidmate van die kerk in Europa te besoek. Die hele Europa is sy arbeidsveld, waar hy in die afgelope jaar meer as 1 500 Suid-Afrikaners, meesal lidmate van die Ned. Geref. Kerk, opgespoor en besoek het; dienste gehou het vir gehore van 4 tot 140, die sakramente bedien het en siekes in hospitale besoek het. Hy lê 'n honderdduisend myl p.j. per vliegtuig en trein na stede so ver uitmekaar as Glasgow, Lissabon, Athene, Helsinki (Finland), 28 besoekpunte in 13 lande. Per brief het hy in kontak met eensames wat hy besoek het, gebly, en ook in korrespondensie met hulle ouers in Suid-Afrika getree. Ds. Raubenheimer het hom met sy gesin in Parys (Frankryk) gevestig. Ouers wat kinders in Europa het en hulle graag wil laat besoek, kan skrywe

aan: Ds. O.S.H. Raubenheimer, P/a Suid-Afrikaanse Ambassade, 38 Rue de Bassano, Paris (8^e), France.

In Augustus 1971 het ds. R.B. Murray ds. Raubenheimer opgevolg as Sinodale Sekretaris vir Amspbediening en Evangelisasie. 'n Sterk poging word aangewend om kontak te maak met soveel moontlik van die 35 000 immigrante wat jaarliks na die Republiek kom. Meer as 'n honderd persone, meestal Portugese, het reeds by die Ned. Geref. Kerk aangesluit. Onlangs is 'n Presbiteriaanse leraar uit Brasilië, ds. Manuel Alves, as leraar van die Ned. Geref. Kerk georden. Hy het die Sinode bygewoon. Ook is 'n gemeente vir Engelstaliges met die naam: Die N.G. Gemeente Andrew Murray in Pretoria gestig ('n gemeente met dieselfde naam bestaan ook in Johannesburg.) Die leraar van hierdie gemeente is ds. H.B. van Zyl, Rivierstraat 118, Sunnyside, Pretoria, en hy rig 'n dringende versoek aan ons lidmate om die name van kerklose Engelssprekendes aan hom te stuur.

Die Sinode het tot sy leedwese verneem dat hoewel die getal belydende lidmate van die Ned. Geref. Kerk nog steeds toeneem, die vergelykende syfer met ander kerke afgeneem het. In 1960 was 42% van die blanke bevolking van Suid-Afrika lidmate van ons kerk. In 1970 het die syfer gedaal tot 38%. Die immigrante wat in hul duisende die land jaarliks binnekom, stroom by ons verby, en slegs weiniges van hulle sluit hulle by die Afrikaanse gemeenskap aan, of stuur hulle kinders na Afrikaanse skole. Daar is deur die Sinode kommer uitgespreek dat daar 'n ernstige versteuring van die bevolkingpatroon van Suid-Afrika aan die gang is.

Die Sinode het met groot dank kennis geneem van en betuig sy opregte dank aan al die afgevaardigde ouderlinge wat die sitting bygewoon het. Hulle aandeel in die besprekings was van onskatbare waarde.

'n Woord van groot dank gaan ook aan die ouderlinge wat in ons gemeentes dien. Hulle is die steunpilare van die Kerk sonder wie se hulp die ander ampte nooit hulle taak sou kon volvoer nie.

(iii) **Kerk en Sending**

Die gelowige Christen en die Christelike gemeente wat wil groei in die sekerheid en blydskap van sy godsdiens, sal dit alleen kan doen langs die weg van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan die laaste bevel van onse Here Jesus soos opgeteken in Markus 16:15 en 19 — „En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom ... en nadat die Here met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die Hemel.” Die laaste woorde van 'n dierbare ouer of vriend voor sy heengaan is

altyd van besondere betekenis vir ons. Ons sal nie ligtelik sy opdragte verontagsaam nie. Gelukkig daardie Christen en daardie kerk wat groot erns maak van die laaste opdrag van hulle Here en Meester. In die uitvoering van hierdie taak moet gebruik gemaak word van (a) 'n persoonlike en hartlike getuienis, (b) gebed en voorbedding, en (c) ruim bydraes volgens die rentmeesterskap wat die Here aan ons toevertrou het.

Diegene wat uit die heidendom gewen is moet in gemeentes saamgebring word, wat geleidelik daartoe gebring word om selfonderhoudend te word sodat plekke van aanbidding opgerig kan word, eie leraars aangestel kan word en eventueel ook 'n eie sendingaksie van hulle kant na ander heidene kan uitgaan. In die jongste tyd het dit 'n kenmerk van verskeie Blankegemeentes in Noord-Transvaal geword om 'n spesifieke gemeente van die Ned. Geref. Kerk in Afrika onder hulle sorg te neem, waar hulle instaan vir die traktement en vervoerkoste van die leraar, terwyl die dogtergemeente instaan vir die instandhouding van die eiendomme ens. Met blydskap het die Sinode verneem dat in die afgelope jaar die 176 gemeentes van ons kerk 'n bedrag van R1 317 658 vir die sending byeengebring het, waarvan meer as die helfte t.w. R865 821, vir die instandhouding van eie nie-blanke gemeentes wat hulle as't ware as geestelike kinders geadopteer het. Van tyd tot tyd besoek die blanke lidmate, sowel jongmense as volwassenes, hierdie nie-blanke gemeentes, woon dienste daar by, besoek hospitale en buiteposte en bemoedig die lidmate aldaar

'n Leemte wat dikwels ondervind word is dat die blanke sendingling nie in staat is om die taal van sy gemeente te praat nie, en dus van 'n tolk gebruik moet maak, iets wat op sy beste onbevredigend werk. Die Sinode het 'n dringende versoek aan sodanige leraars gerig om hulle met groot ywer aan die taalstudie te wy. Baie van die sendinggemeentes in die platteland het plaaslike hospitale wat 'n groot werk doen om ingang vir die Woord van die Here te bring.

Die Sinode het dit ook in die vooruitsig gestel om beurse aan Christelike studente toe te staan wat hulle as medici wil laat oplei, met die verstandhouding dat by die voltooiing van hul studies hulle 'n tyd lank mediese werk in die sendinghospitale sal doen. Intussen roep die sending na toegewyde en begaafde jong medici om dit ernstig te oorweeg om, al is dit net vir 'n beperkte tyd, selfs al is dit net vir 'n jaar, êrens in 'n sendinghospitaal te help. Hy verwelkom ook mediese studente om gedurende vakansies hand te kom bysit.

(iv) **Die Kerk se diens van Barmhartigheid**

Verskeie afgevaardigdes wat vir die eerste keer die Sinode byge- woon het, het uitdrukking gegee aan hulle verbasing oor die wye

front waarlangs die kerk optree om in die geestelike en materiële behoeftes van mense voorsiening te maak. Dit is inderdaad waar dat die kerk 'n lewende belangstelling het in die kerstening van die nie-blanke, in die stryd teen maatskaplike sondes en in die kweking van 'n Christelike gewete in die veelrassige bevolking van die Republiek om ons land weerbaar te maak in krisisvolle toestande wat op ons mag wag.

Maar nêrens is dit meer van toepassing nie as in die kerklike diens van barmhartigheid. Ons sal sommige dinge noem waarin die kerk betrokke is — (a) Die voorsiening van materiële hulp aan individue en gesinne wat in armoede verval het; (b) die oprigting van geboue waar jeugdiges wat van elders kom om werk te soek, tuisgemaak kan word, asook tehuse waar bejaardes versorg word (in die afgelope maande is twee nuwes in gebruik geneem: dié te Brits vir 80 bejaardes, en Huis H.J. Piek in Pretoria vir verswakte bejaardes); (c) 'n huis (Staanvas in Pretoria) waar alkoholiste behandel en eventueel aan die samelewing terugbesorg word; (d) kinderinrigtings soos die Abraham Kriel Kinderhuis in Nylstroom; (e) die reddingshuis vir babas, die alombekende Maria Kloppers Kinderhawe (geleë in Suid-Transvaal, maar mede-ondersteun deur fondse wat van hier kom); (f) die Berg-en-Dal-inrigting vir ongehude moeders; (g) klinieke vir huweliks- en gesinsorg waaraan 'n groot getal maatskaplike werkers verbind is; (h) die bearbeiding van gevangenes en gewese gevangenes wat gewoonlik groot probleme ondervind om weer in die samelewing opgeneem te word.

Die besoldiging van hierdie en ander dienste verg jaarliks honderdduisende rand wat deur die diakens van baie gemeentes van maand tot maand ingesamel moet word. Daar is 4695 diakens in die gemeentes van Noord-Transvaal en die kerk is volstrek afhanklik van die middele wat hulle inbring. Die Sinode het sy groot dank en hulde aan hierdie skaar van werkers uitgespreek vir hul getroue en onbaatsugtige arbeid.

Die Sinode het sy opregte dank en waardering betuig teenoor ons Kerk se diakens wat met groot toewyding en soms met groot opofferings vir die insameling van die offers in ons gemeentes sorg, sodat die werk van die Here voortgesit kan word op die verskillende terreine van die Kerk.

(v) Die Kerk en Openbare Sedelikheid

28 Jaar gelede, in Julie 1944, het die Transvaalse Sinode besluit om aan sy Kommissie vir die Bestryding van Maatskaplike Euwels 'n volwaardige status van sy eie te gee (dit was tot op daardie datum 'n sub-kommissie van armsrog), en om 'n sekretaris te beroep om

sowel die kerk te dien as raadgewer, as om van tyd tot tyd by die landsowerheid die standpunt van die kerk t.o.v. sake soos die heiliging van die Sabbat, die gevare van drankmisbruik en alkoholisme en die euwel van honde-wedrenne ens. te stel.

Ds. D.F.B. de Beer is vir hierdie pos beroep en hy is in 1945 in die werk bevestig, waarin hy nog steeds staan. Met die hereniging van die Ned. Geref. Kerke van die Republiek is hy deur die Algemene Sinode versoek om in die hele kerk op te tree as verteenwoordiger van die kerk in die stryd teen maatskaplike euwels. Verskeie landswye kongresse is in die loop van die jare deur ds. De Beer en sy kommissie gereël waar die gewete van ons kerk en sy lidmate ingelig en opgeskerp is. In die kommissie se verslag aan die Sinode lees ons: „Die stryd van die kerk teen georganiseerde sosiale sondes word al hoe hewiger. Gedra deur die permissiewe gees in die wêreld word norme en gesag verwerp, word dit steeds moeiliker om die Christelike norme en gesag te handhaaf. Dit bly die roeping van die kerk om elke nuwe dwaling aan te pak en elke nuwe openbaring van opstand teen God en sy gebod te bestry.”

Die Kerk het in die reses 'n deurtastende ondersoek in die wese en uitwerking van dans op jongmense gedoen. Hul verslag is deur die Sinode in behandeling geneem en dit word verwag dat dit tesame met besluite wat geneem is, eersdaags tot beskikking van gemeentes gestel sal word.

3. SLOT

Die vergadering wat twee en 'n half weke geduur het, is met gelowige stemming en in 'n aangename gees gevoer. Die Moderator, dr. F.E.O'B. Geldenhuys, wat seker een van die bekwaamste en mees toegewyde leidsmanne is wat in ons kerk dien, is bygestaan deur prof. H.D.A. du Toit (Assessor), ds. G.J. Davidtsz (Aktuaris), dr. W.J. Murray Jansön (Skriba) en ds. D.J. Viljoen (Ass.-Skriba).

Ons bede is dat dit steeds van ons kerk gesê mag word „Hy is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur.”

Dan sal die woorde van onse Here Jesus oor die kerk bewaardheid word: „Hierin is my Vader verheerlik, **dat julle veel vrug dra** — en julle sal my dissipels wees. Julle het my nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en aangestel **om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly**, sodat wat julle die Vader ookal in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.” (Joh. 15:8 en 16.)

Die vergadering was deurgaans diep bewus van die geestelike en sedelike gevare van die eeu waarin ons leef, maar die Sinode het

ook met groot dankbaarheid en bewondering kennis geneem van duisende en tienduisende van ons lidmate wat, ten spyte van dit alles, hulle Christelike waardes behou het en wysheid en genade vind om hulle kinders tot toegewyde Christengelowiges en waardige burgers op te voed.

F.5

BROEDERLIKE ONDERHOUD TYDENS 6DE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK, NOORD-TVL.

Ds. R.B. Murray

Predikant in Sin. Diens vir Ampsbediening en Evangelisasie

Ps. 85:5 & 7:

„Herstel ons, o God van ons heil!
Sal U ons nie weer lewend maak,
sodat U volk in U kan bly wees nie”?

Geliefde Broeders en Hoogerwaarde Vergadering:

Hierdie Sinode vergader 18 maande nadat die Algemene Sinode van Oktober 1970 besluit het om ons ganse kerk — moeder sowel as sending — op te roep tot deelname aan die Wêreldwye Evangelisasie-aksie bekend as „Evangelism-in-Depth”.

Sedertdien het die A.K.A.E. en A.S.S.K. aan wie die taak opgedra is om hierin leiding te neem ’n breedvoerige program van aksie opgestel wat oor 3 jaar sal strek om met Pinkster 1974 sy hoogtepunt te bereik. Dus is daar nog maar net 2 jaar oor. Die hele Evangelisasie-aksie sal in ons Kerk gevoer word onder die wekroep: „LEEF VIR CHRISTUS EN SY KERK”.

Indien al die ampte hierdie geleentheid gaan aangryp as ’n Godgegewe voorreg, sal die Here se seën daarop rus en dit ook ons Kerk bring tot vernuwing en uiteindelik herlewing in Suid-Afrika bewerkstellig. As troue seuns van ons Kerk glo ek dat ons almal hartelik sal meedoen en alles in die stryd om die Koninkryk van God sal werp om soveel moontlik te win en te herwin.

Ons is opreg dankbaar teenoor die Almagtige dat geestelike en kerklike toestande in Suid-Afrika nog verre van die in die buiteland is waar kerkbesoek in baie lande maar op slegs 1% van die sieletal staan en dui op die geestelik-verstorwe toestand van volke waaruit ook ons voorsate spruit. Terwyl verskeie **simptome** van die dodelike siekte wat tot geestelike verstorwenheid voer alreeds in ons eie Kerk waarneembaar is, is genoemde landswye oproep deur die Algemene Sinode tydig aangesien voorkoming beter as geneesing is.

Na baie gebed het die Here ons gelei om by hierdie Broederlike Onderhoud in Sy Naam met u te spreek oor: **Ons amp telike verantwoordelikheid in Kerkvernuwing**, en wel na aanleiding van die State van die Godsdien van die Ringe. Ons vestig u aandag op die volgende sake:

I. DIE KERK OPENBAAR 'N MAGTIGE BEHOEFTE AAN VERNUWING:

Dit is met leedwese dat ons moet konstateer dat slegs 10 uit die 19 Ringe hul opdragte na luid van artikel 58(b) betyds uitgevoer het; dog na verdere moeite is ten laaste 2 weke voor die aanvang van die Sinode van 18 uit die 19 Ringe state ontvang. Van een Ring was daar geen reaksie nie. Dit is 'n **hartseer-toestand** wat daarop dui dat selfs onder predikante-geledere 'n laksheid kan heers t.o.v. die werk van die Here. Dit neem soms ernstige omvang aan wanneer dit by Ring- en Sinodale verpligtinge kom.

Ons het genoemde samevattende Staat van die Godsdien vir die Noord-Transvaalse Sinode so kort moontlik opgestel sonder om aan die een kant te veel op besonderhede in te gaan, en aan die anderkant belangrike dinge kort te sny. Ons vra gevolglik u ernstige en gewyde aandag hiervoor omdat dit openbaar dat ook ons Kerk 'n magtige behoefte aan Vernuwning het.

1. Bywoning van Eredienste en Bidure

Daar heers skynbaar 'n algemene tevredenheid oor die bywoning van oggenddienste met sy gemiddelde van 31% bereken uit die moontlike totaal van hulle wat kan kom, nl. 2/3de. Sedert die vorige Sinode word dit nie meer op die hele sieletal bereken nie, maar op 2/3 daarvan. Op die totale siele bereken is dit slegs 21%. By die Sinode van 1964 was dit 27%. M.a.w. 'n **daling** van 6% oor 8 jaar op gelyke basis bereken.

T.o.v. die **aanddienste** is daar ook 'n daling en staan dit op 13% van die wat kan kom en 9% van alle siele. Dus 'n **daling** van 3% oor 8 jaar. In gemeentes met **baie jongmense** en waar die aanddienste in die besonder met die oog op die jeug ingerig word, is die opkomste

saans beter as andersins. Opmerklik is ook die algemene tendens dat waar oggend-opkomste verbeter, daar verswak die aandbywoning.

'n Saak wat ons aandag verdien is die vermelding van een Ring dat in gemeentes waar die **gelowiges** deeglike skoling ontvang het en gevolglike verdieping in die geestelike lewe ingetree het, het die kerkbywoning aanmerklik verbeter.

Biduurbywoning is baie swak op 'n paar uitsonderinge na. Talle gemeentes het geen weeklikse biduur meer nie; om sake vir die mense te vergemaklik en om die posisie te beredder is hulle bidure na Sondagaande verskuiwe. Sommige maak dan d.v. wel 'n bidstond, maar ander sluit in werklikheid net die Erediens met die gebede van 'n paar lidmate af.

Wyksbidure word redelik bygewoon. Opmerklik is dit dat waar **Bybelstudie** in die vorm van wedersydse gesprek plaasvind of waar verdeel word in gespreksgroepe sodat gelowiges aktief daarin kan deel, daar het die Gemeentebiduur uit sy asse herrys. Ons mense het blykbaar geen behoefte aan nog 'n prekie op 'n Woensdagaand nie, dog stel wel belang in Bybelstudie waarin hulle daadwerklik kan deel. Die gemiddelde bywoning is slegs 3% van die lidmatetal. Wat egter baie verontrustend is, is dat ons **Kerkraadslede** so swak by die bidure opdaag; hulle wat die voorgangers en voorbidders moet wees, word grotendeels gemis.

Die **Pinksterbidure** se gemiddelde bywoning was 18% en dus selfs beter as die meeste aandedienste. Oral word van seën getuig en verskeie Ringe vermeld dat dit 'n kwade dag sal wees indien dit sou afgeskaf word.

In die **algemeen** is daar 'n **diepe verontrusting** oor die steeds groeiende getal van ons volksgenote wat gladnie meer in 'n Kerk kom nie en hiervoor word die volgende oorsake genoem: skofwerk, Sondagarbeid, Sondagontheiliging, elke naweek 'n langnaweek, ens. Opmerklik dat dit almal oorsake is wat **buite** die Kerk geleë is. Is daar nie miskien oorsake **binne** die Kerk ook geleë nie en wat ons nie graag wil noem nie omdat dit 'n vingerwysing na die **amp** sou wees?

In **vakansietye** daal die bywoningsyfer met ongeveer 50% — die neiging om kerkvakansie tydens skoolvakansies te hou — 'n ewel wat met alle erns beveg sal moet word. Een Ring vra baie meer **aandag vir die kind** in die eredienste; ander dat die **aandedienste** soms in die vorm van 'n **konferensie** moet wees wanneer die leraar vòr die kansel sal plek inneem en gemeentelede meer geleentheid tòt deelname d.m.v. tweegesprek gebied sal word.

2. Onderhouding van die Sakramente

Dit is verblydend dat \pm 98% van die kindertjies die Heilige doop ontvang het. Daar is nog 'n paar leraars wat geen **Doopkategese** hou nie; diegene wat dit deeglik doen getuig dat ouers sedertdien eers werklik besef het wat die ware wese van die Doop is. In een stadsgemeente is daar die skokkende getal van 157 ongedoopte kinders van ouers wat self net Dooplidmate is en so-doende besig is om 'n 2e geslag kerkloses te kweek.

Die **Heilige Nagmaal** word nog deur 40% van die lidmatetal bygewoon. Dit klink hoog in vergelyking met die gewone kerkbywoning, maar wat van die 60% wat bykans nooit nagmaal gebruik nie? Nêrens verneem ons van tug wat **toegepas** is omdat lidmate in jare nie van hierdie sakrament gebruik gemaak het nie.

Vorbereidings- en Dankseggingsdienste word swak bygewoon, dog waar dit respektiewelik verskuif is na die Sondae vòòr en nà nagmaal het die bywoning vanselfsprekend gestyg. Sommige plattelandse gemeentes was verplig om die **Dankdiens** 'n halfuur nà die Nagmaaldiens te hou om die boeregemeenskap teenwoordig te hê.

'n Ontleding van hierdie toestande bring ons voor die besef dat die Kerk besig is om geleidelik aan die eise van die wêreld toe te gee, en ten einde sy lidmate te behou dit so gerieflik moontlik moet maak omdat baie Christene in ons tyd nie geneë is om op te offer t.w.v. hulle geestelike welsyn nie.

Verskeie Ringe meld dat die **2 sakramente** nie as van gelyke betekenis deur lidmate gesien word nie. Nagmaal word as 'n diepgeestelike sakrament gesien, maar die **Doop** word deur baie beskou as 'n kerklik-sosiale funksie wat status verleen en die plegtigheid word gewoonlik met 'n Dooppartytjie tuis opgevolg. Een kerkraad laat geen ouers tot die Doop toe as hulle nie gedurende die voorafgaande 12 maande nagmaal gebruik het nie.

3. Huislike en Huwelikslewe

Deurgaans heers 'n dankbare ondertoon oor soveel gelukkige gesinne, dog daar word baie tranes gestort en smarte gely a.g.v. verbroke huwelike. Die **egskeidingspersentasie** van Christelike Suid-Afrika bly steeds een van die hoogste in die wêreld, nl. 1 uit elke 7 (14%) en duisende van hulle is kerklidmate. Dankbaarheid heers oor die feit dat **Hofhuwelike** die uitsondering is. Verontrustend egter is dat daar nie oral deur leraars erns met **huwelikskategese** gemaak word nie. Word die **oorsake vir die aftakeling van die gesinslewe bestudeer** vind ons 'n noue verband tussen verbroekeling van die huwelik en kerkloosheid en die gedoopte huisaltaar. 'n Godgebonde

gesin is die waarborg vir 'n kerngesonde en gelukkige huwelikslewe wat die wieg van kerk en volk is.

Ons is baie dankbaar dat nêrens enige klagtes i.v.m. **Jeugverwilderings** voorkom nie en dat ons Jeug in groot getalle hulle by die Kerk skaar en ook sodoende vreugde in hulle ouerhuise bring.

4. **Sondagskool en Kategetiese Onderwys**

Deur hierdie afdeling van die kerklike arbeid trek daar 'n koel en verfrissende lug. Deurgaans kom kinders getrou na Sondagskool en slegs hier en daar word oor personeel tekort gekla; groot waardering heers teenoor die duisende getroue en toegewyde Sondagskoolonderwysers en -onderwyseresse.

Belangrike vrae wat geopper word is die volgende: vind daar **bekerings** in ons Sondagskoolklasse plaas of wag ons hiermee doelbewus tot die belydenisklas wanneer die dominee met die jeug hieroor kan praat? Is ons **Sondagskoolpersoneel** almal onderrig in hoe om 'n kind na die Here Jesus te lei? — Sekerlik vrae wat ons ernstige aandag verdien.

Sommige Ringe kla oor die **gebrek aan Bybelkennis** t.s.v. die feit dat kinders 10 jaar lank Sondagskoolklasse bygewoon het. 'n Ander Ring voel bekommerd omdat kinders **so jonk lidmaat word** wanneer hulle nog nie die erns van die saak besef nie en noem dit as 'n gewisse rede vir geestelike resessie tussen belydenis en die daaropvolgende jare.

'n Paar Ringe vermeld van geseënde vrug wat rus op **katkisante-kampe** waar die jeug met die Here Jesus Christus gekonfronteer word — en beveel dit aan by ander wat dit nog nie beproef het nie.

Dankbaarheid heers teenoor die meerderheid **ouers** wat hartelik saamwerk met die Sondagskool ten einde hulle kinders die besmoontlike geestelike vorming te gee; dog daar is nog meer as 2,000 kinders binne ons Sinodale ressort wat nie 'n Sondagskool besoek nie.

5. **Belangstelling in Kerklike Werksaamhede**

Goddank vir die **kerngroepie** in elke gemeente wat byna in alles deel — dog die grote meerderheid staan net as toeskouers die stryd om die Koninkryk en gadeslaan. Die oormag arbeid word deur hulle verrig wat werkende lede van die onderskeie Gemeentelike Verenigings is omdat hulle die doelstellinge daarvan op die hart dra.

Verskeie Ringe vermeld „**die probleem van die amp van gelowige wat verstom het**”. Baie wil graag Christene word en die

voorregte daarvan geniet maar is nie bereid om die prys wat die Here Jesus op dissipelskap gelê het te betaal nie. Duisende lidmate is bereid om hulle geld te gee, maar allermens hulle lewes en gevolglik maak baie hul Godsdienste af met 'n maandelikse bydrae. Dit laat ons dink aan die 95% in Duitsland wat Kerkbelasting betaal om 5% in die Bediening van die Woord te laat deel. Is ons nie al op pad daarheen nie?

Een Ring stel dit onomwonde dat as ons lidmate verstaan wat die **amp van gelowige** werklik is, sal dit in funksie kom en nuwe lewe in die Kerk bring. Die skuld van die passiwiteit van die amp van gelowige word aan die deur van daardie leraars gelê wat self alles doen en nie hulle gelowiges toerus om sommige take oor te neem nie. Die rampspoedige gevolge van 'n „**dominees-kerk**” staan ook vir ons reeds in die gesig.

6. Getuienis van Gelowiges na Buite

Die getuienis van gelowiges in die praktyk van elke dag is baie sporadies. Wanneer iemand van die Here Jesus gesels en met gloed in die hart die getuienis van sy verlossing uitdra, word hy dikwels met agterdog bejeen as 'n moontlike **sekte-aanhanger**. Een Ring stel dit so treffend: „Daar is te veel Sondag-Christene wat vir 6 dae van elke week incognito deur die lewe reis en op hierdie wyse die Here se geheime getuies wil wees. Hoeveel skade doen ons die Koninkryk van God tog op hierdie wyse aan terwyl die **getuies van die wêreld** met alle mag hulle saak propageer sonder om skaam te wees. Diegene wat **dwaalleringe** verkondig skroom ook nie om uit te gaan en hulle saak te bepleit nie. Dog **ons eie Kerk se lidmate** is dikwels te beskeie en te skaam of nie geleer om getuigend vir God te lewe nie.”

Broeders, hierin is die belangrikste oorsaak geleë vir ons Kerk se **swakke groeikrag** van 12% gedurende die afgelope 10 jaar, sowel as die sektes se 80% **uitbreiding**.

Die **geheim van 'n gesond-groeiende Kerk** is wanneer hy daarin kan slaag om van elke „dissipel” 'n „apostel” te maak. Laat ons werk en bid vir die Geesvervulde getuienis van die gelowiges van die 1e gemeentes sodat ons nie uiteindelik sit met 'n verstarde Christendom sonder Christus en 'n mooi belydenis sonder die vuur van die Heilige Gees nie.

7. Persoonlike Toewyding en Offervaardigheid

Hier is baie om voor dankbaar te wees omdat dit nie ontbreek aan **toegewyde werkers en werkers** in alle ampte wat dikwels met groot opoffering hulle taak getrou volbring nie. Die ondervinding leer nog steeds dat die **Geesvervulde verkondiging van die Evangelie**

harte verander en nuwe mense te voorskyn bring wat met toewyding en liefde hulle Here dien.

Die **volgende vrae** word deur Ringe gestel:

Vind daar genoeg **bekerings** in ons kerk en gemeentes plaas?

Vind daar genoeg **bekerings** op huisbesoek plaas?

Waarom is die **kern van ware toegewyde gelowiges in elke gemeente so klein?**

Is die **Hoof van die Kerk** tevrede met die gehalte van ons arbeid?

Ons lewer elkeen die **kwantiteit** arbeid, maar lewer ons die vereiste **kwaliteit** in Gods oë? Dis almal vrae wat tot elke leraar, ouderling, diaken en gemeentelid kom en om ernstige besinning roep.

Geliefde Broeders, nà die aanhoor van hierdie gesamentlike Staat van Godsdien van die Noord-Transvaalse Sinode en waarin elkeen van ons se arbeid van die afgelope vier jaar weerspieël word, pas dit ons as **Sinode** om hierdie gedane Koninkryksarbeid nòu in die weegskaal van die Ewigheid te lê en te vra: „Here, weeg my werk vir U gedoen, swaar genoeg?; of word dit te lig bevind?”

In genoemde verslae bemerk ons baie stof tot dankbaarheid, maar ook veel gebreke en tekortkominge as gevolg van werk swak gedoen of wat ongedaan gebly het.

Lê die skuld hiervoor nie ook aan eie deur nie? Sien die lidmate in òns as die **voorgangers** 'n oorvloedige lewe, 'n lewe vervul met die Heilige Gees, of lees hulle van hierdie dinge net in die Bybel? Is daar nie talle van ons gelowiges wie se geestelike lewe hoër staan as ons eie nie? Sien die lidmate en die wêreld daarbuite die Here Jesus in ons — genoeg van Hom in ons? M.a.w. het Hy **in ons** duidelike gestalte verkry? Kry ons mense Sondae die noodsaaklike voedsel wat hulle sterk om in die voorste linies van die stryd van elke dag oorwinnend te kan lewe? Of keer hulle dikwels honger na huis?

Geliefde Broeders, as ons eerlik na onself sowel as na die gehalte van die geestelike lewe van ons lidmate kyk — oortuig dit u en my dan nie van die ontsettende nood wat roep om Vernuwings-nie2 — Ja, 'n Kerk wat 'n groot behoefte openbaar aan die vernuwende krag van die Heilige Gees!!! By al die goeie en genadevolle is daar nogtans hierdie **roepende nood** veral in die verontgoddelike tye waarin ons lewe.

Dit dwing ons om saam met Dawid uit te roep: „Herstel ons, o God van ons heil! Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U kan bly wees nie”?

II. DIE KERK HET DIE GODDELIKE POTENSIAAL TOT VERNUWING:

Let daarop wat hier ootmoediglik beweer word: „Die Kerk het die **Goddelike** potensiaal tot Vernuwning”. Dit beteken dat hierdie potensiaal eerstens nie geleë is in die lidmate van die Kerk nie, maar in die Hoof van die Kerk: Jesus Christus — en Hy belowe dat dit deur Homself aan Sy Kerk gegee word in die persoon van die Heilige Gees. Die Kerk besit hierdie potensiaal alleenlik **in Christus**, d.w.s. solank hy waarlik Kerk van Christus bly.

God het Sy Heilige Gees aan Sy **Kerk** gegee en niè aan die **wêreld** nie en die Kerk moet daaglik van hierdie potensiaal bewus wees; elke dag dit gebruik en ervaar wat dit is om waarlik „Kerk van Christus” in hierdie „bose wêreld” te wees; des te meer omdat die Kerk konfrontasie met die wêreld nie kan ontloop nie.

Die **Kerk**, die lidmate, die draers van die Godgegewe ampte; ampsdraers van God nie **op** die wêreld nie, maar **in** die wêreld! Daar is vandag baie gelowiges **op** hierdie wêreld — maar so weinig is in die wêreld — d.w.s. kinders van die Koninkryk wat met hulle hele lewe daaglik **in** die wêreld instap om ook dáár Kerk van Christus te wees en nie net Sondag tussen die mure van die Godsgeboue nie.

God stel Sy Heilige Gees tot ons beskikking sodat ons die potensiaal mag besit om Sy ware gelowiges te wees — elke dag waarlik Kerk van Christus **in** hierdie wêreld, dog sonder om van die wêreld te word. Ook op hierdie wyse wil die Here Jesus in die lewe van Sy Kerk gestalte kry.

Ons hoor mense soms praat van **Herlewing**; ander praat van **Kerkherstel** en ander van **Vernuwning**. Wat is die verband tussen hierdie 3 begrippe?

(a) **HERLEWING** is daardie buitengewone en periodieke ingryping van God vir die herstel van Sy Kerk wanneer dit in die dieptes beland. Dit is dus nie die normale weg wat God bewandel om Sy Kerk tot „lewe” te bring nie. Dit is Sy alwyse ingryping in menselewe wat buite ons begrip en verdienste is en gevolglik baie seldsaam.

(b) **VERNUWING** is ook ’n besondere gawe van God en as Hy dit nie werk nie sal ons nooit tot Vernuwning geraak nie. Wanneer die Kerk van Christus egter met toewyding en getrouheid die Genademiddels gelowiglik gebruik, dan kom daar voortdurende Vernuwning in eie lewe en sodoende in die lewe van die Kerk. Hierdie deurwerking van die Genade mag nie deur ons in die weg gestaan word nie anders vee God ons uit die pad.

(c) **KERKHERSTEL:** Dit volg eintlik op Vernuwning want kragtens die vernuwning wat God deur Sy Heilige Gees in ons werk maak ons die foute reg in verootmoediging voor die Here van die Kerk. Kerkherstel kom gevolglik langs die weg van God-gewerkte Vernuwning deur hulle wat wil saamwerk. Wat maak ons met hierdie Goddelike potensiaal tot Vernuwning?

III. DIE KERK HET 'N HEILIGE TAAK IN VERNUWING:

Let wel: 'n Heilige Taak nie „tot” vernuwning nie, maar „in” vernuwning! Wanneer ons tot God roep „in” vernuwning dan bedoel dit nie dat ons tot Hom roep om dit vir ons te doen nie, maar om dit deur ons te doen — en dit is God se metode van werk! Om vir Vernuwning te bid en sêlf daarbuite te staan is om my taak „tot” vernuwning aan te pak — en dan is dit 'n mislukking want ekself bly daarbuite. Dog ek moet tot Hom roep „in” Vernuwning — d.w.s. deur self midde in daardie Vernuwning my plek te gaan inneem soos Dawid gedoen het toe hy geroep het: „O God, herstel ons deur ons weer lewend te maak”! Vernuwning begin dus op die kânsel, daarna in die kerkraadsbanke en vandâar werk dit deur na die gemeentelede en die hele kerk. **Vernuwning** sou nie Israel as volk bereik het as dit nie by Dawid, hul koning, begin het nie.

Sodra êk as gesalfde ampsdraer bereid is om my volle deel te doen, dan sal God Syne doen. Myself dus geheel en al tot beskikking van die Heilige Gees stel **in** die Vernuwningstaak van die Kerk. Dit is 'n heilige taak, d.w.s. 'n Goddelike onderneming wat **in** ons en **deur** ons as die **besondere ampte** moet geskied. In eie krag kan dit nimmer bereik of belewe word nie, ook nie buite my om nie, net so min soos die 1e Pinkster buite die dissipels om gegaan het!

Broeders, daar is ernstige vrae t.o.v. Vernuwning wat om 'n antwoord roep, nl.: Ons werk so hard, ons is van vroeg tot laat besig met die Werk van die Here in die Kerk — en wâarom bly Vernuwning dan uit? Wâarom voel ons so magteloos en lyk dit of daar 'n verlamming op die Kerk toegesak het? Wâarom is ons arbeid dikwels so vrugtelos en kom die Vernuwning nie? Mag ons u op 'n paar oorsake wys?

1. Vernuwning sal nie plaasvind as die Evangelieboodskap buite ONSSELF omgaan nie

Geen Evangelieverkondiging sal waarlik lewes tref en tot vernuwning bring indien dit **buite** die lewe van die verkondiger om gaan nie. Broeders, gaan elke boodskap wat ons aflewer waaragtig deur ons eie harte en lewes heen? Of ontdek ons somtyds met smart dat ek by geleentheid self daarbuite gestaan het? 'n Evangelieboodskap

wat nie deur myself deurlewe is nie, wat myself nie aangespreek en aangegryp het nie, sal geen siel roer nie. Hierin sal ekself dus 'n aanpassing moet maak indien ek hierdie gebrek in eie bediening aanvoel.

2. Vernuwing sal nie plaasvind as die Evangelieboodskap buite ons MENSE omgaan nie

'n Voorbeeld hiervan was die dorre en abstrakte dogmatiese prediking van die twintiger jare wat 'n groot oorsaak van die verval in die Gereformeerde Kerke in Holland was.

Selfs wanneer ons Geesvervuld preek en arbei skyn dit asof siele soms nie bereik word nie. Een van die bekende en toegewyde predikante van Wes-Duitsland het hierdie ervaring onder 2 beelde soos volg aan my gestel:

- (i) „Ek voel op huisbesoek dikwels soos 'n smous wat ware probeer verkoop waarvoor daar geen aanvraag is nie”.
- (ii) „Ek voel Sondae ek saai uit op 'n golfengte waarvoor my mense geen ontvangstelle het nie”.

Ekself sal dus ook hier 'n aanpassing moet maak sodat ek met my mense op hulle golfengte kan praat — d.w.s. binne in hulle woon- en werksomstandighede, in hulle alledaagse lewenswerklikhede. Daar sal ek hulle moet bring tot 'n ware ontmoeting met die Here Jesus.

3. Vernuwing sal nie plaasvind as ons nie genoegsaam om Vernuwing BID EN WERK nie

Ek raak so maklik selftevrede met my geestelike lewe en met die algemene geestelike stand van my gemeente en gevolglik bekommer ek vir my nie genoegsaam oor die geestelike toestand van elke onsterflike siel aan my sorg toevertrou nie. Ons raak gewoond om saaiers van die Woord te wees en die groei aan God oor te laat, sonder om met heilige bekommernis vervul te wees as ek nie volop vrug sien nie. Ek probeer so hard om 'n **goeie predikant** of ouderling te wees — maar is ek waarlik 'n **Geesvervulde** predikant en ouderling wat die dieper lewe deelagtig is?

Dra ons te midde van 'n drukke daaglikse program nog werklik 'n **sielelas** op die hart en gaan **soek** ons met heilige verontrusting na die afgedwaaldes en verdwaaldes totdat ons hulle gevind en tuisgebring het by God? As net 50 uit 182,000 Immigrante in 'n ganse Sinodale streek in 4 jaar ingebring is — en van hierdie 182,000 lewe nagenoeg 130,000 (70%) in ons midde wesenlik buitekerklik — dan kan bogenoemde vrae met 'n eerlike gemoed hier gestel word.

Broeders, die tyd het lankal aangebreek dat die Dominee nie meer alles kan doen nie — selfs ook nie met die hulp van sy kerk-raadslede nie. Die **gebrek aan groeikrag** in ons eie Kerk is hoofsaaklik toe te skrywe aan die **sluimerende amp van gelowige**. Die Here moet ons begenadig om eerstens alle kinders van God tot ontwaking te bring in die bewuswording van hulle ampsroeping om getuigend te lewe, vòòrdat daar Vernuwning in die Kerk as geheel sal kom.

Die Kerk van Christus se ondergang lê nie soseer in leë kansels nie, maar in die swygende amp van die gelowige. Hulle moet saam met ons in die besondere ampte tot voorbidding en getuienis gebring word as ons as Kerk kragtiglik wil leef en groei. Siedaar ons heilige taak in Vernuwning.

Ek hoor en lees tans van Vernuwning en of Herlewning in verskeie lande van die wêreld en dank God daarvoor en bid: „Ag Here, kan dit nie ook in ons eie land en kerk gebeur nie”?

Vergun my om net kortliks een geval te vermeld nl. die Presbiteriaanse kerk in Florida V.S.A. — tans die mees snelgroeiende gemeente in die V.S.A. Die huidige leraar is dr. James Kennedy. Wààrom het daardie kwynende gemeente uit die geestelike asse van louheid, koudheid en traagheid opgestaan en tot Vernuwning en groei gekom? Hierop is daar 'n tweeledige antwoord:

1. Die Dominee is self 'n Geesvervulde man wat nie tevrede was met die daaglikse pligpleging van die predikantsamp nie, dog wat die laaste opdrag van die Here Jesus Christus nougeset uitgevoer het nl.: „Gaan maak dissipels van alle nasies”; d.w.s. hy het met heilige entoesiasme getrag om elke siel in sy gemeente tot 'n lewende ontmoeting met die Here Jesus te bring.

2. Hy het egter nie daarmee volstaan nie, maar toegesien dat elke „dissipel” 'n „apostel” word.

Hoe het hy dit gedoen? Hy het begin om op een aand elke week 'n skolingsklas te hou wat 4 maande duur ten einde die kinders van die Here vir hul heilige roeping as gelowiges toe te rus.

Tydens hierdie kursus skool hy hulle in die kuns en wetenskap van huis tot huis Evangelisasie en siel tot siel gesprekstherapie. Daarna stuur hy hulle uit om gereeld ten minste 1 aand per week hierdie georganiseerde Evangelisasiewerk te gaan doen, benewens spontane daaglikse getuienis deur woord en lewe.

Hy het dus die **geheim opnuut ontdek** van die noodsaaklikheid van waarlik „**Kerk te wees**” in hierdie wêreld — wat ook die geheim

was van die groeikrag van die Nuwe Testamentiese Kerk in die 1e eeue.

Die Here het hom gebruik om die sluimerende en slapende amp van die gelowige wakker te skud, toe te rus en te mobiliseer tot 'n kragtige leer van getuigende gelowiges binne en buite sy gemeente.

Ek vra: as dit in die Presbiteriaanse Kerk van Amerika kon gebeur, waarom nie ook in ons eie geliefde Ned. Geref. Kerk met ons Evangeliese inslag nie? Ons het die Godgegewe potensiaal — maar moet dit net met heilige entoesiasme biddende in werking saamstel. Hierdie dien as voorbeeld van die wyse waarop ons ons amptelike verantwoordelikheid in Kerkvernuwing kan beoefen.

Geliefde Broeders, die slotvraag is nou dit: Hoe kan ons hiermee begin? **Soos volg:**

1. Kom ons luister opnuut na die stem van die Here Jesus

Luister daarna soos Paulus op die Damaskuspad toe hy gevra het: „Here wat wil U hê moet ek doen”? Dag vir dag genoeg tyd maak om na Sy stem in gebed te luister. Broeders — O, ons BID so min, ons bid ver te min. Ons hardloop te veel rond en het te min stilte om na die stem van die Here te luister. Ek moet die Groot Herder van die kudde toelaat om daagliks meer siel-sorg aan my eie siel te doen ook by wyse van gebed en stilwees.

2. Kom ons luister opnuut na die nood van siele

Luister soos Jesus toe Hy na die roepende nood van die blinde Bartimius geluister en gevra het: „Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Sy antwoord was: „Here dat ek kan sien”! Onthou: geen siel kan die Here Jesus sien vòordat hy 'n lewende ontmoeting met Hom gehad het nie. 'n Mens wat waarlik sy Here ontmoet het kan nie en sal nie koud en afsydig teenoor Sy Kerk staan nie en sal 'n lewende getuienis hê — getuigend lewe en werk.

3. Kom ons luister opnuut na die nood van ons ampsroeping

O, dis met weemoed in my hart dat ek vanaand moet konstateer. Die predikantsamp is in nood — 'n ontsettende nood — en dit is nie ons mense se skuld nie, maar ons eie skuld. Wat is daardie nood? Die feit dat die wêreld en sy mense hul respek vir die amp grotendeels verloor het omdat die ampsdraer so dikwels teleurstel en onwaardiglik lewe en hom met sydelings dinge besig hou wat nie sy wesenlike roeping is nie en gevolglik die saak van God skade aandoen.

Broeders — dis dinge wat ons op ons knieë voor God moet uitmaak. Die tye is te ernstig dat ek as V.D.M. dit kan bekostig om vir my nie uit en uit met sielredding en geloofsopbou besig te hou nie; en ek as ouderling kan nie huisbesoek doen sonder om 'n Bybel te lees of te bid en sielsorg te beoefen nie. Geen wonder nie ons amptelike verantwoordelikheid in Kerkvernuwing kom nie genoegsaam tot realiteit nie. O, ons moet daarteen waak dat ons nie ons „eerste liefde” verlaat nie. (Openb. 2:4).

Die Kerk van Jesus Christus verkeer in nood, die ampte verkeer in nood. Luister wat roep die Gesang-digter ons toe:

„Jou roeping is heerlik, hoog-heilig jou taak,
„En weinig die ure, ontwaak dan, ontwaak.
„So wek jou, so roep jou Gods Seun in jou nood”.

Wat is my antwoord hierop? Bid opnuut vanaand:

O Jesus, gee vir my 'n **nuwe visioen** van die nood van elke siel wat U aan my sorg toevertrou het; maar gee ook vir my die **volle toerusting van die Heilige Gees** om hulle tot aan die Deurboorde Voete te kan bring — en as U hulle gered het, dan te kan lei tot 'n blywende en lewende getuenis vir God en Sy Koninkryk in hierdie wêreld.

Amen.

F.6 GROSLYS: AFGEVAARDIGDES NA ALGEMENE SINODE

PREDIKANTE

Ds. A.P.S. Beetge
Ds. A.P. du Preez
Ds. M.W. Odendaal
Ds. P.J. Viviers
Ds. A.H. Louw
Ds. P.T. Venter
Ds. J.A. Lombard
Ds. P.J. Smit
Ds. A.S. du Toit
Ds. R.J. Raath
Dr. W. de W. Strauss

OUDERLINGE

G. le Roux
D.M. de Beer
B.C. Greyvenstein
A.P.C. Coetzee
J.J.P.C. v.H. Prinsloo
J.A. Swanepoel
Dr. J.A. van Wyk
E.D. Kirsten
A.P.J. Engelbrecht
J.J.A. Nel
H.G. Prinsloo

PREDIKANTE

Ds. P.J. de Vos
 Ds. J.J. Scheepers
 Ds. F.L. Cloete
 Ds. D.P.P. Lubbe
 Ds. A.J.N. van Heerden
 (Rietkuil)
 Ds. S.J. du Preez
 Ds. A. Boshoff
 Ds. P. Nel
 Ds. A.V. Strydom
 Ds. G.A. van der Westhuizen
 Ds. Jac. J.S. Botha
 Ds. J.C. Crots
 Ds. A.J.N. van Heerden
 Ds. W.G. Deacon
 Ds. J.F. de Vos
 Ds. J.M. Swanepoel
 Ds. J.F. Pretorius
 Ds. C.M. Oosthuizen
 Ds. F.C. Bezuidenhout
 Ds. H. Cronje
 Dr. P.W. Marais
 Ds. E. Olivier
 Ds. C. Nel
 Ds. R.D.J. de Wet
 Ds. W.L.F. Botes
 Ds. D.J. Viljoen
 Ds. M.B. de Wet
 Ds. H. du B. Gouws
 Ds. M. du Plessis
 Ds. J. van Heerden
 Ds. J.A.J. van Vuuren
 Ds. J.F.J. Bouwer
 Ds. P.F. Coetzee
 Ds. W.H. de Vos
 Ds. G.J.W. Joubert
 Ds. B.T. Richard
 Ds. P.S. Botha
 Ds. P.J. Conradie
 Ds. J.S. van Dyk
 Ds. S.P. du Plessis
 Ds. J. van den Berg
 Ds. J.D. Stemmet

OUDERLINGE

Ds. G.M. Daneel
 P.J.G. Pienaar
 M.J. Slabbert
 L.J. du Preez
 N.A. Potgieter

 R.A.P. Steyn
 J.L. Birts
 M. Hogan
 H.A. Kruger
 J.C. Nel
 D.A. Kruger
 Dr. C.P. Naude
 D.J. Crafford
 Prof. A.B. du Preez
 J.J. Roos
 J.L.J. van Rensburg
 C.E. Bezuidenhout
 P.J.H. Steyn
 A.J. Luus
 Ds. J.H.P. Gertenbach
 W.L. Maree
 P.G.J. Meiring
 C.F.S. Pretorius
 R.F. Odendaal
 M.C.J. van Rensburg
 Ds. A.C. Sephton
 G.F. Rautenbach
 J.W.A. Horn
 J.P. Kennedy
 P.H. Uys
 J.R. Malan
 I.S. Ballot
 Ds. P.H. Coetzee
 Dr. W.S. Radley
 E. Genis
 D.F. Krüger
 J.H. Viljoen
 J.V. Geldenhuys
 J.A. Hurter
 E.J. van Staden
 W.H.N. Roos
 J.H. Breytenbach

PREDIKANTE

Ds. M.C. Cooke
Ds. N.J. Mostert
Ds. M.M. Smit
Ds. A.I.M. Kriek
Ds. J.C. Lamprecht
Ds. W.J. Lubbe
Ds. W.J. Bruwer
Ds. S.J. Henrico
Ds. S.Z. Venter
Ds. A.M. Burger
Ds. O.S.H. Raubenheimer
Ds. J.A. du Randt
Ds. P.E. de Kock
Dr. H.B. Senekal
Ds. K.D. Struwig
Ds. P.K. Mentz
Ds. L.F. van Niekerk
Ds. M.v.A. Vermeulen
Ds. E.C. Kriel
Ds. J.E. Potgieter
Ds. A.C. Viljoen
Ds. J.P. Claasen
Ds. D.J. Oosthuizen
Ds. P.S. Strümpfer

OUDERLINGE

H.J. van Aswegen
D.S. van der Merwe
J.A.J. Breedt
J.A. Horn
P.J. Coetzee
P.J. Grey
J.H. Bisschoff
J.D. Snyman
D.S. Langley
W.C.E. van Wyk
C.E.J. Meyer
J.L. Badenhorst
A.J. Vlok
Dr. J.S. Kruger
Dr. J.F. Hattingh
Ds. J.J. Schoeman
F.A.H. van Staden
F.J. Meintjies
V. de Beer
Prof. B.J. Marais
Prof. I.H. Eybers
Dr. C.I. van Heerden
L.C. van der Merwe
H.J. Terblanche

F.7 DIE ANTWOORD VAN DIE KERK

Geagte Voorsitter en lieve Broers,

Baie dankie vir die voorreg om vanaand met u oor hierdie onderwerp te mag praat. Ek dink u sal my vergun om net my innige dank aan die Sinode te betuig vir die geleentheid my gegun om op hierdie besondere wyse in die Jeugwerk van ons kerk te mag staan.

